

# TROOS IN DEUTERO-JESAJA

Onderzoek na die voorkoms van die werkwoord  $\text{נָחַ$

André Gerhard Odendaal

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Ph.D

Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

Januarie 2014

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 Die doel en metode van die ondersoek	1
1.1    Inleiding.....	1
1.2    Begroning van ‘troos’.....	3
1.3    Hermeneutiek.....	6
1.4    Metodologie.....	10
1.5    Oorsig van hoofstukke.....	17
HOOFSTUK 2 Huidige stand van ondersoek in Jesaja en outeurskap van die boek	18
2.1    Huidige stand van Jesaja ondersoek .....	18
2.1.1 Samevatting	27
2.2    Outeurskap van Deutero-Jesaja sowel as van die boek Jesaja .....	27
2.2.1 Samevatting	36
2.3    Werke oor Jesaja 40 se proloog.....	37
2.3.1 Samevatting	39
2.4    Werke wat Deutero-Jesaja se inhoud behandel.....	39
2.4.1 Samevatting	42
HOOFSTUK 3 Literatuur oor נחם	44
3.1    נחם in Ou Testament Teologie en artikels .....	44
3.1.1 Samevatting	48
3.2    נחם in die kommentare .....	48
3.2.1 Samevatting	59
3.3    Die werkwoord נחם, in kommentare oor die res van die Jesajaboek...	59
3.3.1 נחם in die Nif'al in Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6	60
3.3.1.1 Samevatting	63
3.3.2 נחם in die Pi'el in Jesaja 12:1; 22:4; 61:2 en 66:13, en in die Pu'al in Jesaja 66:13	63

3.3.2.1	Jesaja 12:1	63
3.3.2.1.1	Samevatting	65
3.3.2.2	Jesaja 22:4	65
3.3.2.2.1	Samevatting	66
3.3.2.3	Jesaja 61:2	67
3.3.2.4	Jesaja 66:13 (Pi'el) en Jesaja 66:13 (Pu'al)	68
3.4	Samevatting .....	70
HOOFSTUK 4 Onderzoek en eksegesi van נחם in Jesaja tekste		71
4.1	נחם in tekste in Deutero-Jesaja .....	71
4.1.1	Algemene agtergrond	73
4.1.2	Onderzoek na Jesaja 40:1 in inleidings, studies en teologieë	76
4.1.2.1	Samevatting	80
4.1.3	Kommentare	81
4.1.3.1	Jesaja 40:1 - Kommentare	81
4.1.3.1.1	Oorsig	90
4.1.3.1.2	Bespreking en eksegesi van Jesaja 40:1-11	91
4.1.3.1.3	Samevatting	100
4.1.3.2	Jesaja 49:13 – Kommentare	101
4.1.3.2.1	Oorsig	106
4.1.3.2.2	Bespreking en eksegesi van Jesaja 49:13	106
4.1.3.2.3	Samevatting	112
4.1.3.3	Jesaja 51:3 Die werkwoord נחם, in die Pi'el, kom twee keer voor in die vers – Kommentare	113
4.1.3.3.1	Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:3 Die werkwoord נחם, in die Pi'el kom twee keer in die vers voor.	118
4.1.3.3.2	Samevatting	120
4.1.3.4	Jesaja 51:12 Die werkwoord נחם, in die Pi'el kom in hierdie vers voor - Kommentare	121

4.1.3.4.1	Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:12	125
4.1.3.4.2	Samevatting	128
4.1.3.5	Jesaja 51:19 Die werkwoord דָּנָה word in vers 19 in die Pi'el gebruik – Kommentare	129
4.1.3.5.1	Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:19	132
4.1.3.5.2	Samevatting	134
4.1.3.6	Jesaja 52:9 Die werkwoord דָּנָה word in vers 9 in die Pi'el gebruik – Kommentare	134
4.1.3.6.1	Bespreking en eksegesi van Jesaja 52:9 Die werkwoord דָּנָה in die Pi'el word in vers 9 gebruik	139
4.1.3.6.2	Samevatting	140
4.1.3.7	Jesaja 54:11 Die werkwoord דָּנָה kom in die Pu'al in vers 11 voor – Kommentare	141
4.1.3.7.1	Bespreking en eksegesi van Jesaja 54:11	143
4.1.3.7.2	Samevatting	146
4.2	דָּנָה in tekste in die res van die Jesaja boek .....	146
4.2.1	Jesaja 1:24 Die werkwoord דָּנָה kom in die Nif'al voor met die betekenis om jouself te troos of wraak neem - Kommentare	147
4.2.1.1	Bespreking en eksegesi Jesaja 1:24	149
4.2.1.2	Samevatting	152
4.2.2	Jesaja 12:1 Hier word die werkwoord דָּנָה in die Pi'el in hierdie vers gebruik – Kommentare	153
4.2.2.1	Eksegesi en bespreking van Jesaja 12:1	156
4.2.2.2	Samevatting	157
4.2.3	Jesaja 22:4 Die werkwoord דָּנָה in die Pi'el word in vers 4 gebruik – Kommentare	158
4.2.3.1	Eksegesi en bespreking van Jesaja 22:4	161
4.2.3.2	Samevatting	162

4.2.4	Jesaja 57:6 Die werkwoord דנן in die Nif'al - Kommentare	163
4.2.4.1	Bespreking en eksegese van Jesaja 57:6	165
4.2.4.2	Samevatting	167
4.2.5	Jesaja 57:18 – Kommentare	167
4.2.5.1	Eksegese en bespreking van Jesaja 57:18	170
4.2.5.2	Samevatting	171
4.2.6	Jesaja 61:2 Die werkwoord דנן word in die Pi'el in vers 2 gebruik – Kommentare	171
4.2.6.1	Eksegese en bespreking van Jesaja 61:2	174
4.2.6.2	Samevatting	176
4.2.7	Jesaja 66:13 In vers 13 word die werkwoord דנן drie keer gebruik, twee keer in die Pi'el en een keer in die Pu'al – Kommentare	176
4.2.7.1	Eksegese en bespreking van Jesaja 66:13	179
4.2.7.2	Samevatting	180
4.3	Kenmerke van troos en die hantering daarvan.....	181
4.3.1	Jesaja 1 tot 39: Kenmerke uit die struktuuranalise	181
4.3.2	Jesaja 40 tot 55: Kenmerke uit die struktuuranalise	182
4.3.3	Jesaja 56 tot 66: Kenmerke uit die struktuuranalise	183
4.4	Samevatting .....	183
4.4.1	Tekste in Deutero-Jesaja	183
4.4.2	Algemene samevatting oor Jesaja as boek	189
HOOFSTUK 5 JHWH waarborg troos in Deutero-Jesaja		193
5.1	JHWH noem die volk 'My volk' en Name vir JHWH .....	193
5.1.1	Samevatting	195
5.2	JHWH wat skep ברא.....	196
5.2.1	Jesaja 40:12-28	198
5.2.2	Jesaja 54:16	201
5.2.3	Samevatting	203

5.3	JHWH wat die lossers, גאל, is en ook verlos .....	203
5.3.1	Die werkwoord גאל	206
5.3.1.1	Jesaja 51:10 Hier word die werkwoord גאל in die Qal gebruik	206
5.3.1.1.1	Bespreking en eksegeese van Jesaja 51:10	206
5.3.1.1.2	Samevatting	207
5.3.1.2	Jesaja 52:9 Hier word die werkwoord גאל in die Qal gebruik	208
5.3.1.2.1	Bespreking en eksegeese van Jesaja 52:9.	208
5.3.1.1.2	Samevatting	209
5.3.2	Die selfstandige naamwoord גאל wat 'verlosser' of 'redder' beteken	210
5.3.2.1	Jesaja 49:7 גאל die selfstandige naamwoord	210
5.3.2.1.1	Bespreking en eksegeese van Jesaja 49:7-13	211
5.3.2.2	Jesaja 49:26 גאל die selfstandige naamwoord	212
5.3.2.2.1	Bespreking en eksegeese van Jesaja 49:24-26	212
5.3.2.2	Jesaja 54:5 en 8 גאל die selfstandige naamwoord	214
5.3.2.3.1	Bespreking en eksegeese van Jesaja 54:5-11	215
5.3.2.4	Samevatting	216
5.4	Die werkwoord פדה verlos se gebruik.....	216
5.4.1	Jesaja 51:11 Die werkwoord פדה in die Qal word in vers 11 gebruik	217
5.4.1.1	Bespreking en eksegeese van Jesaja 51:11	217
5.4.1.2	Oorsig	218
5.5	Samevatting .....	219
HOOFSTUK 6 Werkwoorde wat troos ondersteun		220
6.1	יָדַע ken of weet .....	220
6.1.1	Oorsig en bespreking	222
6.1.2	Samevatting	222
6.2	רחם in Pi'el - ontferming .....	223
6.2.1	Jesaja 49:10; 49:13 en 49:15	224

6.2.1.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 49:8-16	224
6.2.1.2 Samevatting	227
6.2.2 Jesaja 54:7, 8, 10	228
6.2.2.1 Bespreking en eksegese van Jesaja 54:7-10	228
6.2.2.2 Samevatting	230
6.2.3 Jesaja 55:7	231
6.2.3.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 55:6-7	231
6.2.3.2 Samevatting	232
HOOFTUK 7 Bevindings	234
7.1 Inleiding.....	234
7.2 Metode .....	234
HEBREEUSE EN GRIEKSE TRANSKRIPSIES	241
Hebreeus	241
Grieks	241
BIBLIOGRAFIE	242
BYLAE	261
Bylaag 1. Beknopte opsomming van die uitgebreide struktuuranalise van Jesaja 40 – 55 .....	261
Bylaag 2. Beknopte struktuuranalise van die ander Jesaja-gedeeltes .....	264
Bylaag 3. Struktuuranalise van Jesaja 40:1-11 .....	265
Struktuuranalise van hoofstuk 40: 1 - 11	265
Bylaag 4. Struktuuranalise van Jesaja 49:1-26 .....	266
Struktuuranalise van hoofstuk 49: 1 – 6.....	266
Struktuuranalise van hoofstuk 49: 7 – 12	267
Struktuuranalise van hoofstuk 49: 13	268
Struktuuranalise van hoofstuk 49: 14 – 26	269
Bylaag 5. Struktuuranalise van Jesaja 51:1-8.....	270

Bylaag 6. Struktuuranalise van Jesaja 51:9-16 .....	271
Bylaag 7. Struktuuranalise van Jesaja 51:17-23 .....	272
Bylaag 8. Struktuuranalise van Jesaja 52:7-10 .....	273
Bylaag 9. Struktuuranalise van Jesaja 54:7-17 .....	274
Bylaag 10. Struktuuranalise van Jesaja 1:21-31 .....	276
Bylaag 11. Struktuuranalise van Jesaja 12:1-6 .....	278
Bylaag 12. Struktuuranalise van Jesaja 22:1-14 .....	279
Bylaag 13. Struktuuranalise van Jesaja 57:6-11 .....	281
Bylaag 14. Struktuuranalise van Jesaja 57:14-21 .....	282
Bylaag 15. Struktuuranalise van Jesaja 61:1-11 .....	283
Bylaag 16. Struktuuranalise van Jesaja 66:7-14 .....	284



# TROOS IN DEUTERO-JESAJA

Onderzoek na die voorkoms van die werkwoord ׀׀׀

deur

André Gerhard Odendaal

Promotor: Prof. Jurie Le Roux

Medepromotor: Prof. Alphonso Groenewald

Departement: Ou Testament

Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Ph.D

Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

## Opsomming van die Tesis

### TROOS IN DEUTERO-JESAJA

Ondersoek na die werkwoord נחם

Jesaja 40:1 begin met die werkwoord נחם wat 'troos' beteken. Die studie was gedoen omdat daar min literatuur oor die werkwoord נחם beskikbaar is. Die woordeboeke gee 'n samevatting oor die werkwoord en die betekenis teen die Semitiese agtergrond.

Die doel van die studie was om aan te toon dat נחם 'n verdere tema van Deutero-Jesaja is. Die temas wat gewoonlik in Deutero-Jesaja aanvaar word, is verlossing en skepping. Hoofstuk 1 gee 'n uiteensetting van die doel en metode waarvolgens dit uitgevoer gaan word. Hoofstuk 2 gee 'n oorsig van die navorsing en die outeurskap van Jesaja en Deutero-Jesaja. Dit blyk dat die tendens verskuif het vanaf die standpunt om Jesaja te hanteer as 'n boek met verskillende outeurs, naamlik Proto-Jesaja, Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja, na die standpunt om Jesaja as een boek te behandel. Daar word steeds werke gepubliseer onder albei die temas, naamlik waar Jesaja as boek hanteer word en onder temas uit Deutero-Jesaja. Die meeste werke wat gebruik is, verwys net na die werkwoord נחם en verkies om dan die verhouding tussen JHWH en die volk, die verlossing of skepping te bespreek, in Deutero-Jesaja. Die werkwoord נחם word gewoonlik onder 'n ander tema as 'n onderdeel bespreek.

Hoofstuk 3 het die beskikbare inligting omtrent die werkwoord נחם in die teologie van die Ou Testament, artikels en kommentare in die algemeen en in Deutero-Jesaja nagegaan. Die werkwoord נחם word nie as 'n enkele tema bespreek nie. In hoofstuk 4 is 'n ondersoek gedoen na die tekste waar die werkwoord נחם in Deutero-Jesaja voorkom sowel as die boek Jesaja. Dit is gedoen omdat die tendens bestaan om Jesaja as een werk te beskou. Daar is 'n verskeidenheid kommentare geraadpleeg, om die tendens waar te neem, oor die bespreking rondom die werkwoord נחם en daar is bevind dat die meeste eksegete vinnig oor 'troos' na 'n volgende onderwerp beweeg.

Hoofstuk 5 toon aan hoe JHWH die 'troos' waarborg. Die werkwoord ברא 'skep' en die werkwoord en selfstandige naamwoord גאל 'verlos' en 'verlosser' is

ondersoek in tekste saam met die werkwoord נחם om te sien hoe hulle ‘troos’ in Deutero-Jesaja ondersteun. Hoofstuk 6 hanteer die werkwoorde ידע ‘ken’ of ‘weet’ en רחם ‘ontferm’ en hulle ondersteuning aan נחם in Deutero-Jesaja. Hoofstuk 7 is die samevatting waar daar aangetoon word dat die doel en metode in hierdie tesis toegepas is. Die gevolgtrekking wat bereik is, is dat ‘troos’ ‘n tema in Deutero-Jesaja is, saam met die temas van verlossing en skepping.

## Sleutelterme

Werkwoorde:

ברא - skep (word net ten opsigte van JHWH gebruik)

ידע – ‘ken’ of ‘weet’

גאל – ‘verlos’

נחם – Nif'al – ‘om jammer te wees’, ‘berou hê’; ‘om getroos te word’; ‘om jouself te troos’. Pu'al – ‘om getroos te word’. Pi'el – ‘troos’

רחם in die Pi'el – ‘ontferming’

רחמים – ‘ontferming’

Selfstandige naamwoorde:

עם – ‘volk’

גאל – ‘verlosser’

# COMFORT IN SECOND ISAIAH

A study about the verb  $\text{נחם}$

By

André Gerhard Odendaal

Submitted in fulfilment of the requirements for the degree

Ph.D

Faculty of Theology

University of Pretoria

January 2014

# COMFORT IN SECOND ISAIAH

A study about the verb  $\text{נחם}$

By

André Gerhard Odendaal

Supervisor: Prof. Jurie Le Roux

Co-supervisor: Prof. Alphonso Groenewald

Department: Old Testament

Faculty of Theology

University of Pretoria

Submitted in fulfilment of the requirements for the degree

Ph.D

## Synopsis of the Thesis

### COMFORT IN SECOND ISAIAH

A study about the verb נחם

The opening words of Isaiah 40:1 consist of the verb נחם which means 'comfort'. The study was undertaken due to the fact that the literature about the verb נחם is rare. The dictionaries give a summary about the verb and its root meanings in the languages in the Semitic background.

The aim of the study was to prove that נחם is also a theme in Second Isaiah, chapters 40-55 of the book of Isaiah. The first chapter gives the aim and the method in which it will be accomplished. Chapter 2 gives an overview about the research and the authorship of Isaiah as a book and the authorship of Second Isaiah. It appears that the tendency have shifted from the view to handle Isaiah as a book of different authors, consisting of Proto Isaiah, Second Isaiah and Trito Isaiah, to the view that the book must be handled as a whole. Most of the works that were used just touched the verb נחם and preferred to write about the relationship between Yahweh and Israel, the salvation and creation in Second Isaiah.

Chapter 3 was a research on the availability and information in theologies of the Old Testament, articles and commentaries about the verb נחם in general and specifically in Second Isaiah. In chapter 4 the study was done on the texts where the verb נחם occurs in Second Isaiah, as well as in the complete book of Isaiah. This was done because the tendency is to handle Isaiah as one work.

Chapter 5 shows how Yahweh, whom guarantees 'comfort', does it. The verb ברא 'to create' and the verb and noun גאל 'to save' and 'saviour' was researched in text extracts from the Scripture in chapters that contain these verbs and noun and the verb נחם to see how they assist the verb 'to comfort' in Second Isaiah. Chapter 6 handles the verbs ידע 'know' and רחם 'to take pity' or 'to have mercy' and their assistance to נחם in Second Isaiah. Chapter 7 is the conclusion where it is shown that the aim and method were accomplished in the thesis. The conclusion is made that נחם 'comfort' is a theme in Second Isaiah with the themes of salvation and creation.

## Key terms

Verbs:

ברא – ‘to create’

ידע – ‘to know’, ‘to observe’, ‘to learn’

גאל – ‘to redeem’

נחם – Ni. – ‘to be sorry’, ‘to repent’, ‘to be comforted’, ‘to comfort oneself’. Pu. – ‘to be consoled’. Pi. – ‘to console’

רחם – Pi. – ‘to have compassion’

רחמים – ‘compassion’

Nouns:

עם – ‘nation’, ‘people’

גאל – ‘redeemer’

# HOOFSTUK 1

## Die doel en metode van die ondersoek

### 1.1 Inleiding

Die aangrypende inleidende woorde van Deutero-Jesaja open die verhoog vir 'n verweefde tafereel wat kunstig saamgestel is. Die samestelling is duidelik uit die beknopte samevatting van die struktuuranalise wat as Bylaag 1 aan die einde verskyn. Troos gryp die verbeelding dadelik aan. Wie het die troos nodig? Waarom moet die volk getroos word? Wie kan 'n hele volk vertroos? 'n Mens wil dadelik meer te wete kom oor JHWH wat die troos aanbied. Hierdie vrae prikkel die verbeelding en roep om antwoorde.

Troos is prominent in Jesaja 40 tot 55. JHWH kondig die troos deur die profeet aan in Jesaja 40:1. Die werkwoord vir 'troos', is נחם wat in die Pi'el gebruik word. Troos is 'n aangrypende emosie en lei die tweede gedeelte van die Jesaja-geskiedenis in met die woorde: "Troos, troos my volk."<sup>1</sup> Hierdie troos word later weer herhaal in Jesaja 40 tot 55. Hierdie gedeelte in Jesaja, bekend as Deutero-Jesaja, staan ook bekend as die troosboek<sup>2</sup>. Beuken (1979:15) verwys daarna dat hierdie gedeelte in die Vulgaat die opskrif het – *Die Boek van die vertroosting van Israel – Book of Consolation*<sup>3</sup>. Soos genoem, word Jesaja 40 tot 55 algemeen as 'n boek van troos beskou. Die Vulgaat het as opskrif: *Consolationes Isaiae prophetae, 40,1-66,24*<sup>4</sup> vir die tweede gedeelte van die Jesaja-boek. Dit is baie insiggewend dat daar nog nie 'n studie gemaak is oor die plek van troos in hierdie hoofstukke nie. Die kommentare<sup>5</sup> verwys na die trooswoorde waarmee Jesaja 40:1 begin en beweeg dan vinnig daarvoor om by redding uit te kom. Troos word aangekondig en dan word daar uitgebrei oor die redding van die volk. JHWH se mag word beklemtoon en Hy word

---

<sup>1</sup> Die Bybel (1957:670); Biblia Hebraica Stuttgartensia (1984:734).

<sup>2</sup> Aalders en Van Deursen (1935:483); Koole (1985:19).

<sup>3</sup> Stuhlmüller (1970:3). In die werk word daar konstant na Deutero-Jesaja verwys as die "Book of Consolation", as 'n algemeen-aanvaarde gebruik. Die feit dat daar verwys word na die troosboek is opvallend, aangesien troos nie direk bespreek of as 'n deurlopende tema beskou word nie; (Beuken 1979:15).

<sup>4</sup> Biblia Sacra Vulgatae Editionis (701).

<sup>5</sup> Verskillende kommentare, hier word na enkele van die kommentare verwys. Fohrer (1964); Beuken (1979); Westermann (1981); Koole (1985); Berges (2010).



as hoofspeler in hierdie ontknoping aangebied. JHWH bring die troosboodskap, roep die persone wat moet optree en wys hulle aan (nie altyd lede van die volk van JHWH nie, soos byvoorbeeld Kores) en bepaal hoe die redding gaan volg.

Hierdie studie ondersoek die plek en funksie van troos as openingswoorde sowel as die funksie van troos in Jesaja 40 tot 55 en daar word ook na die funksie van troos in die groter Jesaja-bundel gekyk. Die vertalings wat gemaak en in die studie gebruik word, is my eie vertalings, wat so na as moontlik aan die letterlike vertaling is.

Dit is opmerklik dat die inleidende trooswoorde van Deutero-Jesaja onder andere bekendheid in die agtiende eeu verwerf het, as die inleidende aria in die Messias van Handel<sup>6</sup>. George Frideric Handel het in sy *Der Messias*, die musiek gekomponeer. Handel het gedeeltes uit Jesaja 40 en ander Jesajatekste en ander Bybeltekste in aangepaste vorm gebruik, om die woorde vir die Messias se arias te verskaf. Ons vind dat die Messias ingelei word as simfonie deel 1 deur Jesaja 40:1-3 as aria nr. 1; aria nr. 2 is Jesaja 40:4, aria nr. 3 is Jesaja 40:5; aria nr. 7 is Jesaja 7:14; aria nr. 8 is Jesaja 40:9; aria nr. 9 is Jesaja 60:1; aria 10 is Jesaja 60:2-3; aria nr. 11 is Jesaja 9:2; aria nr. 12 is Jesaja 9:6; aria nr. 17 is Jesaja 35:5-6; aria nr. 18a is Jesaja 40:11; aria nr. 21 is Jesaja 53:3 en Jesaja 50:6; aria nr. 22 is Jesaja 53:4; aria nr. 23 is Jesaja 53:5; aria nr. 24 is Jesaja 53:6; aria 29 is Jesaja 53:8. Die volledige Messias omsluit 52 arias. Opsommend word gevind dat 33 arias aanhalings uit die Ou Testament is, wat 34 aanhalings is. In 16 arias uit Jesaja waarvan 11 uit Deutero-Jesaja in 10 arias en 4 uit Jesaja 1-39 in 4 arias en 2 uit Jesaja 56-66 in 2 arias. Die aanhalings uit die Nuwe Testament is 12 in 12 arias, een in kombinasie saam met 'n Jesajateks. Die trooswoorde as inleiding vir Deutero-Jesaja was dus buite die Bybelse konteks ook bekend, in die wêreld van die kuns.

---

<sup>6</sup> Messiah, G.F. Handel (1973:2,3,18,19,20,21,22,23). Handel het die Messias in 1741 gekomponeer. Die Ou Testament as voorspellings word gekombineer met die Nuwe Testament ten opsigte van Jesus as Messias. Daar word gespekuleer dat die Messias as bron 'n gedig van Alexander Pope as basis het. Pope en Handel het gedurende 1715-1718 gereeld aan huis van Lord Burlington ontmoet. In ooreenstemming met die Reformatore is Jesaja 53 as messiaans geïnterpreteer en gebruik in die Messias.

## 1.2 Begroning van ‘troos’

Die belangrikheid van troos tref dadelik wanneer ‘n mens Jesaja 40:1 lees. Hierdie hoofstuk begin met die woorde wat dadelik opval: “Troos, troos my volk.” Die woord נחם gryp dadelik die verbeelding aan as hoofstuk 40 direk na hoofstuk 39 gelees word. In hoofstuk 39 het die profeet Jesaja aan koning Hiskia gesê dat daar in die toekoms ‘n tyd sal kom dat die paleis en stad verwoes gaan word en van Hiskia se seuns na Babel weggevoer sal word. Die skatte van Jerusalem sal na Babel toe geneem word. Hiskia was tevrede solank daar in sy tyd net vrede en veiligheid sou wees. Jesaja 40<sup>7</sup> word aan die ballinge<sup>8</sup> in Babel gerig. Hierdie mense het na Jerusalem en Sion gehunker. Daar was by sommige die hoop dat hulle kon teruggaan en dat die Here hulle gebede sal verhoor. Daar was die beloftes wat deur Jesaja uitgespreek is, in Jesaja hoofstukke 10 en 29 waar JHWH belowe het dat die volk uit ballingskap na Jerusalem toe sou terugkeer. Hierdie lieflike boodskap kom nou tot die volk wat in Babel in ballingskap verkeer. JHWH gee die goeie nuus, die blye boodskap, hulle sal ‘getroos’ word. Die straf is verby. Die volk kan na Jerusalem toe gaan. JHWH belowe dat JHWH hulle sal bystaan op die pad terug na Sion toe.

Dit is baie insiggewend dat daar net in Jesaja 40:1 en dan weer in Jesaja 49:13<sup>9</sup> van troos gepraat word. Hierdie troos kom van JHWH af. JHWH waarborg die troos en JHWH staan daarvoor in om die volk te ‘troos’. Hierdie waarborg kom duidelik na vore in Jesaja 40:1-11. Die waarborg word volledig in hoofstukke 4 en 5 behandel waar die נחם en JHWH as waarborg van die נחם bespreek word. Deutero-Jesaja

---

<sup>7</sup> Daar word algemeen aanvaar dat die boodskap aan die ballinge in Babel gerig word. Dit is opmerklik dat beide die *Bybel in Praktyk* (1993:1016) en *Die Bibel in heutigem Deutsch* (1983:707), in hulle inleiding tot Jesaja 40 tot 55 opmerk dat ‘n onbekende profeet, naamlik Deutero-Jesaja vir hierdie gedeelte verantwoordelik is. Hierdie boodskap word aan die ballinge in Babel oorgedra.

<sup>8</sup> Die aanvaarding is dat al die ballinge in Babel graag na Sion of Jerusalem sou wou terugkeer. In Psalm 137 word die versugting en verlange na Sion en Jerusalem aangespreek. Daar is ander lede wat nie dieselfde voel nie, en daarom kry Jesaja teenstand en is die volk nie so gretig om na die boodskap te luister nie. Daar moet egter onthou word dat Jeremia ‘n brief aan die ballinge gerig het in Jeremia 29:4-32. Daar word aan die ballinge die opdrag gegee om die stad Babel se belange te bevorder en hierdie belange as hulle eie te reken. Hierdie feit kom na vore in die werke van Motyer (1993:394), en by Dempsey (2010:125-126). Albei skrywers verwys na die feit dat daar in werklikheid net ‘n handjievol ballinge op Kores se bevrydingsedik gereageer het. Die ander ballinge het klaar hulle troos in Babel gevind.

<sup>9</sup> Die troos in hoofstuk 40:1 word gesien as troos aan die volk van JHWH; oor hoofstuk 49:13 bestaan daar ‘n mate van verskil by die kommentators. Hulle sien die troos aan die volk, maar voeg vers 13 by die gedeelte wat oor Sion of Jerusalem handel. Berges (1998:372-375) voeg vers 13 by die eerste 12 verse van hoofstuk 49; Dempsey (2010:122) deel hoofstuk 49:8 tot 50:3 as ‘n gedeelte in.

staan as die troosboek bekend en dit is algemeen so aanvaar sedert die begin van die verdeling van Jesaja<sup>10</sup> vanaf 1892. Dit val ook op dat niemand nog werklik die troos beskryf of begrond het nie. Die kommentare gaan vinnig van die troos af oor na die volk, en die verhouding van JHWH tot die volk. Die feit dat Deutero-Jesaja algemeen as 'n troosboek aanvaar is, sonder dat die feit teëgegaan of betwis is, maak dit die moeite werd om die troos as sodanig in Jesaja 40 tot 55 te ondersoek. Dit sal dan aan die lig kom of hierdie gedeelte werklik daarop aanspraak kan en mag maak, om as die troosboek bekend te staan. Die woord,  $\text{נחם}$  in die Pi'el, word in sommige kommentare soms net aangeraak en dan glad nie weer bespreek waar dit weer in die latere tekste in Deutero-Jesaja voorkom nie.

'Troos', die werkwoord  $\text{נחם}$  in die Pi'el, is baie prominent in Jesaja 40 tot 55 en word deur JHWH aangekondig. Jesaja 40:1 begin met die troosboodskap. Troos word verder in Jesaja op die volgende plekke gebruik, naamlik 49:13; 51:3; 51:12; 51:19; 52:9; en 54:11. Troos kom in die vorm dat daar aan die volk die belofte gemaak word dat hulle na Palestina sal terugkeer, en dat hulle die bystand en beskerming van JHWH sal ervaar. Die volk<sup>11</sup> is in ballingskap weggevoer. Die Perse het intussen die Babiloniërs verslaan en is besig om die volke na hulle lande terug te skuif. Dit is goeie nuus vir die volk. Hierdie terugkeer is 'n tweede uittog en roep weer die herinnering op aan die uittog uit Egipte wat in die verre verlede lê. JHWH het die voorvaders van die volk uit Egipte gelei en nou sal JHWH die volk in ballingskap uitlei na hulle land en hulle reis veilig maak. Die troos omvat die gedeelte van Jesaja 40:1 tot Jesaja 49:13. Die troos word aangekondig en dan omsluit. Die troos aan die volk eindig by Jesaja 49:13. Die laaste hoofstukke van Jesaja 49:14 tot Jesaja 55 verander in dié opsig, en daar word die volk deur die stad Sion/Jerusalem vervang.

---

<sup>10</sup> Duhm, (1968:8-9, 286). Bernhard Duhm wys daarop dat Jesaja 1-39 deur Jesaja geskryf is. Jesaja 40-66 is deur 'n persoon uit die ballingskap geskryf. In 1892 verdeel Duhm Jesaja 40-66 op in Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja.

<sup>11</sup> Die volk waarna verwys word is 'n gedeelte van die bevolking van Jerusalem en die ander stede in Juda. Albertz (2003) en Barstad (1996) wys daarop dat 'n groot gedeelte van die bevolking in ballingskap weggevoer is. Die leiersgroep en ambagsmanne is oor die algemeen weggevoer. Daar het 'n aansienlike groep van die bevolking in die land agtergebly. 'n Latere wegvoering vind plaas na die opstand teen Babel, en daarna het nog 'n groep van die oorblywende inwoners in die land na Egipte gevlug. Die totale bevolking is nie na die val van Jerusalem weggevoer nie.

Die troos speel nou 'n belangriker rol. Troos as woord word in Jesaja 51, Jesaja 52 en Jesaja 54 gebruik.

Die troos omsluit Jesaja 40:1 tot en met Jesaja 55. Die troos aan die volk en stad gee JHWH se sorg en bystand aan die volk en stad, as JHWH se eie eiendom, weer. Die noue verbintenis tussen JHWH en die volk en stad kom duidelik na vore in Jesaja 40 tot 55. Hierdie hoofstukke wys JHWH se bemoeienis met JHWH se volk. Die verband tussen JHWH en die volk word deur die eiename beklemtoon. JHWH praat van JHWH se volk, hulle is by die naam geroep, gevorm, geskep en hulle naam is in JHWH se handpalms ingekerf. Die verbondsverbintenis word duidelik, wat daarop dui dat JHWH die inisiatief geneem het om die volk te kies en te vorm. JHWH kom na die volk toe en reik eerste uit na die volk in hulle uiterste nood as ballinge in Babel. JHWH tree handelend op omdat JHWH lief is vir die volk. JHWH se omgee maak dat JHWH eerste optree en uitreik na die volk wat aan JHWH behoort. JHWH gee die redding, JHWH sorg, gee nuwe krag soos die arend, maak die paaie gelyk in die woestyn, neem struikelblokke uit die pad, bewaar en beskerm die volk en gee die regte kneg sodat die volk na hulle land sal kan terugkeer. JHWH bly in beheer regdeur Jesaja 40 tot 55. JHWH<sup>12</sup> is die Enigste God en moet alleen aanbid word. Deutero-Jesaja se interpretasie van die Babiloniese tydperk en Deutero-Jesaja<sup>13</sup> se verwerking van die stof vir die volk en sy tyd gee die beskrywing van JHWH as trooster van die volk en stad.

---

<sup>12</sup> Die werk *Tweegesprek met God* (Burden en Prinsloo (reds.) 1987:104-105) behandel Deutero-Jesaja. WS Prinsloo maak die opmerking dat die hoofkenmerk van Deutero-Jesaja se verkondiging die boodskap van heil, verlossing en vertroosting is. JHWH word verkondig as die enigste God, en is ook die Skepper. Volgens Prinsloo is skepping nie 'n selfstandige tema nie, maar dit word met die verlossing in verband gebring. Prinsloo kom tot die afleiding "om van Deutero-Jesaja te praat as 'n boek van vertroosting is dus heeltemal aanvaarbaar".

<sup>13</sup> Die werk van Behr (1937:32-33) stel dit duidelik dat die skrywer wat algemeen bekend is as Deutero-Jesaja, 'n ooreenkoms vertoon in taal, fraserings wat gebruik word en uitdrukkings wat ooreenstem met die literêre vorms en uitdrukkings wat in die amptelike dokumente van die Babiloniese konings gevind word. Die afleiding word gemaak dat Deutero-Jesaja die produk is van twee kulture, naamlik die Hebreeuse kultuur, waaraan hy toegewy was en wat verryk word deur sy poësie en werk, en die Babiloniese kultuur, waarvan hy die godsdienstige aspekte in sy werk kritiseer, byvoorbeeld die dien van afgode. Verder sien ons dat Deutero-Jesaja op die tradisie van sy voorgangers, die profete, voortgebou het en dat hy lewe in 'n tyd waarin van die beloftes waar geword het. Daarom vind ons dat hy die omstandighede beleef, en vir sy volk die boodskap van hoop en troos bring in hulle huidige omstandighede.

### 1.3 Hermeneutiek

Die hermeneutiek of verstaan van die teks is belangrik. Die ondersoek na die gebruik van die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Deutero-Jesaja noodsaak dat daar in die lig van die huidige situasie in Jesaja studies, na die voorkoms van die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Deutero-Jesaja, sowel as in die hele boek Jesaja gekyk word. Die verstaan van troos sal dit nodig maak dat daar na onderafdelings sowel as die geheel gekyk word, omdat die ontstaansgeskiedenis en die ontwikkeling van die boek tot 'n finale eenheid dit noodsaak. Die huidige tendens is om na die Jesajaboek as 'n geheel te kyk. Daar is nog heelwat studies wat oor die onderafdelings van die Jesajaboek verskyn.

Die ondersoek van 'n teks of teksgedeelte kan vergelyk word met 'n bos wat beskryf word. Die bos kan as geheel omskryf word en hanteer word. Daar kan ook na die bome afsonderlik gekyk word, en hulle kan selfstandig beskryf word. Die bos bestaan uit die verskillende bome en daarom is dit noodsaaklik om die bome afsonderlik en ook in afhanklikheid tot mekaar, as deel van die bos te beskryf. In die huidige situasie met die Jesaja studies bevind ons, ons in 'n soortgelyke situasie. Daar verskyn studies oor Jesaja<sup>14</sup> as boek, sowel as studies oor Deutero-Jesaja<sup>15</sup> en Trito-Jesaja<sup>16</sup>.

'n Teks sal nooit finaal uitgelê word nie en die geskiedenisinterpretasie word nie afgesluit nie. Die interpretasies<sup>17</sup> van 'n teks, deur die eeue, help 'n mens om die teks beter te verstaan. So word ons weer bewus van interpretasies waarvan ons vergeet het en verskaf dit interpretasies waarvan ons nie geweet het nie. Die

---

<sup>14</sup> Gray (2006); Heskett (2007); Cohen & Westerbrook (2008).

<sup>15</sup> Koole (1978); Wischnowsky (2001:164-204); Baumann (2003:180-189); Tharekadavil (2007); Marlow (2009:115-119); Wagner (2012:168-237).

<sup>16</sup> Goldenstein (2001); Park (2003); De Hulster (2009).

<sup>17</sup> Gadamer, (1975:356-357). Buss, (2010:67). Hier word daarop gewys dat literatuur 'n situasie aanspreek. Hierdie uitsprake deur die psalms en profete kan ook geldig wees ten opsigte van gebeure in die toekoms. Conrad (2006:190) wys op die wisselwerking tussen teks en leser. "Texts do not mean things on their own. Meaning emerges in the interaction between a text and a reader. Meaning, therefore, is dependent on information the reader brings to the text. However, that is not to say that texts lack limits or boundaries of interpretation." "However, as a reader of these ancient texts, I am assuming the 'intentionality of the text' designed for ancient readers. In a sense a prophetic book is like an artefact from the past, and for me, what is open for study is the book as it is, not its production through time."

“Wirkungsgeschichte”<sup>18</sup> het vroeër die ontvangsgeskiedenis ingesluit. Die vroegste tekens daarvan word gevind in die benadering<sup>19</sup> om terug te gryp na die Rabbyne literatuur en die kerkvaders se geskrifte.

Ek vind aansluiting by die filosoof Jacques Derrida wat oor die taal geskryf het en noem dat 'n persoon slegs spore in die geskiedenis agterlaat. Derrida het, as filosoof, in sy werk oor die funksionering van taal, na die betekenis en die tydelikheid daarvan verwys. Derrida<sup>20</sup> wys daarop dat die skryf, of proses om iets te omskryf, 'n gevoel van onmag en 'n bewustheid van die onmoontlike van die taak by die skrywer ontken. Dit laat slegs 'n spoor wat verbygaan. Niks is vas of seker nie. Die ervaring van skryf is om te ervaar dat jy iets agtelaat, 'n spoor of res, 'n oorblyfsel, waartoe andere toegang het selfs al is die skrywer nie meer daar nie. Die spoor is daar selfs

---

<sup>18</sup> Sawyer. (2012:298) "First subsumed under the title *Wirkungsgeschichte*, or simply the History of Interpretation, reception history has now become a major element in its own right.... The earliest models of this approach go back to the rabbinic and patristic literature, where it was taken for granted that interpreters would take in account, more or less systematically, of the views of their predecessors."

<sup>19</sup> Sawyer. (2012:298). "While Jewish students, confronted with a problem in the text, have never ceased to ask, almost as a matter of course, "What does Rashi say?," Christian scholars since the Reformation have tended to turn their backs on such material." Sawyer (2012:321) kom tot die volgende gevolgtrekking in sy artikel: "To understand what the Hebrew Bible meant it is not enough anymore to be an expert in Semitic languages and ancient Near Eastern history – we also have to know something about the afterlife of the texts we are handling. What they meant to the Church Fathers, mediaeval writers, renaissance artists and baroque musicians, right down to modern novelists and popular song-writers, can be just as important and as worthy of scientific analysis as its original meaning – if not more so."

<sup>20</sup> Oger (2005:15,16). Oger beskryf Derrida se ervaring van skrywe op die volgende wyse: "De 'ervaring van het schrijven' is voor Derrida de ervaring van onmacht, van de onmogelijkheid om alles samen te brengen in een enkele stem, in een monoloog. Ze bestaat in het nalaten van een 'spoor dat voorbijgaat, dat bestemd is voorbij te gaan aan het heden van zijn originele inscriptie, aan zijn auteur' zoals men onvoldoende zegt'. De ervaring van het schrijven is de ervaring van iets achter (of na) te laten, van iets aan zichzelf over te laten, een spoor, een rest, een overblijfsel dat zelf dan nog blijft, wanneer de schrijver zelf verdwenen is, een inscriptie die niet teloorgaat en waartoe anderen, in principe alle mogelijke anderen, toegang hebben, evenzeer wanneer de afstand tussen schrijver en lezer – zowel in ruimtelijk als in tijdelijk opzicht – zeer groot is. Ook zonder de intentie of aandacht van de schrijver blijft de tekst nog steeds (enigermate) leesbaar, ontcijferbaar. Ook wanneer men hem naar een andere context overplant of wanneer hij in een andere periode terechtkom, blijft, hij nog allerhande effecten veroorzaken. Ook wanneer de schrijver allang dood is, kan hij nog altijd het leven van mensen ingrijpend veranderen." Na aanleiding van Derrida se idee van spore wat nagelaat word, is dit nodig om in die tekste in Deutero-Jesaja te kyk na die spore wat nagelaat word deur die gebruik van die werkwoord  $\text{נָסַח}$  en hoe die spore deur die jare geïnterpreteer is vanaf die Reformasie wat 'n geweldige invloed op die kerkgeskiedenis uitgeoefen het. Ons in Suid-Afrika is ook deur die nalatenskap van die Reformasie beïnvloed. Daar sal soos Derrida dit stel slegs spore nagelaat word, wat binne die konteks van die bepaalde tydvak waarbinne dit verklaar en uitgelê is, verklaar kan word. Elke eksegeet is 'n kind van sy tyd en sal die teks binne sy agtergrond en die veronderstellings van daardie tydvak verklaar. Daarom is niks vas of final nie. Die boodskap word in elke tydvak weer geïnterpreteer om vir daardie tyd aktueel te wees.

al is die afstand tussen skrywer en leser sowel ruimtelik as tydelik groot. Die teks is selfs sonder die skrywer se bystand of ondersteuning steeds in 'n mate leesbaar en ontsyferbaar.

Die spore wat deur die werkwoord נהם gelaat word, word in die struktuuranalise nagegaan en gerekonstrueer in die betekenis in die betrokke gedeelte waar die werkwoord voorkom. Daar word gekyk na die betekenis van נהם in die vers en groter samehang sowel as die onderlinge samehang en funksionering van die werkwoord נהם in Deutero-Jesaja. Daar kan slegs spore opgemerk word en kommentaar daaroor gelewer word, omdat die oorspronklike betekenis van die gedeelte nie gerekonstrueer kan word nie. Die oorspronklike betekenis vir die eerste hoorders is verlore. Slegs die spore in die geskiedenis deur die nagelate teks is sigbaar en kan nagegaan word.

Die dekonstruksie<sup>21</sup> van Derrida maak dat alles dan voorlopig word. Daar kan nie besliste afleidings gemaak word wat vir altyd geldig is nie. Die spore sal in elke

---

<sup>21</sup> Odell-Scott, (2000:55-57). Odell-Scott bespreek dekonstruksie en beskryf dit op die volgende wyse: "Derrida judges that deconstruction is an event provisionally described as reading, writing, and thinking that undoes, decomposes, unsettles the established hierarchies of Western thought. ... deconstruction is primarily a complex, close reading of texts. A close reading serves to disclose the aporia, the unresolved tensions, conflicts, and contradictions within the text that are often ignored by non-deconstructive exegetes." "Thus, one of the ways that deconstruction is critical is that the deconstructive reader makes evident the alterity of the text to the contending interpretations, including one's own, and maybe even the interpretation of the author, or as to designate impasses when they occur." Oor die spoor of teken word die volgende weergegee: "Of interest to the student of religion are the complex ways in which signs or symbols are understood. What is re-presented by the sign is assumed to be a presence – defined as that which exists on its own independently of the sign. Thus, what the sign refers to is assumed simply to be, to be present, without need of presentation." Uit die aanhalings is dit duidelik dat die teks teenstrydighede kan bevat, daar kan verskillende interpretasies wees en dan moet die leser erken dat 'n doodloopstraat bereik is. Dit word duidelik dat nie alle tekste ten volle verklaar kan word nie. Verder is dit duidelik dat die teken of spoor deur woorde verwoord word. Die spoor of teken kan nie altyd ten volle omskryf of beskryf word nie. Die woord of woorde staan in verband met mekaar en is afhanklik van mekaar vir hulle betekenis in die betrokke teksverband. Holgate en Starr, (2006:138-139) "The most radical ideological criticism of the Bible is that of deconstruction, a perspective associated with the philosopher and literary critic Jacques Derrida. This approach unsettles and decentres all readings of texts. It shows that there is no such thing as the centre of a text because every centre depends on the margins to exist as a centre. In this way it shows that the margins are as important as the centre, and cannot therefore be ignored. This internal contradiction undermines the coherence of all texts. Those who have seen this realize that the messages conveyed by texts are much less stable than they thought. Texts can be read playfully and subversively." Verder het Gina Hens-Piazza opgemerk dat postmoderne benaderinge tot die Bybel die klem laat val op die minder belangrike elemente en karakters in tekste (2003:74): "As postmodern literary criticism pays attention to the seams, unanswered questions, or cracks in the narrative it often uncovers competing voices, values and centers of power in the story. It raises

tydvak weer geïnterpreteer word. Die betekenis sal dus verander na aanleiding van die inkleding van omstandighede.

Die essensie is dat Derrida help in die omskrywing van die ontginning van troos in Deutero-Jesaja. Derrida<sup>22</sup> se insigte van die spore wat nagelaat word, help om die voorlopige aard van die teks en beskrywing van begrippe te beklemtoon. Niks is volledig of afgesluit nie. Die teks se spore word telkens weer geïnterpreteer in verskillende tydvakke deur verskillende persone. Dit gee dieper insig in die betekenis wat help om die teks beter te verstaan en te verklaar.

Die betekenis van 'n woord word bepaal deur die sinsverband waarin die woord voorkom. Hierdie betekenis is van vervlietende waarde. Die betekenis sal verskil van tydvak tot tydvak. Jacques Derrida wys op die betekenis van woorde binne hulle verband. Verder wys Derrida<sup>23</sup> op die feit dat betekenis net vir 'n oomblik vasgevang kan word. Net wanneer jy dink dat jy die betekenis ten volle kan beskryf, ontdek jy dat die betekenis jou klaar ontglip het, dit is asof die woorde gewonde woorde is, wat die betekenis slegs vir hierdie oomblik in die geskiedenis probeer vasvang en beskryf.

---

unaddressed questions lurking in the margins that disrupt the integrity of a unified reading. Attention to these contradictory, contestatory, or incongruous elements in texts often leads to interpretations that challenge the prevailing wisdom about a biblical story. In the process we discover how rhetoric is not just artistic or innocent but may participate in the violence of exclusion." Die onbeantwoorde vrae wek die belangstelling en vra na nadere ondersoek en toeligting. Die sentrum alleen in nie meer die belangrike nie. Alle elemente in die teks verdien aandag en vra vir 'n kans om hulle volle rol te vervul, daar waar hulle in die literêre verband geplaas is. Dit herinner weer aan die voorbeeld van die bos en die bome. Elke boom dra daartoe by dat die bos bestaan. Daarom is elke boom, sowel as die bos belangrik, en is dit nodig dat elke boom en die bos die nodige aandag sal kry.

<sup>22</sup> Sherwood, (2000:69). Sherwood wys daarop dat Derrida gereeld verkeerd geïnterpreteer word oor die begrip van spore van betekenis wat nagelaat word. Sherwood verwoord die betekenis van die spore op die volgende wyse: "but which is about the intrinsic linkages between these two interpretations and the impossibility of choosing between them." Sherwood stel dit duidelik dat dit nie gaan oor 'n spel met die spore nie, die probleem ontstaan dat daar nie altyd 'n enkele keuse uitgeoefen kan word tussen twee moontlikhede, wat vanuit die spoor afgelei word nie. Albei die gevolgtrekkings oor die spoor is geldig en kan aangewend word, daar sal argumente vir en teen albei gevolgtrekkings wees.

<sup>23</sup> Jacques Derrida (1996b:31; cf. Isa 6:9) gebruik Bybelse verwysings soos: "what I heard without hearing, what I understood without understanding". Hierdie aanhalings word met 'n nuwe inhoud weergegee en dui op die feit dat betekenis jou gedurig ontglip. Philips (2006:13) verwys na Derrida. "We live with the impression that language is clear, clean and in a one-on-one relationship with the world around us. Derrida, however, suggests that language does not work fundamentally directly but indirectly, not unequivocally but equivocally....There always exists a difference, a gap, an interruption then between a word and its object of reference, between a sign and its meaning."



Dit is as gevolg van die ontglipping van die betekenis van tekste, omdat die werklike bedoeling van die outeur nie presies vasgevang kan word nie. Die groter omvang van die teks kan bepaal word as daar na die ontwikkeling deur die eeue gekyk word en dit verdiskonteer word, in die ondersoek en uitleg en verklaring van die teks. Hermeneutiek moet van al die moontlikhede gebruik maak om die teks te ontgin en die betekenis te probeer bepaal en vas te stel. Al is dit net by benadering omdat ons nie die werklike betekenis kan bepaal en weergee nie.

Ons is bewus van die verskille in kultuur en tydsverloop asook die verganklikheid van betekenis en die onvermoe om betekenis vas te pen. Die relatiewe betekenis van 'n teks<sup>24</sup>, het 'n uitleg vir die tyd van die eksegeet. Dit mag wel later ook dalk dieselfde betekenis kry, of 'n aangepaste betekenis verkry.

Dit is belangrik om die werkwoord נחם in Deutero-Jesaja te ondersoek, sowel as in die res van die Jesajaboek en die tendense te rapporteer in soverre dit belangrik is vir die eenheid of die onderverdeling van die boek. Die ondersoek sal aantoon of die werkwoord נחם 'n tema is vir die boek Jesaja en of die tema van troos grootliks geld vir die onderafdeling wat bekend is as Deutero-Jesaja. Die betekenis van die Hebreeuse woorde, en hulle verband tot mekaar in die teks, is belangrik. Die metode wat gebruik sal word, om die betekenis te bepaal wat verwoord en ontgin moet word, is struktuuranalise.

## 1.4 Metodologie

Die struktuuranalise<sup>25</sup> is as grondslag en basis van die eksegetiese gebruik. Die struktuuranalise<sup>26</sup> word slegs kortliks bespreek en dan ingewerk in die res van die

---

<sup>24</sup> Philips (2006:7) skryf die volgende oor tekste en interpretasie. "Texts survive. They live on in complicated ways, and in so doing outlive their readers.... Readers and authors come and go, but texts persist to be interpreted, translated, applied, to live on, for another day....Biblical texts are tenacious survivors."

<sup>25</sup> Du Toit (2004:78) verwys na die gebruik van struktuuranalise in die ontginning van die betekenis van 'n teks as deel van die eksegetiese proses. Hy bespreek struktuuranalise onder die term "detailed analysis" en verwys op die volgende wyse daarna: "The type of discourse analysis which has been initiated under the well-known Greek linguist, Professor J.P. Louw, has proven to be very valuable in this regard." In die boek "Biblical Hermeneutics" (2006:48) het Holgate en Starr daarop gewys dat struktuuranalise in die 1970tigs in Suid-Afrika en Amerika ontwikkel is. Hulle wys op die nut van struktuuranalise in die eksegetiese proses en verduidelik dit met die volgende omskrywing: "Discourse analysis is a very useful tool for looking closely at the surface structure of a passage, helping us to pay close attention to the way a passage is 'joined up' grammatically and stylistically."

ontleding en bespreking van die teksgedeeltes. Eksegese en bespreking van tekste vind plaas in die verloop van die proefskrif.

Die struktuuranalise en hoe dit funksioneer? Die struktuuranalise<sup>27</sup> gee 'n uiteensetting van die struktuur van die Masoretiese teks (MT) waarmee gewerk word. In hierdie geval was die Masoretiese teks gekies omdat dit die algemeen aanvaarde teks is wat gebruik word. Dit is 'n formele analise van die komposisie en 'n logiese netwerk van verbindings van die onderlinge gedeeltes in die teks. Die teks word in die struktuuranalise in die kleinste sinvolle dele verdeel. Die verbinding

---

“While it is not the only exegetical tool biblical interpreters have borrowed from linguistics, it is one of the most useful. It enables us to explain, to ourselves and then to others, how we read the text: how we understand it to be organized and how this affects what we understand it to mean.” Die struktuuranalise is 'n hulpmiddel om die teks te help ontsluit. Die taalverskynsels en hulle onderlinge samehang in teksverband word ondersoek en ontgin. Die struktuuranalise as grondvlak werk help om verbindings tussen woorde en sinsnedes uit te lig. Die taal en betekenis van die taal, binne kontekstuele verband, kan dan bepaal en ontgin word. Die struktuuranalise word as bylae aan die einde van die proefskrif gereflekteer.

<sup>26</sup> Van Zyl (2008:139,140). In sy artikel “Reading the New Testament from a theological perspective” bespreek Van Zyl metodes vir interpretasie en hy wys daarop: “Although this article is aimed at the New Testament, many of the aspects discussed may be equally applicable to a theological reading of the Old Testament, or Bible for that matter.” (2008:133, voetnoot 1). “Theology and literature compliment one another.” “Since the theology of the New Testament is woven into its text fabric, a theological reading entails scrutinising the text by means of any available valid method and approach. Some of the approaches include historical criticism; structuralism; discourse analysis; narratology, and rhetorical criticism. As these methods are able to expose the genealogy, structure (deep or surface), story line, and persuasive strategies of a specific text, they highlight the multiple meanings of the theological text.” Uit die aanhalings is dit duidelik dat verskillende metodes aangewend kan word om die betekenis van 'n teksgedeelte te ontsluit. My keuse was om met struktuuranalise die samestelling van die teksgedeeltes wat die werkwoord *היה* bevat, te ondersoek. Hierdie struktuuranalise was die onderbou van die verdere besprekings wat volg by die betrokke teksgedeeltes soos hulle in die ondersoek behandel word. Die struktuuranalise word as 'n bylaag bygevoeg om na te verwys.

<sup>27</sup> Meir Sternberg (1985:15) definieer die literêre benadering en beskou struktuuranalise as die kern daarvan: “Discourse-oriented analysis ... sets out to understand not the realities behind the text but the text itself as a pattern of meaning and effect. What does this piece of language – metaphor, epigram, dialogue, tale, cycle, book – signify in context? What are the rules governing the transaction between storyteller or poet and reader? Are the operative rules, for instance, those of prose or verse, parable or chronicle, omniscience or realistic limitation, historical or fictional writing? What image of a world does the narrative project? Why does it unfold the action in this particular order and from this particular viewpoint? What is the part played by the omissions, redundancies, ambiguities, alterations between scene and summary or elevated and colloquial language? How does the work hang together? And, in general, in what relationship does the part stand to whole and form to function?” Die struktuuranalise is 'n metode wat help om betekenis vas te stel uit die samehang en samestelling van die literêre komposisie waarmee gewerk word. Jacob Stromberg (2011:56) stel dat dit noodsaaklik is om ook struktuuranalise te gebruik in 'n ondersoek in Jesaja. “While a ‘literary approach,’ being grounded in discourse-oriented analysis, differs in its aim from source-oriented interests, the two are nevertheless closely related. In as far as a literary analysis of Isaiah seeks to enable a better reading of it, this approach is an indispensable component of the other avenues of inquiry into the text.”

tussen die dele toon die samehang aan. Uit die struktuuranalise word 'n aantal betekenis moontlikhede duidelik. Die struktuuranalise help om die samehang tussen die onderafdelings te bepaal en die betekenis na die oppervlakte te bring. Daar word na die literêre genres gekyk en na die samehang tussen die werkwoorde en selfstandige naamwoorde en hoe die woorde mekaar ondersteun en die betekenis verder na die oppervlakte bring.

Die pretensie van struktuuranalise om volledig en omvattend te wees, is nie korrek nie. Struktuuranalise is nie in sigself volledig nie. Dit is nodig om sensitief te wees vir die historiese insigte en dit ook in die teks te verdiskonteer.

Die struktuuranalise open die oë vir die wording van die teks. Daar word gekyk na die ontstaan en die groei van die teks soos dit verduidelik word deur verskillende eksegete. Daar word gebruik gemaak van Berges<sup>28</sup> en Klein<sup>29</sup> en hulle ontknoping van die tekste in Deutero-Jesaja. Die verskillende sieninge omtrent die ontstaan en ontwikkeling van die teks tot in die finale fase word verdiskonteer.

Die aanslag is sinchronies<sup>30</sup> en holisties ten opsigte van Deutero-Jesaja. Holisties in die opsig dat daar met die MT gewerk word. Daar word in die bespreking van die teksgedeeltes verwys na die ontstaan en die verskillende redaktors wat betrokke was om die finale vorm te bewerkstellig. Die ontstaan en ontwikkeling van die teks word verdiskonteer en hanteer in die bespreking van teksgedeeltes.

Die werkwoord  $\text{הָיָה}$  word in die konteks bespreek na aanleiding van die gevolgtrekkings waartoe daar uit die struktuuranalise gekom is. Dit word geïntegreer met die bydraes van die teks en die nuwere sieninge ten opsigte van Jesaja

---

<sup>28</sup> Berges (2007); Berges (2008) Jesaja 40-48; Berges (2010).

<sup>29</sup> Klein (2009).

<sup>30</sup> Du Toit (2004:60,61). Du Toit gee 'n omskrywing van die verskil tussen sinchronies en diachronies: "The crucial distinction between a synchronic and a diachronic study of language is one of the important insights which modern linguistics has given us. This implies that in practising exegesis, we should not use texts as windows onto the pre-history of their sources; we should read them as "self-contained worlds". This does not imply that no historical questions should be asked. But these will only be relevant in so far as they can serve towards specifying the meaning of the text before us. Determining the specific historical context within which the text functions is in fact absolutely indispensable." Daar word met die finale teks, soos dit oorgelewer is en in Biblia Hebraica Stuttgartensia gedruk is, gewerk. Die insette van die werk van redaktors in die teks word verwerk waar nodig en gebruik om toeligting te gee by die betrokke teksgedeeltes.

ondersoek. Die siening van Berges<sup>31</sup> en ander persone wat werk met die gedagte van redaktors en 'n finale eindredaktor in Jerusalem word geïnkorporeer in die bespreking van die teksgedeeltes.

Daar word sinchronies<sup>32</sup> en holisties<sup>33</sup> gewerk in die ondersoek, maar die historiese word geïnkorporeer en daar is 'n sensitiwiteit vir die historiese. Sinchronies veronderstel dat daar met teks in sy finale vorm, die MT, gewerk word. Sinchronies sluit in dat die ondersoeker weet daar is 'n lang historiese proses van ontwikkeling wat die finale teks voorafgegaan het. Daar word vir 'n oomblik net na die teks wat voor ons beskikbaar is, gekyk. Hierdie teks word as taal en literatuur ondersoek en beskryf. Daar word metodes gebruik wat die teks help ontsluit, in hierdie geval struktuuranalise. Verder word die teks ondersoek vir die literêre genre, die samestelling en ontwikkeling van karakters of die logiese beredenering, soos in die geval van Deutero-Jesaja met die gesprekke en redenasies tussen JHWH en die volk. Holisties word daar met Deutero-Jesaja gewerk, wat as 'n eenheid op sy eie hanteer kan word. Die werkwoord נהם word in Deutero-Jesaja ondersoek en daar word gekyk of נהם 'n tema vir Deutero-Jesaja is. Daarna sal die ander Jesajatekste wat die werkwoord נהם bevat ook hanteer word, dan word daar in die ondersoek gekyk of die werkwoord נהם ook as tema vir die boek Jesaja geld.

Daar word met die MT gewerk, maar die historiese ontwikkeling word in ag geneem en daar word van eksegete gebruik gemaak wat die historiese wording verdiskonteer

---

<sup>31</sup> Berges (1998:549,411,412,382) wys daarop dat Jesaja 40:1-5 en 9-11 'n latere invoeging deur die eerste Jerusalemredaksie is. Die tweede Jerusalemredaksie het hoofstuk 52:7-10 ingevoeg.

<sup>32</sup> Holgate en Starr (2006:45,46). "When we take a synchronic approach to a passage we look at the final form of a biblical text. We do so knowing that the text has a long history of development and that close historical work on the formation of this text and later on its transmission underlies the 'final form' of the text before us. But we set this aside for the moment, and just look at the text before us as it is, as language and as literature." "When we look at the final form of a text, we look first at it as language and literature, using approaches developed from modern linguistics and literary criticism." Daar word aangesluit by hierdie definisie van Holgate en Starr. Die teks in finale vorm is die basis waarmee gewerk word. Die ontwikkeling van die teks deur die verskillende fases word genoem in die bespreking van die teksgedeeltes wanneer die gedeeltes behandel word. Daar word verwys na verse waar Berges verklaar dat die gedeeltes latere invoegings of bywerkings in die teks is, of dat gedeeltes deur redaktors op 'n latere tydstip ingevoeg is.

<sup>33</sup> Stromberg (2011:59) ten opsigte van 'n holistiese lees van Jesaja. "However, if there is one common theme that surfaces time and again in literary treatments of Isaiah, it is the desire to offer a holistic reading. This desire flows naturally from a literary approach, since such an approach has at its core the discourse-oriented task of seeking meaningful coherence in a text's final form."

het. Hulle bevindings word geïnkorporeer in die vertolking van die teks en die betekenis van die werkwoord נחם.

Daar sal noodwendig van eksegete gebruik gemaak word wat sinchronies sowel as diachronies werk. Dit sal 'n breër aspek van die teks belig. Die sinchroniese sowel as diachroniese metodes sal dan in ag geneem word. Die ontstaansgeskiedenis van die teks sowel as die verskillende redaksies sal dan hanteer word sodat daar oor dit alles, sowel as 'n sinchroniese<sup>34</sup> ondersoek gerapporteer kan word. Die verskillende opsies en gebruike en interpretasies ten opsigte van die werkwoord נחם kan dan ten volle ontgin word en gereflekteer word in die ondersoek. Die eksegete se sieninge in die verskillende tydvakke sal ook verder aantoon of daar 'n sekere tyd was waar daar meer aandag aan die betekenis en invloed van die werkwoord נחם in die teks van Deutero-Jesaja geskenk is. Die werkwoord נחם sal dan ontgin word en in konteks geplaas kan word in sy situasie in die Ou Testamentiese Teologie tot op hede.

Hoekom word die werkwoord נחם dan nou anders verklaar en geïnterpreteer<sup>35</sup> as wat die status quo tot dusver was? Waarom word daar anders gedink as die wyse waarop Calvyn en andere ten opsigte van troos verklaar het in hulle kommentare? Calvyn en die ander eksegete het nie die troos beklemtoon nie. Troos of die werkwoord נחם se gebruik word slegs as van verbygaande aard geïnterpreteer. Die werklike klem van die troos gaan verby. Die wisselwerking tussen troos en

---

<sup>34</sup> Holgate en Starr (2006:65) som die resultate van sinchroniese analise op die volgende wyse op: "Its main value is in getting us to read the passage observantly for ourselves. The analysis of the structure and shape of the passage, as gained from discourse analysis, enables us to better grasp the whole by seeing it in terms of relationship of the constituent parts. But close attention to the verbs, the subjects and other key words also helps us identify the content of the passage and the relative importance of different elements." Die sinchroniese ondersoek help om die teks se inhoud duideliker te maak en toon die onderlinge verband, tussen woorde en werkwoorde aan, wat die boodskap help verhelder.

<sup>35</sup> Stromberg (2011:67,93) wys daarop dat daar na die verklarings van ander eksegete in die tradisie gekyk moet word om die teks te verstaan. "History of interpretation: Have other readers in the tradition heard the same echoes that we now think we hear?" Stromberg wys daarop dat daar op die leser sowel as op die outeurs en redaktors van die Jesajaboek in 'n holistiese siening gefokus moet word. "Therefore, while some scholars focus exclusively on the reader in seeking holistic understandings of Isaiah, there is more than enough justification to set about this task also with an eye toward the intentions of the Isaianic authors and redactors, being ever mindful that some features of the text may owe their existence more to source than to strategy."

verlossing en skepping word nie opgemerk en aangetoon<sup>36</sup> nie. Die betekenis van troos word nie werklik raakgesien nie, en die betekenis van נחם in die Hebreeus wat beteken dat daar getroos word en dat dit 'n voortgaande aksie is wat tot die einde toe volvoer word totdat die troos afgehandel is, gaan verlore.

Waarom word daar by Calvyn begin met die verklaring van die werkwoord נחם? Die Reformasie met die klem op genade alleen, sou 'n mens laat veronderstel dat daar 'n besondere navorsing oor die werkwoord נחם sou volg, aangesien die genade deur troos ondersteun word. Troos beklemtoon die genade en wys op die handeling van JHWH in die geskiedenis met die volk Israel. Hierdie handeling van genade en troos gaan voort in die tyd van die reformasie, maar word ook vandag steeds voortgesit. Daarom is dit belangrik om na die spore van die verklaring van die werkwoord נחם in die geskiedenis te kyk.

Die Reformasie gaan terug na die teks en die betekenis van die teks. Daarom word daar gekyk na Calvyn en die spoor wat hy nalaat ten opsigte van troos in Deutero-Jesaja. Daar word gekyk of die troos ontgin word om die genade te onderskryf en uit te brei en te beklemtoon, vanuit die perspektief om na die Woord alleen te luister.

Calvyn doen moeite met die Hebreeuse teks. Hy hou nie van vergeesteliking of allegorie nie. Calvyn wou sien dat die historiese konteks van die skrywer se bedoeling raakgelees word. Getrou aan sy tyd het Calvyn die teks Christologies verklaar, selfs die Ou Testament en by name Jesaja word Christologies verklaar. Calvyn laat nie ruimte daarvoor dat die skrywer besig is met die boodskap aan die ballinge in hulle eiesoortige situasie in Babel nie. Die troos word net deur Calvyn vereng tot 'n troos omdat die volk uit ballingskap verlos gaan word. Calvyn konsentreer verder op die redding en verlossing en noem glad nie weer die troos nie. Calvyn voel dat die Hebreeuse teks en grammatika as vertrekpunt geneem word, wanneer die historiese konteks vasgestel is en die teks in historiese konteks begryp word; dan eers kon 'n mens die outeursintensie verwoord.

---

<sup>36</sup> Von Rad (1989:240-241) wys daarop dat Deutero-Jesaja skep en verlos as sinonieme gebruik. Die woorde skep en verlos wissel mekaar af en dra inhoudelik dieselfde betekenis oor aan die hoorder of leser.

Calvyn en die reformatie word toegelig. Calvyn het vir sy tyd die spore weer geïnterpreteer en aangewend in sy omstandighede. Die Reformatie het baie klem op die Woord alleen en die oorspronklike betekenis gelê. Die genade alleen beginsel was die vertrekpunt vir Calvyn. Genade impliseer dat troos onderliggend lê aan die genade. Daarom word daar na die spore gekyk wat Calvyn in Deutero-Jesaja raaklees en aanwend. Die werkwoord נחם sou belangrik moes wees vir die reformatore omdat troos die genade beklemtoon.

Die betekenis van 'n teks sal dus weer geïnterpreteer word in 'n ander tydperk as die een waarin gewerk word. Daarom is dit nodig om die betekenis se moontlikhede soos vasgevang vir verskillende tydperke te ondersoek en te evalueer vir 'n studie oor die betekenis moontlikhede van die werkwoord נחם soos gebruik in die Jesaja tekste. Die tekste is verskillend aangewend en uitgelê in die verskillende tydperke. Daarom is dit nodig om na die reformatie<sup>37</sup> en die tye daarna te kyk tot by die huidige stand van interpretasie van Jesaja tekste.

Die voorkoms van die werkwoord נחם in teologieë en kommentare van die Ou Testament sal ondersoek word, sowel as in artikels tot op hede. Die werkwoord נחם en die werkwoorde wat נחם ondersteun sal in konteks nagegaan en bespreek word. Die ondersoek sal dan kan aantoon dat troos 'n tema van Deutero-Jesaja is.

Daar is al sedert die tyd van die Vulgaat se opskrif by Deutero-Jesaja na Deutero-Jesaja verwys as die troosboek, tog het niemand tot dusver 'n ondersoek na die werkwoord נחם gedoen om die verhouding van troos tot die inhoud van Deutero-Jesaja aan te toon nie.

Die ondersoek na die huidige stand van Jesaja ondersoek, sowel as die outeurskap van Jesaja as boek en Deutero-Jesaja word in hoofstuk 2 hanteer. Die ondersoek na die interpretasie en verklaring van tekste in Deutero-Jesaja en die res van die

---

<sup>37</sup> Spieckermann (2012:348-349). "Hermeneutically, this fluid boundary is an advantage rather than a burden. It facilitates the transition from biblical exegesis to reception history. Indeed, the boundary becomes especially faint when biblical exegesis leads from the analysis to the synthesis of texts, taking seriously what the supplementation of the texts indicates: namely, the requirement that every period must elicit anew the message of the texts for its own time."

Jesajaboek begin by die reformasie en loop deur tot vandag, toe om die werklike verklaring en betekenis van die teks te ontdek en te ontgin.

## 1.5 Oorsig van hoofstukke

Die belangrikheid van troos in Deutero-Jesaja se teologie word in **Hoofstuk 1** bespreek. Die doel en metode van ondersoek word hier uiteengesit. Daarna volg 'n ondersoek na die huidige stand van Jesaja in die teologiese besinning in teologieë en die outeurskap van Deutero-Jesaja sowel as die Jesajaboek wat in **Hoofstuk 2** uiteengesit word. Die **derde hoofstuk** word gewy aan 'n ondersoek van die huidige studies wat al oor die werkwoord  $\text{נחם}$ , in die verskillende vorms, veral die Pi'el, in die literatuur van die Ou Testament, in teologieë sowel as kommentare beskikbaar is. Die kommentare strek oor die tydperk vanaf die Reformasie tot en met resente werk. Die Reformasie het sterk invloed uitgeoefen op die teologiese besinning met die klem op genade. Dit noodsaaklik om te kyk hoe daar na die voorkoms van die werkwoord  $\text{נחם}$  gekyk is en hoe die werkwoord verklaar is. Troos wat as opdrag deur JHWH gegee en gewaarborg<sup>38</sup> word, sal die genade beklemtoon. Die werkwoord  $\text{נחם}$  *troos* in Deutero-Jesaja en die ander Jesaja tekste word dan verder in **Hoofstuk 4** behandel. Hierna word daar gekyk na die feit dat JHWH die troos wat aangekondig word, waarborg. In **Hoofstuk 5** word JHWH se waarborg vir die troos ondersoek waar 1) JHWH noem die volk 'My volk' en Name vir JHWH; 2) JHWH wat skep  $\text{ברא}$ ; 3) JHWH wat die Losser,  $\text{לגל}$ , selfstandige naamwoord is, en die gebruik van die werkwoord  $\text{לגל}$  in Deutero-Jesaja. Die **sesde hoofstuk** word gebruik om die werkwoorde wat  $\text{נחם}$  ondersteun te bespreek. Die werkwoorde is:  $\text{ידע}$  *ken* of *weet* en  $\text{רחם}$  *erbarming* of *ontferming*. Hierdie werkwoorde sal in Deutero-Jesaja behandel word. Die sewende hoofstuk word gebruik om die bevindings te bespreek en teologies te begrond. Die bevindings gee resultate op die doel soos gemeld in Hoofstuk 1. **Hoofstuk 7** bevat dus die algemene samevatting.

---

<sup>38</sup> Die eksegete is eenstemmig daarvoor dat dit JHWH is wat die opdrag tot  $\text{נחם}$  in Jesaja 40:1 gee. Hier word net enkele eksegete genoem: Calvyn (1900:465); Beuken (1979:18); Merendino (1981:17) en Dempsey (2010:90-92).



## HOOFSTUK 2

### Huidige stand van ondersoek in Jesaja en outeurskap van die boek

#### 2.1 Huidige stand van Jesaja ondersoek

Jesaja as boek het deur die eeue die belangstelling van skrywers aangegryp. Die huidige stand in die Jesaja-ondersoek word kortliks nagespeur. Die verskillende aspekte wat in die verskillende tydvakke beklemtoon is, word genoem. Dit val dadelik op dat die aspek van troos nie op die voorgrond getree het nie. Daar word gekyk waarom **נחם** nie as belangrik geag was om as tema te bespreek te word nie. Dit is opvallend dat hoewel daar verskillende temas uit Deutero-Jesaja uitgelig word, troos gewoonlik nie een van die temas is nie.

**Tydperk van die kerkvaders.** Die kerkvaders was apologete wat die Ou Testament begin verklaar en vir hulle tyd toegepas het. Daar was egter nog nie krities na die teks gekyk nie. Elke boek is as 'n eenheid bestudeer en verklaar. Die kerkvaders het nie die verskillende probleme wat vandag aan die orde in die Ou Testamentiese studie is, aangespreek nie. Hulle moes die evangelie verdedig en vanuit die Bybel bewys.

**Die Reformasie.** Die Reformatore het geweldige klem op die genade van JHWH geplaas. Die genade is beklemtoon bo 'n verdienste wat die mens kan lewer om self 'n plek in die hemel te bewerk. Die Reformasie bring 'n nuwe terugkeer na die oorspronklike grondteks toe. Die Hervormers het in reaksie op die Roomse Kerk se sieninge, waarmee hulle nie kon saamstem nie, met 'n nuwe stel reëls van hulle eie gekom. Luther en Calvyn het gevoel dat daar van die oorspronklike teks gebruik gemaak moet word, om die regte betekenis raak te lees. Verder was hulle van mening dat die Bybel - Ou en Nuwe Testament - in die volkstaal beskikbaar moes wees. Elke mens kon dan die geleentheid hê om die Bybel te lees en te verstaan. Die Rooms-Katolieke Kerk het die Bybel eintlik vir hulleself gehou, en slegs die kerklikes kon die Latyn van die Vulgaat lees en vertaal. Die gewone mens het amper geen toegang tot die Bybel gehad nie omdat die meeste mense nie Latyn – wat die

amptelike kerktaal was – magtig was nie. Gerhard Hasel<sup>39</sup> (1972:15-16) wys op die feit dat daar nog nie sprake van 'n Bybelse teologie, in die tyd van die Reformasie, was nie.

Luther het die Bybel in Duits vertaal en die gedrukte teks was vir die Duitse volk toeganklik. Hierdie vertaling het meegebring dat die volk nou self die Bybel kon lees en daaroor praat. Luther het die klem op Christus as die kern van die Skrif gelê. Barnard<sup>40</sup> (1981:260-264) wys op Luther se standpunt oor prediking, naamlik “waar die Woord in die byeenkoms verkondig word, daar is Christus teenwoordig”. Luther beklemtoon in sy geskrif “Von Ordnung Gottesdienstes in der Gemeinde” van 1523 die belangrikheid van die prediking in die erediens. Hoewel hy die vrye genade van JHWH beklemtoon, speel die troos nie 'n belangrike rol in sy teologie nie.

Calvyn het soos Luther van die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste gebruik gemaak om die Ou en Nuwe Testament te vertaal. Sy kommentare help die lesers wat Latyn verstaan, om insig in die Bybel boeke se uitleg te kry. Calvyn<sup>41</sup> (1900:464-465, 500-501) se kommentaar van Jesaja is Christologies geïnterpreteer, en 'n mens vind in Jesaja 41:25 dat hy Christus reeds as 'n moontlikheid noem. Barnard<sup>42</sup> (1981:319-325) wys op die noue saamgaan van Skriflesing en prediking by die vroeë Kerk, wat deur die Reformatore en onder andere deur Calvyn oorgeneem is. Calvyn beklemtoon die genade en die werk van Christus. Ons vind nie dat 'troos', in die Jesajakommentaar van Calvyn, 'n prominente plek inneem nie. Troos kom as gevolg van die volk, Israel, se bevryding uit ballingskap.

---

<sup>39</sup> Hasel (1972:15-16) wys daarop dat die Bybelse teologie 'n ondergeskikte rol speel in die tyd tussen die Reformasie en Aufklärung. In hierdie periode was Bybelse teologie net gebruik om bewysplase vir die kerkleer te vind.

<sup>40</sup> Barnard (1981:260– 264) Die Erediens. Barnard bespreek Luther se klem op die woordverkondiging vanuit die geskrif van Luther, “Von Ordnung Gottesdienstes in der Gemeinde” van 1523. Die klem val daarop dat die vernaamste deel van die erediens is om God se Woord te preek en te leer. Luther se klem dat Christus in die erediens teenwoordig is, maak dat die Ou Testament Christologies geïnterpreteer word.

<sup>41</sup> Calvijn (1900:464-465, 500-501). Ons vind dat Calvyn die uitleg baie Christologies hanteer, vanuit die Reformatoriese siening om die klem altyd op Christus te laat val. Calvyn sien baie van die teksgedeeltes as 'n voorspelling wat na Christus wys.

<sup>42</sup> Barnard (1981:319-325) wy 'n lang bespreking aan Calvyn se inrigting van die erediens, die liedboek wat verskyn en die klem op die Skriflesing en preek, die prediking moet die uitleg wees van die gelese gedeelte.

**Die tydperk van 1800-1900.** Die histories-kritiese metode word deur sommige geleerdes gebruik. 'n Teenstander van die histories-kritiese metode was J. A. Alexander<sup>43</sup> (1875:1-78), wat Jesaja as een boek, wat 'n geheel vorm en met net een outeur, hanteer, naamlik Jesaja uit die agtste eeu. Alexander se gevoel is dat Jesaja die eerste deel tot en met die ballingskap beleef het, dat die gedeeltes wat volg, naamlik hoofstukke 40 tot 66 visioene of openbaringe is wat hy geprofeteer het as troos vir die ballinge wat later uit ballingskap sou terugkeer. Alexander trek heftig te velde teenoor die Duitse wêreld met hulle kritiese inslag, en die siening van meer as een outeur vir die Jesaja boek. Dit is opvallend dat Alexander se bespreking van verse wat  $\text{דָּנָן}$  bevat, glad nie die feit van die troos beklemtoon nie. Daar word so terloops na die troos verwys en die verlossing deur JHWH word beklemtoon.

Sweeney<sup>44</sup> (2002:191-211) verwys in sy artikel, *On the road to Duhm: Isaiah in Nineteenth-Century Critical Scholarship*, daarop dat Duhm nie die eerste persoon was wat Jesaja se outeurskap van die hele boek betwyfel het nie. In die twaalfde eeu het Abraham ibn Ezra (1092 – 1167) al in 'n kommentaar die mening uitgespel dat hoofstukke 40 tot 66 tot 'n latere periode behoort. Ezra<sup>45</sup> suggereer dat hoofstukke 40 en verder deur 'n ander outeur as die eerste 39 hoofstukke geskryf is (Friedländer, 1873:169-171). Döderlein (Sweeney, 2002:191-211) het in 1775 in 'n Latynse vertaling van Jesaja genoem dat Jesaja nie die outeur van hoofstukke 40 tot 66 kan wees nie. Hy wil die hoofstukke toeskryf aan 'n eksiliese profeet wat ook Jesaja genoem was.

Duhm<sup>46</sup> het Jesaja 40 tot 55 uitgesonder as 'n afsonderlike boek in die Jesaja-bundel. Hy het in sy kommentaar wat in 1892 verskyn het, daarop gewys dat Jesaja

---

<sup>43</sup> Alexander (1875:1-78) bespreek die teologiese ontwikkeling tot en met sy tyd. Hy wys die verdeling van die boek van Jesaja totaal af, ook die bestaan van sogenaamde Jesaja-skole. Volgens Alexander is die hoofstukke van 40 tot 66 visioene wat Jesaja gesien het en voorspel het. Daarom beklemtoon Alexander dat Jesaja van die agtste eeu die totale werk geskryf en oorgelewer het.

<sup>44</sup> Sweeney (2002). *On the road to Duhm: Isaiah in Nineteenth-Century Critical Scholarship*. Volume 41:191-211.

<sup>45</sup> Friedländer (1873:169-171) wys daarop dat die Spaanse digter en eksegeet Ibn Ezra al opgemerk het dat daar 'n verskil is tussen die eerste 39 hoofstukke en die res van Jesaja.

<sup>46</sup> Duhm (1968:8-9, 286). Die kommentaar het invloed gehad op Jesaja interpretasies en ontwikkelinge in die jare wat gevolg het.

eintlik in drie gedeeltes verdeel behoort te word. Die kommentaar *Das Buch Jesaja* het 'n geweldige invloed uitgeoefen op Jesaja-studies in die 20ste eeu.

Gerhard von Rad se Ou Testament-teologie het dadelik nadat dit verskyn het 'n geweldige invloed op die Ou Testamentiese wêreld gehad. Von Rad (1975) beklemtoon in die tweede deel wat oor die profete handel, die nuwe dinge wat JHWH sê, asook die kneg van JHWH. Hy werk met die Ou Testament en sê die historiese feite is nie daar ter wille van hulleself nie, dit is net geïnterpreteerde en oorvertelde geskiedenis. Von Rad<sup>47</sup> is nie soseer in die geskiedenis geïnteresseerd nie, maar in die tradisiegeskiedenis, in die teologie van historiese en profetiese tradisies. Von Rad gebruik die diachroniese metode. Hierdie metode beteken 'deur die tyd heen' en is die beskrywing van die Ou Testament, met spesiale aandag aan die chronologiese opeenvolging van die verskillende tradisies. Von Rad sien die teologie van die Ou Testament as die teologie van die historiese en profetiese tradisies. Die Ou Testamentiese wêreld word opgebou uit getuigenisse, waarin Israel sy geloof bely en oorvertel het. Hy konsentreer op JHWH se handeling met Israel, met geweldige klem op die redding van Israel. Daar word nie oor troos gepraat in sy Ou Testament-teologie nie.

P. de Boer (1956:3; 58-67; 68-79; 80-101; 102-117) skryf oor Deutero-Jesaja se boodskap en gee 'n vertaling. Hy hanteer die betekenis van 'rots', en gee 'n kort oorsig van die teks – Masoreties en die Qumran teks DSIa (die verwysingsmetode en benaming, wat in 1957 vir die teks gebruik is) en DSIb (die verwysingsmetode en benaming, wat in 1957 vir die teks gebruik is). Verder word die grense van Deutero-Jesaja se boodskap bespreek, asook die lydende kneg. De Boer<sup>48</sup> (1956:1) noem Deutero-Jesaja se boodskap, die evangelie van die Ou Testament.

---

<sup>47</sup> Von Rad (1975) wy die eerste volume aan die geskiedenis van die Jahwisme en die historiese tradisies. Die tweede volume word gewy aan die teologie van die profete en die profetiese tradisies.

<sup>48</sup> De Boer (1956:3; 58-67; 68-79; 80-101; 102-117) het net sekere onderwerpe hanteer, soos die rots, die lydende kneg, verder verklaar hy sekere woorde en gee kort verklarings. Hy beskou Deutero-Jesaja as evangelie en wil direkte verbande trek na Christus toe. Die troos figureer nie in De Boer se werk nie.

R. E. Clements<sup>49</sup> skryf in 1978 'n teologie met die titel: *Old Testament Theology: A fresh Approach*. Hy behandel die probleem van die teologie van die Ou Testament. Verder kyk hy na die dimensies van geloof in die Ou Testament, die God van Israel, volk van God, die Ou Testament as Wet en as belofte, asook die Ou Testament en die geskiedenis van die godsdienste, en die studie van teologie. Clements wil kernaspekte van die Ou Testament beklemtoon. Sy metode is histories en teologies, met klem op die teologie. Hy het 'n gebalanseerde verhouding tussen geskiedenis, tradisiegeskiedenis en heilsgeskiedenis. Die geskiedenis van die tradisies sentreer om JHWH se bemoeienis met Israel, die heilsgeskiedenis hang saam met die wet en belofte. Hy kies nie vir 'n teologiese sentrum uit die veelsydige materiaal van die Ou Testament nie. Clements benadruk die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament, maar verwys glad nie na die troos in sy teologie nie, ook nie in die lys van trefwoorde aan die einde nie.

Walter Zimmerli<sup>50</sup> se *Grundriss der alttestamentlichen Theologie* verskyn ook in 1978. Hy poog om die buitelyne van die Ou Testamentiese teologie uit te stippel. Zimmerli behandel as grondslag die teologie wat rondom JHWH sentreer. JHWH se gawe aan sy volk. JHWH se gebod. Lewe voor JHWH, dit gaan om 'n antwoord van gehoorsaamheid. Krisis en hoop. Hy sien twee dinge as noodsaaklik vir 'n teologie van die Ou Testament, naamlik dat dit moet rekening hou met die geskiedenis van die tradisies, en dat dit moet konsentreer op die belangrikste uitsprake oor JHWH in die Ou Testament. Zimmerli verwys glad nie na troos in sy teologie nie en die werkwoord  $\text{אנח}$  verskyn ook nie in sy lys van Hebreeuse woorde nie.

---

<sup>49</sup> Hierdie teologie fokus op verskeie van die probleemvelde van die Ou Testament teologie. Clements beklemtoon dat die Ou Testament bestudeer moet word met die Ou-Nabye-Oosterse konteks in gedagte, vir die unieke betekenis van die godsdienstige tradisie. Verhoef (1981:18-25) bespreek die werk van Clements.

<sup>50</sup> Zimmerli (1978) volg net gedeeltelik die struktuur van die kanon. Hoofstuk 1 behandel die inhoud van die Pentateug, met die tradisies van uittog, aartsvaders, skepping en Sinai. Die uitgangspunt is die verlossing uit Egipte. Hoofstuk 2 handel grootliks oor die profete met JHWH se gawe. Hoofstuk 3 hanteer JHWH se gebod. Hier handel dit oor wetgewing in die Pentateug. Hoofstuk 4 hanteer Psalms en wysheidsliteratuur gedeeltelik. Hoofstuk 5 hanteer krisis en hoop. Verhoef (1981:25-28) bespreek die werk van Zimmerli.

Claus Westermann<sup>51</sup> se *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen* verskyn ook in 1978. Westermann het sy werk in ses hoofdele ingedeel, naamlik: a) Wat die Ou Testament aangaande God sê; b) Die reddende God en die geskiedenis; c) Die seënende God en die skepping; d) God se oordeel en ontferming; e) Die mens se antwoord in woorde en handeling; en f) Die Ou Testament en Christus. Westermann sê die hele Ou Testament moet die antwoord aangaande God gee. Daar is geen sentrum van die Ou Testament nie. Die Ou Testamentiese teologie moet rekening hou met wat die Ou Testament in sy geheel en in al sy dele oor God sê. Westermann sê die Ou Testament bestaan nie net uit geskiedenis nie, maar is driedelig oorgelewer. In die Ou Testament het ons te doen met geskiedenis wat bepaal is deur die Woord van God en die antwoord van hulle wat by die geskiedenis betrokke is. Die geskiedenis is 'n gebeure tussen God en mens, waarvan die kern in die ervaring van verlossing lê, maar dit is nie net reddingsgeskiedenis nie. Elke hoofdeel het stemme wat die verhaal vertel in terme van lofprijsing, skuldbelydenis, seën en straf. Westermann sien die eenheid van God as die samebindende faktor in die verskeidenheid van gebeure en voorstellings in die Ou Testament. In die tweede hoofdeel word die reddende God behandel. Die verlossingsgebeure en geskiedenis en die elemente van die reddingsgebeure kom aan die orde. Die derde deel handel oor die seënende God en die skepping. Die skepping en die mens word hier bespreek. Die kommunikasie tussen God en mens, arbeid en kultuur en wysheid kom aan die orde. Daarna volg die bespreking oor oordeel en ontferming. In hierdie gedeelte word aandag aan die profete en apokaliptiek gegee. Die volgende deel handel oor die mens se antwoord. Die antwoord kom in die vorm van woorde en daade. Hieronder word die gebed, lofprijsing en klaaglied behandel. Daarna volg die gebod en wet met hulle aard en geskiedenis. Die volgende afdeling handel oor die Ou Testament en Christus. Westermann kry drie gemeenskaplike uitsprake in albei Testamente, naamlik: a) God as Redder; b) die Redder van die volk van God is ook

---

<sup>51</sup> Westermann (1978) verwys na die stemme wat die verhaal in die Ou Testament vertel, hierdie stemme kom in elke hoofdeel voor, die stemme in Jesaja 40 is nie so maklik om te onderskei nie. Verder merk Westermann op dat die eenheid van God, waar JHWH daarop wys dat JHWH net Een is en die Enigste, 'n samebindende faktor in die verskeidenheid van die gebeure en voorstellings is in die Ou Testament. Hierdie feit van eenheid van JHWH kom gereeld voor in Deutero-Jesaja en ondersteun ook die werkwoord  $\text{חנן}$ , en word kortliks in hoofstuk 5 onder punte 5.1 en 5.6 aangeraak. Verhoef (1981:28-36) bespreek die werk van Westermann.

die Skepper van die mens en wêreld; en c) hierdie Redder en Skepper bly die Heer van die volk van God en die mensheid, tot die einde toe. Westermann gebruik Jesaja 40:1; 49:13; 51:3 en 52:9 in besprekings in sy teologie, maar hy verwys glad nie na die voorkoms van die werkwoord  $\text{נָחַם}$  nie. In al die gedeeltes waar Westermann hierdie verse gebruik, gaan dit oor verlossing, redding en die skepping. Hy lê nie klem op troos in hierdie teologie van hom nie. Westerman fokus op God se handeling met die mens in die geskiedenis. Die klem wat op verlossing en redding val sal net die liefde van God raaksien. Troos en liefde wat die genade van God uitlig, in Deutero-Jesaja, sal dan in die agtergrond verdwyn.

John Eaton (1979:39-40; 66; 71-74; 85; 130; 132) bespreek Deutero-Jesaja as 'n feesdrama. Hy noem nie die troos in hoofstuk 40:1 nie. Die woord  $\text{נָחַם}$  verskyn ook nie in sy Hebreeuse woordelys nie. Troos word ook nie as een van die temas gelys nie. Die verse wat troos bevat as 'n blye tyding, word behandel, en ander sake word beklemtoon.

R.P. Merendino<sup>52</sup> (1981:13-30) het oor Jesaja 40 tot 48 geskryf in sy boek *Der Erste und der Letzte*. In hierdie ondersoek na die uitspraak van JHWH dat JHWH die Eerste en die Laaste is, word die werkwoord  $\text{נָחַם}$  wat in hoofstuk 40:1 voorkom, bespreek. Daar word kortliks aan die voorkoms van  $\text{נָחַם}$  op al die plekke waar dit in Deutero-Jesaja voorkom, aandag gegee. Merendino wys daarop dat die troos aan die volk toegesê word, selfs in enkele verse waar dit oor die stad Sion handel. Hy wys daarop dat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  deur sowel Deutero-Jesaja as Trito-Jesaja gebruik word.

W.A.M. Beuken<sup>53</sup> (1979:9-11, 15-19) het in sy kommentaar oor Jesaja 40 tot 48 in die inleiding daarop gewys dat voordat die literêr-historiese ondersoek na die Skrif begin het, daar al stemme opgegaan het dat die boek Jesaja 'n duidelike verskil toon tussen hoofstukke 39 en 40. Die kritiese eksegeese het die verskille in historiese

---

<sup>52</sup> Merendino (1981:13-30) bespreek die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , in die afdelings waar hy die indeling en vertaling, die literatuurkritiek, die vorm en gattungskritiek en die eksegeese hanteer. Hier verwys Merendino ook na van die ander plekke waar die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in die Ou Testament gebruik word.

<sup>53</sup> Beuken (1979:9-11, 15-19) beskou Jesaja 40 tot 55 as 'n drama wat afspeel. Hy sien JHWH as die hoofspeler in die drama. JHWH is altyd die onderwerp van die troos, en die ballinge en Sion vorm die objek van die troos. Dit handel in Jesaja 40 tot 55 oor die verlossing van die volk uit ballingskap en hulle terugkeer na Jerusalem.

agtergrond, taalgebruik en tema tussen Jesaja 1 tot 39 en die res van die boek uitgewys. Dit lei tot 'n driedeling van die boek Jesaja. Hoofstukke 56 tot 66 word in die tyd direk na die ballingskap geplaas. Jesaja het 'n komplekse ontstaansgeskiedenis. Beuken wys daarop dat daar op die inhoud van Jesaja 40 tot 55 gekonsentreer moet word Hierdie hoofstukke speel af in die periode waar die ballingskap ten einde loop, en die terugkeer na Jerusalem 'n werklikheid word. Beuken wys daarop dat die gebeure rondom drie bakens sentreer in die verwagting van die verlossing, naamlik die nuwe eksodus, die optrede van die kneg en die herstel van Jerusalem. JHWH sal saam met die volk Sion binnegaan. Die werkwoord  $\text{DN}$  word kortliks bespreek, maar nie gesien as 'n tema van Jesaja 40 tot 55 nie.

H. Jagersma<sup>54</sup> (1984:262-263) skryf oor die geskiedenis van Israel in die Ou Testamentiese tydvak. In sy bespreking oor die ballingskap hanteer hy Deutero-Jesaja. Jagersma wys daarop dat hoofstukke 40 tot 55 van Jesaja aan 'n onbekende profeet, naamlik Deutero-Jesaja toegeskryf word. Jesaja 40 tot 48 het meer betrekking op die gebeure voor die val van Babel, terwyl Jesaja 49 tot 55 weer meer verband hou met gebeure ná die val van Babel. Hy beskou die oorkoepelende tema in Deutero-Jesaja se werk as die aankondiging dat die lydenstyd verby is, en dat JHWH weer in Sion in die midde van die volk sal woon. Jagersma sê dat hy die tema so beskryf na aanleiding van die openingswoorde in Jesaja 40:1. Hy beklemtoon nie die troos nie; hy sien net die verlossing uit ballingskap raak.

Homer Hailey (1985:28-29, 73-74) is van mening dat Jesaja net deur een profeet geskryf is. Die stof is byeengebring en so saamgestel soos dit vandag bestaan. Hy kan nie met sekerheid verklaar waarom die roeping van die profeet nie aan die begin van die boek verskyn nie, en noem net dat die profeet nie so sterk op die voorgrond staan as Jeremia in sy boek nie. Die boodskap staan op die voorgrond. Volgens Hailey is die argument vir een outeur sterk en noem hy die volgende: Die term 'die Heilige van Israel' kom amper dieselfde hoeveelheid kere voor in hoofstukke 1 tot 39

---

<sup>54</sup> Jagersma (1984:262-263) wys dat die skrywer, van Jesaja 40 tot 55, dit beklemtoon dat JHWH in beheer is van die geskiedenis en die volke. Jagersma sê dit word beklemtoon deur die feit dat JHWH die Skepper is. Jagersma bevestig dat Deutero-Jesaja die verlossing en terugkeer uit ballingskap aankondig. Hy wys daarop dat uitsprake soos in Jesaja 42:18-20; 49:14 en 50:2 aantoon dat die skrywer se woorde min vertrouwe inboesem, en dan wys Jagersma op die feit dat min van die ballinge later die geleentheid gebruik om na Jerusalem terug te keer.



as in 40 tot 66:12 teenoor 14 keer wat dui op dieselfde skrywer. Jesaja word 21 keer in die Nuwe Testament aangehaal en oral verwys die skrywers net na Jesaja – een persoon. Die Qumran-manuskrip wat in 1947 ontdek is, wys geen breuk tussen hoofstukke 39 en 40 nie. Hoofstukke 36 tot 39 dien as afsluiting vir die eerste deel en as inleiding vir die res van die boek. Daarmee verdedig hy die eenheid en outeurskap van Jesaja.

Barry Webb (1996:33-39) is oortuig dat Jesaja 'n eenheid vorm. Hy noem dat daar verskeie soorte eenhede bestaan. 'n Boek mag deur verskillende persone saamgestel wees, maar 'n enkele persoon neem die finale redaksie waar. Verder wys Webb daarop dat 'n boek innerlike spanninge mag bevat, maar dat die fundamentele teologiese eenheid daar is omdat die werk 'n teologiese tradisie uitbeeld. Volgens hom hanteer hoofstukke 40 tot 66 die toekoms en is voorspellings. Die finale redakteur wou Jesaja voorstel as die profeet van die boek, wat die geskiedenis beleef het, en verder visioene gesien het oor wat sal gebeur. Webb beskou die boek Jesaja as die Romeine van die Ou Testament.

U. Berges<sup>55</sup> (1998:549, 411, 412, 382) het in 1998 oor die boek Jesaja geskryf en wys daarop dat die proloog van Jesaja 40:1-5 en 9-11 'n latere invoeging van die eerste Jerusalemredaksie is. Die Golaredaksie was ook by gedeeltes van die boek betrokke. Die tweede Jerusalemredaksie het hoofstuk 52:7-10 ingevoeg. Die vierde kneglied is ook 'n latere byvoeging. Berges beklemtoon dat die onvergelyklike van JHWH met die mens 'n besondere rol speel. Die proloog is tematies hoofsaaklik 'n omramingstekes vir Deutero-Jesaja. Die temas van die proloog word verder in die volgende hoofstukke uitgewerk. Berges het wel na die troos as een van die temas van Deutero-Jesaja verwys. Hy bespreek dan ook die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Jesaja 40:1 en verwys na die verdere voorkoms van die werkwoord in die res van Deutero-Jesaja en die Jesajaboek.

---

<sup>55</sup> Berges (1998:549, 411, 412, 382) het die samestelling van die Jesaja boek, sowel as die boek van Deutero-Jesaja, indringend ondersoek en bespreek. Die samevatting van die uiteensetting van Deutero-Jesaja volgens Berges, volg later in die hoofstuk.

### 2.1.1 Samevatting

Die huidige stand in die Jesaja ondersoek toon duidelik aan dat daar vanaf die vroegste tye tot vandag toe net kennis geneem is van die feit dat Deutero-Jesaja as 'n troosboek bekend staan. Die werkwoord  $\text{דנן}$  is vertaal en word deur sekere skrywers aangeraak en deur sommige skrywers bespreek. U Berges<sup>56</sup> bespreek die werkwoord  $\text{נחם}$ , en beskou troos as 'n tema in Deutero-Jesaja. Daar is geen van die ander kommentators, of verklaarders wat troos as 'n deurlopende tema in Deutero-Jesaja noem nie.

### 2.2 Outeurskap van Deutero-Jesaja sowel as van die boek Jesaja

Die grense van die ondersoek moet duidelik uitgeklaar word in die lig van kontroversie oor Deutero-Jesaja<sup>57</sup> (Berges, 1998:327, 329-330). Daar word gekyk na die ontstaan van die gedeelte, oor die verhouding van Deutero-Jesaja met ander dele van die Jesaja boek, die verhouding van die knegliedere tot die inhoud van die boek en na die outentiekheid van gedeeltes in hoofstukke 40 tot 55.

Jesaja 40 tot 55 gee 'n boodskap van troos en redding weer vir Israel aan die einde van 'n baie tragiese tydperk in die volk se geskiedenis. Ongeag hoe na die tydperk aan die einde van die ballingskap gekyk word ten opsigte van ontstaan en wie die outeur was. Jesaja 40 tot 55 bestaan uit twee afhanklike gedeeltes, naamlik hoofstukke 40 tot 48 en hoofstukke 49 to 55 (Eissfeldt, 1965:337). Heelwat geleerdes ondersteun die standpunt dat Jesaja as een boek gelees behoort te word. Kitchen neem 'n ekstreme standpunt in en beweer dat Jesaja van die agtste eeu die hele boek geskryf het. Kores verwys, volgens Kitchen, na 'n persoon uit die agtste eeu en wat nie die Kores van die Persiese ryk is nie.

---

<sup>56</sup> Troos is vir Berges 'n deurlopende tema in Deutero-Jesaja.

<sup>57</sup> Eissfeldt (1965:327-328) (Jes. 34-35); 330-341 (Jes. 40-55); 341-346 (Jes. 56-66) bespreek van die kontroversies; Muilenberg (1982:328-386), Snaith (1967:139-141, 219-221). T.K. Cheyne (1880-1881:201-211, 244-264) bespreek vroeëre kommentators. Berges (2010:11-49). Kitchen (2003) neem die ekstreme standpunt in dat Jesaja van die agtste eeu die hele boek geskryf het en dat Kores nie uit die Persiese tyd dateer nie, wel uit die agtste eeu.

Die outeur van Jesaja 40 tot 55 is onbekend en geen gegewens omtrent hom is bekend nie.<sup>58</sup> Dit is noodsaaklik om 'n oorsig oor die ontwikkeling van studies oor Jesaja te gee. Die eerste verwysings na 'n latere datering vir hoofstukke 40 (Clements, 1996:78) en verder vind ons by Ibn Ezra en later by B. Spinoza (1632-1677), wat verwys na 'n sesde eeuse Babiloniese agtergrond vir die ontstaan van Jesaja 40 tot 66. In 1788 het die Duitse geleerde J.C. Doederlein<sup>59</sup> (Vincent, 1977:17 e.v.) in 'n kritiese oorsig sterk argumente vir 'n sesde eeuse ontstaan en 'n Babiloniese agtergrond vir Jesaja 40 en verdere hoofstukke aangevoer. Die boek Jesaja was aanvanklik as 'n geheel gesien tot en met 1892 toe Bernhard Duhm (1968:7-22) Jesaja in Jesaja 1 tot 39 en 40 tot 66 verdeel het. Later het hy 'n verdere verdeling voorgestel, naamlik dat hoofstukke 40 tot 66 verdeel word as 40 tot 55 en 56 tot 66. Die gedeeltes 40 tot 55 word Deutero-Jesaja en 56 tot 66 Tritio-Jesaja genoem. Die redes wat hy aanvoer vir die verdeling is: a) die aanvanklike gedeelte 1 tot 39 is in die agtste eeu deur Jesaja geskryf en hoofstukke 40 tot 55 deur 'n anonieme profeet wat Deutero-Jesaja genoem word. Hierdie hoofstukke is in ongeveer 540 geskryf. Hoofstukke 56 tot 66 word na die ballingskap gestel en is later geskryf. b) Daar is gedeeltes soos 13:2-22, 14:4b-21 en 21:1-15 wat gelyktydig met die gedeeltes in Deutero-Jesaja geskryf moes gewees het. Die Ebed-Jahwe-liedere word ook later as die res van die stof in Deutero-Jesaja gedateer. Dit lyk na latere invoegings. c) Duhm vermoed die versameling van geskrifte ook die Jesaja boek het in die tyd van die Hasmoneërs plaasgevind.

Duhm (1968:7-22) het al die getuienis weergegee wat noodsaaklik is uit 'n literêr-kritiese analise om aan te toon dat die inhoud van hoofstukke 40 tot 55 toegeskryf moet word aan die tydperk van die Babiloniese ballingskap, in die sesde eeu, en die inhoud van hoofstukke 56 tot 66 aan 'n latere tydperk.

Die gevolg van hierdie uiteensetting was dat 'n aantal geleerdes die benaminge van Deutero-Jesaja vir hoofstukke 40 tot 55 en Tritio-Jesaja vir hoofstukke 56 tot 66

---

<sup>58</sup> Die feit dat die hele boek van Jesaja aan een profeet uit die agste eeu in Jerusalem toegeskryf word, word deur 'n groep geleerdes ondersteun: Kissane (1960:II: xi-xxii); E.J. Young (1965); Margalioth (1964); Allis (1950), Berges (2010)

<sup>59</sup> Doederlein se hipotese was beoordeel in 'n oorsig van die kommentaar deur G. Hensler, 1788. Jesaia neu übersetzt mit Anmerkungen (Hamburg und Kiel, 1788) gepubliseer in Auserlesenen theologischen Bibliothek, Bd. 4/8 (Leipzig, 1788), 554-579.

begin aanvaar en gebruik het. Die gedeeltes was gebruik en geïnterpreteer sonder om na hulle plek in die groter geheel van die Jesajaboek te let.

Daar was pogings om die eenheid tussen Jesaja 56 tot 66 en die voorafgaande hoofstukke 40 tot 55 te ondersoek, wat beteken het dat die hipotese van Trito-Jesaja<sup>60</sup> bevestig is. Daar word geen poging aangewend om die verhouding tussen Jesaja 1-39 en hoofstukke 40 tot 66 aan te toon nie, aldus Ronald Clements (1996:94). Enkele geleerdes (Maass, 1967:156-63) het betoog dat sommige dele van Jesaja 56 tot 66 dieselfde outeur as Deutero-Jesaja het.

Die veronderstelling in die kritiese verdeling van Jesaja het tot gevolg gehad dat Jesaja 40 tot 55 as 'n historiese eenheid gesien is, wat 'n enkele outeur het. Dit is redelik algemeen aanvaar en het tot gevolg gehad dat Jesaja 40 tot 55 aan 'n onbekende outeur toegeskryf is en dat Deutero-Jesaja geïsoleer was van die res van die Jesajaboek. Afsonderlike kommentare is oor die jare oor Deutero-Jesaja<sup>61</sup> gepubliseer. Daar is ook 'n ikoniese eksegetiese studie oor gedeeltes in Trito-Jesaja (De Hulster, 2009)<sup>62</sup> gepubliseer.

Gedurende hierdie jare was daar ook die ander skool geleerdes wat probeer het om Jesaja as een boek te lees en te bestudeer. Daar het kommentare<sup>63</sup> en artikels<sup>64</sup> verskyn wat gepleit het dat die boek Jesaja as een geheel gesien moet word.

Die tendens word steeds voortgesit dat die twee skole geleerdes afsonderlik publiseer. Daarom vind ons steeds boeke oor Deutero-Jesaja<sup>65</sup> en boeke oor Jesaja<sup>66</sup>. Hopelik sal die twee groepe geleerdes mekaar in die toekoms vind, dat

---

<sup>60</sup> Smart (1967); McKenzie (1968).

<sup>61</sup> North (1964); Preuss (1976); Westermann (1981); Scullion (1982); Clifford (1984); Knight (1984); Kraus (1990); Grimm en Dittert (1990); Christ (1994); Sommer (1998); Goldingay, (2005), om net 'n paar te noem.

<sup>62</sup> De Hulster (2009). Hierdie studie het die verskillende ikone waarna in die teks verwys word, in hulle geskiedkundige tydperk, en teen die agtergrond van die wêreldryke wat in beheer was, ontleed.

<sup>63</sup> Berges (1998); Goulder (2004); Firth & Williamson (2009); Bohdan (2010); Berges (2010).

<sup>64</sup> Berges (2007); Berges (2008). *The book of Isaiah as Isaiah's Book*.

<sup>65</sup> Koole (1978); Kiesow (1979:10-130); Kratz (1991); Holter (1995); Lee (1995); Labahn (1999); Wischnowsky (2001:164-204); Albertz (2003:376-434); Baumann (2003:180-189); Wagner (2004:294-296); Tharekadavil (2007); Ehring (2007); Scheuer (2008); Løland (2008); Marlow (2009:115-119); Everson & Kim (2009:109-216); Wagner (2012:168-237).

<sup>66</sup> Gray (2006); Heskett (2007:456); Cohen & Westbrook (2008).

daar gesamentlik oor Jesaja geskryf en nagevors kan word, oor teologiese aspekte van die boek.

P de Boer (1956:1-2) aanvaar Deutero-Jesaja as die profeet wat vir hoofstukke 40 tot 55 verantwoordelik is, maar hy erken dat daar probleme is, wat hanteer moet word. Vir De Boer handel die probleme oor die teks self en verder die sake rondom die kneg, en die universaliteit van Deutero-Jesaja se boodskap.

John Eaton (1979:1-7) aanvaar Deutero-Jesaja as die profeet wat vir hoofstukke 40 tot 55 verantwoordelik is. Hy interpreteer die gedeelte as 'n feesdrama. Die feesdrama is tydens die Nuwejaarsfees opgevoer en word deel van die fees van die Tabernakels, ook gesien as die fees van JHWH se troonsbestyging.

George Knight (1984:2-3)<sup>67</sup> aanvaar Deutero-Jesaja as die skrywer van hoofstukke 40 tot 55. Volgens hom het Deutero-Jesaja die sake wat Jesaja as plan van JHWH gesien het, nou beskryf en verder gevoer.

Homer Hailey (1985:28-29) aanvaar nie die bestaan van 'n Deutero-Jesaja nie en gebruik ook glad nie die benaming nie. Hy aanvaar net een outeur vir die hele boek Jesaja en daar bestaan by hom geen sprake van 'n Jesajaskool, van volgelingen, wat die boek sou aanpas of herskryf nie.

Barry Webb (1996:160-161) aanvaar nie die bestaan van 'n Deutero-Jesaja nie. Volgens hom het Jesaja, op 'n ouderdom van in die sewentig, troos verkondig aan die volk, terwyl die bedreiging van Assirië af gekom het. Hierdie trooswoorde is deur Jesaja se dissipels bewaar totdat die tyd aangebreek het dat die volk Israel bereid was om na die boodskap te luister.

Pogings deur geleerdes soos J. Muilenberg (1956:391-393), E.J. Kissane (1960:II:xxii-xxxiii), E. Hessler (1961:98-109) C. Westermann (1981:144-165) en J.L. McKenzie (1968:xxxi) laat steeds die vraag ontstaan of daar 'n definitiewe metode bestaan om al sestien hoofstukke van Deutero-Jesaja deur middel van die gedigte in

---

<sup>67</sup> Knight (1984:2-3) voer aan dat Deutero-Jesaja wil aantoon dat JHWH se plan met die volk Israel op 'n unieke en buitengewone manier sal voortgaan in die geskiedenis. Verder aanvaar Knight nie die Gattungen indelings nie, hy stem ook nie saam met die feit dat Bernhard Duhm in 1875 die sogenaamde kneg liederes geïsoleer het nie. Knight sien die totale Deutero-Jesaja as een geheel, wat as 'n eenheid gelees en bestudeer moet word.

'n gestruktureerde volgorde saam te snoer. Daar is ook die argitektoniese strukture van klein gedeeltes (soos gevind by Gressmann 49 eenhede, Koehler 70, Mowinckel 41, Volz 50 en Begrich 70 eenhede)<sup>68</sup>. Die verdeling van Deutero-Jesaja in klein eenhede veroorsaak dat die boodskap as geheel vervaag. Die kleiner eenhede word beklemtoon en gesien as eenhede wat later in 'n geheel saamgevoeg is. Deutero-Jesaja vorm 'n gestruktureerde geheel.

Die sestien hoofstukke van Deutero-Jesaja vorm 'n definitiewe geheel wat deur die temas van 'troos', redding en skepping saamgesnoer word. Die geheel is duidelik sigbaar uit die uiteensetting wat gevind word by U. Berges<sup>69</sup> in sy boek *Das Buch Jesaja: Komposition und Endgestalt* (1998). Ek sluit by hierdie skema aan en gebruik die samestelling ook as 'n basis in die studie.

Hier volg 'n skematiese uiteensetting, en opsomming, van die opbou van Deutero-Jesaja volgens Berges:

**Die opbou van Jesaja 40 tot 55 volgens Berges.** Die samestelling en opbou van die boek Deutero-Jesaja word bespreek. Volgens Berges word daar 'n duidelike tweedeling opgemerk in die gedeelte wat bestaan uit hoofstukke 40 tot 55. Daar word onderskei in die gedeeltes Jesaja 40 tot 48 en 49 tot 55 wat tematies van mekaar verskil.

Die proloog bestaan uit Jesaja 40:1-11. Hierna het Berges 'n indeling volgens temas gemaak met die korrelerende tekste daarby. Hier volg die lys van temas en tekste: Korestekste: 41:1-5; 41:25; 43:14; 44:24-45:7; 45:13; 46:11; 48:12-16a; Babel in 46 – 47; Vroeëre en latere/nuwe dinge: 41:21-29; 42:6-9; 43:8-13; 44:6-8; 45:21; 46:8-11; 48:3-8 en 14-16; JHWH en gode-polemiek: 40:19-20; 41:6-7; 42:17; 44:9-20; 45:20; 46:1-7; 47:9b-15; Onvergelykbaarheid van JHWH: 40:12-18 en 21-31; 41:21-28; 42:14-17; 45:9-13; 46:3-5; 48:1-11; JHWH (God) van Israel: 41:17; 45:3 en 15;

---

<sup>68</sup> Gressmann (1914). *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft* 34 (19): 254-297; Koehler, 4-56; Mowinckel, *Die Komposition des Deuterojesajanischen Buches*, SAZ 49 (1931) 87-112, 242-260; Volz, ix-x; *Begrich, Studien*, 13.

<sup>69</sup> Berges (1998:325-356, 549). Hierdie skema gee die uiteensetting en opbou weer van Deutero-Jesaja, soos Berges dit in sy werk behandel. Berges hanteer die temas, waaruit die twee groot onderafdelings, van Deutero-Jesaja bestaan. Hieruit word dit duidelik dat die temas die afdelings onderling laat bind. Temas soos troos - נחם – bevryder, Heilige van Israel en Sion loop dwarsdeur Deutero-Jesaja en bind die verskillende dele saam.

48:1-2; 52:12; Heilige van Israel: 41:14, 16 en 20; 43:3 en 14; 45:11; 47:4; 48:17; 49:7; 54:5; 55:5; Israel-Jakob: 40:27; 41:8, 14, 17 en 21; 42:24; 43:1, 15, 22 en 28; 44:1, 2, 5, 21 en 23; 45:3, 4, 15 en 17; 45:19 en 25; 46:3 en 13; 47:4; 48:1, 2, 12 en 20; 49:3, 5, 5, 7 en 26; Blinde en dowe kneg: 42:18 – 20; Bevryder – goël: 35:9; 41:14; 43:1 en 14; 44:6, 22 en 24; 47:4; 48:17 en 20; 49:7 en 26; 51:10; 52:9; 54:5 en 8; 59:20; 60:16; 62:12; 63:9 en 16; Bode vir die 'troos'- נחם: 40:1; 49:13; 51:3, 12 en 19; 52:9; 54:11; 57:6 en 18; 61:1; 66:11-13; 12:1; 22:4; Sion: 40:9; 46:13; 51:3 en 16; 52:1 en 7; 59:20; 60:14; 61:3; 62:1 en 11; Ware JHWH wees verklaar/betuig: 43:9, 10 en 12; 44:8; 55:4; 1:2; 8:2; 19:20; 33:8; Verheerliking van JHWH en Sion: 44:23; 46:13; 49:3; 55:5; 60:7, 9, 13 en 21; 61:3; Himniese vers<sup>70</sup> gedupliseer: 44:23 en 49:13; Talryke nakomelinge: 49:20-23; 50:1-3; 51:2, 17-20; 53:10; 54:1-3 en 11-13; 60:4-9; 61:9; 66:7-14; Lofliedere. (JHWH se lof word begrond in JHWH se heilshandeling). Himniese verse: 42:10-12; 44:23; 45:8; 48:20-21; 49:13; 51:3; 52:9-10; 54:1-3; Handel: 44:23; Bevry: 44:23; 48:20; 52:9; Vertrous of erbarming: 49:13; 51:3; 52:9; Go'ël in funksie met JHWH as skepper.

In 52:9 kom beide hoofemas naamlik troos en bevryding gesamentlik voor. (Berges, 1998:330). Skarnierteks: 49:1-12. Hierdie teks vorm die verbinding tussen die twee dele waaruit Deutero-Jesaja opgebou is. Die skarnierteks sluit by die voorafgaande gebeure en die opvolgende gebeure aan, die kneg vorm aansluiting tussen die gedeeltes. Jerusalem word bevry en Israel getroos: 52:9-10; Uittog-motief en bevele by die himniese gedeeltes.

Daarna volg die indeling van hoofstukke 40-55 in die kleiner perikope wat opmekaar volg en die opbou van die gedeelte as 'n geheel saamvoeg. Hier sien ons duidelik die tweedeling van Deutero-Jesaja.

Programmatiese verdeling: 40:1-11<sup>71</sup>.

I. 'Ballingskap-Babel-Deel': 40:12–48:21[22]. Hierdie eerste gedeelte word onderverdeel in die volgende dele wat bestaan uit himniese en uittoggedeeltes:

---

<sup>70</sup> Berges (1998:328-331) bespreek die himniese verse en lofliedere. JHWH se handeling en lof bring bevryding en gee troos.

<sup>71</sup> Berges (1998:332-333). Hier toon Berges aan hoe die himniese en uittoggedeeltes mekaar ondersteun. Hierdie gedeeltes voer die verhaal na die afsluiting in Jesaja 55.

40:12 - **42:10-12** (H)

42:13 – **44:23** (H)

44:24 – **45:8** (H)

45:9 – **48:20-21** (H + A). Hierdie eerste afdeling van Deutero-Jesaja handel oor JHWH se optrede teenoor die volk. Die profeet moet die volk troos en die boodskap van bevryding uit die ballingskap bring.

II. 'Sion-Restourasiedeel/Herstel': 49:1–55:13. Die tweede gedeelte in Deutero-Jesaja bevat ook himniese en uittoggedeeltes:

49:1 – **13** (H)

49:14 – **51:3** (H)

51:4 - **52:9e.v.** (H + A)

52:13 – 53:12.

54:1 e.v. – 55:12 e.v. (H + A). Hierdie deel handel oor JHWH se optrede teenoor die stad Sion/Jerusalem.

Die vetgedrukte dele of strukture se verklaring is: H= Himnies; A= Uittog. Die himniese en uittoggedeeltes vul mekaar aan en voer die verhaal voort na die afloop daarvan in hoofstuk 55.

Die gesamentlike teksgedeelte van Jesaja 40 tot 66<sup>72</sup> word deur Berges in drie dele verdeel, naamlik: 40-48; 49-57 en 58-66. Daarna gaan Berges voort om 'n verdere indeling te maak, wat ook uit temas sowel as werkwoorde bestaan, naamlik: Jakob/Israel: 40:27; 41:8; 43:1 en 22; 44:1 en 21; 45:4; 46:3; 48:12. In 42:2 staan 'Jeschurun' nie Jakob nie; 41:21 koning Jakob; in 45:19 geslag van Jakob. Almal in hoofstukke 40-49, 22 keer. Verkies: 41:8 en 9; 43:10; 44:1 en 2; 49:7; 42:1; 43:20; 45:4. Skep: ברא: 43:1, 7 en 15. יצר: 43:1, 7 en 21; 44:2, 21 en 24; 45:9 en 11; 49:5. עשה: 43:7; 44:2 en 23. פעל: 45:9 en 11. Sterk maak: 41:9 en 13; 42:6; 45:1 (Kores); in kontras met die afgodsbeelde 41:6 en 7. Geroep/aangestel: 41:9; 42:6; 43:1 en 7;

---

<sup>72</sup> Berges (1998:339-340). Hy gebruik temas en werkwoorde om aan te toon hoe die gedeeltes onderling opgebou is. Hierdie temas en werkwoorde voeg die afdelings saam. Dit dien as boustone vir Jesaja 40-66.



48:12; Kores 41:25; 45:3; 46:11; 48:15. Kneg, עבד: 41:8 en 9; 42:1 en 19; 43:10; 44:1, 2, 21 en 26; 45:4; 48:20; weer in 49:3, 5, 6 en 7; 50:10; 52:13; 53:11. עבדים: 14:2; 54:17; 56:6; 63:17; 65:8, 9, 13, 14 en 15; 66:14.

Berges (1998:341-342) gaan voort om hoofstuk 40:12-28 in kleiner gedeeltes op te deel. Die gedeeltes bestaan uit die volgende groepies verse:

12-14; 15-17: Volke-Eilande; 18; 19-20: JHWH se polemieë oor afgode;

21 en volgende: Het julle nie gehoor nie?; 23-24: Vorste/Prinse = Niks; 25e.v: Herhaal 18; 27-28: Waarom sê jy so Israel? (Herhaal 12-14).

Daarna volg 'n uiteensetting van die inhoud van hoofstukke 40 tot 52. Hierdie uiteensetting gee 'n kort beskrywing van die inhoud en toon die sistematiese opbou van hoofstukke 40-52 aan.

Hoofstuk 40:1-11 (Berges, 1998:343-345) programmatiese aanvangsverse. 40:12-28. Bestry die klag. 41:1-5. I. Gerigrede teen die volke. 41:6-7. JHWH se polemieë oor afgode. 41:8-13 en 16b. Heilsorakel vir die Ebed en Israel. 41:14-16a. Heilsorakel: Israel as dorsslee. 41:17-20. Heilsaankondiging vir die armes. 41:21-26 en 28. II. Gerigsrede (teen die afgode van die volke). 42:5-9. Roepingsorakel van Kores. 42:13-16. (Berges, 1998:346-355). Heilsaankondiging – JHWH gryp opnuut in. 42:17. JHWH se polemieë oor afgode. 42:18-25. Woord oor die onderwerp van Israel se blindheid. 43:1-4. Heilsorakel – JHWH verlos die verstrooides. 43:5-7. Sekondêre uitbreiding uit die verstrooiing. 43:8-13. Gerigsrede – Israel getuie dat JHWH God is. 43:14-15. Belofte – JHWH stuur na Babel. 43:16–21 Heilsorakel – Die nuwe groei, die lofprysende Volk. 43:22-28. Gerigsrede – oor die skaarste/afwesigheid van die Offergebruik. 44:1-3a en 4. Heilsorakel – blommende lewe. 44:3b: Eerste uitbreiding: Gees uitstorting. 44:5: Tweede uitbreiding: Opening of ontsluiting van Proseliëte. 44:6-8. Gerigsrede – Israel as getuie dat JHWH God is. 44:9-20. JHWH se polemieë oor afgode. 44:21-22. Vermaningswoord – Keer terug na My, Ek het julle verlos. 45:11-13. (Berges, 1998: 356-358). Debat met die Gola oor wat JHWH doen. 45:20a-21. Gerigsrede aan die onttroning van die Volke. 46:9-11. Eie wyse woord van JHWH aan die Gola. (Kores). 51:9-11. Wekroep tot JHWH. 51:17. Trooswoord van JHWH. 52:1-2. Trooswoord van Jahwe.

**Terugblik van Berges.** In Jesaja 40 tot 55 is daar twee duidelike dele. Jakob-Babel-bevrydingsdeel – Jesaja 40 tot 48. Die temas wat hier 'n rol speel en op die

voorggrond tree, is: Babel, Kores, JHWH se polemieek oor afgode, en die vroeëre en latere dinge. Jesaja 49 tot 55. Die tweede gedeelte is die Sionsherstel-gedeelte. Die Uittogbevele/eksodusbevele: 48:20-21; 52:11-12; 55:12-13 bring 'n driedeling mee, naamlik: 40-48; 49-52; 54-55.

Die sinchroniese opbou van Jesaja 40 tot 55 word op die volgende wyse voorgestel: Daar is eerstens die Jakob-Bevrydingsdeel – 40 tot 48 wat die gedeeltes bevat oor: Skepping, die geskiedenis, die vreemde gode en Kores. In hoofstuk 48:20-21 volg die uitgang uit Babel. Die tweede gedeelte volg dan en bevat die Sion-Herstel-deel – 49-55. Hier word Sion as kneg, moeder en bruid beskryf. Hoofstuk 52:11-12 volg en stel die uittog uit Babel aan die orde. Hoofstuk 55:12-13 rig 'n oproep aan die volke.

Die samestellinggeskiedenis van Jesaja 40-55, die sogenaamde Deutero-Jesaja kan op die volgende wyse weergegee word volgens Berges (1998:549):

Die geskrif is in die eksilie of ballingskap deur 'n onbekende persoon of groep, omstreeks 550-539 saamgestel. Hierdie gedeelte het uit die volgende gedeeltes van die huidige hoofstukke 40 tot 46 bestaan.

40:12 tot en met 46:11.

I. 40:12-28\*; 41:1-5.8-13.16b.17-20; 41:21-26.28; 42:5-9.

II. 42:13-16; 43:1-4.8-13.14-15.16-21; 44:1-3a.4.6-8.21-22.

III. 44:24-45:7\*.

IV. 45:11-13\*.20a.21; 46:9-11. Hierdie is volgens Berges die oorspronklike gedeeltes van Deutero-Jesaja se geskrif wat in Babel ontstaan het. Hierdie kan gesien word as die boodskap van die profeet aan die ballinge in Babel.

Daarna het die sogenaamde Golaredaksie voortgegaan om die stof aan te vul. Die persone wat huiswaarts gekeer het, word die Gola genoem, en hulle het rondom die jare 539-521 gewerk. Die gedeeltes wat aan hulle toegeskryf word bestaan uit die volgende dele:

42:1-4.10-12; 44:23; 47:1-11; 48\*.

48:20-21. Eksodus uit Babel.

Daarna vind ons die sogenaamde Jerusalemredaksies wat gevolg het: Die eerste Jerusalemredaksie (Berges, 1998:549). Daar word vermoed dat die redaksie deur

terugkerende mense uit die Golagroep na 521 gedoen word. Die gedeeltes wat aan hulle toegeskryf word bestaan uit die volgende gedeeltes:

Tussen 40:1 en 52:12, is die volgende gedeeltes deur hulle ingevoeg:

40:1-5.9-11. 49:13.14-26\*; 50:1-3; 51:9-11.17.19; 52:1-2; 52:7-8.9-10.

52:11-12 Eksodus uit die Diaspora.

Die tweede Jerusalemredaksie (Berges, 1998:549) volg hierop, in die rigting van berusting in Jerusalem teen die middel van die jaar 500. Hierdie redaksie het tussen

40:1 en 55:13 die volgende gedeeltes ingevoeg: .

40:3a.6-8. 40:29-31. 46:12-13. 50:4-9. 51:1-2.12-16. 54-55\*.

55:12-13. Oproep aan die gelowige van JHWH uit die volke.

Hierna volg die inskrywing van die vierde Ebed Jahwe Lied. Daarna volg hoofstuk 52:13-53:12. Hier gaan dit oor Sion se onverwagte herstel of restourasie uit die Diaspora vir die volke om te sien.

Die Eerste Jerusalemredaksie se bywerkings word op die volgende wyse voorgestel:

Raamwerk van 40-52.

52:7 - 40:9.

52:8 - 40:3.

52:9 - 40:1.

52:10a - 40:10 en volgende verse.

52:10b - 40:5. Proloog en epiloog.

Die Tweede Jerusalemredaksie (Berges, 1998:549) het die vierde kneglied ingeplaas na die afsluiting van die eerste redaksie en voor hoofstukke 54 en 55.

### **2.2.1 Samevatting**

Die outeurskap van Jesaja en Deutero-Jesaja het tot 'n geweldige konflik gelei en daar is tot vandag toe nog heelwat publikasies onder albei titels. Die neiging is vandag om na die boek Jesaja as 'n eenheid te kyk. Daar is heelwat verskillende temas wat gesien word as temas vir Deutero-Jesaja. Dit is opvallend dat die verlossing en skepping as hooftemas beskou word. 'n Mens sien dit veral by Duhm

(1968:286-289, 373)<sup>73</sup> en von Rad (1965)<sup>74</sup> en dan ook by Stuhlmüller (1970:3)<sup>75</sup> wat die twee temas saam behandel. Die werkwoord  $\text{דָּן}$  word wel bespreek of vertaal, maar dan heeltemal geïgnoreer deur van die kommentators soos blyk uit die gedeeltes wat hier in die voorafgaande behandel is. Daar word gevind dat net Berges (1998:329-330)<sup>76</sup>, naas die verlossing en skepping, ook troos as 'n tema van Deutero-Jesaja sien.

### 2.3 Werke oor Jesaja 40 se proloog

Daar is boeke geskryf wat die proloog van Deutero-Jesaja behandel, naamlik die gedeelte Jesaja 40:1-11. Hierdie studies het die proloog indringend bespreek en dan gevolgtrekkings oor die resultate gemaak. Die werke raak die rol van  $\text{דָּן}$  in 'n mindere en meerdere mate aan.

Die eerste werk is van Akpunonu (2004:7-99; 141-143)<sup>77</sup> en wat slegs Jesaja 40:1-11 indringend behandel. Hy kyk na die agtergrond van die Neo-Babiloniese ryk van voor die ballingskap tot die val daarvan en dan verder na die opgang van Kores en Kores en Marduk. Deutero-Jesaja word literêr ondersoek en geanaliseer. In die hoofstuk oor die teologie van vertroosting word  $\text{דָּן}$  behandel, sowel as in die bespreking van hoofstuk 40:1 en 2. Dit is opvallend dat daar in die konklusie in die laaste hoofstuk gepraat word van die hooftemas wat in Deutero-Jesaja aangespreek word in die inleiding, en dat die temas verder in die verloop van Deutero-Jesaja uitgewerk word. Die temas is hoop vir die ballinge, vryheid, vergifnis, die terugkeer en herstel van die ballinge. Die feit van troos word net genoem as 'n onderafdeling dat JHWH Israel sal vertroos. Dit impliseer dat JHWH se redding die einde van lyding beteken. Die hernuwing van die verbondsverhouding tussen JHWH en die

---

<sup>73</sup> Die werkwoord  $\text{דָּן}$  word glad nie behandel nie.

<sup>74</sup> Von Rad wy die eerste volume aan die geskiedenis van die Jahwisme en die historiese tradisies. Die tweede volume word gewy aan die teologie van die profete en die profetiese tradisies. Troos word glad nie as tema genoem of behandel nie.

<sup>75</sup> Stuhlmüller (1970:3). In hierdie werk word daar konstant na Deutero-Jesaja verwys as die *Book of Consolation*, as 'n algemeen-aanvaarde gebruik. Die feit dat daar verwys word na die troosboek is opvallend, aangesien troos nie direk bespreek word of as 'n deurlopende tema beskou word nie.

<sup>76</sup> Berges verwys direk na die feit dat troos as tema in Deutero-Jesaja voorkom, en 'n deurlopende tema is.

<sup>77</sup> Hierdie werk konsentreer op die feit dat daar hoop vir die ballinge is, en dat hulle hulle vryheid verkry omdat JHWH hulle vergewe het. JHWH herstel die ballinge weer in 'n verhouding met Hom, en hulle word weer die volk van JHWH genoem.

volk. Verder die inlei van 'n nuwe era van verlossing ten spyte van die menslike broosheid en wispelturigheid. Troos word afsonderlik en nie as 'n hooftema beskou nie, wat meermale voorkom en op 'n spesifieke wyse funksioneer.

Die volgende werk is die van Peter Klein (2009:91)<sup>78</sup> wat Jesaja 40:1-11 as proloog behandel en dan kortliks die hoofdele bespreek waarin hy Jesaja 40 tot 55 indeel. Klein se indeling van Deutero-Jesaja (2009:13) is soos volg:

Jesaja 40:1-11.

Jesaja 40:12- 49:13. Onderverdelings: Jesaja 40:12- 49:13.

I. Jesaja 40:12-31. II. Jesaja 41:1-44:23. a) Jesaja 41:1- 42:13. b) Jesaja 42:14 - 44:20. c) Jesaja 44:21 – 23. III. Jesaja 44:24 – 49:13. a) Jesaja 44:24 – 45:13. b) Jesaja 45:14- 46:13, c) Jesaja 47:1-15. d) Jesaja 48:1-22. e) Jesaja 49:1-13.

b). Jesaja 49:14 – 52:12.

I. Jesaja 49:14 tot 52:12. Jesaja 49:14-26. Jesaja 50:1 tot 51:8. c) Jesaja 51:9 tot 52:12. II. Jesaja 52:13 tot 55:13. Jesaja 52:13- 53:12. Jesaja 54:1-17. c) Jesaja 55:1-13. Hy behandel die tema en sy ontwikkeling en gee dan as tema: 'JHWH handel in die geskiedenis, en hoe al die gebeurtenisse gewil word en bygevoeg of ingetrek word' (2009:278-280). Die temas word ondersteun deur afsonderlike temas, naamlik die ballingskap is deur JHWH bepaal en sal dien om Israel van hulle verkeerde weë na JHWH terug te voer. Klein stel dan die vraag of dit nodig was om weer die heil aan Israel te bevestig. Waarin sal die nuwe heil vir Israel kom wat dit duidelik sal maak waarom hulle hulle in die geskiedenis afgesloof het. Die tema val in twee perspektiewe uiteen in die dele Jesaja 40:12 tot 49:13; waar dit hoofsaaklik handel oor Israel in Babel en die ingrepe van JHWH in die geskiedenis en die verhouding van JHWH en die volk en Kores, en Jesaja 49:14 tot 54:17, waar dit hoofsaaklik handel oor die terugkeer en die heropbou van die land en stad. In Jesaja 55 word die band met Dawid hernu en JHWH ontferm Hom oor die volk. Die ballingskap is verby. Dit is opmerklik dat die troos, wat die gedeelte inlei, nie deur Klein as 'n hooftema beskou word nie.

---

<sup>78</sup> Klein (2009:91) beskou troos as 'n troos deur geloof in JHWH.

### 2.3.1 Samevatting

Die werke wat die proloog van Deutero-Jesaja behandel, het beide tot die gevolgtrekking gekom dat daar sake beklemtoon word in die werk. Akpunonu (2004) in *The Overture of the book of Consolations* sien die redding en hoop vir die ballinge saam met die bevryding as die hoofemas vir Deutero-Jesaja. Hy bespreek en ontleed die werkwoord  $\text{נחם}$  maar tog kom hy tot die gevolgtrekking dat troos net as 'n onderafdeling in die werk funksioneer. Klein (2009:278-280) in *Jesaja 40:1 – 11. Prolog* maak die afleiding dat die tema van Deutero-Jesaja die handeling van JHWH in die geskiedenis is, en dat al die gebeurtenisse daarby betrek word. Dit is opvallend dat Klein in die bespreking van hoofstuk 49:13, hierdie vers sien as die afsluiting van die gedeelte wat strek oor hoofstukke 40:1 tot by hoofstuk 49:13. Die rede daarvoor is dat die troosboodskap wat in 40:1 aangekondig word, afgehandel is in 49:13. Albei skrywers sien die rol van troos raak, maar interpreteer dit as ondergeskik aan hulle oorkoepelende temas.

### 2.4 Werke wat Deutero-Jesaja se inhoud behandel

Daar is werke wat Deutero-Jesaja as 'n drama of as liedere behandel. Hierdie werke hanteer die hele Jesaja 40 tot 55 en bespreek die gedeelte dan ten volle onder hierdie tema. Die verklaring kry dan 'n ander dimensie as die gewone uitleg, en word uit 'n ander hoek of oogpunt benader. Vervolgens word kortliks na van hierdie werke gekyk.

Wilhelm Caspari (1934) behandel Deutero-Jesaja as 'liedere en Godspreke van die wat terugkerende is na die land van oorsprong.' Caspari behandel Jesaja 40 tot 55 en bespreek heelwat Hebreeuse woorde, en doen eksegetiese van Deutero-Jesaja. Dit is baie insiggewend dat hy glad nie na die troos verwys nie. In Jesaja 40:1 (Caspari, 1934:69-70) word die 'my volk' indringend bespreek sonder dat aan die troos aandag gegee word. Daar word wel genoem dat die opskrif dalk weggeval het by hierdie hoofstuk. Die ander tekste waar troos voorkom, word behandel sonder dat na troos verwys is. Slegs wanneer Jesaja 53 (1934:110-111) behandel word, is daar by die kneg verwys dat hy sal troos bring. Die Hebreeuse woordeskat bevat glad nie die werkwoord  $\text{נחם}$  nie.

Eaton (1979:1-7, 8-36, 38-39, 66, 71-75, 85) hanteer Deutero-Jesaja as 'n drama wat handel oor die fees van verlossing. Hy beskou Deutero-Jesaja as die uitbeelding van

die fees van verlossing, wat oorgaan in die kroningsfees van JHWH as enigste heerser en koning van Israel. Die troos word nie genoem nie, slegs dat hoofstuk 40:1 dui op goeie nuus en blydskap. Die ander verse oor troos word in die uitleg geïgnoreer. Eaton hanteer onder sy tema die gedeeltes in Deutero-Jesaja sowel as enkelhoofstukke uit Trito-Jesaja, naamlik: Hoofstukke 40 tot 55 en hoofstukke 60 tot 62.  $\text{דנן}$  verskyn ook nie in sy lys van Hebreeuse woorde wat in die boek gebruik is nie.

Knight (1984:1-5)<sup>79</sup> behandel Deutero-Jesaja as 'n kommentaar en gebruik die tema van 'Servant Theology' as oorkoepelende tema vir die inhoud. Knight verwys net na die troos wat voorkom, maar brei nie daarop uit nie. Die troos is vir hom ondergeskik aan die dienskneg-teologie.

E. Hessler (1988)<sup>80</sup> vind in Jesaja 40 tot 55 'n drama. Jesaja 40:1-11 is die proloog. Sy verklaar verder dat die eintlike werk in 40:1 'n aanvang neem. Sy noem die persone in die drama: die hoofkarakter is JHWH, verder vind ons die Persiese koning Kores, die kneg, die wyse, die leraar, en die priester. Die samestelling word kortliks opgesom as: Hoofstuk 40:1-11 as proloog. Hierna volg 'n voorbereidingsfase wat hoofstuk 40:12 tot 42:13 insluit, waarin die sake verduidelik word wat later behandel word. Die eerste deel bestaan uit hoofstukke 42:14 tot 48:21. Die tweede deel bestaan uit hoofstukke 49:1 tot 53:12. Die volgende gedeelte is die vervulling van die plan wat bestaan uit hoofstukke 54:1 tot 55:5. Die epiloog is hoofstuk 55:6-13. Hessler verklaar dat die troos 'n voorspel is vir hoofstukke 41 tot 48. Sy behandel die werkwoord  $\text{דנן}$  maar sien dit nie as 'n tema nie.

K. Baltzer (2001)<sup>81</sup> het na aanleiding van Aristoteles, en die antieke dramas, in Jesaja 40 tot 55 'n analoog van die antieke drama gesien en daarom behandel hy Deutero-Jesaja as 'n drama. Baltzer het uit Jesaja 40:1-11 die volgende temas

---

<sup>79</sup> Knight (1984:1-5) beskou die totale boodskap van Deutero-Jesaja as saamgevat, onder die tema van dienskneg-teologie. Hy plaas al die gebeure onder die beheer van JHWH wat besig is om 'n plan met die geskiedenis uit te voer. Knight formuleer die tema vir Deutero-Jesaja as: 'Die openbaring wat Deutero-Jesaja maak van die aard en doel van JHWH en JHWH se inwoning in Israel as die kneg vir die heelaal.'

<sup>80</sup> Hessler (1988) bespreek Jesaja 40 tot 55 as die drama, waarin dit gaan om JHWH wat uiteindelik oor die hele wêreld sal regeer.

<sup>81</sup> Die drama handel oor die heerskappy van JHWH oor die ganse skepping.

aangehaal: Die heerskappy van JHWH oor die hele wêreld, die verkiesing en verlossing van Jakob-Israel, die herstel van Sion-Jerusalem, die argumente oor die vreemde gode en hulle beelde, die openbaring van die Goddelike Woord. Die akteurs is JHWH, die koor en die vervaardigers van afgode, Sion-Jerusalem en Jakob-Israel. Die tema is die heerskappy van JHWH oor die hele wêreld. Die troos word nie as 'n tema gesien nie.

Annemarieke van der Woude (2005:7-9, 60, 64-64, 166-181)<sup>82</sup> het die rol van Jesaja 40:1-11 behandel in die drama van Jesaja 40 tot 55. Sy beskryf die drama onder die titel *Geschiedenis van de terugkeer*. Van der Woude behandel hoofstuk 40 se eerste elf verse en gebruik verder hoofstuk 41:14-20; hoofstuk 49:14-26; hoofstuk 52:7-10 en hoofstuk 55:6-13. Drie van die gedeeltes, naamlik hoofstukke 40, 49 en 52 handel oor die verse waar die werkwoord  $\text{נָחַם}$  gebruik word. Van der Woude noem die gebruik van  $\text{נָחַם}$ , maar gaan dadelik oor om in hoofstuk 40:1 daarop te wys dat JHWH die woord spreek.

Christina Ehring (2007:19-25; 70-77; 220-224; 252-260)<sup>83</sup> behandel Jesaja 40:1-11 in samehang met Jesaja 52:7-10, en vir haar is die tema van Deutero-Jesaja: 'Die terugkeer van JHWH'. Ehring wys daarop dat die gedeeltes in Jesaja 40 en 52 nie net verwys na die ballinge se terugkeer na Sion toe nie, maar dit gaan vir haar ook oor die terugkeer van JHWH na Sion toe.

Lena-Sofia Tiemeyer (2011:13-32) behandel Jesaja 40 tot 55 in die werk *For the Comfort of Zion*. Hierdie werk hanteer die teologiese en geografiese plekaanduiding van Jesaja 40 tot 55. Sy behandel die outeurskap<sup>84</sup> en kyk na die verskillende

---

<sup>82</sup> In haar boek gebruik Van der Woude (2005:7-9, 60, 64-64, 166-181) die inleiding, om aan te toon dat die elemente wat later in die drama voorkom, reeds in die inleiding genoem word. Die  $\text{נָחַם}$ , troos word aangekondig in hoofstuk 40:1, maar is nie volgens haar 'n hooftema wat dwarsdeur die drama loop nie. Die voorkoms van  $\text{נָחַם}$  word deur van der Woude gesien as 'n handeling van JHWH. Van der Woude vat die verwysing na  $\text{נָחַם}$  saam onder die term 'JHWH se reddende handeling'.

<sup>83</sup> Ehring (2007:19-25; 70-77; 220-224; 252-260) behandel Jesaja 40:1-11, 52:7-10 en 46:1-4 en 9-11. Ehring gaan van die standpunt uit dat Deutero-Jesaja eintlik die terugkeer van JHWH na Sion beskryf. Hierdie terugkeer sal die volk troos. Die troosboodskap word aan Jerusalem gegee en die sigbare terugkeer van JHWH na Jerusalem word in die uitbreiding tot vers 11 bevestig. Hoofstuk 40:12 en volgende bevestig dat JHWH die onvergelykbare Skeppergod is.

<sup>84</sup> Hier gee Tiemeyer (2011:13-32) 'n volledige uiteensetting oor die verskillende moontlikhede van die outeur of outeurs. Sy wys uit die tekste wat ondersoek word dat dit nie duidelik is om die outeur en kneg as dieselfde persoon te sien nie. Verder is daar nie 'n duidelike geslag aan die kneg gekoppel in al die tekste nie.



moontlikhede van a) 'n individu of 'n groep profete, b) 'n vroulike outeur, of c) 'n tempelsanger. Haar gevolgtrekking is dat dit moeilik is om te praat van 'n persoon genaamd Deutero-Jesaja, aangesien daar weinig steun vanuit die teks vir die gedagte is. Volgens Tiemeyer is dit meer aanvaarbaar om van anonieme outeurs of 'n outeur te praat. Vanuit teksgetuie is dit nie moontlik om af te lei, of dit te weerlê dat een van die outeurs vroulik kon wees nie. Ten opsigte van die moontlikheid van tempelsangers wys Tiemeyer daarop dat van die outeurs bande kon hê met tempelsangers. Die moontlikheid van 'n enkel outeur word nie ondersteun nie. Die feit van 'n groep outeurs word gehandhaaf (Tiemeyer, 2011:50), en sy verklaar ook daar dat sy Jesaja 40 tot 55 as 'n leesdrama hanteer. Volgens Tiemeyer is 'n leesdrama 'n stuk wat beskryf word, waarin daar verskillende akteurs optree en waarvan die verloop deur die leser gevolg word, wat self deel voel van die leesdrama en inleef in die gebeure. Tiemeyer hanteer daarna die lewe in Babel en in Juda: Die invloed van Babel en die Juda-perspektief in Jesaja 40 tot 55, asook die Eksodus- en wildernismotief. Sy kyk na die moontlikheid dat Jesaja 40 tot 55 'n Judese leesdrama kan wees. Jakob-Israel en Sion-Jerusalem word behandel in Jesaja 40 tot 55 met JHWH, die profeet en die kneg, as perspektiewe. Die proloog word hanteer en sy sluit af met 'n vergelyking tussen Jesaja 40 tot 55 en Klaagliedere, waar die troos kortliks behandel word. Tiemeyer kom tot die gevolgtrekking dat die teksgetuie daarop dui dat die outeurs van Jesaja 40 tot 55 in Juda was. Sy aanvaar nie dat die outeurs deel van die Golagroep was nie. Volgens Tiemeyer was hierdie outeurs mense wat in Juda gebly het, en uitgesien het na die terugkeer van die ballinge uit Babel. Hulle het JHWH steeds gedien en sou wou meewerk aan die herbou van die tempel. Sy meen dat Jesaja 40 tot 55 se geografiese perspektiewe, die taal en die fokus op Jerusalem en die teologie van Jerusalem, dui op 'n Judese oorsprong. Sy wys daarop dat hoofstukke 1 tot 39 en 56 tot 66 in Juda ontstaan het. Hoofstukke 40 tot 55 is in Juda in hulle finale vorm gegiet. Hierdie meer volledige uiteensetting word op bladsye 363 tot 365 gevind.

#### **2.4.1 Samevatting**

Die werke wat Deutero-Jesaja as 'n drama of liedere beskou, het gewoonlik 'n sentrale tema. Die tema handel oor JHWH wat na die volk Israel omsien. Die volk word verlos en gaan terug na Jerusalem, waar JHWH ten volle in beheer is. Troos word glad nie beklemtoon nie, en is ook nie die tema wat deurlopend in die verhaal

is nie. Die werkwoord  $\text{mn}$  word soms genoem, en dan word daar met die tema van die skrywer voortgegaan. Al hierdie werke bevat 'n kort bespreking wat oor die outeurskap van Deutero-Jesaja handel. Die algemene gevolgtrekking is dat daar 'n groep of verdere outeurs was, wat redaksionele veranderinge aangebring het om die geheel van die boek af te rond. Albertz (2003:380-381) is van mening dat Jesaja 40 tot 55 deur 'n Deutero-Jesaja-groep afgerond is, wat nie kultiese personeel soos priesters was nie, maar moontlik kultiese profete was. 'Troos' speel in hierdie drama 'n rol, maar word gewoonlik gedegradeer tot 'n ondersteuning van die verlossing. Troos kom nie werklik tot sy reg in die werke oor Jesaja 40 tot 55 nie.

## HOOFSTUK 3

### Literatuur oor תְּרוּסָה

#### 3.1 תְּרוּסָה in Ou Testament Teologie en artikels

Hier volg 'n ondersoek na die studie van die literatuur oor תְּרוּסָה, 'troos', in sekere werke oor Deutero-Jesaja, asook die Jesajaboek en die Ou Testament in die algemeen. 'Troos' is die onderwerp wat behandel word. Die werkwoord תְּרוּסָה in Hebreeus se inhoud verskil van die Westerse inhoud van troos en daarom is dit nodig om 'n omskrywing van תְּרוּסָה ter wille van duidelikheid te gee. Omskrywing: troos – תְּרוּסָה – is die handeling deur JHWH om die volk uit hulle benarde situasie te verlos, hierdie handeling (Jenni & Westermann, 1984:61-62)<sup>85</sup> begin met die aankondiging dat die ballingskap verby is, en gaan voort totdat die volk terug is in Sion/Jerusalem, en daarna staan JHWH die volk steeds by.

Die begrip 'teologie' word vanuit 'n Bybelse gesigspunt beskryf<sup>86</sup>. Volgens von Rad het die skrywer van Jesaja 40 tot 55, sy stof so georganiseer en gevorm om die troos deur geloof in JHWH, as Redder, te beklemtoon. Hier word 'n teologie deur die skrywer van Deutero-Jesaja uitgewerk. Daarom meen ek dat die troos dus hier ondersteun word; a) deur die feit van JHWH wat 'n Redder is, wat aan die volk en stad redding verskaf, en b) die ontferming wat van JHWH se kant af na die volk toe kom. Die feit dat JHWH skep, bevestig dat Hy wel die opdrag tot 'troos' kan gee en waarborg is dat die opdrag uitgevoer sal word.

Daar is nie veel geskryf oor troos in die algemeen in die Ou Testament nie. Die Ou Testament-teologieë wat beskikbaar is, behandel troos nie onder 'n afsonderlike hoofsoos daar met byvoorbeeld skepping, God of verlossing, gedoen word nie. Troos

---

<sup>85</sup> Jenni & Westermann (1984:61-62) verwys na die feit dat JHWH die volk in hulle hulpelose toestand kom troos, en dan tree JHWH troostend op en in ontferming oor die volk tot in hoofstuk 66:13. Die troos loop deur vanaf hoofstuk 40:1 en 49:13 tot by 66:13.

<sup>86</sup> Dit is moeilik om teologie te definieer. G. von Rad, *Theologie*, I: 111-134 (Eng. tr., I:105-128) gee metodologiese voorveronderstellings oor Ou Testament teologie. W. Eichrodt (1961:512-520) verskil ten sterkste van von Rad. Verder kan na MacKenzie (1955:48 en volgende), Kraus (1956), Fannon (1967:46-53, Murphy (1964:349-359), Stendahl (1965:196-209) en Preuss (1991:1-43) gekyk word.

word so terloops aangeraak onder ander sake. Hier volg 'n kort oorsig oor Ou Testament-teologie en werke wat temas uit die Ou Testament behandel:

Von Rad (1975:238-262)<sup>87</sup> het twee bande oor Ou Testament teologie geskryf. In die eerste band word daar geen tekste uit Deutero-Jesaja bespreek, wat die woord  $\text{DN}$  bevat nie. In die tweede band van von Rad word Deutero-Jesaja bespreek op bladsye 238 -262. Hier vind ons slegs twee tekste met die woord  $\text{DN}$ , wat gebruik word sonder om na  $\text{DN}$  te verwys. Jesaja 49:13 word deur von Rad (1957:245) aangehaal, waar slegs verwys word na die feit dat daar vreugde sal wees wanneer die verlostes van JHWH terugkeer na Sion. Von Rad verwys na Jesaja 51:3 (1975:239) in 'n voetnota na Sion wat gebruik word as die adres van JHWH se volk, as 'n groep. Die werkwoord  $\text{DN}$  word glad nie in die tekste aangehaal of bespreek nie. Von Rad het die tradisies van Israel bestudeer en sien 'troos' nie as 'n tradisie nie. Troos is slegs 'n handeling van JHWH aan mense, of van mense onderling teenoor mekaar.

Ronald E. Clements (1978)<sup>88</sup> skryf in sy teologie oor 'n nuwe benadering tot die Ou Testament-teologie. Daar word enkele verse wat die werkwoord  $\text{DN}$  bevat bespreek. Jesaja 40:1-5 word deur Clements (1978:143) kortliks bespreek. Daar word verwys dat Jesaja oor 'n soortgelyke hoop op terugkeer uit die ballingskap, as Esegïel skryf. Verder word Jesaja 51:3 op bladsy 92 gebruik. Hier is die verwysing dat Sion deel vorm van die woordeskat van die uitverkore volk van JHWH se status. Die ander tekste oor  $\text{DN}$ , naamlik Jesaja 49:13; 51:12, 19; 52:9 en 54:11 word glad nie genoem nie. Die werkwoord  $\text{DN}$  word glad nie in die tekste aangehaal of bespreek nie.

Horst Dietrich Preuss (1991) verwys in sy teologie oor die Ou Testament ook nie direk na troos nie. Daar is 'n verwysing na Jesaja 40:1-8 (1991:293) en na Jesaja 40:1 (1991:34). Die verwysings handel oor die JHWH en die optrede van JHWH. Verdere verwysings na tekste wat  $\text{DN}$  vervat, is Jesaja 51:3-11 (1991:138) waar

---

<sup>87</sup> Von Rad (1975:238-262) konsentreer in sy werke op die verlossing van Israel deur JHWH. Redding en verlossing, saam met die tradisies, staan vir von Rad sentraal in die Ou Testament.

<sup>88</sup> Clements (1978) beskryf JHWH en die volk van JHWH. Hy hanteer die verhouding tussen die volk en JHWH, onder die teologie van verkiesing en die teologie van die verbond.

daar net melding gemaak word van Deutero-Jesaja wat praat oor JHWH se terugkeer en die terugvoering van die volk na Sion. Jesaja 51:3-11 (1991:179) word gemeld waar in 'n voetnoot verwys word na die rol van die volkere in Deutero-Jesaja. Die ander tekste waarin die woord  $\text{נָחַם}$  voorkom, naamlik Jesaja 49:13; 51:12, 19; 52:9 en 54:11, word glad nie behandel nie.

Walter Brueggemann (1992)<sup>89</sup> se teologie oor die Ou Testament bespreek ook nie troos as sodanig nie. Daar word wel tekste wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat behandel, naamlik: Jesaja 40:1; 49:13; 51:3, 12, 19 en 52:9 bespreek (1992:215). Daar word net daarna verwys dat die tekste verwys na 'n ingryping om iets nuuts te maak. Dit word bloot genoem in 'n bespreking wat eintlik handel oor Genesis 50:15-21. Die aanhalings word gemaak omdat daar verwys word na die werkwoord  $\text{נָחַם}$  se voorkoms, in die Pi'el, in die Ou Testament. Jesaja 54:11 word ook glad nie bespreek nie.

Bernhard W. Anderson (1999)<sup>90</sup> se Ou Testament-teologie bespreek nêrens troos in besonderhede nie. Anderson verwys na Jesaja 40:1 (1999:68) en verwys na die 'Divine council' en gebruik Psalm 82 en verwys na die 'Comforting grace of God'. Verder word Jesaja 40:1-2 (1999:293) behandel en word daar verwys na die 'council metaphor' en na 'Good news – the coming of God's dominion is near'. Die ander tekste, naamlik Jesaja 49:13; 51:3, 12, 19; 52:9 en 54:11 word uitgelaat. Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word glad nie in die tekste aangehaal of bespreek nie.

Walter Brueggemann (2002:85-86) se Ou Testament-teologie behandel die Ou Testament onder verskillende temas. Die tema van troos word nie behandel nie. Jesaja 40:1-2 word (2002:85-86) genoem onder die tema 'Forgiveness'. Die volgende word gesê: "The announcement of forgiveness is an important element in the poetic declarations of exilic Isaiah, as in 40:1-2 and especially in 55:7." Die ander

---

<sup>89</sup> Brueggeman (2002:85-86) het opgemerk dat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Genesis sowel as in Jesaja voorkom. Die kontekste van die twee boeke verskil geweldig, en daarom kan die tekste nie aan mekaar gelyk gestel word nie. Daar moet na die spesifieke konteks van elke teksgedeelte gekyk word.

<sup>90</sup> Anderson (1999:293) hanteer die hemelse hofsitting idee en sien die troos as 'n uiting van genade van JHWH.

tekste oor 'troos', naamlik Jesaja 49:13; 51:3, 12, 19; 52:9 en 54:11 word glad nie genoem of bespreek nie.

John Goldingay<sup>91</sup> skryf in sy teologie niks oor 'troos' in Deutero-Jesaja nie. Hy gebruik Jesaja 51:3 en 52:19 (en skryf die volgende: "Jerusalem has no comforter – no one to sympathize or to take action against causes of discomfort" (2003:304). Jesaja 54:11 word behandel en daar word verwys na "gates would be made into sparkling stones" (2003:717). (49:16; 52:7; 54:11-12). Die belangrikste tekste oor troos word nie eers aangeraak nie, naamlik Jesaja 40:1, 49:13, 51:12 en 19.

Die verskillende kommentare behandel Deutero-Jesaja, sommige as 'n eenheid en ander as deel van die groter Jesaja-boek. Dit word bepaal deur die feit of die skrywer van die kommentaar, of artikel, Jesaja as een boek sien, of as drie boeke. Naamlik Proto-Jesaja wat uit hoofstukke 1 tot 39 bestaan, Deutero-Jesaja wat hoofstukke 40 tot 55 bevat, en Trito-Jesaja wat hoofstukke 56 tot 66 bevat.

Barry Webb (1996:30-33)<sup>92</sup> deel Jesaja in sewe dele in. Hy beskou hoofstukke 6 en 40 as twee sleuteldele waar Jesaja geroep word om voor JHWH te verskyn. Die eerste deel handel daaroor dat Jesaja 'n diens van oordeel het, en die tweede deel 'n diens van 'troos'. Volgens Webb is dit dan ook die dominante klem in die twee dele van Jesaja. Hy noem Jesaja 'n boek van vernietiging en rekonstruksie, oordeel en redding. Die twee temas word op drie vlakke behandel in Jesaja. Eerstens word die volk as JHWH se rebelerende kinders wat JHWH omtrent nie meer ken nie, beskryf; die ballingskap breek aan en die lyding breek die volk. Kores bevry die volk en hulle keer terug na Jerusalem. Die volk word beskryf as hulle wat rou, en as die dienaars van JHWH wat nederig is. Tweedens word JHWH beskryf as die Heilige van Israel, teenoor die onheilige volk. Jesaja se lippe word gereinig deur 'n kool van die altaar af. JHWH bewerk versoening en gee vergifnis van sonde. Die kneg is die wyse

---

<sup>91</sup> Goldingay (2003:304) hanteer die stad Jerusalem, en kyk hoe Deutero-Jesaja die stad en omstandighede beskryf. Daarom is die herstel van die stad en die prag vir Goldingay belangrik. Die troos en die invloed daarvan op die stad word geïgnoreer.

<sup>92</sup> Die verhouding tussen JHWH en die volk is vir Webb (1996:30-33) belangrik. Daarom beklemtoon hy die feit van rebellie teen JHWH. Daarna die versoening wat deur JHWH bewerk word, en laastens die feit dat JHWH die volk vergewe. Die volk word weer volk van JHWH en so getroos. Die troos is as gevolg van die versoening en vergifnis van die volk se sonde.

waarop JHWH versoening bewerk, die kneg gee homself as offer. Derdens is daar die perspektief dat die volk, die mense van Juda en Jerusalem, 'n geskiedenis het wat teruggaan tot by Abraham.

### 3.1.1 Samevatting

Dit het duidelik geword uit 'n ondersoek na die Ou Testament teologie (Von Rad, Volume II. 1975:238-262)<sup>93</sup> dat die skrywers oor verskillende temas skryf soos verlossing, skepping, JHWH se handeling met die volk Israel en die sentrum van die Ou Testament. Uit die ondersoek blyk duidelik dat nie een van die boeke, oor teologie, 'n afdeling aan troos gewy het nie. Troos (Brueggeman, 2002:85-86)<sup>94</sup> ontbreek in die meeste indekse en indien 'troos' voorkom, word dit onder verlossing of redding of vergiffenis behandel.

Werke oor Jesaja en ander Bybelboeke het nie troos afsonderlik behandel nie. Die troos word gewoonlik as 'n onderafdeling van 'n werk gesien, soos blyk uit die hantering van die werkwoord  $\text{נחם}$ , in werke oor Jesaja en Deutero-Jesaja. Troos wat 'n belangrike deel vorm van die profetiese boodskap kom nie werklik tot sy reg nie. Die is nodig dat daar aandag aan die element van troos in die Ou Testament gegee word. Hierdie ondersoek word gedoen omdat daar so min literatuur oor 'troos' in die Ou Testament beskikbaar is.

### 3.2 $\text{נחם}$ in die kommentare

Die kommentare is ook uiteenlopend en bespreek nie troos indringend in Deutero-Jesaja nie. Die verskillende kommentare met hulle besprekings oor die tekste wat die werkwoord  $\text{נחם}$  bevat in Deutero-Jesaja, word nou kortliks behandel. Dit gee 'n oorsig vanaf vroeë kommentare en dan vanaf Duhm tot en met Berges. Hierdie kommentare is gekies om 'n oorsig te gee van die interpretasie, uit die verskillende oogpunte, waaruit na Jesaja gekyk word. Sekere van die kommentare behandel Jesaja as een boek, en die ander behandel net Deutero-Jesaja. 'Troos', die

---

<sup>93</sup> Von Rad (Vol. II. 1975:238-262) konsentreer op die verlossing van Israel deur JHWH, in sy werke. Redding en verlossing saam met die tradisies, staan vir von Rad sentraal in die Ou Testament.

<sup>94</sup> Brueggeman (2002:85-86). Die tema van troos word nie behandel nie. Jesaja 40:1-2 word genoem onder die tema: 'Forgiveness'.

werkwoord ׀נ, word in Deutero-Jesaja in die volgende verse aangetref in die werkswoordsvorme wat in hakies verskyn: Jesaja 40:1 (Pi'el); 49:13 (Pi'el); 51:3 (Pi'el); 51:12 (Pi'el); 51:19 (Pi'el); 52:9 (Pi'el); 54:11 (Pu'al).

Die Reformatore het met hulle klem op genade, klaarblyklik troos nie so belangrik geag nie. So vind ons by Calvyn (1900:464-465)<sup>95</sup> dat hy net na ׀נ verwys in die behandeling van Jesaja 40:1. Calvyn verklaar dat die troos nodig sal wees vir die vernederde volk om uit hulle swarmoedigheid te kom. Hy hanteer glad nie die voorkoms van die werkwoord ׀נ in die daaropvolgende tekste waar dit, in Deutero-Jesaja, voorkom nie.

Alexander (1976:93-95)<sup>96</sup> wys in Jesaja 40:1 dat die troos deur JHWH gewaarborg word. JHWH bevestig deur die troos dat die volk ten spyte van hulle lyding steeds JHWH volk is en JHWH hulle God. Alexander het nie verder oor die werkwoord ׀נ, uitgebrei in die ander tekste in Deutero-Jesaja nie. Franz Delitzsch (1877:139-141)<sup>97</sup> bespreek ׀נ in Jesaja 40:1 en wys daarop dat die profeet troos van die komende bevryding uit die ballingskap bring. Die troos kom van JHWH af, as opdrag. JHWH is die onvergelykbare Skepper en Heerser van die wêreld. Die werkwoord ׀נ word verder in Deutero-Jesaja in die betrokke verse bespreek.

Bernhard Duhm (1968:286-289, 373)<sup>98</sup> bespreek hoofstukke 40 tot 55 as Deutero-Jesaja. Hy beklemtoon glad nie die werkwoord ׀נ nie en lig dit ook nie uit nie. Die werkwoord ׀נ se rol as aanvangswoorde vir Jesaja 40 tot 55 word totaal

---

<sup>95</sup> Calvyn (1900:464-465) sien die troos en opbeuring van die volk as 'n aardse voorsmaak van die Godsryk op aarde, waarvan dit wat sigbaar is, nog in 'n newelagtige duister gehul is. Dit gaan vir Calvyn net om die feit dat die volk in hulle moeilike omstandighede getroos moet word, sodat hulle kan voortgaan met hulle bestaan.

<sup>96</sup> Alexander (1976:93-95) sien hierdie inleiding van Jesaja 40 as die manifestasie van JHWH se teenwoordigheid by die volk, waarin daar hulp aan Israel beloof word. Troos word hier gesien as bewys van die bystand van JHWH, in die volk se omstandighede.

<sup>97</sup> Delitzsch (1877:139-141) wys daarop dat troos se letterlike betekenis in die Pi'el is: om te veroorsaak om weer asem te haal. Die troos word in hoofstuk 40:1 herhaal om die dringendheid daarvan te bevestig. Die werkwoord ׀נ word nie weer in die bespreking van die proloog genoem nie.

<sup>98</sup> Duhm (1968:286-289, 373) het die verdeling van die boek Jesaja, in drie dele, beklemtoon. Hy verwys na die verlossing van die volk uit ballingskap, maar aan die werkwoord ׀נ word nie aandag gegee, waar dit in Deutero-Jesaja, voorkom nie.



geïgnoreer. In hoofstuk 49:13 word daar ook niks oor  $\text{dn}$  gesê nie. Duhm lê glad nie klem op die feit, dat die werkwoord  $\text{dn}$  in Jesaja 40 tot 55 voorkom nie.

König (1926:346-349, 407)<sup>99</sup> skryf in sy werk oor Jesaja dat hoofstuk 40 troos aankondig. Die  $\text{dn}$  is gewaarborg in JHWH, wat die volk sal verlos en hulle innerlik sal verlos, asook beloon. Die werkwoord  $\text{dn}$  word nie verder behandel nie, ook nie in die ander verse nie. Daar is slegs 'n verwysing na 40:1, by die ander verse waar die werkwoord  $\text{dn}$  voorkom, sonder enige bespreking. Frey (1937:12-14)<sup>100</sup> stel dit duidelik dat die dubbele troosaankondiging van hoofstuk 40:1 dui op die dubbele oordeel wat in vers 2 aan die orde kom. Jerusalem word getroos omdat sy die volle oordeel vir haar sonde ontvang het. Die werkwoord  $\text{dn}$  van 40:1 word deur JHWH gewaarborg. Dit is die volheid van JHWH se troos wat hier ter sprake is.

De Boer (1956:40)<sup>101</sup> wys in sy werk oor die boodskap van Deutero-Jesaja dat Jesaja 40:1 met troos begin. Hy wys op ander verse met troos naamlik 49:13; 51:3 en 12 en 52:9 en verder in Jesaja na 12:1; 61:2 en 66:13. Die ander tekste wat  $\text{dn}$  bevat, word nie onder troos ingedeel nie. Hy wys daarop dat  $\text{dn}$  beteken om bronne van nuwe lewe te open, te hernu of nuut te maak. Die besprekings in sy boek hanteer geensins die werkwoord  $\text{dn}$  nie. Slegs die feit dat Deutero-Jesaja se hele doel<sup>102</sup> met die verhaal is, om aan te toon dat JHWH die volk uit ballingskap gaan verlos (De Boer, 1956:90).

Daar is verskillende reaksies op die aanvangswoorde van Jesaja 40:1. So vind ons dat C.R. North (1956:37-38)<sup>103</sup> in sy kommentaar oor Jesaja 40:1 en 2 skryf dat die

---

<sup>99</sup> König (1926:346-349, 407) het net in hoofstuk 40:1 op die troos ingegaan, op die ander plekke waar  $\text{dn}$  voorkom, word die werkwoord glad nie bespreek of genoem nie.

<sup>100</sup> Frey (1937:12-14) het die werkwoord  $\text{dn}$  net in hoofstuk: 40:1 bespreek. In die ander verse waar die werkwoord  $\text{dn}$  voorkom, word dit nie weer direk bespreek nie. Frey verklaar die kneg en sy troos, deur direk na Christus te verwys, as die kneg.

<sup>101</sup> De Boer (1956:40) konsentreer op die verskillende plekke, waar die werkwoord  $\text{dn}$  in die boek Jesaja voorkom.

<sup>102</sup> Die kern van Deutero-Jesaja, lê vir De Boer (1956:90) by die verlossing die volk Israel uit die ballingskap. Dit is die rede waarom De Boer glad nie die werkwoord  $\text{dn}$  hanteer en bespreek nie. Die feit van 'n nuwe lewe, na die ballingskap, terug in hulle eie land, is vir De Boer die eintlike troos.

<sup>103</sup> North (1956:37-38) verwys na die feit dat Deutero-Jesaja soos aan die begin van sy geskrif, later weer 'n woord dubbel sal gebruik. Hy verwys glad nie weer na die werkwoord  $\text{dn}$  se voorkoms in Deutero-Jesaja nie. North beskou die troos, van Jesaja 40:1, as 'n bewys van genade deur JHWH aan die volk Israel.

troos, herinner aan Hosea wat een kind die naam *lo-ammi* (nie my volk nie) gegee het, wat daarop dui dat JHWH die volk verwerp het. Die belofte was gemaak dat JHWH weer in genade na die volk toe sal kom, nou gebeur dit met die trooswoorde. Fohrer (1964:15-17) sien die inleiding as die eerste agt verse van hoofstuk 40. Hy noem Jesaja die trooster onder die profete. JHWH vergewe die sonde van die volk, in Sy medelye en ontferming (49:10, 13, 15; 51:3; 54:7, 10; 55:7) (1964:17)<sup>104</sup>, omdat JHWH Israel uitverkies (41:9; 43:1, 20; 44:2; 45:4; 49:7) (1964:17) het. Die imperatief vir troos lê klem op 'troos'. 'Troos' en vergewing word aan die volk en stad gegee. Hierna word die verlossing bespreek. North (1964:71-73) wys in sy bespreking van Jesaja 40:1 op die troos. Hy meld dat die troos deur JHWH gewaarborg word en dat die profeet die troos moet die bring, op enige moontlike manier. 'Troos' word gerig aan die volk en die stad Jerusalem.

James Smart (1967:20-21, 42-45)<sup>105</sup> stel dit in sy kommentaar dat hy aanvaar dat die profeet aan die ballinge dwarsoor die ryk skryf. In Jesaja 40 sien hy die eerste twee verse se boodskap nie as troos nie, maar wel as vergiffenis. JHWH het Israel vergewe. Hy sluit dan aan by Romeine 8:1. Hy bespreek dan die pad deur die woestyn en kom nie weer enigsins terug na troos toe nie. Leupold (1977:20-22)<sup>106</sup> verklaar in sy voorwoord dat hy 'n praktiese kommentaar oor Jesaja skryf. Hy wys daarop dat hoofstuk 40 se inleidende vers 'n tema gee vir hoofstukke 40 tot 66 en in besonder vir hierdie hoofstuk. Hy verklaar vers 2 as 'n verduideliking van die ryke omvang van die troos. Hierna word daar glad nie verder na troos verwys nie. Hy noem die troos kortliks in die ander verse in Deutero-Jesaja. Herbert (1975:16-18) verklaar dat die imperatiewe waarmee Jesaja 40 begin, dit moeilik maak om uit te klaar aan wie die boodskap gerig is. Die woord troos het in Hebreeus die betekenis van herstel van moed, verligting van nood. Die 'my volk' wys op die verbondstaal, en

---

<sup>104</sup> Fohrer (1964:15-17) haal hier al die verse aan wat oor ontferming handel, dit word later in hoofstuk 6 behandel, onderafdeling 6.2. Fohrer handel die troos hier af en gaan dan voort om die verlossing te bespreek. Verlossing word verder beklemtoon.

<sup>105</sup> Smart (1967:20-21, 42-45) verklaar dat die boodskap van Deutero-Jesaja aan die ballinge dwarsoor die ryk gerig word, nie net aan die ballinge in Babel nie. Dit gaan vir hom daarvoor dat JHWH die volk se sonde vergewe het. Hy hanteer glad nie weer die werkwoord *dnj* nie. Smart sluit dan aan by die Nuwe Testament en vergelyk Jesaja 40 met Romeine 8.

<sup>106</sup> Leupold (1977:20-22) wys daarop dat dit die ontvanger van die troos, nie duidelik uitgespel word in Jesaja 40 se eerste verse nie. Hy bespreek nie die werkwoord *dnj* volledig in die ander verse waar dit voorkom nie. Daar word slegs genoem dat troos voorkom.

laat die hoorder besef, JHWH sal die volk 'troos'. Die troos word beveel omdat Jerusalem ten volle vir haar sonde geboet het.

Preuss (1976:17, 32-35)<sup>107</sup> het in sy bespreking oor Deutero-Jesaja verskillende temas geïdentifiseer. Dit is insiggewend dat 'troos' nie een van die sogenaamde temas is, wat behandel word nie. Die temas is Kores; Sion; die kneg van JHWH; JHWH en die gode – hierdie temas word as die belangrikste beskou. In die bespreking van hoofstuk 40:1 word net genoem dat 'troos' deur 'n profeet of priester gedoen behoort te word en dat JHWH 'troos' gee aangesien die objek 'my volk' is. Daarmee is die bespreking oor troos afgehandel, en die ander tekste oor troos word glad nie behandel nie. Eaton (1979:38-39)<sup>108</sup> behandel hoofstukke 40 tot 55 as deel van 'n feesdrama. Hy beklemtoon glad nie troos nie, en noem die troos kortliks in vers 3, en dan dat JHWH die stad sal vertroos en herstel. In sy bespreking van vers 1, dui hy net aan dat dit wys op 'n goeie tyding wat aangekondig word.

Ons vind dat Beuken (1979:18-19)<sup>109</sup> die skrywer van Jesaja 40 tot 55 sien as 'n profeet uit die ballinge. Hy behandel 40:1-11 as die proloog van Jesaja 40 tot 55. Hy verklaar dat die troos uitgespreek word, nadat daar vir lank geen troos vir die volk was nie. JHWH is altyd die onderwerp, die ballinge of Sion die objek van 'troos'. Die troos bestaan daarin dat JHWH weer in verbondsterme praat. Daar word verder uitgebrei oor JHWH se optrede teenoor die volk en geskiedenis.

Claus Westermann (1981:31-32) bespreek die werkwoord  $\text{נחם}$  in Jesaja 40:1, sowel as die ander teksgedeeltes waar dit in Deutero-Jesaja voorkom, en verklaar dat Deutero-Jesaja 'n heilsprofeet was. Hy wys daarop dat die troos in 40:1 wys op JHWH. JHWH is die trooster, en Israel is die objek van 'troos'. John Scullion (1982:21-22, 102)<sup>110</sup> gee vir Jesaja 40:1-11 die opskrif – 'die eerste woorde van

---

<sup>107</sup> Preuss behandel net die werkwoord  $\text{נחם}$  in Jesaja 40:1, en glad nie waar dit weer in Deutero-Jesaja voorkom nie.

<sup>108</sup> Eaton (1979:38-39) beskou die hele Deutero-Jesaja as 'n feesdrama, waar dit oor verlossing en die kroning van die koning gaan. Eaton beskou die hoogtepunt van die drama as die bewys dat JHWH weer na Sion terugkeer en as Koning sal heers. Troos is ondergeskik aan verlossing.

<sup>109</sup> Beuken (1979:18-19) bespreek die werkwoord  $\text{נחם}$  volledig, in al die verse waar dit voorkom in Deutero-Jesaja.

<sup>110</sup> Scullion (1982:21-22, 102) noem dat Jesaja 40:1-11 se opskrif – die eerste woorde van vertroosting – moet wees. Dit is opvallend dat hy daarna nie weer na troos verwys nie. Die

vertroosting'. Daar is geen verdere verwysing na troos of die feit dat troos in hoofstuk 40:1 en 49:13 voorkom nie. George Knight (1984:7-8)<sup>111</sup> skryf in 1984 sy kommentaar op Jesaja 40 tot 55 wat hy as dienskneg-teologie bemark. Jesaja 40:1 word verklaar as troos waar mense mekaar nie vertroos of bemoedig oor een of ander krisis nie, maar troos wat ontvang word om 'n mens uit jou probleem na vreugde te begelei. JHWH se doel met die heelal is, steeds die woord wat moet troos bring aan al die persone wat deel is van die verbond. Die werkwoord דָּן word nie verder behandel nie. Richard Clifford (1984:72-74, 154) se interpretasie van Deutero-Jesaja begin in hoofstuk 40 met die toneel van die hemelse hofsitting. Die trooswoord waarmee vers 1 begin word geensins behandel nie. Selfs in hoofstuk 49:13 word daar geensins na die feit van die troos verwys nie, maar net na die feit dat al die nasies sal terugkeer en die elemente van die aarde sal juig. Die verdere verloop van hoe die volk uit ballingskap verlos gaan word, word dan verder bespreek. Die werkwoord דָּן figureer glad nie in sy eksegetiese van Deutero-Jesaja nie.

Koole (1985:15-16, 18-19) verwys in Jesaja 40:1 na die feit dat troos nie versoening met 'n ongelukkige omstandigheid vra nie, maar dat dit gaan om 'n ommekeer en 'n besef dat die ellende verby is. Die tema van 40 tot 55 word met die aanvangswoorde gegee. Troos kom eers weer later terug in hoofstuk 49:13. 'Troos' se waarborg lê in JHWH alleen en die heilswoord van JHWH, teenoor die nietigheid van die afgode. Koole beskou 'bevry' en 'help' as sinonieme vir 'troos'. Die troosboek, Jesaja 40 tot 55, vra dat Israel sal besin oor hulle identiteit as volk van JHWH. Hy beklemtoon dat die profeet se opdrag kort en kragtig is, dat hy die heil van JHWH moet proklameer. Hailey (1985:327-335)<sup>112</sup> skryf oor die hele boek Jesaja. Hoofstuk 40:1-11 word as perikoop gebruik en vers 1 word genoem as inleiding vir die proloog, en die troos wat

---

hoofsaak vir hom is die bevryding uit ballingskap en die vergewing van die volk se skuld. In hoofstuk 49:13 word die verlossing weer eens beklemtoon.

<sup>111</sup> Knight (1984:7-8) verklaar dat die mens in diens van JHWH staan. Die dienskneg karakter van Deutero-Jesaja staan vir hom op die voorgrond. Knight herlei die hele boodskap van Deutero-Jesaja na 'n dienskneg perspektief toe, en pas dit so toe.

<sup>112</sup> Hailey (1985:327-335) verdeel die boek Jesaja op die volgende wyse: 1 tot 39 is ingedeel as – 1-12, 13-23, 24-27, 28-35, 36-39; 40 tot 66 is verdeel as – 40, 41-48, 49-57 en 58-66. Hailey beskou hoofstukke 40 tot 66 as 'n voorbereiding vir die ballingskap, en die versekering dat die volk se nageslag weer na die land toe sal terugkeer, as nageslag van Abraham. JHWH bly getrou aan Sy beloftes, en daarom sal dit gebeur.

nou na vore kom. Die troos dien as tema vir die res van die boek, waarin daar 'n lied van hoop gesing word. Die werkwoord  $\text{dn}$  word nie verder bespreek nie. Daar word nie enige verwysings na die ander verse wat die werkwoord  $\text{dn}$  bevat, gemaak nie.

Eva Hessler (1988:45, 196, 294-295)<sup>113</sup> skryf oor Deutero-Jesaja en wys daarop dat die proloog, in Jesaja 40:1-11, dien as inleiding vir Deutero-Jesaja. Die trooswoord gaan van JHWH af uit en word aan die volk gerig. Hierdie troos word uitgewerk in die hoofstukke wat volg. Die troos word afgehandel in hoofstuk 49:13 waar berig word dat die volk deur JHWH getroos is. Hierna breek die skepping in 'n gejubel uit. Die ander verse in Deutero-Jesaja wat oor  $\text{dn}$  handel, en dan oor troos en die stad, word nie behandel nie. Hans-Joachim Kraus (1990:11-13)<sup>114</sup> bespreek Jesaja 40 tot 66. Jesaja 40 se eerste elf verse is die inleiding. Vers 1 is waar JHWH self die inisiatief neem, en beveel dat die volk getroos moet word. Hierdie troos word gewaarborg deur die woord wat JHWH uitspreek. JHWH self sal die troos bemiddel, en gee. Die gerigsrede word verder behandel en daar word nie verder na troos verwys nie. Jesaja 49:13 se troos wys op bevryding, en volg op die heilsaankondiging. Die troos gryp terug na Jesaja 40:1. Die werkwoord  $\text{dn}$  word deurgaans in die verskillende tekste in Deutero-Jesaja bespreek. Grimm en Dittert<sup>115</sup> (1990:16, 48-51, 339-341, 373-387, 444-447) bespreek in hulle kommentaar oor Deutero-Jesaja die perspektiewe vir die uitleg en noem dan die troos vir Sion waaronder die verse aangehaal word, wat die werkwoord  $\text{dn}$  bevat. In die bespreking van die verse in hulle konteks, word die feit dat daar van troos sprake is, net genoem maar dit word nie in die konteks bespreek of toegepas nie. Die troos word in hoofstukke 40, 49, 51 en 54 tot Jerusalem en Sion gerig en hulle interpreteer elke keer die volk as gelyk aan die stad.

---

<sup>113</sup> Hessler het net die werkwoord  $\text{dn}$  behandel in die tekste wat betrekking het op die volk Israel. Die tekste waar die werkwoord  $\text{dn}$  ten opsigte van die stad Sion/Jerusalem gebruik word, word nie hanteer nie. Dit gaan vir Hessler, in Deutero-Jesaja, oor die feit dat JHWH heers oor die ganse wêreld.

<sup>114</sup> Kraus (1990:11-13) maak 'n onderskeid tussen Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja in sy kommentaar. Hy bespreek die gedeeltes wat uiteen val in hoofstukke 40 tot 55 en 56 tot 66 afsonderlik.

<sup>115</sup> Volgens Grimm en Dittert (1990:16, 48-51, 339-341, 373-387, 444-447) is die volk gelyk aan die stad. Daarom word die troos deurgaans behandel asof die troos net vir Sion/Jerusalem geld.

Peter Miscall (1993:99-100)<sup>116</sup> behandel Jesaja as een boek. Hy verwys in hoofstuk 40 na die troos wat deur 'n onbekende spreker aan 'n anonieme groep mense, wat met Jerusalem geïdentifiseer word, gebring word. Die straf wat in die eerste gedeelte van Jesaja aangekondig word, is verby. Daar volg nou die aankondiging van terugkeer en die heropbou van die stad Jerusalem. Daar is geen verdere verwysing na 'troos' nie, nie dat die opdrag gegee is of oor wie troos moet ontvang nie. Sion-Jerusalem ontvang die goeie nuus en is soms ook die draer van die goeie nuus. Die ander verse wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat, word nie volledig behandel nie en die troos word net genoem.

Motyer (1993:13-19, 289, 298-302)<sup>117</sup> behandel Jesaja as een boek. Hy verklaar hoofstuk 40:1 as 'n boodskap van troos, na die ramp wat in hoofstuk 39:5-7 gemeld word. Hierdie troos word aangekondig in 'n hemelse hof. Vers 2 word verder betrek om te wys dit gaan nie net om troos nie. Dit gaan daarvoor om die volk te oortuig, en uit te nooi om op liefde te reageer, soos in vers 11 in die beeld van die herder verwoord word. Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word, in die ander tekste in Deutero-Jesaja, behandel.

Franz Christ (1994:17, 22-24) gebruik ook die eerste elf verse van Jesaja 40 as inleiding. Hy wys daarop dat die treurendes troos vind in hierdie woorde. Die tyd van verdrukking is verby, vir die stad en volk. Die boodskap dat die straf verby is gaan die bevryding vooraf. Daar word verder uitgebrei oor die feit dat gepreek moet word en dat JHWH se woord vir ewig bly. Troos word nie weer direk in die ander verse waar die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , in Deutero-Jesaja voorkom, behandel of genoem nie.

Paul Hanson (1995:18-20)<sup>118</sup> se bespreking van Jesaja 40 se eerste verse begin met die opmerking dat Deutero-Jesaja die bron van die boodskap van hoop en verlossing

---

<sup>116</sup> Miscall (1993:99-100) laat die klem in Deutero-Jesaja op die verlossing, uit die ballingskap, val. Die verlossing van Israel deur JHWH, en die terugkeer van die volk na Jerusalem, is vir Miscall die kern van Deutero-Jesaja se boodskap.

<sup>117</sup> Motyer (1993:13-19, 289, 298-302) werk volgens die volgende indeling van die boek Jesaja: Jesaja 1-37, 38-55 en 56-66. Hy sien hoofstukke 38-39 as 'n inleiding tot hoofstukke 40 tot 55.

<sup>118</sup> Hanson (1995:18-20) beklemtoon die boodskap van hoop en verlossing, as boodskap van Deutero-Jesaja. Die troos word slegs genoem. Hanson bespreek die genade en verlossing, wat JHWH aan die volk voorspel, in groot besonderhede. Troos word nie verder in sy bespreking aangeraak nie.

terugvoer na die middelpunt van die heeal, naamlik JHWH. JHWH gee die opdrag dat die volk en Jerusalem vertroos moet word. Daarna word daar uitgebrei oor die genade en verlossing wat die volk ontvang. Barry Webb (1996:160-164)<sup>119</sup> bespreek Jesaja 40 se eerste elf verse en wys op die troos wat, hy meen, aangevul word deur die boodskap van die volgende verse, en die uitsprake wat gemaak word. Hierdie troos is geen goedkoop troos nie, en word aan mense gegee wie se totale wêreld tot niet is. Daarom is dit wonderlike nuus om te weet dat hulle op JHWH se woord kan vertrou.

John Oswalt (1998:48-50, 300)<sup>120</sup> bespreek Jesaja 40:1-11 en noem dat die troos opvallend is en herinner aan die vertroosting wanneer 'n familielid gesterf het. Hierdie woorde word deur JHWH tot die volk gerig. Dit is woorde wat in teerheid uitgespreek word. In hoofstuk 49:13 word die troos ook kortliks bespreek. Daar word verder uitgebrei oor die verlossing van die volk.

Childs (2001:297-299, 387, 402-407)<sup>121</sup> bespreek Jesaja 40:1 en verwys na die troos wat gereeld in Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja voorkom. Troos wys op die ingrepe van JHWH wat herstel belowe. Hy wil hê die troos moet aansluit by Jesaja 12:1. Hy is van mening dat die troos van 40:1 alreeds aanwesig was by Jesaja 12:1. JHWH belooft herstel vir die volk en kondig die verlossing aan. Die troos kom van JHWH af en word deur JHWH gewaarborg. In die betrokke verse waar na troos verwys word, word daar soms terugverwys na Jesaja 40:1 se belofte. JHWH bly die waarborg van die 'troos'. Die werkwoord  $\text{נחם}$  word in al die teksgedeeltes in Deutero-Jesaja hanteer, en bespreek.

---

<sup>119</sup> Webb (1996:160-164) hanteer die gedeelte wat bestaan uit Jesaja 40:1-51:11 as 'n eenheid. Hier verskil hy van die ander kommentators wat die breek tussen hoofstukke 48 en 49 plaas. Die hele gedeelte word behandel onder die tema van 'Troos my volk'. Webb hanteer die troos aan die volk, sowel as 'n deel van die troos aan die stad Sion, as troos aan die volk. Dit wil voorkom asof hy die volk en stad gelyk stel in Jesaja 40 tot 51:11. Die stad en volk word duidelik deur Jesaja in die teks onderskei. Webb beklemtoon die feit dat die troos, as wonderlike nuus, die volk lei om JHWH se woord te vertrou.

<sup>120</sup> Oswalt (1998:48-50, 300) se klem lê in Deutero-Jesaja by die verlossing. Die troos word as 'n algemene vertroosting behandel.

<sup>121</sup> Childs (2001:297-299, 387, 402-407) het die werkwoord  $\text{נחם}$  behandel. Hy trek die groter lyne deur van die troos wat vanaf Jesaja 12 begin en deurloop deur Deutero-Jesaja.

Klaus Baltzer (2001:49-51)<sup>122</sup> bespreek Jesaja 40:1 volledig en verklaar dat die eerste vers alles opsom, wat Deutero-Jesaja wil aankondig. Die troos se aanwesigheid of afwesigheid is duidelik sigbaar, in die boek van Deutero-Jesaja. ‘Troos’ word net vir die aksies van JHWH in Deutero-Jesaja gebruik. Die werkwoord  $\text{DN}$  staan altyd in verband met JHWH se aksies, met die volk of stad of ander volke of stede. Die ander verse wat  $\text{DN}$  bevat, word almal betrek, en in verband met die inleidende vers van Deutero-Jesaja gebring. Baltzer (2001:49-51) se kommentaar hanteer die boek van Deutero-Jesaja as ’n verklaring en uiteensetting van die inleidende vers. Die verdere opbou en gebeure moet vertel van JHWH se handeling met die volk, totdat die troosopdrag uitgevoer is.

In sy kommentaar oor Jesaja as boek, verwys John Oswalt (2003:443-445, 548)<sup>123</sup> na Jesaja 40:1. Hy beklemtoon die feit dat troos daarop wys dat daar ’n dag sal kom waarop die straf verby sal wees en die volk herstel sal word. In Jesaja 49:13 verwys hy daarna dat die kneg van JHWH die troos sal moontlik maak. Hierdie troos sal kom en die volk sal dit ervaar. Daar word nie verder op die troos ingegaan of daaroor uitgebrei nie.

John Goldingay (2005:9-11)<sup>124</sup> sien hoofstuk 40 se eerste elf verse as ’n inleiding. Hy verwys net na die troos in vers 1 en verklaar dat daar nou troos kom en dat die straf verby is. Goldingay verklaar dat die ‘troos’opdrag deur JHWH gegee word, maar dat die teks nie help om ’n verklaring te gee oor wie die ‘troos’ moet bring nie. Hy gaan so ver, om aan te sluit by hoofstuk 52:8, en sê dat die wagters op Sion se mure sal troos aankondig aan die stad, as die koning triomfantelik terugkeer. Daarna gaan hy voort om die volk te bespreek. Die werkwoord  $\text{DN}$ , word nie weer aangeraak nie.

---

<sup>122</sup> Baltzer (2001:49-51) hanteer Deutero-Jesaja as ’n drama wat op die troosboodskap gebou is. JHWH se handeling met die volk en stad bevestig die troos opdrag van Jesaja 40:1.

<sup>123</sup> Oswalt (2003:443-445, 548) hanteer die troos kortliks. Troos is nie vir hom ’n tema in Deutero-Jesaja nie.

<sup>124</sup> Goldingay (2005:9-11) maak ’n verwysing na die Talmud waar gesê word dat die boek Jesaja, vol van troos is. Hy sien die troos nie as tema van Deutero-Jesaja nie. Die verlossing is vir Goldingay die belangrikste saak.



Watts (2005:606-609)<sup>125</sup> skryf oor Jesaja 40:1-8 wat hoofstukke 40 tot 55, as proloog, inlei en die voornemens van JHWH aankondig en wat JHWH gaan laat gebeur. Die 'troosaankondiging' moet dien om JHWH se volk te versterk en te bemoedig. Dit laat die volk ook besef dat die tyd van oordeel verby is. JHWH se belofte oor troos en bevryding uit die ballingskap tree nou in. Daar is sekere dinge wat gedoen moet word, en met hierdie aankondiging word die rigting van optrede in die hoofstukke wat volg, aangewys. Die waarborg van die troos berus in JHWH. JHWH kondig die troos aan en sal sien dat die volk getroos word.

Berges (2008:84-101)<sup>126</sup> skryf oor Jesaja 40 tot 48 en sluit aan by die troos-uitspraak in Jesaja 40:1 en wys daarop dat JHWH aan die volk 'troos' sal gee. Hierdie troos word deur JHWH aan die volk gewaarborg. Hulle wat troosteloos was, sal nou getroos word. Berges verwys vervolgens na Jesaja 12:1, Genesis 50:21, Rut 2:13, wat in verband met mekaar staan en iets weergee van die eksiliese en na-eksiliese herstel deur JHWH, wat troos in die hand werk. Die troos lê daarin dat die volk en Jerusalem weer herstel sal word. Die ballingskap is verby en die volk sal terugkeer na Jerusalem, wat weer opgebou sal word. Berges (2010:70-71, 93-94)<sup>127</sup> het oor die profeet Jesaja en sy boek geskryf en die literêre samestelling van die boek bespreek. Hy merk op dat die troosmotief in Jesaja 12 aangeraak word en dan verder gevoer word in Jesaja 40:1 en verdere verse. Die brug word so geslaan vanaf Jesaja 12 na Jesaja 40. Die troos word gewaarborg deur die woord van JHWH wat die volk, 'volk van JHWH' noem. Hierdie troos word deurgevoer na Jesaja 66:13 waar die jubelende inwoners van Sion die lied van bevryding sing. 'Troos' word vanaf Jesaja 40 tot 66 voortgesit as 'n handeling van JHWH. Dempsey (2010:90-92)<sup>128</sup> behandel Jesaja 40 se eerste twee verse en wys daarop dat die openingswoorde aan die volk in ballingskap, wat sou wonder of JHWH hulle verlaat

---

<sup>125</sup> Watts (2005:606-609) bespreek die werkwoord  $\text{חנן}$ , en die voorkoms daarvan in die teksgedeeltes. Watts beklemtoon dat die troos deur JHWH aangekondig en deurgevoer word.

<sup>126</sup> Jesaja 40-48. Berges (2008:84-101) hanteer die werkwoord  $\text{חנן}$ , en verwys na van die ander teksgedeeltes in die Bybel, waar die woord voorkom. Berges doen die verwysing om iets meer weer te gee, van die gebruik, van troos in die literatuur van Israel.

<sup>127</sup> Berges (2010:70-71, 93-94) sien die troos as 'n deurlopende tema in die boek van Jesaja.

<sup>128</sup> Dempsey (2010:90-92) hanteer die troos as die goeie nuus, dat JHWH verlossing gee, die volk gaan terugneem na Jerusalem, en die stad gaan herstel. Dit sal alles gebeur tot eer van JHWH, sodat JHWH weer in Jerusalem gedien kan word.

het, is 'Troos, troos my volk.' Hierdie woorde bevestig dat JHWH die volk nie verlaat het nie en dat JHWH weer 'n pad met die volk wil stap. Hierdie woorde word gerig aan die volk, wat vir haar sinoniem is met Jerusalem. Eers by die bespreking van vers 3 noem sy dat die troos nou voortgaan in die vorm van die goeie nuus dat JHWH kom. Die troos word nie verder in die proloog bespreek nie, maar word geïmpliseer. Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word deur Dempsey, in al die tekste waar dit voorkom, behandel.

### 3.2.1 Samevatting

Die ondersoek na die kommentare het aangetoon dat die meeste Jesaja-eksegete nie die troos indringend behandel nie. Troos word net genoem, en dan word daar na 'n ander onderwerp oorgegaan. Slegs enkele kommentare het die werkwoord  $\text{נָחַם}$  behandel, of genoem as 'n tema<sup>129</sup> vir Deutero-Jesaja (Leupold, 1977:Volume II:20-22).

Dit is duidelik dat die verlossing, skepping en die verhouding tussen JHWH en die volk, as temas beskou was in Deutero-Jesaja. 'Troos' was nie as 'n tema gesien nie, alhoewel daar algemeen na Deutero-Jesaja as 'n troosboek verwys word. Die ondersoek na kommentare in Deutero-Jesaja het getoon dat daar 'n gebrek bestaan aan navorsing oor die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , troos.

### 3.3 Die werkwoord $\text{נָחַם}$ , in kommentare oor die res van die Jesajaboek

Die outeurskap van Jesaja en Deutero-Jesaja het tot 'n geweldige konflik gelei en daar is tot vandag toe nog heelwat publikasies onder albei titels. Die neiging is vandag om na die boek Jesaja as 'n eenheid te kyk, en dit veronderstel dat die tekste in die res van die boek Jesaja, wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat, ook ingeluit moet word.

---

<sup>129</sup> Leupold (Vol. II. 1977:20-22) wys daarop dat hoofstuk 40 se inleidende vers 'n tema gee vir 40 tot 66 en in besonder vir hoofstuk 40.

Koole (1985:15-16. 18-19) sê die tema van 40-55 word met die aanvangswoorde gegee. Troos kom eers weer later terug in hoofstuk 49:13. Troos se waarborg lê in JHWH alleen, teenoor die nietigheid van die afgode en die heilswoord van JHWH.

Baltzer (2001:49-51) hanteer Deutero-Jesaja as 'n drama wat op die troosboodskap gebou is. JHWH se handeling met die volk en stad bevestig die troos opdrag van Jesaja 40:1.

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word in die Pi'el in Jesaja 12:1, 22:4, 61:2 en 66:13 gebruik; in Jesaja 1:24 en 57:6 word die Nif'al gebruik; en die Pu'al in 66:13. Die meeste kommentare verwys net na die voorkoms van  $\text{נָחַם}$  en die werkwoord word nie in besonderhede bespreek nie. Berges behandel die werkwoord en wys daarop dat die gedeelte in Jesaja 12 aansluit by Jesaja 40:1. Die feit dat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  gebruik word, word nie deur alle kommentators beklemtoon nie.

### 3.3.1 $\text{נָחַם}$ in die Nif'al in Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word, in die Nif'al, gebruik met die betekenis 'om jouself te troos' of 'om wraak te neem', soos in Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6. Albei hierdie tekste handel oor JHWH. JHWH wil wraak neem teen die volk in Jesaja 1:24, oor die sonde en verkeerde dade van die volk. Die wraak dien vir JHWH om Homself te 'troos'. In Jesaja 57:6 wil JHWH by die volk Israel weet, of JHWH tevrede moet wees met die verkeerde optrede van die volk. Afgode word gedien en daar word opgetree asof JHWH nie bestaan nie.

Calvyn (1900:32-33; 685-686)<sup>130</sup> vertaal hierdie vers in Jesaja 1:24 en wys daarop dat JHWH sy troos vir Hom sal hou en dat JHWH wraak sal neem op die vyande van JHWH, in hierdie geval die ongehoorsame volk. Hier wys dit op troos wat verkry word wanneer 'n mens te na gekom was. Jy troos jouself deur die ander persoon te straf om so die onreg wat jou aangedoen is, te herstel. Die straf moet die volk tot inkeer laat kom. Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Jesaja 57:6 word deur Calvyn vertaal met versoen. JHWH kan nie met die volk se optrede in versoening kom nie. Alexander (1976: Volume I:91-92. Volume II:344)<sup>131</sup> bespreek Jesaja 1:24 en wys daarop dat Jesaja, nadat die beskrywing van die korrupsie gegee is, kom met die belofte van reiniging van die volk en dat JHWH Homself gaan troos deur ontslae te raak van die slegte mense. JHWH gaan wraak neem op die volk en so probeer om hulle te laat beseef dat hulle JHWH verlaat en te na gekom het. Hier is die vyand nie vreemdes nie, maar die vyande van JHWH, tussen die volk. Alexander is van mening dat die

---

<sup>130</sup> Calvyn (1900:32-33; 685-686) wys daarop dat Jesaja 1:24 'n moeilike begrip is. In Jesaja 57:6 kan JHWH nie die volk se sondige optrede aanvaar nie.

<sup>131</sup> Alexander (1976: Vol. I:91-92. Vol. II:344) wys daarop dat JHWH nie tevrede kan voel met die volk se optrede, teenoor JHWH nie. In albei hoofstukke word die eer van JHWH aangetas. JHWH self sal ingryp en optree teenoor die volk.

vertaling van Jesaja 57:6 moet wees: 'sal Ek myself vertroos' en dan voeg hy tussen hakies by, ' vertroos sonder wraak?' In albei gevalle gaan dit, vir Alexander, oor JHWH wat benadeel word (Alexander, 1976:Volume I:91-92. Volume II:344.

Snijders (1969:38-40)<sup>132</sup> het Jesaja 1:24 behandel en JHWH se Naam bespreek. Die werkwoord  $\text{נחם}$  word glad nie behandel nie. Leupold (Volume I. 1977:68-72; Volume II:274 -276)<sup>133</sup> behandel die verse in Jesaja 1:24 en verwys na die kwessie van afrekening of voldoening verskaf. Hy wys daarop dat die persone wat die wraak gaan ervaar lede van die volk is, wat nie JHWH wou volg nie. Jesaja 57:6 word hanteer en daar vertaal hy  $\text{נחם}$ , met 'sal Ek kalm wees.' In beide Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6, is daar geen verwysing na, of bespreking oor die werkwoord  $\text{נחם}$  nie. Wildberger (1980:64-65)<sup>134</sup> behandel Jesaja 1:24 en bespreek die werkwoord  $\text{נחם}$  en die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , wat dikwels saam met die 'dag van JHWH' gebruik word en wys dat albei dui op die gerighandelinge van JHWH. Hailey (1985:43-45)<sup>135</sup> bespreek Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6 en begin met JHWH wat Homself wil troos, deur ontslae te raak van hulle wat vir JHWH moeilikheid gee. Die loutering sal soos met 'n vuuroond wees en die wat sal terugkeer na Jerusalem, na die ballingskap, sal regverdig wees. Die afgodsdienaars sal gestraf word en die wat op hulle krag vertrou, se krag sal ingee en tot niet gaan. Beuken (1989:60-61)<sup>136</sup> bespreek Jesaja 57:6 as 'n vraag van JHWH, wat aandui dat JHWH aan die einde van Sy geduld gekom het. Miscall (1993:24) bespreek Jesaja 1:24 en wys daarop dat JHWH se toorn oor die stad uitgestort gaan word en dieselfde werkwoord -  $\text{נחם}$  wat troos beteken - word hier gebruik. Toorn, 'troos', oordeel en herstel gaan hand aan hand in Jesaja. In Jesaja 57:6 word die werkwoord  $\text{נחם}$  glad nie hanteer nie.

---

<sup>132</sup> Snijders (1969:38-40) verwys net na die aanklag teen die volk. Hy wys dat die aanklag gevolg word deur die dreigement, en dan gaan hy oor om die Naam van JHWH in kombinasies te behandel. Daar is geen verwysing na die werkwoord,  $\text{נחם}$  nie.

<sup>133</sup> Leupold (Vol. I. 1977:68-72; Vol. II:274 -276) bespreek die sonde van die volk teen JHWH, in albei die teksgedeeltes. Leupold hanteer nie die werkwoord  $\text{נחם}$ , in die Nif'al, nie. Hy het net sy vertaling gegee, en dan die vers verklaar.

<sup>134</sup> Wildberger (1980:64-65) wys daarop dat die oordeel of gerig van JHWH met droefheid en ontferming gepaard gaan. JHWH wil die volk tot inkeer bring, en JHWH se liefde is selfs in die woede sigbaar.

<sup>135</sup> Hailey (1985:43-45) verwys nie na die werkwoord  $\text{נחם}$  nie. Hy vertaal wel in beide gevalle, dat daar wraak geneem sal word deur JHWH.

<sup>136</sup> Beuken (1989:60-61) gee 'n volledige uiteensetting van die ander probleem woorde in die vers. Hy verwys glad nie na die werkwoord  $\text{נחם}$  nie, daar is slegs die kort vertaling met aantekeninge.

Motyer (1993:48-50)<sup>137</sup> verklaar Jesaja 1:24 en wys op die feit dat silwer gelouter moet word, so ook die volk vir hulle verkeerde daade. Die titels, wat Jesaja gebruik, wys dat JHWH self praat en dat JHWH דָּן, wat met 'verligting soek' vertaal word, wil verkry. Die verligting kom deur wraak te neem. In Jesaja 57:6 is die wraak van JHWH ook die onvermydelike gevolg, op die sonde van die volk. Webb (1996:44-45)<sup>138</sup> hanteer Jesaja 1:24, en hy verklaar dat die profeet kla oor die volk se optrede om JHWH te verlaat en daarom gaan daar nou straf kom. Die verwysing na die feit dat JHWH voldoening wil kry deur af te reken, word glad nie genoem nie. Oswalt (2003:82-85, 611-615)<sup>139</sup> bespreek Jesaja 1:24 en verklaar dat JHWH Homself sal wreek, omdat die volk tydelik JHWH se vyande geword het. Sion word dan betrek en Oswalt verklaar dat die verhouding tussen Sion en JHWH, 'n belangrike tema in die boek sal word. Hy het net die werkwoord דָּן in Jesaja 57:6 vertaal, die werkwoord word glad nie bespreek nie.

Berges (2010:57-58; 134-135)<sup>140</sup> bespreek nie die werkwoord דָּן in Jesaja 1:24 of Jesaja 57:6 nie. Berges wys op die stad se verkeerde optrede teenoor JHWH. Hierdie optrede moet in albei teksgedeeltes verander. Dempsey (2010:13-14;153-154)<sup>141</sup> behandel Jesaja 1:24 en wys daarop dat die stad Jerusalem totaal ontaard het en vir niemand meer omgee nie. JHWH beskryf die gevolge op die verkeerde daade, wat nie ongestraf kan bly nie. Die stad sal vernietig word en die inwoners weggevoer word in ballingskap. Daar is hoop ingebed in die straf, want JHWH gaan sake weer laat herstel, nadat die oordeel verby is en daar sal verlossing kom en Sion

---

<sup>137</sup> Motyer (1993:48-50) sien dat die volk soos silwer gelouter moet word, vir hulle verkeerde daade. Dit gaan hier om die wraak van JHWH, wat die volk sal louter en suiwer. Die volk kan nie afgode en JHWH tegelyk dien nie. JHWH kan alleen gedien word.

<sup>138</sup> Webb (1996:44-45) wys daarop dat die profeet oor die volk se optrede om JHWH te verlaat, kla. Die ongewone is dat die straf eerder as loutering gesien moet word. Die inwoners en stad se optrede vra vir straf.

<sup>139</sup> Oswalt (2003:82-85, 611-615) kyk na die verkeerde optrede van die volk wat indruis teen wat JHWH van die volk verwag. In Jesaja 57:6 word net die afgodsdien van die volk bespreek.

<sup>140</sup> Berges (2010:57-58; 134-135) wys in Jesaja 1:24 daarop dat die korrupte stad haar sal moet bekeer na reg en geregtigheid toe. Die stad moet weer in 'n verhouding met JHWH staan en gehoorsaam aan JHWH word. Berges wys in Jesaja 57:6 dat die stad nie JHWH se koms aankondig nie. Nee, die stad gaan voort met afgodsdien.

<sup>141</sup> Dempsey (2010:13-14;153-154) toon in albei teksgedeeltes aan dat die stad ontaard het. JHWH wys in Jesaja 1 daarop dat die straf gaan volg op die verkeerde daade van die stad. Dempsey wys daarop dat Israel nog verder sal moet verander, om werklik volk van JHWH te wees, en dit is 'n tydsame proses.

sal weer herstel word. JHWH sal daarvoor sorg. Daar word niks gesê oor die feit dat םנן in Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6 ten opsigte van JHWH gebruik word nie. Jesaja 57:6 toon aan dat die stad weer afgodsbeelde bo JHWH verkies. JHWH roep die stad op om na Hom toe terug te keer.

### 3.3.1.1 Samevatting

Die ondersoek na die voorkoms van םנן in die Nif'al in Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6 toon aan dat die werkwoord nie bespreek word nie. Beide die tekste handel oor JHWH wat die verkeerde optrede van die stad en volk kritiseer. Die eksegete wys op die verkeerde optrede en die feit dat straf sal volg. Die gebruik van םנן ten opsigte van JHWH wat Homself moet troos, aan die verkeerde optrede van die volk, word nie behandel nie. Hierdie twee verse ontbreek in die meeste woordeskat besprekings, wat verwys na םנן se voorkoms, wat die betekenis van troos bespreek.

### 3.3.2 םנן in die Pi'el in Jesaja 12:1; 22:4; 61:2 en 66:13, en in die Pu'al in Jesaja 66:13

Die werkwoord םנן word in die Pi'el in Jesaja 12:1, 22:4, 61:2 en 66:13 gebruik; en die Pu'al in 66:13. Die meeste kommentare verwys net na die voorkoms van םנן, maar die werkwoord word nie in besonderhede bespreek nie. Berges behandel die werkwoord en wys daarop dat die gedeelte in Jesaja 12 aansluit by Jesaja 40:1. Die feit dat die werkwoord םנן gebruik word, word nie deur alle kommentators beklemtoon nie.

#### 3.3.2.1 Jesaja 12:1

Calvyn (1900:158)<sup>142</sup> verklaar Jesaja 12:1. Die troos is vertaal, maar nie direk behandel nie en daar is geen verwysing na םנן nie. Alexander (Volume 1. 1976:263-265)<sup>143</sup> het die troos in Jesaja 12 vertaal. Die lied beskryf JHWH wat kwaad was en die toorn laat vaar het en nou het JHWH Israel getroos. Die inwoners van Sion loof JHWH wat hulle verlos het. Die troos is vertaal, maar dit word net genoem dat die

---

<sup>142</sup> Calvyn (1900:158) verklaar dat hierdie 'n danklied is, wat tot dankbaarheid aanspoor. Jesaja 12 geld vir hom as 'n lied wat gerig is aan die oorblyfsel van die ballinge, wat sal terugkeer na Jerusalem toe. Die volk sal JHWH se genade ervaar.

<sup>143</sup> Alexander (Vol. 1. 1976:263-265) sien die hoofstuk as 'n loflied van die inwoners van Sion vir die verlossing en troos, wat van JHWH ontvang is.

troos, deur daad, geskied. Snijders (1969:152-153)<sup>144</sup> het na die troos verwys in Jesaja 12:1. Leupold (Volume I. 1977:228-233)<sup>145</sup> behandel hoofstuk 12 as 'n geheel. Hoofstuk 12 is 'n loflied tot eer van JHWH. JHWH het die toorn laat vaar en gee troos en sorg vir Sion. Wildberger (1980:480-482)<sup>146</sup> behandel die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Jesaja 12:1. Die troos word deur JHWH gegee.

Hailey (1985:126-128)<sup>147</sup> hanteer die ses verse as 'n geheel. Hy wys daarop dat hier 'n loflied volg. Die ballinge het die versekering van JHWH dat hulle vertroos sal word en dat die pad deur die woestyn hulle na Jerusalem toe sal neem. Miscall (1993:46)<sup>148</sup> beskou Jesaja 12 as 'n lied wat hoofstukke 1 tot 12 afsluit en die oorgang na hoofstukke 13-23, 24-27 en 40-66 bewerkstellig. JHWH se toorn is verby en die troos realiseer. JHWH sal vereer en gedien word. Daar word nie verder oor troos uitgebrei nie. Motyer (1993:127-130)<sup>149</sup> behandel hoofstuk 12 as 'n geheel. Dit is in die vorm van 'n lied tot eer van JHWH omdat JHWH die toorn laat vaar het en troos gee. Webb (1996:77-78)<sup>150</sup> bespreek die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in Jesaja 12. Hy wys daarop dat JHWH, wat kwaad was, die enigste bron van troos is. Oswalt (2003:193-195)<sup>151</sup> bespreek verse 1-6 as 'n geheel en wys daarop dat hierdie gedeelte die eerste twaalf hoofstukke afsluit. Hy verklaar dat hier 'n reaksie is op JHWH se aksie, die volk loof JHWH wat Sy toorn laat oorgaan in 'troos'. Hierdie betoning van genade laat die inwoners van Sion sing oor die daad van JHWH wat die Heilige is. Berges

---

<sup>144</sup> Snijders (1969:152-153) verwys na die werkwoorde en sê dat hulle in die jussiewe vorm is, en dat hy hulle as imperfektums sal vertaal.

<sup>145</sup> Leupold (Vol. I. 1977:228-233) sien Jesaja 12 as 'n gepaste afsluiting vir die eerste deel van Jesaja. Leupold het die troos vertaal, en interpreteer die troos as 'n teken van JHWH se sorg en liefde vir die volk.

<sup>146</sup> Wildberger (1980:480-482) bespreek die voorkoms van  $\text{נָחַם}$  ten opsigte van die toorn van JHWH. Hy noem die feit dat JHWH genade betoon, en weer die volk help en red.

<sup>147</sup> Hailey (1985:126-128) sien die troos as bystand op die pad deur die woestyn, vir die ballinge wat later sal terugkeer.

<sup>148</sup> Miscall (1993:46) hanteer die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , en verwys terug na hoofstuk 1:24, waar JHWH 'n afkeer in die volk gehad het. Hier verander die afkeer in troos. JHWH vertroos die volk.

<sup>149</sup> Motyer (1993:127-130) behandel die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , en wys daarop dat JHWH die troos gee.

<sup>150</sup> Webb (1996:77-78) verdeel hoofstuk 12 in twee dele, naamlik 1-2 en 4-6. Hy is van mening dat die groep wat troos ontvang, 'n oorblyfsel van die volk van JHWH sal wees. Hoofstuk 12 sluit die eerste gedeelte van Jesaja af.

<sup>151</sup> Oswalt (2003:193-195) hanteer die voorkoms van troos in hoofstuk 12. Hy gaan direk van die troos af oor na Christus en die Heilige Gees se werk.

(2010:71)<sup>152</sup> behandel Jesaja 12:1 en wys daarop dat die werkwoord  $\text{DN}$  die brug slaan na Jesaja 40:1 en Jesaja 49:13 wat die volgende hoofdeel begin. Die jubelende inwoners van Sion stem in met die vreugdeboodskap van Jesaja 40:9 en die verlossing. Dempsey (2010:30-31)<sup>153</sup> behandel Jesaja 12:1. Daar sal ondervind word dat JHWH die volk vertroos en dat hulle JHWH gaan dien en eer. Die werkwoord  $\text{DN}$  word behandel.

### 3.3.2.1.1 Samevatting

Jesaja 12:1 toon dat die werkwoord bespreek word en deur sommige eksegete behandel word. Daar word gevind dat die meeste eksegete daarop wys dat JHWH sy toorn laat vaar het en nou die volk gaan 'troos'. Troos word nie beklemtoon in die besprekings nie. Daar word eerder klem gelê op die lof en diens aan JHWH, as op die troos wat JHWH uit genade skenk.

### 3.3.2.2 Jesaja 22:4

Calvyn (1900:241) verklaar Jesaja 22:4 as 'n beeld van 'n volk wat geestelik verlam is deur JHWH en na loutering weer in genade aangeneem sal word. Die feit dat die profeet nie getroos wil word nie, word glad nie vertaal nie. Alexander (Volume 1. 1976:378-385)<sup>154</sup> bespreek Jesaja 22:1-14. Alexander wys daarop dat hierdie verse die optrede van die inwoners, van Jerusalem, beskryf tydens 'n inval. Daar heers algehele verwarring. Die profeet wil nie getroos word nie omdat die volk net gelewe het soos hulle wou, en nie na JHWH geluister het nie. Snijders (1969:214-215)<sup>155</sup> bespreek nie die werkwoord  $\text{DN}$  nie. Snijders vertaal wel dat die profeet geen trooswoorde soek nie.

Leupold (Volume I. 1977:344-347)<sup>156</sup> behandel die eerste vier verse van Jesaja 22 as 'n eenheid. Hy behandel die werkwoord  $\text{DN}$ . Wildberger (1978:804, 817)<sup>157</sup> het

---

<sup>152</sup> Berges (2010:71) wys daarop dat hier 'n brug geslaan word met Jesaja 40:9, en Jesaja 49:13. Die jubelende inwoners van Jesaja 12, sluit aan by die vreugdeboodskap en die verlossing, wat Sion in Jesaja 40:9 ontvang.

<sup>153</sup> Dempsey (2010:30-31) sien die troos as hoop vir die toekoms wanneer daar vrede tussen Efraim en Juda sal wees. JHWH gee die troos.

<sup>154</sup> Alexander (Vol. 1. 1976:378-385) behandel die voorkoms van die werkwoord  $\text{DN}$  in hoofstuk 22.

<sup>155</sup> Snijders (1969:214-215) wys daarop dat die profeet ween oor die ondergang van Jerusalem.

<sup>156</sup> Leupold het die werkwoord  $\text{DN}$  in hoofstuk 22 behandel. Die profeet treur en wil nie getroos word nie, omdat die volk verkeerde insigte het, en nie JHWH wil dien nie.



Jesaja 22:4 behandel en vertaal die werkwoord םנן. Hy wys daarop dat die profeet geen vertroosting soek nie. Hailey (1985:179-185)<sup>158</sup> bespreek Jesaja 22:1-14 as 'n geheel. Jerusalem se inwoners is opgewonde. Die profeet wil nie getroos word nie omdat hy in die visioen sien dat Jerusalem vernietig gaan word. Die werkwoord םנן is behandel. Miscall (1993:61)<sup>159</sup> behandel Jesaja 22 en verwys na die feit dat die stad nie getroos wil word nie. Hy is egter van mening dat die 'ek' na die profeet en die regeerder van die stad verwys en nie die stad self nie. Motyer (1993:180-183)<sup>160</sup> hanteer Jesaja 22:4 en vertaal die 'troos'. Die inwoners is opgewonde. Die profeet wil nie getroos word nie, want hy sien die latere verwoesting van die stad en daarom behoort daar geen vreugde te wees nie.

Webb (1996:101-102)<sup>161</sup> hanteer Jesaja 22:4. Die feit dat die profeet nie getroos wil word nie, word vertaal. Oswalt (2003:259-263)<sup>162</sup> bespreek Jesaja 22:4. Daar word niks genoem van die feit dat die profeet glad nie getroos wil word nie. Dempsey (2010:42)<sup>163</sup> behandel Jesaja 22:1-25 as 'n geheel. Die feit dat Jesaja nie getroos wil word nie, word nie behandel nie.

### 3.3.2.2.1 Samevatting

Jesaja 22:4 toon dat die werkwoord vertaal word in die vertalings. Sommige eksegete behandel die feit dat die profeet nie getroos wil word nie. Uit die eksegete se werk wat ondersoek is, word gevind dat talle eksegete nie eers verwys na die profeet wat nie troos wil ontvang nie. Jesaja 22:4 verskyn in die woordeskat van konkordansies as 'n vers waar die werkwoord םנן voorkom. Die feit val op dat die werkwoord nie deur alle eksegete in die vers behandel word nie.

---

<sup>157</sup> Wildberger (1978:804, 817) wys dat die volk geen insig toon in die profeet se smart nie. Die profeet wil nie getroos word nie, omdat hy die ondergang van Jerusalem sien.

<sup>158</sup> Hailey (Vol. I. 1977:344-347) wys daarop dat die profeet die vernietiging van Jerusalem sien. Die inwoners het van JHWH vergeet.

<sup>159</sup> Miscall (1993:61) het die troos hanteer.

<sup>160</sup> Motyer (1993:180-183) wys op die verskil in ingesteldheid by die volk en die profeet. Die inwoners is opgewonde en die profeet wil nie getroos word nie.

<sup>161</sup> Webb (1996:101-102) toon die stad se opgewondenheid aan, en die profeet wat nie troos soek nie, omdat die stad verwoes gaan word.

<sup>162</sup> Oswalt (2003:259-263) wys dat die stad se opgewondenheid nie deur die profeet gedeel word nie. Die profeet sien die stad se latere verwoesting in 'n visioen.

<sup>163</sup> Dempsey (2010:42) verklaar dat die profeet die inwoners probeer oorhaal, om tot inkeer te kom, omdat die stad verwoes gaan word.

### 3.3.2.3 Jesaja 61:2

Calvyn (1900:733-734)<sup>164</sup> behandel Jesaja 61:2. Die troos wat vertaal is word nie gebruik by die uitleg nie. Alexander (Volume II. 1976:397-400)<sup>165</sup> behandel Jesaja 61:1-3. JHWH sal die treuendes vertroos en aan die wat rou, in Sion, troos gee en hulle omstandighede verander. Die troos wat in sy vertaling voorkom, is behandel by die bespreking van die vers. Franz Delitzsch (1877:Volume II:424-428)<sup>166</sup> behandel Jesaja 61:1-3. Die troos word vertaal maar nie bespreek nie. Leupold (1977:Volume II:319-323)<sup>167</sup> behandel Jesaja 61:1-3. Die troos word vertaal en as goeie nuus gesien. Herbert (1975:161-164)<sup>168</sup> behandel Jesaja 61 as 'n geheel en het troos in vers 2 vertaal. Daar word nie weer na die troos verwys nie. Eaton (1979:90-91)<sup>169</sup> gebruik Jesaja 61:2 en wys dat die leier die volk moet troos en amnestie toestaan; vir hom is dit net deel van die nuwe-jaar-seremonie waar die feesdrama opgevoer word.

Westermann (1981:290-292)<sup>170</sup> bespreek Jesaja 61:2 en vertaal en bespreek die 'troos'. Hailey (1985:492-493)<sup>171</sup> bespreek die eerste drie verse van Jesaja 61 as 'n perikoop. Die troos word vertaal. Hailey verklaar dat die kneg almal wat treur sal vertroos. Kraus (1990:211-214)<sup>172</sup> behandel Jesaja 61:1-3 as 'n perikoop. Die troos word vertaal. Die verlossing en bevryding word geskenk en die treuendes sal almal vertroos word. Miscall (1993:138-140)<sup>173</sup> behandel Jesaja 61:1-4. Die troos word nie

---

<sup>164</sup> Die vers word eskatologies verklaar.

<sup>165</sup> Alexander verklaar hierdie verse Messiaans.

<sup>166</sup> Delitzsch (Vol. II. 1877:424-428) interpreteer die gedeelte as 'n kneglied, en lees Christus in die verse in.

<sup>167</sup> Leupold (Vol. II. 1977:319-323) wys daarop dat Trito-Jesaja die gedagte gebruik dat JHWH al die treuendes sal vertroos. 'n Gedagte wat nie by Deutero-Jesaja gevind word nie.

<sup>168</sup> Herbert (1975:161-164) bespreek die kneg en interpreteer hierdie eerste verse as 'n kneglied.

<sup>169</sup> Eaton (1979:90-91) hanteer Jesaja 61 as deel van die feesdrama met nuwe jaar. Die troos word deur die koning aan die volk verskaf.

<sup>170</sup> Westermann (1981:290-292) benadruk dit dat Trito-Jesaja soos Deutero-Jesaja die heilsboodskap bring. Die troos word verder verkondig.

<sup>171</sup> Hailey (1985:492-493) interpreteer die gedeelte Messiaans.

<sup>172</sup> Kraus (1990:211-214) is van mening dat hierdie gedeelte moontlik 'n invoeging is, van 'n persoon wat verbonde was aan 'n Deutero-Jesaja skool, want die gedeelte herinner sterk aan die kneglied in Jesaja 42:1. Die gedeelte herinner verder baie sterk aan die Messias of die salwing van 'n koning.

<sup>173</sup> Miscall (1993:138-140) hanteer die verskillende terminologie vir verlossing en bevryding wat in die gedeelte gebruik word.

behandel nie. Motyer (1993:499-501)<sup>174</sup> behandel Jesaja 61:1-4 as kleiner perikoop. Die troos word vertaal en behandel. Almal wat treur en rou, sal vertroos word.

Webb (1996:234-235)<sup>175</sup> hanteer Jesaja 61:1-6 en die troos word vertaal en geïnterpreteer. Oswalt (2003:648-651)<sup>176</sup> behandel verse 1-3a as 'n eenheid. Daar word niks van troos genoem nie, maar hy verklaar dat die rou in blydschap verander sal word. Berges (2010:142-145)<sup>177</sup> verwys in Jesaja 61 na die jubeljaar en kneg wat die troos gee. Dempsey (2010:170-171)<sup>178</sup> behandel Jesaja 61:1-4 as 'n eenheid. Sy wys daarop dat die profeet nou sy verhouding met JHWH bely en sy werksopdrag uitspel. Sy opdrag is om die goeie nuus te bring, vryheid aan te kondig, almal te vertroos en almal in Sion te troos wat rou en hulle rou met vreugde te vervang. Die troos is vertaal en behandel.

### **3.3.2.4 Jesaja 66:13 (Pi'el) en Jesaja 66:13 (Pu'al)**

Calvyn (1900:789-790)<sup>179</sup> verklaar Jesaja 66:13-14 saam. Die troos van Jerusalem wat vertaal is, word glad nie by die uitleg gebruik nie. Alexander (Volume II. 1976:466-469)<sup>180</sup> behandel Jesaja 66:10-14 as 'n eenheid. Die troos word vertaal. JHWH sal vrede gee en almal troos en hulle sal sien hoe die beloftes oor Jerusalem in vervulling gaan. Franz Delitzsch (Volume II. 1877:503-504)<sup>181</sup> hanteer Jesaja 66:13-14 in aansluiting met mekaar. Die troos word vertaal en behandel. In Jerusalem sal die inwoners deur JHWH vertroos word. Leupold (1977:Volume II:375-

---

<sup>174</sup> Motyer (1993:499-501) sien die gesalfde as Jesus.

<sup>175</sup> Webb (1996:234-235) beskou die kneg wat gesalf word as Christus.

<sup>176</sup> Oswalt (2003:648-651) wys op die debat oor wie die persoon in hierdie verse is, hy aanvaar dat dit Jesus moet wees.

<sup>177</sup> Berges (2010:142-145). Die kneg sal die goeie nuus bring en daar sal vreugde wees. Sion sal die stad van geregtigheid wees.

<sup>178</sup> Dempsey (2010:170-171). Die kneg staan in diens van JHWH, en bring troos en vreugde. Die persone wat die herstel beleef, sal as knegte leef.

<sup>179</sup> Calvyn (1900:789-790) hanteer die gedeelte as 'n toekomsvisie, by die koms van die Messias. Calvyn interpreteer dit ook as die hoorders, wat die verlossing uit Babel beleef het.

<sup>180</sup> Alexander (Vol. II. 1976:466-469) vertaal die troos, en wys dat JHWH die troos sal verskaf.

<sup>181</sup> Delitzsch (Vol. II. 1877:503-504) wys op die verlossing uit ballingskap. Israel het teruggekeer na Jerusalem en ervaar die troos van JHWH.

376)<sup>182</sup> behandel Jesaja 66:12-14 as 'n eenheid. JHWH praat deur die profeet en verseker die volk van bystand en troos. Die troos is vertaal en behandel.

Herbert (1975:194-195)<sup>183</sup> baken in Jesaja 66 die perikoop af van vers 7-18a. Die troos in vers 13 word drie keer vertaal, maar wanneer die uitleg gegee word ontbreek die 'troos' totaal. Hailey (1985:523-525)<sup>184</sup> behandel Jesaja 66:7-14 as 'n perikoop. Die troos word vertaal en behandel. Westermann (1981:333-334)<sup>185</sup> behandel Jesaja 66:6-16 as 'n perikoop. Hy vertaal die troos drie keer en behandel die troos. Kraus (1990:248-252)<sup>186</sup> behandel Jesaja 66:6-17 as 'n perikoop. Die troos word vertaal en behandel. Miscall (1993:146-149)<sup>187</sup> bepaal die perikoop in Jesaja 66 as 7-14a. Die troos is vertaal en behandel.

Motyer (1993:535-538)<sup>188</sup> voeg in Jesaja 66:5-14 as 'n groep saam. Die troos word vertaal en bespreek. Webb (1996:248-249)<sup>189</sup> voeg in Jesaja 66:12-17 as 'n perikoop saam. Die troos word vertaal en behandel. Oswalt (2003:692-693, 695-696)<sup>190</sup> behandel Jesaja 66:7-14 as 'n eenheid. Troos word behandel. Berges (2010:155-156; 1998:525-526)<sup>191</sup> behandel Jesaja 66:13 en beklemtoon troos en die

---

<sup>182</sup> Leupold (Vol. II. 1977:375-376) wys daarop dat die beeld gebruik word, van 'n ma wat haar kind vertroos, so sal JHWH die volk vertroos en bystaan.

<sup>183</sup> Herbert (1975:194-195) verwys daarna dat JHWH Sion sal bystaan, soos 'n ma haar kinders troos, en dat die stad die inwoners so sal bystaan.

<sup>184</sup> Hailey (1985:523-525) interpreteer die gedeelte Messiaans. Die kneg sal almal troos, en dit sal in die geestelike Jerusalem gebeur.

<sup>185</sup> Westermann (1981:333-334). Die liefde en troos van JHWH vir Sion word op 'n innige manier beskryf en uitgedruk.

<sup>186</sup> Kraus (1990:248-252) wys daarop dat die volk terugkeer na Jerusalem. JHWH sal die volk vertroos. Hierdie vers word teruggevoer na Jesaja 40:1, die sirkel van troos is nou voltooi. Troos het in woord en daad, die krag, oprig van swak mense, en die bemoediging geword. Hier vind ons 'n goeie beskrywing van, en die bedoeling en inhoud van die werkwoord  $\text{נחם}$ .

<sup>187</sup> Miscall (1993:146-149) wys dat vers 13 die versekering gee van troos en ontferming. Die routyd vir Jerusalem is verby. JHWH troos, en moet vereer word.

<sup>188</sup> Motyer (1993:535-538) wys dat die deel van die volk wat in afhanklikheid van JHWH lewe, kan weet dat hulle vertroos sal word, en deel sal hê aan die nuwe stad. Hy verbind die troos hier aan Jesaja 40:1, al verskil is dat die troos, hier, 'n afgehandelde aksie deur JHWH is. Die volk is vertroos en sal die vreugde in die nuwe Jerusalem belewe.

<sup>189</sup> Webb (1996:248-249) sê dat hier oor die nuwe Jerusalem gepraat word. JHWH sal daar alle mense troos, en dit sal 'n stad van vrede wees.

<sup>190</sup> Oswalt (2003:692-693, 695-696) verwys na Sion as die moeder vir die volk en nasies. Die troos word deur hom as 'n bemoediging en opbeuring gesien. Hy glo JHWH sal jou in geloof bemoedig.

<sup>191</sup> Berges (2010:155-156; 1998:525-526) wys daarop dat die troos as motief deur die boek loop, en die boodskap dra. Die troos deur JHWH bly nie uit nie, JHWH versorg soos 'n moeder, en staan die volk by, en beskerm die volk. Berges (1998:525-526). JHWH wat versorg soos 'n ma word hier behandel.

troosmotief van die boek Jesaja. Berges wys op die voorkoms van troos vanaf Jesaja 12:1; 40:1; 49:13; 51:3; 51:12; 52:9; 61:2 en dan 66:13. Dempsey (2010:195)<sup>192</sup> behandel Jesaja 66:7-13 as 'n eenheid. Die troos word behandel.

### 3.4 Samevatting

Die ondersoek na die voorkoms en bespreking van die werkwoord נָחַם, in die res van die boek Jesaja, toon dat dieselfde tendens as in kommentare oor Deutero-Jesaja herhaal word. Die meeste kommentare sal net die feit van troos noem, en dan voortgaan om 'n ander onderwerp ten volle te bespreek. Daar is enkele kommentare wat troos ten volle bespreek. Die een kommentator wat troos as deurlopende tema in die boek Jesaja sien is Berges (2010:155-156)<sup>193</sup>.

---

<sup>192</sup> Dempsey (2010:195) beklemtoon dat die eintlike boodskap van hierdie verse is: JHWH sorg vir Jerusalem, en so vir Sy kinders. Jerusalem en Sion is die plek waarheen die regverdige terugkeer.

<sup>193</sup> Berges (2010:155-156) wys daarop dat die troos as motief deur die boek loop, en die boodskap dra.

## HOOFSTUK 4

### Onderzoek en eksegeese van נחם in Jesaja tekste

#### 4.1 נחם in tekste in Deutero-Jesaja

Die troos word deur JHWH aangekondig en deur JHWH gewaarborg. Hierdie troos is nie net in woorde geleë nie, maar gaan ook oor in daad wat in die hoofstukke 40 tot 55 'n werklikheid word. Die ballinge word getroos deurdat hulle na Jerusalem kan terugkeer en daarna word die stad Jerusalem getroos deurdat die stad weer opgebou word.

'Troos', die werkwoord נחם, word in Deutero-Jesaja in die volgende verse aangetref in die werkswoordsvorme wat in hakies verskyn: Jesaja 40:1 (Pi'el); 49:13 (Pi'el); 51:3 (Pi'el); 51:12 (Pi'el); 51:19 (Pi'el); 52:9 (Pi'el); 54:11 (Pu'al).

Hier volg 'n kort en bondige samevatting van die gebruik van 'troos' in hierdie verse maar die volledige bespreking van elke gedeelte volg later in die hoofstuk. Jesaja 40:1 begin met die boodskap dat JHWH die volk wat in ballingskap is, troos. Hierdie 'troos'-boodskap begin in Jesaja 40:1 en loop dwarsdeur tot by Jesaja 55. Jesaja 49:13 is die tweede aankondiging van troos. Hierdie vers bevestig die troos van Jesaja 40:1 en sluit die gedeelte met 'n loflied af. Die troos reik vorentoe uit en sluit aan by die volgende gedeeltes oor 'troos'. Daar word in Jesaja 51:3 berig dat JHWH Sion en die puinhope van Sion vertroos. Jesaja 51:12 bevat die boodskap dat JHWH die volk troos. Daarna vind ons die beskrywing van Jerusalem in Jesaja 51:19 waar JHWH vra: "Hoe sou ek jou kan 'troos'? Jerusalem". Die volgende geleentheid is in Jesaja 52:9 waar JHWH na Sion toe terugkeer. Ons vind JHWH het sy volk getroos en Jerusalem verlos. Die laaste gedeelte is in Jesaja 54:11. Sion word as ongetrooste aangespreek en hoor dat Jerusalem herstel word in prag.

Deutero-Jesaja se boodskap is 'troos', die werkwoord נחם in die Pi'el, is die woorde waarmee die boek begin. Deutero-Jesaja begin met die besondere troosaankondiging van JHWH<sup>194</sup>. JHWH stel Homself voor as die God met 'n eie

---

<sup>194</sup> Jesaja 40:1-11 as proloog bevat verskillende stemme wat in gesprek met mekaar tree. Dit is nie moontlik om die stemme te identifiseer nie. Die algemene opvatting is dat JHWH die gesprek begin, met die troosboodskap van Jesaja 40:1. Stuhlmüller (1970:179-180) het al opgemerk dat

volk. Hierdie volk is die objek van die troos. Hierdie troos kom tot hierdie volk, Israel, wat in ballingskap in die vreemde is. Hulle het ervaar hoe die tyd verloop het en nog niks het gebeur nie. Nou, skielik, kom die profeet Jesaja met hierdie wonderlike bemoedigende woorde en boodskap van hoofstuk 40:1 en verder. Hierdie inleiding van hoofstuk 40 is 'n boodskap wat, deur die hele gedeelte, vanaf hoofstuk 40 tot en met hoofstuk 55 loop.

Hier kom troos van JHWH<sup>195</sup> af. Hierdie JHWH maak Homself aan die volk bekend as die Skepper wat alles gemaak het en vir alle dinge sorg. JHWH is bewus van die volk se omstandighede daar in Babel. Daarom laat JHWH hierdie boodskap deur die profeet bring. Die volk moet weet wie die boodskap stuur en waarom hulle JHWH kan vertrou.

JHWH moet Homself amper weer opnuut aan die volk bekend stel. Dit is asof hulle JHWH moet herken en erken deur die waas van afgode wat hulle wil verdring. Afgode kon so maklik gemaak word. Nou moet die volk ontdek dat JHWH alleen JHWH is. Niemand kan JHWH vervang of die dinge wat JHWH doen of beloof het nadoen nie. Daar is net een JHWH, verder net maaksels van mense wat geen gode is nie. Hulle kan nie self loop, praat of vir mense sorg nie. Hierdie afgode is slegs beelde van hout, goud of silwer, of beelde van hout of yster wat met goud of silwer oorgetrek is.

Deutero-Jesaja begin sy boek met die woorde: 'Troos, troos My volk'. מנחם wat gebruik word beteken 'troos'. Die volk is in ballingskap en het dringend troos en bemoediging nodig. Juda is weggevoer na Babel. Daar was die volk slawe en daar het 'n lang tyd verloop sedert die ballingskap begin het. Jerusalem is verwoes en die volk verlang daarna om na hulle geboorteland terug te gaan. Jesaja 41 verwys na

---

daar 'n verskeidenheid stemme in die proloog aanwesig is. Hy skryf verse 1 en 2 aan JHWH toe, verse 3–11 aan lede van die hemelse hof en die profeet. Daar word vyf stemme geïdentifiseer. Beuken (1979:15-29) het die stemme bespreek. Beuken skryf die eerste verse aan JHWH toe, wat die opdrag van troos gee.

<sup>195</sup> Hartenstein (2011:97-98, 107-108) toon aan dat JHWH die troos opdrag gee. Die woord deur JHWH lei Jesaja 40-55 in, waar die handeling van JHWH duidelik sigbaar word, in die optrede met die volk en stad. Heffelfinger (2011:107-108) sê dat JHWH die opdrag tot troos gee, en die troos uitspreek. Die troosopdrag toon verder die verhouding tussen JHWH en die volk aan. Tiemeyer (2012:236) wys op die opdrag om Jerusalem te 'troos'. Hierdie opdrag kom van JHWH af.

Kores<sup>196</sup> en daarom weet ons dat die gedeelte na die einde van die ballingskap verwys.

Hierdie troos van Jesaja 40 is wonderlike nuus. Daar kan weer hoop opvlam want Jerusalem se swaarkry is verby. Die straf vir die sonde is uitgedien. JHWH sal voorsien dat die pad terug, gelyk sal wees. Die mag van JHWH sal sigbaar word. JHWH het die opdrag gegee dat die volk en stad getroos<sup>197</sup> moet word. Daar sal nou ondersoek ingestel word na die herkoms van die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , troos. Dit is nodig om die herkoms en betekenisvelde van troos te bepaal en dan vas te stel hoe dit in Deutero-Jesaja aangewend word.

#### 4.1.1 Algemene agtergrond

Die woord  $\text{נָחַם}$  word met troos vertaal. Hierdie Hebreeuse woord is die openingswoord van Deutero-Jesaja, in Jesaja 40:1. Die woord  $\text{נָחַם}$  kom ook verder in Deutero-Jesaja voor in: 49:13; 51:3, 12, 19; 52:9 en 54:11. Die gebruik van  $\text{נָחַם}$  word in al hierdie tekste ondersoek. Troos is 'n emosie wat aan alle mense bekend is en wat alle mense, op een of ander fase van hulle lewe nodig het. Omstandighede maak dat mense nuwe hoop soek of daarna verlang. Troos bring nuwe hoop en laat 'n mens weer kans sien om met moeilike omstandighede saam te leef. Die volk, Israel, is in ballingskap na Babel weggevoer. Die jare het verbygegaan en van hulle verlang om weer na Jerusalem toe terug te gaan. In Psalm 137<sup>198</sup> word die versugting en verlange na Sion en Jerusalem aangespreek. Daar is ander lede wat nie dieselfde voel nie en daarom kry Jesaja teenstand en is die volk nie so gretig om na die boodskap te luister nie. Dit word nodig dat JHWH met die volk in gesprek gaan om hulle te laat besef dat Hy hulle steeds versorg en dat Hy alles beheer.

---

<sup>196</sup> Beuken (1979:60-65) bespreek die feit dat Kores geroep is om die volk Israel te bevry. Hoofstuk 41 se bespreking bevat die jaartal 550 v.C. Beuken toon aan dat die woordgebruik in hoofstuk 41 se aanvangsverse, wat ooreenstem met die in 41:25 en 45:13 wys dat Kores die persoon is van wie gepraat word.

<sup>197</sup> Eksegete is eenstemmig daarvoor dat dit JHWH is wat die opdrag tot  $\text{נָחַם}$  in Jesaja 40:1 gee. Hier word enkele eksegete genoem: Calvyn (1900:465); Beuken (1979:18); Merendino (1981:17) en Dempsey (2010:90-92).

<sup>198</sup> Kraus (1978:1082-1084) bespreek die feit dat Psalm 137 getuig van die gevoelens wat geheers het in die tydperk van Deutero-Jesaja. Die digter is in die vreemde en dink met verlange terug aan Sion.



Die oorspronklike grondbetekenis van  $\text{דָּן}$  is *seelisch erleichtern* (Koehler &, Baumgartner, 1958:608-609) om 'die siel ligter te maak' of 'te vergemaklik'. Met ander woorde om jou siel te bedaar, of tot bedaring te bring. Hierdie grondbetekenis geld ook vir die betekenis van 'troos' en 'berou hê' of 'jammer wees'. Daar is 'n moontlikheid dat die omstandighede wat die mens omkrap en terneerdruk gaan verander. Daar kom dan nuwe moed, krag en hoop in 'n mens se gemoed. Die werkwoord  $\text{דָּן}$  het twee basiese betekenis, naamlik 'hewig asemhaal' (by perde) of 'troos' (Koehler &, Baumgartner, 1958:608-609). Die werkwoord  $\text{דָּן}$  beteken in die Nif'al 'om jammer te wees' of 'berou te hê'. Daar is ook 'n tweede betekenis vir  $\text{דָּן}$  in die Nif'al en dit is om 'getroos te word' (Koehler &, Baumgartner, 1958:608-609). North (1964:72)<sup>199</sup> verwys in sy kommentaar na die grondbetekenis van  $\text{דָּן}$  as "om diep asem te haal". Die Nif'al en Hitpa'el word gebruik om verligting te kry, of om aan jouself voldoening te verskaf, fisies en psigies deur selfs wraak te neem. In die Pi'el word  $\text{דָּן}$  altyd met troos vertaal.

Die werkwoord  $\text{דָּן}$  se gebruik in die Hebreeuse Bybel, volgens *Konkordanz zum Hebräischen Alten Testament* (Lisowsky, 1981:918-919) is die volgende: Nif'al – 35 keer, 'om berou te hê' of 'jammer te wees'. Nif'al om 'getroos te word' – 10 keer, in Jesaja net in Jesaja 57:6. Nif'al 'om jouself te troos' – een keer in die Hebreeuse Bybel naamlik in Jesaja 1:24. 'Troos' in die Pi'el – 49 keer, in Jesaja in die volgende verse: Jesaja 12:1, 22:4, 40:1, 49:13, 51:3 (2 keer), 51:12, 51:19, 52:9, 61:2, 66:13 (2 keer). 'Getroos word' in die Pu'al – 2 keer naamlik Jesaja 54:11 en 66:13. 'Jammer te wees' Hitpa'el – 3 keer en 'troos vind' in die Hitpa'el – 2 keer. 'Jouself te troos' in die Hitpa'el – 2 keer, die vorm kom glad nie in die boek Jesaja voor nie. Die woord  $\text{דָּן}$  in sy verskillende vorme kom dus 103 keer in die Hebreeuse Bybel voor, waarvan 16 keer in die boek Jesaja.  $\text{דָּן}$  in die betekenis van 'jammer te wees' of 'berou te hê' kom 35 keer voor, waarvan, nie een keer in Jesaja nie. Dit is opmerklik dat die betekenis wel in Jeremia (tien keer), Esegïel (een keer), Joël (twee keer), Amos (een keer), Jona (drie keer) en Sagaria (een keer) voorkom, dus 18 keer by profete. Verder kom dit drie keer elk in Psalms, Eksodus, Rigters en 1 Samuel voor,

---

<sup>199</sup> North (1964:72) gee al die verskillende betekenis weer. Hy sluit die bespreking af deur daarop te wys dat troos, die beste, pas in Jesaja 40:1. Hy bespreek net die betekenis van die werkwoord  $\text{דָּן}$ , maar gee nie ander teksverwysings, waar die werkwoord voorkom nie.

twee keer in Genesis en een keer elk in 2 Samuel en Job. םננ met die betekenis om 'getroos te word' kom tien keer voor en wel drie keer in Esegïel, twee keer elk in Genesis en Jeremia, een keer elk in Jesaja, 2 Samuel en Psalms. םננ kom 49 keer in die Pi'el voor en wel 12 keer in Jesaja, ses keer elk in Klaagliedere, Psalms en Job, vier keer in 1 Kronieke, drie keer elk in Genesis en 2 Samuel, twee keer elk in Jeremia, Esegïel en Sagaria, een keer elk in Nahum, Rut en Konings. םננ in die Pu'al kom twee keer in Jesaja voor. In die Hitpa'el kom םננ in Genesis (twee keer), Psalms (twee keer), Numeri (een keer), Deuteronomium (een keer) en Esra (twee keer) voor. Ander woorde vir troos is םננ wat as subjek in Hosea voorkom. Verder םננ in Psalms en as subjek in Job, en םננׁ wat in Sagaria, Hosea en Jesaja 57:18, slegs een keer in elke boek voorkom.

Jenni en Westermann (1984:59-66)<sup>200</sup> bespreek םננ in die *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*. Die gebruik van םננ word in die hele Ou Testament bespreek met die voorkoms, van die hoeveelheid kere van gebruik, in elke boek in tabelvorm.

Die *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament* (Anderson, Band V 1986:366-384) bespreek םננ baie deeglik. Die etimologiese aanduidings word nagegaan. In Akkadies is daar nie 'n direkte voorbeeld nie, die naaste woord is *na'amum* en beteken 'om braaf/dapper te lei', 'n ander woord is *na'hu* in die Semities wat beteken 'om iemand te kalmeer/tevrede te maak/of tevredenheid te gee'. Die oorspronklike betekenis vir םננ uit die Arabies is 'om hewig asem te haal' en was gebruik ten opsigte van perde. םננ word in die Hebreëus gebruik en vertaal met: 'berouvol word'; 'berou hê'; 'troos'; troos vind' of 'troos gee'. Die verbindings met JHWH word verder bespreek. Die Septuaginta gebruik in die meeste gevalle die Griekse woord παρακαλεῖν om םננ mee te vertaal. Daar word ook van die Griekse woorde ελεει en ποιειν gebruik gemaak, om םננ te vertaal.

Die woordeboek van Willem van Gemeren (Vol. 3.1997:81-83) verklaar dat dit moeilik is om aan םננ 'n gedetailleerde en presiese betekenis te gee. Die

---

<sup>200</sup> Jenni en Westermann (1984:59-66). Die woord םננ word volledig bespreek. Daar word daarop gewys dat troos deur JHWH aan die volk en Sion beloof word. JHWH is die inisieerder van die troos by Deutero-Jesaja.

vernaamste betekenis is: 'troos', of 'om jammer te wees', 'berou te hê', of 'om van gedagte te verander'. Troos waar 'n geliefde weggeval het en in tye van rou. Die verlies van kinders deur die dood. Troos oor iets wat gebeur het in 'n persoon se lewe, of oor moeilike tye of omstandighede, of om jammer wees oor daad of berou hê oor verkeerde dinge wat gedoen is, of om van gedagte te verander. Hierdie laaste betekenis word in 1 Samuel 15, asook in Jeremia en Amos gevind waar JHWH van gedagte verander oor menslike faktore. JHWH is in die meeste gevalle die subjek van דנן.

#### 4.1.2 Onderzoek na Jesaja 40:1 in inleidings, studies en teologieë

Deutero-Jesaja begin in hoofstuk 40:1 om troos aan te kondig. Heaton (1969:25-27, 52, 85, 128) skryf oor Deutero-Jesaja as die onbekende profeet in ballingskap, in Babel, wat na Kores verwys en die volk oproep vir die nuwe tyd van JHWH. In Jesaja 40 tot 48 is die tema dat JHWH kom en in 49 tot 55 is die tema dat Israel gered word. West (1971:338-343)<sup>201</sup> skryf dat die breuk in gedagtegang tussen Jesaja 1 tot 39 en Jesaja 40, in styl, baie opmerklik is waar die boodskap van waarskuwings oorgaan, in 'n boodskap van troos en belofte. Hy verdeel Deutero-Jesaja in hoofstukke 40 tot 48 waar Kores en redding uit ballingskap die tema is en 49 tot 55 waar redding deur die knek van JHWH die tema is. West beklemtoon die feit dat Deutero-Jesaja 'n karakter van troos het. Die troos word nie verder in besonderhede bespreek nie. West (1971:341)<sup>202</sup> verklaar dat Deutero-Jesaja se hooftemas die volgende is: die herstel van Israel, JHWH as skepper en alleenheerser oor die wêreld en die verlossing van die nasies deur die lydende knek van JHWH.

Daar is ook ander sienings soos dié van Kroeze (1971:471)<sup>203</sup>, wat aanvaar dat Jesaja nie die tyd na hoofstuk 39 beleef het nie, maar dat hy hom deur 'n profetiese openbaring in die tyd van ballingskap ingeleef het. Stanley Voke (1975:39) verwys

---

<sup>201</sup> West (1971:338-343) noem net die karakter van troos wat Deutero-Jesaja het. Daar word nie verder oor die troos uitgebrei nie. Dit wil voorkom asof troos wel sy oog gevang het, maar hy wil dit nie as 'n deurlopende element in die boek, beskou nie.

<sup>202</sup> West (1971:341). Dit is opvallend dat troos nie as 'n tema figureer nie.

<sup>203</sup> Kroeze (1971:471) aanvaar dat die profeet Jesaja, uit die agtste eeu, vir die hele boek Jesaja verantwoordelik was, as outeur. Die gedeelte vanaf hoofstuk 40-66 word verklaar as visioene, wat Jesaja gehad het, en waarin hy hom ingeleef het, en dit neergeskryf, het.

na Jesaja 40 as die skeidslyn in die boek en noem net die troos voordat hy voortgaan met JHWH en redding en genade. Vriezen (1974:79-81)<sup>204</sup> bespreek Deutero-Jesaja in sy Ou Testament-teologie. Hy wys daarop dat Jesaja 40 en die volgende hoofstukke geskryf is deur 'n persoon wat die lyding saam met die volk ervaar het. Die persoon getuig nou van 'n nuwe gees en hy sien JHWH as die een wat die verlossing waarborg.

Kaiser (1978:204-219, 257-258) bespreek Deutero-Jesaja en hoofstuk 40:1 en sien vers 1 as 'n voorspelling dat JHWH gaan kom. Verder word die knegliedere bespreek en direk toegepas op Jesus en deurgetrek na die nuwe Jerusalem. Claus Westermann<sup>205</sup> skryf oor die struktuur van Deutero-Jesaja en gebruik Jesaja 40:1-11 slegs vir die proloog tot Jesaja 40 tot 55. Daar word nie na die troos verwys of daaroor uitgebrei nie. O'Connell<sup>206</sup> gebruik in sy werk oor die literêre struktuur van Jesaja 'n ander indeling as die meeste eksegete. Hoofstukke 40 tot 54 word saam gegroepeer as 'n groot geheel. O'Connell maak, twee maal, die opmerking dat troos en twisrede afwisselend, in hierdie gedeelte, voorkom as 'n vaste patroon.

Sommer (1998:165-167)<sup>207</sup> het, in die skrywe oor sinspeling in Jesaja 40 tot 66, gemeld dat die gebruik van 'troos' in Jesaja 40:1 teruggryp op ouer tekste en soortgelyke verwysings in ander gedeeltes van die Ou Testament. Berges (1998:325-329)<sup>208</sup> skryf, oor die samestelling en eindproduk van die boek Jesaja, oor

---

<sup>204</sup> Vriezen (1974:79-81) se opmerking dat die persoon die lyding saam met die volk ervaar het, laat die moontlikheid oop dat hy aanvaar dat die outeur van Deutero-Jesaja in Babel was, toe hy die verhaal begin weergee het.

<sup>205</sup> Westermann (1981. Sprache:81-85) behandel Jesaja 40 se eerste twee verse as 'n heilsorakel. Hy sien die boodskap van Deutero-Jesaja as 'n boodskap dat JHWH die verlosser van Israel is. JHWH is Skepper en in beheer van die geskiedenis van Israel en die ganse mensheid.

<sup>206</sup> O'Connell (1994:150-152) merk op dat daar 'n breuk is tussen hoofstukke 39 en 40. Daar word afwisseling gevind tussen troos en twisredes. Die troos is 'n besvestiging van JHWH se aanbod om voortdurend verbonds versoening te bewerkstellig. O'Connell wys daarop dat die groter eenhede kort verlossingsvoorspellings bevat. Volgens O'Connell speel hier 'n stryd tussen JHWH en Babel af. Babel beweer sy het genoeg krag, insig en kennis om haarself teen JHWH te red. JHWH beweer dat Hy genoegsame krag en kennis het om Jakob/Israel/Sion uit Babel se mag te red. 'Troos' word versterk deur die wete, dat JHWH die Skepper is, en in beheer is van alles.

<sup>207</sup> Sommer (1998:165-167) meen dat die openingswoorde van Jesaja 40:1 'n sinspeling is op Jesaja 28:1-2; Jeremia 16:16-18; Esegïël 21:2-12; Jesaja 6, Eksodus 32:14-15 en Klaagliedere se refrein: 'Daar is geen trooster nie', Klaagliedere 1:2, 9, 16, 21. Die res van hoofstuk 40:12-31 gebruik verdere sinspelings na Jesaja 6:9-10; Psalm 82; Genesis 1 en Jeremia 10:1-16. Sommer verklaar dat al Deutero-Jesaja se temas in hoofstuk 40 teenwoordig is.

<sup>208</sup> Berges (1998:325-329) wys daarop dat JHWH as Verlosser vertroostend inwerk vir die volk. Die volk ervaar die feit van 'n verlosser wat hulle bystaan as 'n 'troos'.

die verskillende gedeeltes en behandel ook 'troos' in Jesaja 40:1 en die ander gedeeltes. Die 'troos' word deur JHWH gewaarborg en JHWH stap weer 'n pad met die volk Israel. JHWH sal ook die גאל van die volk wees, wat troos in die hand werk. Goulder (2004:111-115)<sup>209</sup> bespreek Jesaja as liturgie en hy behandel die hele boek, maar deel die boek in hoofstukke 1 tot 39 en 40 tot 66. Goulder bespreek die gedeelte vanaf hoofstuk 40, wat 'n nuwe era inlei, en deur 'n ander persoon as die profeet van die agste eeu geskryf is. Hy noem die eerste elf verse die goeie nuus. Daar word geensins na troos verwys nie. Alles word as goeie nuus in die liturgiese uitleg hanteer.

Christina Ehring (2007:19-25)<sup>210</sup> bespreek Jesaja 40 se eerste elf verse in samehang met Jesaja 52:7-10 en bevind dat die ou probleem in Jesaja 40:1 steeds aan die orde is, naamlik wie bring die troos en aan wie word die boodskap gerig? Sy noem dat עם 'volk' wel vir Israel betrek en dat die volk in 'n verhouding met JHWH staan. Hierna gaan sy voort om die verhouding tussen JHWH en die volk, sowel as die vorme van אמר 'sê', te ontleed en te bespreek. Daar word nie weer na die troosmotief teruggekeer nie. Die proloog van Jesaja 40 bestaan uit die eerste elf verse. Scheuer (2008:26.)<sup>211</sup> skryf in haar werk oor die terugkeer van JHWH en die spanning tussen verlossing en berou, weinig oor troos. Daar is een kort verwysing na Jesaja 40:1 en die aanvangswoorde van troos. Sy wys daarop dat moderne tale

---

<sup>209</sup> Goulder (2004:111-115) stel dit duidelik dat Deutero-Jesaja 'n belangrike boodskap van sy eie gehad het. Sonder voorwaardes en aarseling moes hy in 'n tyd van nasionale krisis optree. Volgens Goulder het Deutero-Jesaja hoofstukke 40 tot 55 saamgestel. Hy wys dat hier 'n ander outeur as die profeet van die agste eeu aan die woord is. 'n Profeet uit die sesde eeu wat praat van Kores, en die val van Babel wat op pad is. Goulder verklaar dat die liturgiese uitleg 'n oplossing bied vir die verskillende outeurs. Goulder stel dit dat 'n groep profete optree en die woord van JHWH verkondig. Daar word by Jesaja begin, soos die oorlewering onthou word, die leier is bereid om klein aanpassings aan te bring aan die boodskap. Deutero-Jesaja, as leier, voel die situasie noodsaak 'n nuwe ontwikkeling, en die nuwe word uit die ou boodskap gebore. Goulder wys op die breuk in Deutero-Jesaja se werk na hoofstuk 48. Hy verklaar dat die profeet 'n aanpassing op alle vlakke in sy gedagtegang gemaak het, en hy verwys dan na die verdubbeling van woorde wat meer voorkom in die teks. Vir Goulder gaan dit oor 'n goeie boodskap, nie oor troos nie.

<sup>210</sup> Ehring (2007:19-25) sien as tema van Deutero-Jesaja 'die toekoms van Jerusalem wat in die terugkeer van JHWH uitdrukking vind', en ook as 'n integrale deel van die oorspronklike teks van Deutero-Jesaja.

<sup>211</sup> Scheuer (2008:26) bespreek troos se betekenis, waar die Hebreeus die troos sien, as 'n aksie wat die onmiddellike gebeure sal laat verander. Daar word daarop gewys dat JHWH die situasie verander, en so troos bewerk vir die wat dit nodig het.

die woord troos met 'n emosionele konnotasie gebruik, teenoor die Hebreeus wat die woord 'troos' koppel met 'n aksie, in hierdie geval 'n nuwe begin.

Firth en Williamson (2009:72-73, 267-269) het 'n werk saamgestel waarin verskeie outeurs onderwerpe oor die boek Jesaja gelewer het, na aanleiding van die nuwe benadering om na Jesaja as een boek te kyk. In hierdie werk kyk Torsten Uhlig na die feit van verharding in Jesaja. Hy wys daarop dat ten spyte van die volk se optrede en as gevolg van die feit dat die oordeel voltrek is, wil JHWH in Jesaja 40:1 kom en Hom oor die volk ontferm en die volk troos. Jacob Stromberg kyk na Jesaja 61 se eerste drie verse en betrek Jesaja 40 se eerste vers. Die feit dat  $\text{dñ}$  in beide verse voorkom, word aangeraak en daar word na die feit verwys dat die take in Deutero-Jesaja; van die verkondiging van die goeie nuus, die aankondiging van 'n boodskap en die gee van troos nie afgehandel is nie, maar dit word nou in Jesaja 61 aangespreek.

Kratz (2011:198-232) bespreek Jesaja 40 as inleiding tot Deutero-Jesaja en die verhouding van die imperatief en wie betrek word by die troos. Hy raak verder die aartsvadergeskiedenis en die verband met Jesaja 40 aan en verwys dan na die koppeling van troos met Genesis 50, in die Josef-geskiedenis, en met Rut. Verder vergelyk hy Jesaja 40 met Jeremia 50 en 52 en Klaagliedere waar daar ooreenkomste voorkom.

Stromberg (2011:37-39)<sup>212</sup> skryf 'n inleiding oor Jesaja en wys daarin dat die 'troos' waarna in Jesaja 12 verwys word, aansluit by die 'troos' in Jesaja 40:1 en ook 49:13, 51:3, 12 en 19. Hier word die 'troos' met verlossing, in die betrokke hoofstukke, gekoppel en dit loop uit in lofprijsing in Jesaja 12 en 49. Die tema van die nuwe eksodus kom voor in Jesaja 12 en ook in Deutero-Jesaja. Stromberg sien dit as die ingryping van Deutero-Jesaja op die werk van Jesaja 1 tot 39, soos redaksionele veranderinge wat aangebring is om te sorg dat Deutero-Jesaja aanpas by Proto-

---

<sup>212</sup> Stromberg (2011:37-39) wys op die lofprijsing van Jesaja 12 wat dieselfde temas bevat as die verse in Deutero-Jesaja wat oor troos handel. Dit word aan die verlossing gekoppel. Nie al die verse wat die werkwoord  $\text{dñ}$  bevat, is in hierdie lys van Stromberg ingesluit nie. Stromberg gebruik slegs die verse oor 'troos' in die gedeeltes wat op lofprijsing uitloop.

Jesaja. Verder wys Stromberg (2011:48-50)<sup>213</sup> daarop dat Trito-Jesaja baie afhanklik is van die stof in Jesaja 1 tot 55. Twee moontlike rigtings van beïnvloeding het plaasgevind: Trito-Jesaja was beïnvloed deur die vroeëre Jesiaanse materiaal en Trito-Jesaja het redaksionele veranderinge aangebring sodat sy materiaal kon aanpas by die res van die boek. As argument ter staving word Jesaja 40:1-3 en Jesaja 57:14 kortliks vergelyk en bespreek. 'Troos' kom weer voor in Jesaja 57:18 en die versekering dat die volk na JHWH kan terugkeer, sodat daar troos vir die volk sal wees. Stromberg bespreek 'troos' en noem al die verse waar dit voorkom, alhoewel dit nie vir hom 'n deurlopende tema is nie.

#### 4.1.2.1 Samevatting

Jesaja 40:1 word in die inleidings, studies en teologie van die Ou Testament bespreek. Die algemene kenmerk van die besprekings is dat daar opgemerk word dat daar 'n verskil is in die styl<sup>214</sup> van Jesaja 40 teenoor Jesaja 39. Daar is redelike eenstemmigheid onder die skrywers en eksegete dat Jesaja 40 die geskiedenis aan die einde van die ballingskap<sup>215</sup> beskryf. Die werkwoord *an* word gewoonlik genoem en soms kortliks bespreek en daarna word daar na 'n ander onderwerp oorgegaan.

Die troos waarmee Jesaja 40:1 begin word gewoonlik nie weer opgehaal in die verdere bespreking nie. Daar word gekyk na die verhouding van JHWH met die volk en die verlossing en redding word beklemtoon. Daar word gevind dat die troos dikwels as goeie nuus of boodskap<sup>216</sup> of selfs as 'n nuwe begin gesien word. Hierdie goeie nuus of nuwe begin, sal dan verder in die bespreking 'n rol speel maar dit, word nie weer na die troos toe teruggevoer nie.

---

<sup>213</sup> Stromberg (2011:48-50) ondersoek die verband tussen Trito-Jesaja en Deutero-Jesaja in hierdie gedeelte. Hy kyk of daar ooreenkomste is, in die stof wat behandel word, om so 'n afhanklikheid tussen die gedeelte te bepaal.

<sup>214</sup> West (1971:338-343) wys op die liriese gedigte wat volg in Jesaja 40-55 teenoor die prosa van Jesaja 1-39. West wys op die openingswoorde van Jesaja 40:1 wat 'n nuwe rigting aandui en troos en belofte inhou.

<sup>215</sup> Calvin (1900:464-465) wys daarop dat daar 'n geweldige sprong in die toekoms plaasvind tussen Jesaja 39 tot Jesaja 40. Beuken (1979:18-19) sien die skrywer van Jesaja 40-55 as 'n profeet uit die ballinge. Dempsey (2010:90-92.) toon aan dat Jesaja 40 se openingswoorde aan die volk in ballingskap gerig word.

<sup>216</sup> Goulder (2004:111-115) sê dat dit in Jesaja 40:1 oor 'n goeie boodskap gaan en nie oor troos nie.

Daar is enkele eksegete wat die werkwoord  $\text{DN}$  kortliks bespreek en na die betekenis<sup>217</sup> kyk, of twee tekste met mekaar vergelyk. Berges<sup>218</sup> en Stromberg<sup>219</sup> is die eksegete wat die werkwoord  $\text{DN}$  bespreek en wys op die voorkoms daarvan in Jesaja.

### 4.1.3 Kommentare

#### 4.1.3.1 Jesaja 40:1 - Kommentare

Die kommentare is ook uiteenlopend en bespreek nie troos in Jesaja 40:1, indringend nie. Die verskillende kommentare word hieronder behandel met hulle besprekings oor die eksegete van Jesaja 40:1. Die kommentare gee oorsig vanaf vroeë kommentare en dan vanaf Duhm tot en met Berges.

Calvyn (1900:464-465) skryf oor Jesaja 40:1 as inleiding tot Jesaja 40 tot 55, dat hier tussen Jesaja 39 en Jesaja 40 'n geweldige sprong in die toekoms van die mensheid plaasvind, in die geskiedenis wat afspeel tussen hoofstukke 39 en 40. Calvyn vermoed dat Jesaja, na die dood van Hiskia, die gedeelte geskryf het as 'n toekomsblik op wat die volk sou ondervind wanneer hulle tot inkeer kom as die ballingskap se einde naderkom. Die troos sal nodig wees vir die vernederde volk om uit hulle swarmoedigheid te kom. Hy sien troos en opbeuring as 'n aardse voorsmaak van die Godsryk op aarde waarvan dit wat sigbaar is, maar wat nog in 'n newelagtige duister gehul is. Daar word nie verder oor die troos uitgebrei nie.

Alexander (Vol 2. 1976:93-95.) skryf oor Jesaja 40:1 dat die troos deur JHWH gewaarborg word. JHWH bevestig deur die troos dat die volk ten spyte van hulle lyding steeds JHWH se volk is en JHWH hulle God. Alexander sien hierdie inleiding as die manifestasie van JHWH se teenwoordigheid waarin hulp aan Israel beloof word. Daar word nie verder oor troos uitgebrei nie.

---

<sup>217</sup> Ehring (2007:19-25) wys daarop dat die moderne tale 'n ander inhoud aan troos toeken as Hebreeus. Die moderne tale koppel meer 'n emosionele betekenis aan die woord, terwyl Hebreeus dit met 'n aksie koppel.

<sup>218</sup> Berges (1998:325-329) verwys na die voorkoms van  $\text{DN}$  in sy werk oor die samestelling van Jesaja.

<sup>219</sup> Stromberg (2011:37-39) wys op die lofprysing van Jesaja 12 wat dieselfde temas bevat as die verse in Deutero-Jesaja wat oor troos handel. Stromberg gebruik slegs die verse oor 'troos' in die gedeeltes wat op lofprysing uitloop.



Franz Delitzsch (Vol.II. 1877:139-141) bespreek Jesaja 40 en noem dat verse 1-11 die proloog vorm. Hy merk verder op dat verse 1-2 'n proloog van die proloog is. Hy bespreek die troos in vers 1 en wys daarop dat die profeet troos van die komende bevryding uit die ballingskap bring. Die troos kom van JHWH af, as opdrag. JHWH is die onvergelykbare Skepper en Heerser van die wêreld. Hy wys daarop dat troos se letterlike betekenis in die Pi'el is: om te veroorsaak om weer asem te haal. Troos word herhaal om die dringendheid daarvan te bevestig. Daarna word daar nie weer na troos verwys in die bespreking van die proloog nie. Die troos word verder in Deutero-Jesaja in die betrokke verse bespreek.

Bernhard Duhm (1968:286-289, 373) bespreek hoofstukke 40 tot 55 as Deutero-Jesaja. Hy beklemtoon die troos glad nie en lig dit ook nie uit nie. Duhm wys net op die feit dat die skrywer soms woorde herhaal. Die feit van die dubbele gebruik van sekere woorde word net vermeld. Die troos se rol as begin woorde vir Jesaja 40 tot 55 word totaal geïgnoreer. In hoofstuk 49:13 word daar ook niks oor troos gesê nie. Duhm lê glad nie klem op die feit dat troos in Jesaja 40 tot 55 voorkom nie.

König (1926:346-349, 407) skryf in sy werk oor Jesaja dat Jesaja hoofstuk 40 troos aankondig. Die troos is gewaarborg in JHWH wat die volk sal verlos, hulle innerlik ook sal verlos en hulle sal beloon. Die volk en die stad sal troos ervaar en die verlossing, uit die ballingskap, is die sigbare teken daarvan. Die troos word nie verder behandel nie, ook nie in die ander verse nie, daar is slegs 'n verwysing na 40:1 sonder enige bespreking.

Frey (1937:11-13) stel dit duidelik dat die dubbele troosaankondiging dui op die dubbele oordeel wat in vers 2 aan die orde kom. Jerusalem word getroos omdat sy die volle oordeel vir haar sonde ontvang het. Die troos van 40:1 word deur JHWH gewaarborg, dit is die volheid van JHWH se troos wat hier ter sprake is. Verder word die feit beklemtoon dat JHWH hulle JHWH se volk noem. Frey deel Jesaja 40<sup>220</sup> op die volgende wyse in: verse 1-2, 3-5, 6-8, 9-11, 12-17, 18-24, 25-31. Verse 1-2 word as algemene inleiding aanvaar en dan word die boodskap ontwerp en uitgebrei.

---

<sup>220</sup> Frey (1937:11, 15, 19, 23, 27, 31, 35-36) deel Jesaja 40 in en neem verse 1-2 as 'n algemene inleiding. Frey meld dat sy opskrif vir Jesaja 40, die groot ommekeer is. Hierdie boodskap word verder uitgebrei in die res van die hoofstuk.

De Boer (1956:40) wys in sy werk oor die boodskap van Deutero-Jesaja dat Jesaja 40:1 met troos begin. Hy wys op ander verse met troos, naamlik 49: 13; 51:3 en 12 en 52:9 en verder in Jesaja na 12:1; 61:2 en 66:13. Die ander tekste wat *dnj* bevat word nie onder troos ingedeel nie. Hy wys daarop dat *dnj* beteken om bronne van nuwe lewe te open, te hernu of nuut te maak. Hierdie woord van troos veroorsaak 'n nuwe begin. Die herhaling is 'n kenmerk van Deutero-Jesaja se styl en dui op intensiteit. De Boer verwys net na die ander verse maar behandel hulle nie soos 40:1, in sy notas, nie. Die besprekings in sy boek hanteer geensins troos nie. Hy hanteer net die feit dat Deutero-Jesaja se hele doel, met die verhaal, is om aan te toon dat JHWH die volk uit ballingskap gaan verlos (De Boer, 1956:90).

C.R. North (1956:37-38) skryf in sy kommentaar oor Jesaja 40:1 en 2 dat die troos herinner aan Hosea wat een kind die naam *lo-ammi* (nie my volk nie) gegee het, wat daarop dui dat JHWH die volk verwerp het. Die belofte was gemaak dat JHWH weer in genade na die volk toe sal kom. Dit gebeur nou met die trooswoorde. Verder verwys hy na die dubbele gebruik van die woord troos en die feit dat Deutero-Jesaja nog dubbelwoorde gebruik in sy geskrif. Hy verwys nie verder na troos nie. North (1964:71-73) wys in sy bespreking van Jesaja 40:1 op troos en meld dat die troos deur JHWH gewaarborg word. Die profeet moet die troos bring op enige moontlike manier. Die troos word gerig aan die volk en die stad Jerusalem.

Fohrer (1964:15-17) sien die inleiding as die eerste agt verse van hoofstuk 40. Hy noem Jesaja die trooster onder die profete. JHWH vergewe die sonde van die volk in Sy medelye en erbarming (49:10, 13, 15; 51:3; 54:7, 10; 55:7) (Fohrer, 1964:17) omdat JHWH Israel uitverkies (41:9; 43:1, 20; 44:2; 45:4; 49:7) (Fohrer, 1964:17) het. Fohrer wys daarop dat die volk en Jerusalem met dieselfde betekenis gebruik word. Die imperatief vir troos lê klem op die troos. Troos en vergewing word aan die volk en stad gegee. Hierna word die verlossing bespreek.

James Smart (1967:20-21, 42-45) stel dit in sy kommentaar dat hy aanvaar dat die profeet aan die ballinge dwarsoor die ryk skryf en nie net aan ballinge in Babel nie. In Jesaja 40 sien hy die eerste twee verse se boodskap nie as troos nie, maar wel as vergiffenis. JHWH het Israel vergewe. Hy sluit dan aan by Romeine 8:1. Hy bespreek dan die pad deur die woestyn en kom nie weer enigsins terug na troos toe nie.

Leupold (Vol II. 1977;20-22) verklaar in sy voorwoord dat hy 'n praktiese kommentaar oor Jesaja skryf. Hy wys daarop dat hoofstuk 40 se inleidende vers 'n tema gee vir 40-66 en in besonder vir hierdie hoofstuk. Hy wei uit oor die feit dat dit nie duidelik is wie die troos moet gee nie. Dit word eers van vers 2 af duidelik dat die troos volgens hom eintlik die goeie nuus is, dat die volk uit ballingskap verlos gaan word. Hy verklaar vers 2 as 'n verduideliking van die ryke omvang van die 'troos'. Hierna word daar glad nie verder na troos verwys nie. Hy noem die troos kortliks in die ander verse in Deutero-Jesaja.

Herbert (1975:16-18) verklaar dat die imperatiewe waarmee hoofstuk 40 begin dit moeilik maak om uit te klaar aan wie die boodskap gerig is. Die Septuagint voeg die woord 'priesters' in aan die begin van vers 2. Die woord 'troos' het in Hebreeus die betekenis van herstel van moed, verligting van nood. Die 'my volk' wys op die verbondstaal en laat die hoorder beseft dat JHWH sal die volk troos. In vers twee word die frase 'praat na die hart van' gebruik. Dieselfde frase kom ook in Genesis 50 en Rut voor en word deur דַּן voorafgegaan. Die troos word beveel omdat Jerusalem ten volle vir haar sonde geboet het.

Preuss (1976:17, 32-35) het in sy bespreking oor Deutero-Jesaja verskillende temas geïdentifiseer en dit is insiggewend dat troos nie een van die sogenaamde temas is wat behandel word nie. Die temas is Kores; Sion; die kneg van JHWH; JHWH en die gode – hierdie temas word as die belangrikste beskou. In die bespreking van hoofstuk 40:1 word net genoem dat die troos deur 'n profeet of priester gedoen behoort te word en dat JHWH die troos gee aangesien die objek 'my volk' is. Daarmee is die bespreking oor troos afgehandel. Die ander tekste oor troos word glad nie behandel nie. Eaton (1979:38-39) behandel hoofstukke 40 tot 55 as deel van 'n feesdrama. Hy beklemtoon glad nie troos nie, en noem nie eens troos nie. In sy bespreking van vers een dui hy net aan dat dit wys op 'n goeie tyding wat aangekondig word.

Beuken (1979:18-19) sien die skrywer van Jesaja 40 tot 55 as 'n profeet uit die ballinge. Hy behandel 40:1-11 as die proloog van Jesaja 40 tot 55. Hy verklaar dat die troos uitgespreek word, nadat daar vir lank geen troos vir die volk was nie. JHWH is altyd die onderwerp, die ballinge of Sion die objek van 'troos'. Die troos bestaan daarin dat JHWH weer in verbondsterme praat. Daar word verder uitgebrei oor JHWH se optrede teenoor die volk en geskiedenis.

Eaton (1979:39-40) behandel Deutero-Jesaja as 'n feesdrama van verlossing en hy verklaar dat Jesaja 40:1 'n aankondiging is van goeie tyding, soos ook die geval was met die feesdrama van verlossing. Die troos word net kortliks in vers 3 genoem en dan dat JHWH die stad Sion sal vertroos en herstel. Troos is hier ondergeskik aan verlossing.

Claus Westermann (1981:30-33) verklaar dat Deutero-Jesaja 'n heilsprofeet was. Hy wys daarop dat die troos in 40:1 wys op JHWH. JHWH is die trooster en Israel is die objek van 'troos'. Die troos wys op die herstel van Israel, as volk van JHWH en die feit dat die volk uit ballingskap gered word. Die verdubbeling van troos wys op die dringendheid van die boodskap. Hierna word daar voortgegaan met die verdere verklaring sonder klem op 'troos'. Westermann behandel 40:1-11 as inleiding tot Deutero-Jesaja.

John Scullion (1982:21-22, 102) gee vir Jesaja 40:1-11 die opskrif – die eerste woorde van vertroosting. In sy bespreking van verse 1 en 2 word genoem dat die uitspraak van die hof tot Jerusalem en die volk gerig is. Bevryding en vergiffenis gaan hand aan hand. JHWH gaan weer terugkeer na die volk, wat deur JHWH gekies is. Daar is geen verdere verwysing na troos of die feit dat troos in Jesaja 40:1 en 49:13 voorkom nie. In 49:13 reageer die hele skepping op JHWH se verlossing.

George Knight (1984:7-8) bemark sy kommentaar op Jesaja 40 tot 55 as dienskneg teologie. Jesaja 40:1 word verklaar as troos waar mense mekaar nie vertroos of bemoedig oor een of ander krisis nie, maar troos wat ontvang word om 'n mens uit jou probleem na vreugde te begelei. JHWH se doel met die heelal is steeds die woord wat moet troos bring aan al die persone wat deel is van die verbond. Die woord troos word nie verder behandel nie.

Richard Clifford (1984:72-74, 154) se interpretasie van Deutero-Jesaja begin in hoofstuk 40 met die toneel van die hemelse hofsitting. Die profeet moet aan die volk die boodskap bring dat hulle sonde vergewe is. Die boodskap kom van JHWH af. Die trooswoord waarmee vers 1 begin word geensins behandel nie. Selfs in hoofstuk 49 vers 13 word daar niks na die feit van die troos verwys nie, net na die feit dat al die nasies sal terugkeer en die elemente van die aarde sal juig. Die verdere verloop van hoe die volk uit ballingskap verlos gaan word, word dan verder bespreek.

Koole (1985:15-16, 18-19.) verwys in Jesaja 40:1 na die feit dat troos nie versoening met 'n ongelukkige omstandigheid vra nie, maar dat dit gaan om 'n ommekeer en 'n besef dat die ellende verby is. Die tema van 40 tot 55 word met die aanvangswoorde gegee. Troos kom eers weer later terug in hoofstuk 49:13. Troos se waarborg lê in JHWH alleen, teenoor die nietigheid van die afgode en die heilswoord van JHWH. Hy beskou 'bevry' en 'help' as sinonieme vir 'troos'. Die troosboek, Jesaja 40 tot 55, vra dat Israel sal besin oor hulle identiteit as volk van JHWH. In sy bespreking van vers 2 word hoofstuk 53 betrek en Koole beweeg direk oor na Jesus Christus. Koole kom nie terug na die troos as sodanig nie. Hy beklemtoon dat die profeet se opdrag kort en kragtig is, dat hy die heil van JHWH moet proklameer.

Hailey (1985:327-335) skryf oor die hele Jesaja en maak sy indelings die volgende: Hoofstukke 1 tot 39 is ingedeel as: 1-12, 13-23, 24-27, 28-35, 36-39. Hoofstukke 40 tot 66 is verdeel as: 40, 41-48, 49-57 en 58-66. Hailey beskou hoofstukke 40 tot 66 as 'n voorbereiding vir die ballingskap en die versekering dat die volk se nageslag weer na die land toe sal terugkeer, as nageslag van Abraham. JHWH bly getrou aan Sy beloftes en daarom sal dit gebeur. Hoofstuk 40:1-11 word as perikoop gebruik en vers 1 word genoem as inleiding vir die proloog, en die troos wat nou na vore kom. Die troos dien as tema vir die res van die boek waarin daar 'n lied van hoop gesing word. Die troos word nie verder bespreek nie en daar word nie enige verwysings na die ander verse gemaak wat troos bevat nie.

Eva Hessler (1988:45, 196, 294-295) wys daarop dat die proloog in Jesaja 40:1-11 dien as inleiding vir Deutero-Jesaja. Die trooswoord gaan van JHWH af uit en word aan die volk gerig. Hierdie troos word uitgewerk in die hoofstukke wat volg en word afgehandel in hoofstuk 49:13, waar berig word dat die volk deur JHWH getroos is. Hierna breek die skepping in 'n gejubel uit. Die ander verse in Deutero-Jesaja wat oor  $\text{מְנוּחָה}$  handel en dan oor troos en die stad, word nie behandel nie.

Hans-Joachim Kraus (1990:11-13) bespreek Jesaja 40-66 en maak die onderskeid tussen Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja, en die gedeeltes 40 tot -55 en 56 tot 66 word afsonderlik bespreek. Jesaja 40 se eerste elf verse is die inleiding. Vers 1 is waar JHWH self die inisiatief neem en beveel dat die volk getroos moet word. Hierdie troos word deur die woord wat JHWH uitspreek, gewaarborg. JHWH self sal die troos bemiddel en gee. Die gerigsrede word verder behandel en daar word nie verder na troos verwys nie.

Grimm en Dittert (1990:16, 48-51, 339-341, 373-387, 444-447) bespreek in hulle kommentaar oor Deutero-Jesaja die perspektiewe vir die uitleg en noem dan die troos vir Sion, waaronder die verse wat troos bevat, aangehaal word. In die bespreking van die verse, in hulle konteks, word die feit van troos net genoem maar nie verder bespreek nie. Die troos word in hoofstukke 40, 49, 51 en 54 tot Jerusalem en Sion gerig. Hulle interpreteer elke keer die volk as gelyk aan die stad.

Peter Miscall (1993:99-100) behandel Jesaja as geheel. Hy verwys in hoofstuk 40 na die troos wat deur 'n onbekende spreker aan 'n anonieme groep mense, wat met Jerusalem geïdentifiseer word, gebring word. Die straf wat in die eerste gedeelte van Jesaja aangekondig word, is verby, en daar volg nou die aankondigings van terugkeer en die heropbou van die stad. Daar is geen verdere verwysing na die troos nie. Sion-Jerusalem ontvang die goeie nuus en is soms ook die draer van die goeie nuus.

Motyer (1993:13-19, 289, 298-302) behandel Jesaja as een boek. Hy maak die volgende indeling: Jesaja 1-37, 38-55 en 56-66. Hy sien hoofstukke 38 tot 39 as 'n inleiding tot hoofstukke 40 tot 55. Hy verklaar dan ook Jesaja 40:1 as 'n boodskap van troos na die ramp wat in hoofstuk 39:5-7 gegee word. Hierdie troos word aangekondig in 'n hemelse hof. Vers 2 word verder betrek om te wys dit gaan nie net om troos nie, maar ook daarom om die volk te oortuig en uit te nooi om op liefde te reageer, soos in vers 11 na vore kom uit die beeld van die herder.

Franz Christ (1994:17, 22-24) gebruik ook die eerste elf verse van Jesaja 40 as inleiding. Hy wys daarop dat die treurendes troos vind in hierdie woorde. Die tyd van verdrukking is verby vir die stad en volk. Die boodskap dat die straf verby is, gaan die bevryding vooraf. Daar word verder uitgebrei oor die feit dat gepreek moet word en dat JHWH se woord vir ewig bly. Die troos word nie weer direk behandel nie.

Paul Hanson (1995:18-20)<sup>221</sup> se bespreking van Jesaja 40 se eerste verse begin met die opmerking dat Deutero-Jesaja die bron van die boodskap van hoop en verlossing terug voer na die middelpunt van die heelal naamlik, JHWH. JHWH gee die opdrag

---

<sup>221</sup> Hanson (1995:18-20) beklemtoon die feit dat JHWH die middelpunt van troos is. JHWH is in beheer van die skepping, en JHWH alleen kan ware troos verleen.

dat die volk en Jerusalem vertrous moet word. Daarna word daar uitgebrei oor die genade en verlossing wat die volk ontvang.

Barry Webb (1996:160-164) bespreek Jesaja 40 se eerste elf verse en wys op die troos wat hy meen aangevul word deur die boodskap van die volgende verse en die uitsprake wat gemaak word. Hierdie troos is geen goedkoop troos nie, en word aan mense gegee wie se totale wêreld tot niet is. Daarom is dit wonderlike nuus om te weet dat hulle op JHWH se woord kan vertrou. Webb behandel Jesaja 40:1-51:11 as een groot deel onder die opskrif: Troos my volk.

John Oswalt (1998:48-50, 300) bespreek Jesaja 40:1-11 en noem dat die troos opvallend is en herinner aan die vertroosting wanneer 'n familielid gesterf het. Hierdie woorde word deur JHWH tot die volk gerig en dit is woorde wat in teerheid uitgespreek word. In Jesaja 49:13 word die troos ook kortliks bespreek. Daar word verder uitgewei oor die verlossing van die volk.

Childs (2001:297-299, 387, 402-407) bespreek Jesaja 40:1 en verwys na die troos wat gereeld in Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja voorkom en wat wys op die ingrepe van JHWH wat herstel belowe. Childs wil hê die troos moet aansluit by Jesaja 12:1. Hy meen dat die troos van 40:1, alreeds by Jesaja, in 12:1 aanwesig was. JHWH beloof herstel vir die volk en kondig die verlossing aan. Die troos kom van JHWH af en word deur JHWH gewaarborg. In die betrokke verse waar na troos verwys word, word daar soms terugverwys na Jesaja 40:1 se belofte. JHWH bly die waarborg van die troos.

Klaus Baltzer (2001:49-51)<sup>222</sup> bespreek Jesaja 40:1 volledig en verklaar dat die eerste vers alles opsom wat Deutero-Jesaja wil aankondig. Die troos se aanwesigheid of afwesigheid is duidelik sigbaar in die boek van Deutero-Jesaja. Troos word in Deutero-Jesaja net vir die aksies van JHWH gebruik;  $\text{דנן}$  staan altyd in verband met JHWH se aksies met die volk of stad of ander volke of stede. Die ander verse wat  $\text{דנן}$  bevat, word almal betrek en met die inleidende vers van Deutero-Jesaja in verband gebring. Baltzer se kommentaar hanteer die boek van

---

<sup>222</sup> Baltzer (2001:49-51) sien die openingsvers van Deutero-Jesaja as 'n samevatting van die volle boodskap van Jesaja 40 tot 55. Die vers open die drama wat hierna gaan afspeel; alles staan in diens van 'troos', en beklemtoon die troos wat JHWH gee. Dit gaan oor JHWH wat in beheer is.

Deutero-Jesaja as 'n verklaring en uiteensetting van die inleidende vers. Die verdere opbou en gebeure moet vertel van JHWH se handeling met die volk.

John Oswalt skryf 'n kommentaar oor Jesaja as boek. In hierdie werk verwys hy in hoofstuk 40:1 na die feit dat troos daarop wys dat daar 'n dag sal kom, waarop die straf verby sal wees en die volk herstel sal word. In hoofstuk 49:13 verwys hy daarna dat die kneg van JHWH die troos sal moontlik maak. Hierdie troos sal kom en die volk sal dit ervaar. Daar word nie verder op die troos ingegaan, of daaroor uitgebrei, nie (Oswalt, 2003:443-445, 548).

John Goldingay (2005:9-11) sien hoofstuk 40 se eerste elf verse as 'n inleiding. Hy verwys net na die troos in vers 1 en verklaar dat daar nou troos kom en dat die straf verby is. Hy verwys daarna dat die Talmud sê dat Jesaja vol van troos is. Goldingay verklaar dat die troosopdrag deur JHWH gegee word, maar dat die teks nie help om 'n verklaring te gee wie die troos moet bring nie. Hy gaan so ver om aan te sluit by hoofstuk 52:8 en sê dat die wagters, op Sion se mure, troos sal aankondig aan die stad, as die koning triomfantelik terugkeer. Daarna gaan Goldingay voort om die volk te bespreek. Troos word nie weer aangeraak nie.

Watts (2005:606-609) skryf oor Jesaja 40:1-8 dat dit die hele gedeelte, hoofstukke 40 tot 55 as proloog inlei en die voornemens van JHWH aankondig, van wat JHWH gaan laat gebeur. Die troos-aankondiging moet dien om JHWH se volk te versterk en te bemoedig. Dit laat die volk ook beseef dat die tyd van oordeel verby is. JHWH se belofte oor troos en bevryding uit die ballingskap tree nou in. Daar is sekere dinge wat gedoen moet word en met hierdie aankondiging word die rigting van optrede aangewys, in die hoofstukke wat volg. Die waarborg van die troos berus in JHWH. JHWH kondig die troos aan en sal sien dat die volk getroos word.

Berges (2008:84-101) skryf oor Jesaja 40 tot 48 en sluit aan by die troosuitspraak in Jesaja 40:1 en wys daarop dat JHWH aan die volk troos sal gee. Hierdie troos word deur JHWH aan die volk gewaarborg. Hulle wat troosteloos was, sal nou getroos word. Berges verwys vervolgens na Jesaja 12:1, Genesis 50: 21 en Rut 2:13, wat in verband met mekaar staan en iets weergee van die eksiliese en na-eksiliese herstel



deur JHWH wat troos in die hand werk. Die troos lê daarin dat die volk en Jerusalem weer herstel sal word. Die ballingskap is verby en die volk sal terugkeer na Jerusalem wat weer opgebou sal word. Berges (2010:70-71, 93-94)<sup>223</sup> het oor die profeet Jesaja en sy boek geskryf en die literêre samestelling van die boek bespreek. Hy merk op dat die troosmotief in Jesaja 12 aangeraak word en dan in Jesaja 40:1 en verdere verse verder gevoer word. Die brug word so geslaan vanaf Jesaja 12 na Jesaja 40. Die troos word gewaarborg deur die woord van JHWH wat die volk, 'My volk' noem. Hierdie troos word volgens Berges deurgevoer na Jesaja 66:13 waar die jubelende inwoners van Sion die lied van bevryding sing.

Dempsey (2010:90-92) behandel hoofstuk 40 se eerste twee verse en wys daarop dat die openingswoorde aan die volk in ballingskap, wat sou wonder of JHWH hulle verlaat het, is 'Troos, troos my volk.' Hierdie woorde word gerig aan die volk wat vir haar sinoniem is met Jerusalem. Eers by die bespreking van vers 3 noem sy dat die troos nou voortgaan, in die vorm van die goeie nuus, dat JHWH kom. Die troos word nie verder in die proloog bespreek nie, maar word geïmpliseer.

#### 4.1.3.1.1 Oorsig

Die kommentare toon aan dat die werkwoord דָּן in Jesaja 40:1 opgemerk word en deur enkele eksegete bespreek word. Die meeste eksegete noem die feit dat die troos deur JHWH gewaarborg word. In die meeste gevalle word daar na die troos verwys en dan oorgegaan na ander onderwerpe<sup>224</sup> wat bespreek word. Die onderwerpe soos die verhouding tussen JHWH en die volk en hoe die volk uit die ballingskap verlos sal word, kry die meeste aandag.

'Troos' word in die meeste gevalle nie weer verder bespreek nie. Die troos word deur van die eksegete as goeie nuus<sup>225</sup> verklaar. Die goeie nuus is die feit dat die volk uit ballingskap verlos sal word. Daar word ook klem gelê op die feit dat die volk gaan terugkeer na Jerusalem. Troos wat as eerste woord van Jesaja 40:1 opval, word nie genoegsaam behandel en bespreek nie.

---

<sup>223</sup> Die troos is 'n tema in Deutero-Jesaja, en dit wil voorkom asof die troos as tema 'n deurlopende lyn in die boek Jesaja vorm.

<sup>224</sup> Oswalt (1998:48-50, 300) beklemtoon die verlossing van die volk deur JHWH. Goldingay (2005:9-11) beweeg van troos af en gaan voort met 'n bespreking van die volk.

<sup>225</sup> Dempsey (2010:90-92) verklaar dat die troos oorgaan in die goeie nuus dat JHWH kom.

#### 4.1.3.1.2 Bespreking en eksegesi van Jesaja 40:1-11

Daar is gekyk na die hantering van die werkwoord  $\text{נחם}$  in Jesaja 40:1 deur die eksegete, in kommentare. Die bespreking en eksegesi van Jesaja 40:1 binne die perikoop van Jesaja 40:1-11 sal nou plaasvind. Dit is nodig om die proloog van Deutero-Jesaja te bespreek, aangesien 40:1 die basis vorm van 40:1-11. Die opdrag tot troos word in Jesaja 40:1 gegee en daarna uitgebrei in die volgende gedeelte van die proloog. Die temas, van Deutero-Jesaja, is in die proloog saamgevat en die verloop daarvan vind sistematies plaas tot in Jesaja 55.

Die aanvangshoofstuk van Deutero-Jesaja is hoofstuk 40. Hierdie inleidende hoofstuk vang dadelik die oog met die dubbele troos wat die aanvangswoorde is. Hierdie aanvangswoorde van Deutero-Jesaja is seker van die bekendste woorde in die Ou Testament, en baie skrywers is van mening dat die aanvangswoorde die oorkoepelende gevoel<sup>226</sup> van Deutero-Jesaja weergee. Hierdie hoofstuk word as proloog gesien vir die gedeelte wat uit hoofstukke 40 tot 55 bestaan. Die meeste kommentare is dit eens dat die proloog<sup>227</sup> uit die eerste elf verse bestaan. Dit is nodig om na Jesaja 40:1 binne hierdie konteks te kyk. Daarom word die eksegesi en bespreking van vers 1 binne die proloog hanteer om vas te stel wat die presiese doel met die inleidende woorde is. Die troos, wat dit behels, deur wie dit gegee word, hoe die troos in die praktyk toegepas gaan word en wie getroos moet word, word dan bepaal. Die aksie van troos en die rede waarom die troos nodig is, word ook uitgelig en bespreek. Die volk het hulle vryheid, land en trots verloor. Hierdie volk is ballinge in die vreemde.

Die werkwoord  $\text{נחם}$ , in die Pi'el, met die betekenis van troos kom voor in hoofstuk 40:1; 49:13; 51:3, 12 en 19; 52:9 en in 54:11 in die Pu'al. JHWH is die Een wat die

---

<sup>226</sup> Akpunonu (2004:69) maak die volgende opmerking "The dominant theme of the Overture is consolation and that is the first word of the book." Elders skryf Akpunonu (2004:80), "comfort ... summarizes the message and purpose of the book." Baltzer (2001:49) bespreek Jesaja 40:1 volledig en verklaar dat die eerste vers alles opsom wat Deutero-Jesaja wil aankondig.

<sup>227</sup> Jesaja 40:1-11 lei die gedig in wat deel vorm van die groter gedig wat uit Jesaja 40:1-31 bestaan. Daar is verskillende indelings wat vir Jesaja 40 gebruik word. Die meeste Jesaja-kenners sien die proloog as Jesaja 40:1-11, naamlik Delitzsch (*Vol. II*. 1877:139-141). Hy noem verse 1-2 die proloog van die proloog; Beuken (1979:18-19); Hessler (1988:45, 196, 294-295); Christ (1994:17, 22-24); Webb (1996:160-164); Goldingay (2005:9-11). Enkele eksegete dink anders: Torrey (1928:301) neem die hele gedig, naamlik 40:1-31, as inleiding.

troos bewerk. JHWH tree elke keer met die volk in gesprek oor die 'troos'. JHWH alleen kan die volk wat in ballingskap verkeer, troos en bemoedig.

Die volk het onderdrukking en smaad beleef, die onderdrukkers vra waar is hulle God wat hulle sal help en red. Die volk hunker na uitkoms en redding. Hulle hoop dat daar 'n einde aan die ballingskap sal kom en dat hulle na Jerusalem kan terugkeer. Die ballinge sal graag na Jerusalem wil terugkeer om daar as volk in hulle land, vryheid en selfbeskikking te ervaar en weer JHWH in vryheid dien. Die agtergrond van die boek sal meer duidelikheid op die situasie en omstandighede van die volke in ballingskap werp. Ten tye van die terugkeer, was die Perse die heersende mag en hulle het toestemming aan al die volke, wat deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer is, gegee om weer na hulle eie lande toe terug te keer. Hierdie terugkeeraksie word deur Deutero-Jesaja beskryf as 'n daad wat deur JHWH bewerk is, wat die geskiedenis beheer, en die Mediërs as die opvolgers van die Babiloniërs bepaal het. Daarna het die Perse as wêreldmag oorgeneem en onder Kores, wat as kneg deur JHWH geroep is, het die volke toestemming verkry om na hulle eie lande toe terug te keer.

'Troos', die werkwoord  $\text{נחם}$ , is die woorde waarmee die boek begin. Hierdie profeet begin met die besondere troos-aankondiging van JHWH. JHWH stel Homself voor as die een wat alleen aanbid en gediën behoort te word en 'n volk het wat 'My volk' genoem word. Hierdie volk is die objek van die troos. Hierdie troos kom tot hierdie volk Israel, wat in ballingskap in die vreemde is. Hulle het ervaar hoe die jare verloop het en nog niks het gebeur nie. Nou skielik kom die profeet Jesaja met hierdie wonderlike bemoedigende woorde en boodskap van hoofstuk 40:1 en verder. Hierdie inleiding van hoofstuk 40 is 'n boodskap wat deur die hele gedeelte vanaf hoofstuk 40 tot en met hoofstuk 55 loop.

JHWH se woord sal ewig standhou. JHWH se woord oor troos begin in Jesaja 40:1 en JHWH beheer met die woord die hele boodskap van Deutero-Jesaja. JHWH sal regeer en die volk versorg. Dit is duidelik in die proloog van Deutero-Jesaja dat JHWH, die Herder sal wees wat die volk versorg. Soos die herder die skape versorg en beskerm, na die lammers omsien, en die ooie met lammers sal JHWH dit vir die volk doen en hulle lei. Hier is die totale versorging en beskerming ter sprake, op die pad vol gevare, tydens die terugtog. JHWH herstel die volk as Sy eiendom en hulle behoort aan JHWH, wat hulle lei, versorg en na hulle omsien.

Dit is nodig om nou in die bespreking van die proloog Jesaja 40:1-11 te vertaal en daarna kortliks te bespreek om aan te toon hoe al die elemente in die proloog die troos verder aanvul en uitbou. Die sake wat in Deutero-Jesaja 'n rol speel, kom almal in die proloog<sup>228</sup> voor en word verder uitgebrei in die hoofstukke wat volg. Die werkwoord  $\text{an}$  word in vers 1 gebruik (Van der Woude, 2005:229-232).

Hier volg 'n eie vertaling van Jesaja 40:1-11.

Jesaja 40:1. Troos, troos my volk, sê julle God.

2. Praat na die hart van Jerusalem, en roep tot haar, dat haar stryd vervul is, dat haar skuld vergewe is, want sy het uit die hand van JHWH dubbeld vir haar geneem.

3. Die stem van hom wat roep in die woestyn: Berei die weg van JHWH, maak reguit in die woestyn 'n hoofweg vir ons God.

4. Elke vallei sal opgevol word, en elke berg en heuwel sal laag gemaak word, en die steilte sal 'n gelyk plek word, en die ongelyke plekke sal 'n vlakke word.

5. En die eer van JHWH sal geopenbaar word, en alle vlees sal dit saam sien, want die mond van JHWH het gepraat.

6. 'n Stem sê: Roep, en hy vra: Wat sal ek roep? Alle vlees is gras, en al sy prag soos die blom van die veld.

7. Die gras verdor, die blom verwelk; omdat die gees van JHWH oor dit geblaas het. Sekerlik die mense is soos gras.

8. Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van ons God sal vir ewig opstyg.

9. Jy wat die goeie nuus aan Sion bring, gaan op vir jouself op die hoë berg, verkondiger van die goeie nuus aan Sion. Hef op jou stem met krag, verkondiger van die goeie nuus aan Jerusalem. Hef op. Moenie bang wees nie. Sê aan die stede van Juda: Kyk. Julle God.

---

<sup>228</sup> Baltzer (2001:49) bespreek Jesaja 40:1 volledig en verklaar dat die eerste vers alles opsom wat Deutero-Jesaja wil aankondig. Van der Woude (2005:229-232) stel dit duidelik by haar gevolgtrekkings dat die proloog as inleiding verder uitgebrei word in die verloop van Deutero-Jesaja se verhaal. Die sake wat in die proloog aangeraak is, word verder uitgewerk en beantwoord soos die verhaal vorder.

10. Kyk, die Here JHWH sal kom met krag, en Sy arm regeer vir Hom. Kyk, Sy beloning is by Hom, en Sy besoldiging voor Hom.

11. Hy sal Sy kudde kos gee soos 'n herder, Hy sal die lammers bymekaar maak met Sy arm, en hulle aan Sy bors dra; die met jongetjies sal Hy lei.

Die struktuuranalise van Jesaja 40:1-11 is gedoen en toon die opbou van die proloog aan. Dit is nodig om die analise te bespreek voordat die proloog verder bespreek word. Die opbou van die eerste elf verse is duidelik sigbaar. Die struktuuranalise verskyn as Bylaag 3 aan die einde van die Proefskrif. Hier volg 'n kort verduideliking van die struktuuranalise se diagram van die proloog van Jesaja 40:1-11. Die struktuuranalise se verbinding vanaf 40:1 sluit ook buite om aan by 49:13 en die ander verse wat troos bevat. Al die verse met  $\text{d}n\text{n}$  staan in onderlinge verband met mekaar en dra die tema van troos dwarsdeur die boek van Deutero-Jesaja. Die struktuur toon duidelik aan dat die hele proloog op die opdrag van troos gebou is. Die res van die proloog verduidelik die manier waarop en die redes waarom die volk en Jerusalem getroos moet word. Jerusalem se straf is uitgedien en ten volle verduur. Die wyse waarop die volk weer moet teruggaan is met die pad wat gelyk gemaak sal word. JHWH gee die opdrag, spel die metode uit waarop die opdrag uitgevoer gaan word, belooft bystand en herstel die volk weer as volk van JHWH, met die openingsopdrag. Daar is ook 'n aansluiting op die diagram buite om vanaf Jesaja 12:1: die troos het vooruitgryp na die troos van Jesaja 40:1.

Die struktuuranalise van hoofstuk 40 toon, baie duidelik, dat die troos die basis van hierdie hoofstuk en die volgende hoofstukke van Deutero-Jesaja vorm. Hoofstukke 40 tot 55 is gebou op die basis dat troos deur JHWH aan die volk en die stad Jerusalem/Sion gegee en gewaarborg word. Die inleidende opdrag is die opdrag tot troos (Beuken, 1979:18)<sup>229</sup>, wat 'n dubbele opdrag is. Die feit dat dit dubbeld

---

<sup>229</sup> Beuken (1979:18) wys daarop dat troos meer as medelye beteken. Vir Deutero-Jesaja gaan dit oor die herstel van Sion, en die einde van die ballingskap. JHWH is gewoonlik die onderwerp, en die volk en Sion of albei groepe die objek van die 'troos'. Beuken noem dat dit na die tema van die boek lyk. Beuken sê dat die troos konkreet daarin bestaan dat JHWH weer praat, en dan in die kader van die verbond. Beuken wys daarop dat daar tot op die tydstip, in Israel se klaagsange, oor die verwoesting van Jerusalem 'n vaste tema was, naamlik die afwesigheid van 'troos'. Die verwysing is na Klaagliedere 1:2, 9, 16, 21; 2:13 en ander tekste soos Esegieël 14:22; Prediker 4:1. Merendino (1981:17, 26-27) noem al die tekste in Jesaja wat  $\text{d}n\text{n}$  bevat, en verwys ook na

voorkom, beklemtoon die belangrikheid en noodsaak van die troos. Hierdie opdrag<sup>230</sup> kom vanaf JHWH en dit kom tot die volk wat in Babel in ballingskap verkeer. Hierdie volk word deur JHWH, as die volk van JHWH aangespreek, wat dui op 'n innige verhouding wat bestaan. Hierdie is verbondstaal<sup>231</sup> en sal die volk se aandag onmiddellik aangryp.

Die volk is in Babel en daar is 'n deel van die volk wat daarna smag om weer in Jerusalem te kom. Dit leer ons uit van die Psalms, soos Psalm 137, waar die versugting uitgespreek word om weer in Sion 'n lied vir JHWH te sing. Hierdie groep ballinge wat 'n verlange na Sion het, sal graag die boodskap wil hoor dat daar troos kom en dat die troos daarin geleë is dat hulle sal terugkeer. Die volk weet dit uit hulle ervarings met JHWH op die pad wat hulle gestap het. JHWH hou Sy beloftes en die uitsprake van straf indien daar van die regte pad en diens aan JHWH afgewyk word.

In hierdie proloog<sup>232</sup> is daar 'n kort samevatting van die totale boodskap wat verder in die res van die hoofstukke van Deutero-Jesaja uitgewerk word (Adams, 2006:91-94.). Hierdie proloog word opgebou deur verskillende stemme<sup>233</sup> wat praat. Die stemme volg mekaar op, en die boodskap word so oorgedra. Hierdie stemme gee struktuur aan die proloog: "Das Ganze ist ein Ruf, und sein Zusammenhang ist ein Kette von Rufen zu verstehen" (Westermann, 1981:30)<sup>234</sup>. Dit is nie altyd moontlik

---

Klaagliedere en die troos wat ontbreek. Berges (*Jesaja 40-48*. 2008:99). Berges verwys na Klaagliedere en die feit dat die troos vir die stad ontbreek. Berges (2002:99-100) wys op die feit dat die troos ontbreek, en hy toon dan dat die volk bewus is van die feit dat JHWH hulle bystaan, help en 'troos'. As verwysings gee Berges aanhalings uit die Psalms, en dan die aanhalings uit Jesaja vanaf 12:1 tot 66:13 en noem dat die volk en stad hierdie positiewe antwoord van Jesaja op die klag in Klaagliedere kry. Wischnowsky (2001:168, 241) wys ook dat Jesaja die klag van Klaagliedere antwoord.

<sup>230</sup> Stuhlmüller (1970:179-180) het al opgemerk dat daar 'n verskeidenheid stemme in die proloog aanwesig is. Stuhlmüller skryf verse 1 en 2 aan JHWH toe. Beuken (1979:15-29) het die stemme bespreek. Beuken skryf die eerste verse aan JHWH, wat die opdrag van troos gee, toe.

<sup>231</sup> Beuken (1979:18-19) wys daarop dat die feit dat JHWH spreek in die kader van die verbond, val op en die verwysings 'My volk' en 'u God' sinspeel op die verbondsformule.

<sup>232</sup> Adams (2006:91-94) wys daarop dat die proloog van Deutero-Jesaja 'n belangrike funksie vervul. Die proloog sluit aan by temas uit hoofstukke 1 tot 39, en lei nuwe motiewe wat in die volgende hoofstukke voorkom, in. Jesaja 40:1-8 vorm die basis vir hoofstukke 41-48 en Jesaja 40:9-11 vorm die basis vir 49:14-55:13.

<sup>233</sup> Habel (1965:314) verwys na 'n "crescendo of voices". Van der Woude (2005:62) praat van die aaneen skakeling van stemme wat opval; Clines (2012:113-126) bespreek die verskillende stemme. Daar word verskillende sprekers onderskei, en selfs nie sprekende stemme nie. Clines skryf ook Jesaja 40:1 aan JHWH toe. JHWH begin met die aanvangswoorde van Deutero-Jesaja.

<sup>234</sup> Westermann, *Das Buch Jesaja* Kapitel 40-66 (1981:30).

om die stemme te identifiseer nie (Meier, 1922:254)<sup>235</sup>. Daar kan nie onderskei word met wie die stemme praat en van wie die opdragte kom nie. Die opdrag tot troos word gegee. Verder word die volk en die stad Jerusalem betrek by JHWH se aksie van verlossing uit die ballingskap. Die terugtog uit Babel met die paaie wat gelyk sal wees, word uitgestippel. JHWH sal die woestynhitte en ontberinge vir die volk draaglik maak. JHWH verseker die volk van bystand en beskerming op die pad terug tot in Jerusalem. JHWH sal vir die volk sorg vir kos en water en hulle bystaan en beskerm. JHWH sal self ook terugkeer na Sion. Al hierdie sake sal na vore kom in die bespreking en eksegeese van die proloog.

Hoofstuk 40:1 begin met  $\text{דנן}$  in die Pi'el vorm. Hierdie opdrag volg direk op die afsluiting in hoofstuk 39. Die ballingskap word veronderstel. Dit wil sê dat 'n hele aantal jare verloop het sedert hoofstuk 39 se afsluiting en hoofstuk 40 se eerste vers. Die volk bevind hulle nie meer in Jerusalem nie. Die ballinge is nou in Babel en wag daar op enige boodskap van JHWH. Hulle weet dat Jesaja in Jerusalem geprofeteer het dat, na die val van Jerusalem, daar weer 'n tyd sal kom wanneer die ballinge na Jerusalem sal terugkeer.

Intussen het 'n deel van die volk al begin wonder of JHWH hulle nie vergeet het nie. Daarom is hierdie woorde 'n wonderlike boodskap vir van die ballinge. Nie al die ballinge sou ewe opgewonde wees oor die boodskap nie. Sommige ballinge het die opdrag van Jeremia ernstig opgeneem in Jeremia 29:5-7, en vir hulle belange in Babel gevestig, huise gebou en die stad se belange is nou ook werklik hulle belange. Hierdie groep van die ballinge sou nie graag dadelik wou terugkeer nie. Daarom dat ons die verwysing kry dat net diegene van die ballinge wat geregtigheid wil najaag en leef tot eer van JHWH, opgeroep word om na Jesaja te luister. Hulle moet ag te gee op die oproep om na Jerusalem toe terug te keer. Deel van die opdrag tot troos is die aankondiging van wie deur JHWH bedoel word en dus deur JHWH getroos gaan word. Die benaming in Jesaja 40:1 van My volk, vir die volk van JHWH, is 'n aanduiding vir die volk van Juda. Dit is opvallend dat die benaming 'volk van JHWH'

---

<sup>235</sup> Meier (1922:254): "The opening verses of Isaiah 40 are notoriously complex in their interweaving of speaking voices."

nie in Jesaja voorkom nie (Høgenhaven 1988:31)<sup>236</sup>. Hierdie is die aanduiding van 'n spesiale verhouding, naamlik 'n verbondsverhouding (Beuken, 1979:18-19)<sup>237</sup>. JHWH het self die volk geroep en gekies, deur die roeping van Abraham, hulle voorvader, na wie daar juis in Jesaja 51:1-3 verwys word. Dit is 'n gedeelte wat later, ten opsigte van troos, in hierdie hoofstuk behandel word.

Jesaja 40:2 verplaas dadelik die klem vanaf die volk na die stad Jerusalem. JHWH gee aan Jerusalem die versekering dat haar sonde ten volle betaal is. Jerusalem se hart (Herbert, 1975:16-18; Berges, 2008:40-48, 84-101)<sup>238</sup> moet aangespreek word. Dit is 'n manier om te sê dat daar op 'n rustige wyse en met medelye met die stad gepraat moet word. Dit sal vertroostend inwerk op die gemoedere van diegene wat die boodskap ontvang. Die opdrag tot troos is eerstens aan die volk en dan verder aan die stad Jerusalem en later ook onder die naam van Sion.

---

<sup>236</sup> Høgenhaven (1988:31). Hier vind ons die opmerking: "Nirgends wird bei Jesaja Israel oder Juda (oder die Bevölkerung beider Reiche) 'am jhwh genannt. Dagegen gebraucht er an mehreren Stellen 'am mit einen Pronominal-suffix (der ersten oder dritten Person), das sich auf Jahwe bezieht." Daarom word die volk 'my volk' genoem.

<sup>237</sup> Beuken (1979:18-19). Beuken wys dat die benaming 'My volk' in die kader van die verbond staan. Volgens Beuken sien Deutero-Jesaja die feit dat JHWH die inisiatief neem, in die vertroosting van Israel, dat JHWH die verbondsverhouding met die volk weer herstel. Berges, (Jesaja 40-48, 2008:98-99). Berges wys daarop dat die formulering van 'My volk' en 'julle God' verbondstaal is, en die herstel van die verhouding aandui, wat deur JHWH herstel word.

<sup>238</sup> Die uitdrukking 'spreek tot die hart van' in kombinasie met die werkwoord חָנַן, kom in Jesaja 40:1 en 2 voor. Herbert (1975:16-18). Berges, (*Jesaja 40-48*. 2008:84-101). Herbert en Berges het albei opgemerk dat die kombinasie van troos en praat na die hart van, in Jesaja 40 sowel as in Genesis en Rut voorkom. Die kombinasies kom voor in Genesis 50:21 en Rut 2:13. In Genesis 50:21 troos Josef sy broers. Van Selms (1967:152-153, 292) wys dat die uitdrukking beteken, 'troos', bemoedig, om die hart te streel, of die hart tot rus te bring. Westermann (1982:232-233) wys dat die troos nie net uit woorde bestaan nie, maar in dade van sorg oorgaan. Josef het sy broers vergewe, maar hy sorg verder vir hulle in Egipte. Würthwein (1969:14-15) wys dat Boas Rut getroos en versorg het. Hertzberg (1969:266, 269-270) verwys in die vertaling na troos en vriendelik gepraat. Boas vertroos en versorg Rut. Campbell (1975:86-87, 100-102) het die frases vertaal, en wys daarop dat Boas Rut vertroos en versorg het. Campbell verwys na die tekste in Genesis 50:21 en Jesaja 40:2 en wys daarop dat die kombinasie nege keer in die Ou Testament voorkom. Die kombinasie dui op vertroosting en verdere sorg vir die persone na wie jy omsien. Heskett (2011:77, 88). Heskett wys daarop dat die troos beskryf word vir die volk en Jerusalem. Die troos word gebruik, saam met die uitdrukking dat daar tot die hart van Jerusalem gepraat moet word. Hierdie troos word gesien as 'n antwoord, van Deutero-Jesaja, op die klag van Klaagliedere dat daar geen troos is nie. Heffelfinger (2011:102-103) wys daarop dat Deutero-Jesaja se openingswoorde 'n geweldige klem dra. JHWH kondig die troos aan, en gee te kenne dat die troos oorgedra sal word, deur sagkens met Jerusalem te praat.



Die proloog se verdeling is in verse 1-2, 3-5, 6-8 en 9-11. Hierdie verdeling van Jesaja 40:1-11 (Beuken, 1979:17-18)<sup>239</sup> word redelik algemeen gevolg. Die inleidende verse bevat die troos aan die volk en Jerusalem. Jerusalem kry die versekering dat die volle straf vir haar skuld gedra en uitgedien is. Dit is 'n versekering dat die einde van die ballingskap aangebreek het. Hierdie versekering versterk die troos van vers 1. Dit is 'n vertroostende boodskap vir Jerusalem om te weet, die straf is verby, en JHWH sal haar vertroos. Die boodskap gaan nou voort na die volgende toneel.

JHWH is aan die woord in die eerste twee verse van die proloog. Die opdrag om te troos<sup>240</sup> is gegee en die stemme gaan nou die boodskap verder deurgee. Hierdie opvolging en uitbreiding van die boodskap deur die stemme versterk die troosmotief en neem die boodskap verder (Hartenstein, 2011:97-98, 107-108). Stuhlmüller (1970:169-170) verwys na die woord van JHWH in die proloog van Deutero-Jesaja as die skeppende<sup>241</sup> woord van JHWH<sup>242</sup>, wat 'n opvallende manier is waarop Deutero-Jesaja sy boodskap weergee. Gerhard von Rad noem die gebruik van Deutero-Jesaja die 'as' waarom al sy prediking draai, "the pivot on which his whole preaching turns is an awareness of the reality of Jahweh's creative word." (1975:242). Die troos is deur JHWH aan die volk en stad gegee, as 'n opdrag. Die afleiding kan dus gemaak word dat JHWH die troos skep vir die volk en stad. Hierdie troos sal deur die ander elemente van die proloog uitgebrei en gedra, word dwarsdeur die werk van Deutero-Jesaja. Von Rad (1975:241, 238-239) wys daarop

---

<sup>239</sup> Beuken (1979:17-18) vat die verdeling saam, in sy uiteensetting van die proloog. In verse 1-2 is JHWH aan die woord. In verse 3-5 is dit 'n stem wat roep. In verse 6-8 volg 'n gesprek tussen 'n stem en die profeet. In verse 9-11 praat die profeet met Jerusalem. Ehring (2007:23, 38, 50, 63-65), volg ook hierdie indeling. Klein (2009:60, 63, 67 en 72) gebruik dieselfde indeling vir die proloog van Jesaja 40:1-11.

<sup>240</sup> Hartenstein (2011:97-98, 107-108) toon aan dat JHWH die troosopdrag gee. Die woord deur JHWH lei Jesaja 40-55 in, waar die handeling van JHWH duidelik sigbaar word, in die optrede met die volk en stad. Heffelfinger (2011:107-108) sê dat JHWH die opdrag tot troos gee, en die troos uitspreek. Die troosopdrag toon verder die verhouding tussen JHWH en die volk aan. Die gebruik van *dn* in die Bybel is baiekeer in kontekste, waar die klem op die huweliks- of familie verwantskap val. Heffelfinger wys daarop dat die gebruik voorkom in sowel die Pi'el as Nif'al vorme. Tiemeyer (2012:236) wys op die opdrag om Jerusalem te 'troos'. Hierdie opdrag kom van JHWH af.

<sup>241</sup> Stuhlmüller (1970:169-170). Die woord van JHWH skep nuwe moontlikhede in Deutero-Jesaja. Volgens Stuhlmüller dra die woord die teologie van Deutero-Jesaja.

<sup>242</sup> Algemene verwysings vir die onderwerp in hierdie hoofstuk is: P.R. Ackroyd, 1962:7-23; Von Rad, 1975:80-99.

dat skepping en verlossing sinonieme<sup>243</sup> by Deutero-Jesaja vorm. Hy wys verder daarop dat Deutero-Jesaja woorde skep asook begrippe gebruik wat hy met nuwe inhoud vul.

Jesaja 40:3-5<sup>244</sup> word ingelui deur 'n stem wat nuwe gebeure aankondig (Tiemeyer, 2012:236). Hierdie gedeelte, van die proloog, gee die boodskap weer deur middel van roepende stemme. JHWH het Jerusalem se sondige verlede afgesluit. Die nuwe gebeure is die feit dat JHWH gaan kom (vers 10). Daarom is dit noodsaaklik om die pad voor te berei. Die stem skilder wat daarna gaan gebeur. Die majesteit en heerlijkheid<sup>245</sup> van JHWH sal vir almal sigbaar wees (Berges, 2008:233; Wagner, 2012:168). Die woestyn word nie nader gekwalifiseer nie, en kan nie geografies bepaal word nie. Daarom kry die begrip woestyn nou 'n historiese oorleweringslading. Die woestyn funksioneer nou in die nuwe eksodus. Hierdie verse wys na 'n trektog van JHWH saam met die volk, volgens die woestyntradisies. Die laaste kolon van vers 5<sup>246</sup>, 'want die mond van JHWH het gepraat', herlei al die voorafgaande tot 'n gesagvolle uitspraak van JHWH. Verse 3-5 is dan 'n uitwerking om die troos van vers 1 te bevestig en uit te bou (Beuken, 1979:22).

Jesaja 40:6-8 is die aankondiging van 'n volgende stem. In vers 6 is daar weer 'n stem wat praat. Die opdrag om te roep word voortgesit, en 'n volgende stem tree na vore. Hierdie stem gee nie 'n boodskap deur nie, maar neem besware weg. Daar word 'n positiewe rede gegee om die boodskap te gaan verkondig: 'Die woord van ons God hou vir ewig stand'<sup>247</sup> (Merendino, 1981:53; Beuken, 1979:25). Die profeet

---

<sup>243</sup> Von Rad (1975:241, 238-239) skryf dat Deutero-Jesaja die woorde gebruik om die leser se aandag vas te gryp. Die woorde het ryk inhoud. Beelde gryp die verbeelding aan, en hy interpreteer die geskiedenis van Israel.

<sup>244</sup> Tiemeyer (2012:236) wys daarop dat hierdie verse JHWH se reis deur die woestyn voorstel. Die natuur sal vernuwe word, en verander. Die heerlijkheid en eer van JHWH, sal aan almal sigbaar word.

<sup>245</sup> Wagner (2012:168) toon aan dat die tekste, oor die heerlijkheid van JHWH, net in Jesaja 40-48 voorkom. Wagner wys daarop dat al hierdie gedeeltes, waar die heerlijkheid van JHWH voorkom, as redaksionele wysigings beskou word.

<sup>246</sup> Beuken (1979:22) wys daarop dat hierdie formule die aanvangswoorde van JHWH verder uitbrei en laat aansluit by verse 3-5. JHWH het die opdrag in die hemelse raad gegee, en nou afgesluit sodat die volk en Jerusalem kan weet wat sal gebeur.

<sup>247</sup> Merendino (1981:53) sê die woord van vers 8 sluit aan by die woord van die eerste twee verse sowel as vers 5 se woord. Hy sien dit alles as die woorde van JHWH. Beuken, (1979:25) toon aan dat dit hier primêr gaan om die trooswoord. Die feit dat JHWH se Woord vasstaan dien vir die volk en Jerusalem ook tot 'troos'.

grond sy beswaar op die mens se verganklikheid, waaraan niks kan ontkom nie. Die mens se krag is net so verganklik soos die plantegroei. Die stem ontken die profeet se beswaar en gee iets in die plek daarvan, wat onverganklik is.

Jesaja 40:9-11<sup>248</sup> bring ons by die volgende gedeelte, die laaste, van die proloog (Tiemeyer, 2011:279-285). Die opdrag word gegee om aan Sion en Jerusalem die goeie nuus te bring dat JHWH kom. JHWH kom as koning na Sion toe. JHWH sal regeer en die volk en stad versorg soos 'n herder<sup>249</sup> vir sy kudde sorg (Heskett, 2011:73, 138). Die totale sorg word deur JHWH met die herdersbeeld, wat so bekend is aan die volk, gewaarborg.

#### 4.1.3.1.3 Samevatting

Jesaja 40 se proloog<sup>250</sup> is ondersoek en hier vind ons dat die troos van JHWH af kom (Beuken, 1979:30). JHWH maak Homself aan die volk bekend as die Skepper wat alles gemaak het en vir alle dinge sorg. JHWH is bewus van die volk se omstandighede daar in Babel. Daarom laat JHWH hierdie boodskap deur die profeet bring. Die volk moet weet wie die boodskap stuur en waarom hulle JHWH kan vertrou. JHWH moet Homself amper weer opnuut aan die volk bekend stel. Dit is asof hulle JHWH moet herken en erken deur die waas van afgode wat hulle wil verdring. Die volk moet leer dat JHWH alleen troos gee, uit JHWH se liefde en genade en in JHWH se ontferming oor die mens. Die proloog van Deutero-Jesaja kondig die troos aan die volk en die stad aan. Hier kry ons kortliks 'n beskrywing om

---

<sup>248</sup> Tiemeyer (2011:279-285) verklaar dat die boodskapper van vers 9 vroulik moet wees, maar erken dat dit nie moontlik is om 'n definitiewe geslag aan die boodskapper toe te ken nie. Volgens haar kan Sion beskou word as die boodskapper wat die nuus aan haarself moet bring. Sy voeg later by dat dit nodig is, om in te sien dat Sion die ontvanger van die goeie nuus is. Tiemeyer (2012:236-237) wys daarop dat die boodskapper ook vroulik kan wees. Die goeie nuus, volgens Tiemeyer, is om die boodskap aan te kondig aan Jerusalem en die stede van Juda, dat JHWH in Jerusalem aankom. Kuckhoff (2011:219) verwys na die beeld in Jesaja 40:11, waar JHWH as herder van die volk voorgestel word. Kuckhoff hanteer dan die bekende gedeeltes in die Psalms waar dieselfde beeld gebruik word, en noem 23:1, 79:13, en Esegïel 34:13-31. Die geborgenheid by en sorg deur JHWH word beklemtoon.

<sup>249</sup> Heskett (2011:73, 138) skryf dat Sion nie self die goeie tyding bring nie. Die tyding word aan Sion verkondig in haar verlatenheid. Sion sal verlos word van haar vyande, en haar Verlosser sal haar versorg, soos 'n herder die kudde versorg. Beuken (1979:29) toon aan dat die beeldspraak van hierdie gedeelte die werklikheid van die nuwe eksodus beklemtoon.

<sup>250</sup> Beuken (1979:30) wys daarop dat die proloog van Deutero-Jesaja al die temas van die boodskap saamvat. Volgens Beuken word die troos aangekondig, en dan sal die volk onder JHWH se leiding terugkeer na Jerusalem. Die heil wat tot stand kom en hoe die hindernisse in die pad daarvan oorwin word, is deel van die boodskap van troos en vertroosting.

aan te toon hoe die pad vorentoe sal verloop, en die volk en stad vertrous sal word. Dit is opmerklik dat JHWH die troos aankondig en waarborg. JHWH is deurgaans in Deutero-Jesaja die Een wat op die voorgrond staan. JHWH se verhouding<sup>251</sup> tot Israel, tot die stad Sion/Jerusalem en JHWH se verhouding met die volke word uitgebeeld (Beuken, 1979:30). Daar is baie aanhalings uit Jesaja wat in die Nuwe Testament gebruik word. Jesaja 40 tot 55 word dikwels deur Lukas (Mallen, 2008:5, 205-207)<sup>252</sup>, Paulus (Aernie, 2012:63, 144, 149)<sup>253</sup> en ander skrywers van die Nuwe Testament aangehaal.

#### 4.1.3.2 Jesaja 49:13 – Kommentare

Calvyn (1900:609-610) bespreek vers 13 waarin hy die troos vertaal het en wys daarop dat die loflied 'n geestesvervoering is, waarin Jesaja die hemel en aarde oproep om die lof van JHWH te besing en om die volk te troos met beloftes oor hulle heropbou. Hy verwys daarna dat die armes hier 'n aanduiding daarvan is dat die volk JHWH se medelye verdien. Alexander (Vol 2. 1976:235-236) bespreek vers 13 en wys daarop dat Jesaja van die metode gebruik maak om die hemel en aarde te roep om lof te besing as daar iets vreugdevol gaan gebeur. Die volk gaan versamel word van die uithoeke van die aarde en sal JHWH loof, wat hulle verlos het en hulle getroos het. Die volk was in ballingskap en JHWH is hulle beskermmer wat hulle

---

<sup>251</sup> Beuken (1979:30) wys op al die verhoudings waarin JHWH staan, asook die verhoudings waarin die profeet en volk staan. Profeet en Israel, en Israel en die volke. Tiemeyer (2012:236-237) beklemtoon die feit dat JHWH beskryf word as die Koning wat regverdig en genadig is, en as 'n herder wat vir die volk sorg.

<sup>252</sup> Mallen (2008:5, 205-207) wys daarop dat Lukas die gedeeltes in Jesaja aanhaal wat volgens hom na Christus verwys, en op die feit dat JHWH die heidene aanvaar as deel van die geloofsgemeenskap. Mallen wys op die gebruik van Psalm 118:22 wat in Lukas 20:17 korrek aangehaal word, maar in Handeling 4:11 aangepas is. Mallen gebruik die voorbeeld en toon aan dat Lukas op dieselfde manier met Jesaja se aanhalings werk. Die aanhaling word soms 'n bietjie gewysig, om aan te pas by die teologiese argument. Lukas gebruik die kneg deurgaans as Christus. Verder word die kneg se taak aangepas, die inklusiewe natuur van redding beklemtoon, en die herstel en oprigting van Jerusalem geïgnoreer. Lukas lees Jesaja se verkondiging van troos, hoop en redding, en pas dit toe op die kerk. Die eksodus en knegmotiewe by Jesaja is vir Lukas belangrik. Lukas lees Jesaja Christosentries. Lukas sien Jesaja as die profeet wat 'n paradigma verskaf vir die beoefening van sending.

<sup>253</sup> Aernie (2012:63, 144, 149) wys daarop dat Lukas, in Lukas 2:25, al die gedeeltes wat oor troos handel op Simeon betrek. Die rede daarvoor is dat Lukas troos sien as deel van die taak van 'n profeet of priester. Aernie wys daarop dat Paulus in 2 Korintiërs verwysings maak na Jesaja 40 tot 55. Dit gaan vir Paulus oor JHWH se werk met Israel en die eksodus, sowel as die feit van Christus as Dienskneg, en die redding van Israel. Troos word nie aangespreek nie, terwyl daar na die tekste in Jesaja verwys word, wat oor troos handel.

vertrous. Franz Delitzsch (Vol II. 1877:268)<sup>254</sup> bespreek vers 13 en wys daarop dat die ballinge van alle uithoeke gaan terugkeer na hulle vaderland en vir hierdie groot daad loof die hele skepping JHWH. Die vreugde van, JHWH se, Israel word die vreugde van die hemel en aarde. Hy sê die daad van troos is hiermee eens en vir altyd afgehandel, maar die ontferming gaan vir ewig voort. Delitzsch vergelyk gedurig die kerk met die volk Israel en wil die moeilike omstandige op die kerk se situasie, in die wêreld, in verband bring. North (1964:114-115, 190-193) bespreek verse 7-13. Hy gee 'n verwysing na hoofstuk 42 verse 10-12 waar die hele aarde die lof besing van JHWH oor die verlossing wat plaasvind, soos hier ook die geval is. Leupold (Vol. 2. 1977:180-183.)<sup>255</sup> se perikoop omsluit verse 7-13. Hy verklaar vers 13 as 'n antwoord en respons op die voorafgaande verse. Die ganse skepping antwoord en sal deel vorm van die blye taak om die volk te vertroos. Die lofprysing rond die gedeelte goed af. Herbert (1975:88-90)<sup>256</sup> behandel hoofstuk 49 se eerste dertien verse as 'n eenheid. Hy noem net dat vers 13 'n loflied is waarin die natuur verheug is, oor JHWH se verlossende werk. Daar is geensins 'n verwysing na troos nie, alhoewel troos in die vers voorkom. Die herstel van Israel en die feit dat die volk 'n lig sal wees en redding gee vir die mensdom, is die belangrike saak vir hom.

Eaton (1979:66)<sup>257</sup> bespreek vers 13 en sien hierdie vers as 'n kompakte lied of danktoesegging vir die woorde van redding waarop dit volg. Hy vergelyk die lied met Jesaja 42 en wys daarop dat daar in die tradisie van koninklike inwyding sulke sporadiese uitbarstings van lof kom. Die hemel en aarde en berge is deel van die opset van die feesliedere, soos in Psalms 96:11 en 98:7. Die verwysings na die volk, as JHWH se armes, is ook 'n kenmerk in die feestradisie. Daar word geen verwysing na die troos in die bespreking gevind nie.

---

<sup>254</sup> Delitzsch sien die volk, Israel as 'n versinnebeelding van die kerk op aarde. Hy tref gedurig vergelykings tussen die situasie van Israel en die kerk.

<sup>255</sup> Leupold (Vol. 2. 1977:180-183) sien vers 13 as 'n afsluiting van die eerste gedeelte van hoofstuk 49. Leupold is van mening dat die troos aan die volk hier afgesluit word.

<sup>256</sup> Herbert (1975:88-90) beklemtoon die ander sake. Die troos is nie vir hom belangrik nie.

<sup>257</sup> Eaton (1979:66) se benadering van die feesdrama, laat nie ruimte vir die troos nie

Beuken<sup>258</sup> wys daarop dat die eerste 13 verse ook aansluit by die eerste deel, wat dan vanaf hoofstuk 40:1 tot 49:13 strek. Tog verkies hy om hierdie deel aan die tweede hoofdeel toe te voeg. Beuken (1983:9-10, 45-48) behandel vers 13 alleen. Hy vind in vers 13 die lof van die kosmos en die nuwe naam vir JHWH, naamlik Israel se Ontfermer. Die woorde  $\text{נחם}$  en  $\text{נחנח}$  sluit aan by die volgende hoofstukke en  $\text{נחנח}$  gryp terug na 40:1, vanwaar troos 'n baie belangrike rol speel. Die troos geld egter net vir Israel en is aan die uittog uit Babel gekoppel, en die troos gaan met Sion gekoppel word. Hailey (1985:409-411)<sup>259</sup> bespreek verse 8-13 as 'n perikoop. Hy verklaar die hele gedeelte deur die dienskneg as Jesus te sien. Hy gaan voort om te sê dat die mense wat toegesprek word, nie die ballinge is wat terugkeer nie, en vertroos sal word. Hy sien dit as 'n universele groep mense uit alle windstreke wat saamkom en dan sal die hemel, aarde en berge die lof van JHWH besing. Kraus (1990:116-117) bespreek vers 13 apart. Hy wys daarop dat Deutero-Jesaja himniese liedere gebruik om lof te betuig. Hemel en aarde word opgeroep om die lof van JHWH vir verlossing te besing. Hierdie vers verwys terug na Jesaja 40:1 waarby die troos hier weer aansluit. Die kosmiese gejubel vind altyd plaas, binne die raamwerk van die verlossing van Israel, in Deutero-Jesaja. Troos vind plaas deur bevryding en die aankondiging van die nuwe eksodus wat die eerste gedeelte van hoofstuk 49 hier afsluit. JHWH se ontferming oor die volk word hier duidelik gesien en ervaar en dit sluit aan by Psalms 9, 10, 35, 69 en 140.

Grimm en Dittert (1990:339-341)<sup>260</sup> hanteer vers 13 as 'n selfstandige eenheid. Hulle vra of hierdie vers wel 'n eskatologiese loflied of 'n lied tot lof van JHWH is. Hulle meen die vers is eerder 'n kultiese liedvoordrag, en dat 44:23 hierby aansluit. Die roep om vreugde en JHWH se heilshandeling word hier begrond, deur die gebruik van  $\text{נחם}$  en  $\text{נחנח}$ , en sluit aan by die lied in 44:23 waar  $\text{גאל}$  gebruik word. Hulle verklaar dat Deutero-Jesaja die roep tot vreugde in JHWH se heilshandeling begrond met die drie werkwoorde, troos, ontferming en loskoop. Deutero-Jesaja is die enigste profeet wat, met die werkwoorde, drie aspekte van JHWH se

---

<sup>258</sup> Beuken (1983:9-10, 45-48) voel die probleem aan in die teks. Vers 13 sluit die troos aan die volk af, maar begin met die gebruik van die werkwoord  $\text{נחם}$ , om die troos na die stad toe te swaai.

<sup>259</sup> Hailey (1985:409-411) verklaar die gedeelte Messiaans.

<sup>260</sup> Grimm en Dittert (1990:339-341) meen dat vers 13 die gedeelte tot hier afsluit. Die volk is deur JHWH vertroos, en hulle word deur JHWH uit ballingskap verlos.

heilshandelinge met die volk aantoon. JHWH koop hulle los van hulle skuldias en gee verlossing en bevryding aan die ballinge. JHWH troos die volk deur die verkondiging van die bevryding. JHWH ontferm Hom oor die volk deur krag en mag te vertoon en die volk in liefde soos 'n moeder te aanvaar, selfs as 'n beklaenswaardige kind. Vers 13 sluit die gedeelte hier af. Miscall (1993:117-119) behandel die perikoop wat verse 1-13 insluit. Hy sien vers 13 as die himniese afsluiting van hierdie gedeelte van die kneglied. Hy behandel glad nie troos nie en verwys geensins daarna nie. Miscall reken dat die dertiende vers slegs as 'n himniese tussenspel dien, wat 'n oorgang vorm tussen vers 12 en vers 14 en die oorgang van die kneg na Sion toe bewerkstellig.

Motyer (1993:389-392)<sup>261</sup> bespreek verse 7-13 as 'n perikoop en sien vers 13 as 'n afsluiting vir hierdie gedeelte. Vers 7 verwys na Israel as kneg, wat deur JHWH verseker word dat daar na alles omgesien sal word vir die reis, ongeag van terrein, afstand of plek. Vers 13 verwys na die lof wat gebring word en hemel en aarde wys op die totaliteit van alles. JHWH wil die volk versorg en troos. JHWH wil hulle omring deur troos. Barry Webb (1996:194-195)<sup>262</sup> gebruik verse 7-13 as 'n perikoop. Hy bespreek hierdie gedeelte en wys op die feit dat die fokus terugskuif na die oorblyfsel van die volk. Hierdie groep kom uit alle rigtings na die land toe. Die troos van vers 13 omsluit nou alle mense wat aan JHWH behoort en nie net die ballinge uit Babel nie. Oswalt (2003:548-551)<sup>263</sup> bespreek vers 13 apart en wys daarop dat hierdie gedeelte aansluit by 42:10-17, waar daar 'n lofuiting is oor die werk van die kneg, soos hier ook die geval is. Troos gee die aansluiting by 40:1 en volk van JHWH help om die tema se sirkel te voltooi vir troos aan die volk. Hy verwys na die feit dat die natuur deel in die lof, want die natuur is deur sonde geraak, en gaan geraak word deur die verlossing. Hy voel die ideale kneg sal die temas van 40:1 en

---

<sup>261</sup> Volgens Motyer (1993:389-392) het JHWH die kneg nou ten volle toegerus vir sy taak. Die loflied is 'n lied van die skepping wat terug kyk na alles wat JHWH gedoen het. Hy verklaar dan dat die kneg, wat hy as Christus sien, die redding vir die wêreld gebring het. Volgens Motyer is dit dié wat JHWH se troos ontvang, die lede van die wêreldwye kerk, wat die lied sing.

<sup>262</sup> Webb (1996:194-195) meld dat die troos eerstens vir die ballinge kan geld, maar hy voel dat deur die kneg die troos na elke mens toe uitgaan. Die kneg word gelykgestel aan Christus. Webb sê dat vers 14 die lof onderbreek, en jou terugruk na die pynlike ervaring van die ballingskap, en diegene wat dit ervaar het.

<sup>263</sup> Oswalt (2003:548-551) interpreteer die vers Messiaans. Volgens hom gaan die profeet nou die ideale Kneg begin beskryf, en wys hoe die kneg die temas van Jesaja 40 tot 55 gaan uitvoer.

verder moontlik maak. Oswalt dui in sy bespreking van die kneg aan dat hy Jesus hier as kneg sien.

John Goldingay (2005:374-381)<sup>264</sup> behandel verse 1-13 as 'n groter geheel en verdeel die gedeelte in verse 1-6 en 7-13. Verse 7-13 word behandel en hy noem dat die motiewe van die eerste ses verse hier verder uitgebrei word. JHWH sal Israel se posisie herstel en vir die volk sorg. Die volk sal 'n verbond word vir die volke en 'n lig vir die nasies, wat 'n verwysing is na 42:6 en hier tussen verse 6 en 8 gedeel word. Dit bind die verse en ook hoofstukke 49 en 42 saam. Gevangenes sal bevry word en die terugtog sal deur JHWH beheer word, wat sal sorg vir kos en water, soos 'n herder sorg vir skape. Die gedeelte sluit af as 'n klimaks: ballinge sal uit alle windrigtings terugkeer. Vers 13 betuig die lof deur die hemel en aarde en berge aan JHWH, wat die volk getroos het en JHWH toon ontferming oor die swakkes. Hier in vers 13 vind ons dat die vers koppel met 44:23, 41:16 en dan met 40:1. Die kosmos wat betrek word en die troos vir die volk, maak die koppelings moontlik. Verder kom die swakkes voor in 41:17, 51:12, 54:11, 58:7 en 66:2 en koppel vers 13 aan die sake wat volg.

Daarom maak ek die afleiding, hier sowel as uit die struktuuranalise, dat vers 13 die koppeling is tussen die twee dele van Deutero-Jesaja, naamlik hoofstukke 40 tot 49:13 en 49:13-55 met vers 13 die afsluiting van die eerste deel en die aanvang van die tweede deel. Vers 13 is 'n skarnierverbinding tussen die dele.

Dempsey (2010:124)<sup>265</sup> behandel vers 13 alleen. Sy wys daarop dat die belofte van troos deur JHWH tot die lied lei. Die hele kosmos reageer omdat JHWH die volk deur die profeet getroos het. Hier word die sirkel wat in 40:1 begin het, voltooi. Die profeet het sy opdrag uitgevoer en die gedeelte van 40:1 tot 49:12 is voltooi en nou gaan die troos voort in die res van die boek. Die profeet was so die dienskneg van

---

<sup>264</sup> Goldingay (2005:374-381) wys daarop dat vers 13 die afsluiting vorm van die troos vir die volk. Die opdrag tot troos, word in 40:1 gegee en hier word gerapporteer dat die volk vertroos is. Die opdrag is uitgevoer.

<sup>265</sup> Dempsey (2010:124) wys daarop dat die sirkel van 40:1, hier in 49:13 voltooi is. Die troos aan die volk het gerealiseer. JHWH het die volk vertroos, en daarom volg die loflied. Die troos wat nou gaan volg in Deutero-Jesaja, is troos aan die stad.



JHWH. Die opdrag tot troos van Jesaja 40:1 deur JHWH, is deur die profeet uitgevoer. Jesaja 49:13 rapporteer dat die troos uitgevoer is.

#### 4.1.3.2.1 Oorsig

Die kommentare oor Jesaja 49:13 is nie eenstemmig oor die posisie van vers 13 nie. Ons het gevind daar is eksegete wat vers 13 by die eerste twaalf verse indeel<sup>266</sup>, ander behandel vers 13 as 'n afsonderlike eenheid<sup>267</sup>. Daar word aangetoon dat vers 13 koppel<sup>268</sup> met verse 1-12 en ook met 14 en die volgende verse. In vers 13 vind ons die loflied omdat die volk getroos is. Die troos aan die volk word hiermee afgehandel. Die ander tekste in Deutero-Jesaja wat die werkwoord  $\text{נחם}$ , 'troos' bevat, handel oor troos aan die stad.

Daar word gevind dat Beuken daarop wys dat die eerste 13 verse ook aansluit by die eerste deel wat dan vanaf hoofstuk 40:1 tot 49:13 strek. Tog verkies hy om hierdie deel aan die tweede hoofdeel toe te voeg. Die opdrag tot troos van JHWH aan die volk, in Jesaja 40:1, word hier in Jesaja 49:13 afgesluit.

#### 4.1.3.2.2 Bespreking en eksegeses van Jesaja 49:13

Jesaja 49:13 val binne die groter geheel van Jesaja 49:1-26. Hierdie hoofstuk val verder uiteen in die volgende onderafdelings: Jesaja 49:1-6. Die inhoud van die ses verse beklemtoon dat JHWH oral heers en dat dit 'n kneglid is. Jesaja 49:7-12. Hierdie verse bevestig dat JHWH Israel lei. 'Troos',  $\text{נחם}$ , kom in die Jesaja 49:13 voor. Hierdie is 'n loflied vir die verlossing, van die volk, wat plaasgevind het. Jesaja 49:14-26: Hierdie gedeelte bevestig dat JHWH sorg en red. Die werkwoord  $\text{יָדַע}$  kom twee maal hier voor. Dit word later in hoofstuk 5 behandel.

Die werkwoord  $\text{נחם}$  word hier in vers 13 in die Pi'el gebruik. Hier volg my eie vertaling van hoofstuk 49:1-26:

---

<sup>266</sup> Goldingay (2005:374-381) behandel verse 1-13 as 'n geheel.

<sup>267</sup> Grimm en Dittert (1990:339-341) en Dempsey (2010:124) behandel vers 13 as 'n selfstandige eenheid.

<sup>268</sup> Goldingay (2005:374-381) toon aan dat vers 13 koppel met die sake wat in verse 1-12 voorkom, sowel as met die sake wat verder volg in vers 14-26.

Jesaja 49:1. Kuslande hoor My, en julle volke van ver, skerp op jou oor (gee aandag). JHWH het my geroep vanuit die moederskoot; Hy het my naam genoem vanuit my moeder se maag.

2. En Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak; Hy het my in die skaduwee van Sy hand weggesteek, en maak my 'n gepoleerde pyl; Hy het my in Sy pylkoker weggesteek,

3. en sê aan my: Jy is My dienskneg, Israel. Jy deur wie Ek verheerlik sal word.

4. Toe sê ek: Tevergeefs het ek gewerk, ek het my krag op niks gebruik nie, en tevergeefs. Tog my oordeelsvermoë is by JHWH, en my werk by my God.

5. En nou sê JHWH wat my van die moederskoot af geformeer het om Sy dienskneg te wees, om Jakob terug te bring na Hom toe. Alhoewel Israel nog nie versamel is nie. Tog ek word geëer in die oog van JHWH, en my God is my sterkte.

6. En Hy sê: Dit is te gering dat jy My kneg sal wees, om die stamme van Jakob op te rig, en die gespaardes van Israel terug te bring. Ek sal jou ook as 'n lig vir die nasies gee, dat jy My redding kan wees tot die eindes van die aarde.

7. So sê JHWH, die Verlosser van Israel, sy Heilige Een, aan die veragte van siel, aan die gehate een van die nasie, die kneg van regeerders. Konings sal sien en opstaan; en vorste sal dien; ter wille van JHWH wat getrou is, en die Heilige Een van Israel, en Hy het jou gekies.

8. So sê JHWH: In 'n gunstige tyd het Ek jou geantwoord, en in die dag van redding het Ek jou gehelp. En Ek sal jou bewaar en gee jou as 'n verbond vir die volk, om die aarde weer te vestig, om te veroorsaak dat die verlate erfenisse geërf word,

9. om aan die gevangenes te sê: Gaan uit. Aan hulle wat in die donkerte is: Wys julleself. Hulle sal in die paaie wei, en hulle weivelde sal in al die hoë plekke wees.

10. Hulle sal nie honger word nie, nog dors, en die hitte van die son sal hulle nie steek nie. Want Hy wat Hom oor hulle ontferm sal hulle lei. En Hy sal hulle gids wees na die fontein van water.

11. En Ek sal al my berge 'n pad maak, en my grootpaaie sal opgevul wees.

12. Kyk, hierdie sal van ver kom, en kyk hierdie van die noorde en van die weste, en hierdie van die land van die Siniete.

13. Sing hemele, en wees bly aarde, breek uit in sang berge. Want JHWH het sy volk getroos, en sal Hom oor sy bedroefdes ontferm.
14. Maar Sion sê: JHWH het my verlaat, en die Here het my vergeet.
15. Kan 'n vrou haar jong baba vergeet, sonder om haar te ontferm oor die seun van haar skoot? Ja hulle mag vergeet, maar Ek sal jou nie vergeet nie.
16. Kyk, Ek het jou in die palms van my hande gegraveer; jou mure is altyd voor My.
17. Jou seuns maak haastig, hulle wat jou verwoes en vernietig, hulle sal uit jou weggaan.
18. Slaan jou oë op en kyk rondom jou. Hulle kom almal bymekaar en kom na jou toe. Soos Ek lewe sê JHWH, jy sal sekerlik hulle almal dra as 'n ornament, en hulle aanbind soos 'n bruid.
19. Want jou puinhope en jou verlate plekke, en jou land van ruïnes, sal selfs nou te nou wees om daar te woon, en hulle wat jou ingesluk het sal wyd wees.
20. Nog sal die kinders waarvan jy beroof is in jou ore sê: Die plek is te nou vir my, kom naby sodat ek kan lewe.
21. Dan sal jy in jou hart sê: Wie het hierdie kinders vir my in die lewe gebring; want ek was kinderloos en verlate, weggestoot en 'n balling; wie het dan hierdie grootgemaak? Kyk, ek was alleen gelos. Waar kom hierdie vandaan?
22. So sê die Here JHWH: Kyk, Ek sal my hand oplik na die nasies, en my banier opsteek na die volke. En hulle sal jou seuns aan die boesem bring, en jou dogters sal op die skouers gedra word.
23. En konings sal jou oppassers wees, en hulle koninginne jou versorgers. Hulle sal voor jou buig, gesigte na die aarde toe, en die stof van jou voete oplek. En jy sal weet dat Ek JHWH is, deur wie hulle wat vir my wag nie skaam word nie.
24. Sal die buit van 'n held afgeneem word, of die gevangene van 'n regverdige ontvlug?
25. Maar so sê JHWH: Selfs die gevangenes van die held sal geneem word, en die buit van die vreesaanjaendes sal ontvlug. En Ek sal jou bestryder bestry; en Ek sal jou seuns red.

26. En hulle wat jou onderdruk, Ek sal hulle met hulle eie vleis voer, en hulle sal dronk word van hulle eie bloed, soos met vars wyn. En alle vlees sal weet dat Ek JHWH is, jou Redder en jou Verlosser, die magtige Een van Jakob.

Die struktuuranalise van hoofstuk 49:1-26 volg nou in die onderskeie onderafdelings van hoofstuk 49. Die struktuuranalise van hoofstuk 49 verskyn as Bylaag 4 aan die einde van die Proefskrif. Hierdie analise en bespreking is nodig omdat 49:13 aansluit by verse 1-12 en 14-26. Jesaja 49:13 vorm 'n skarnier wat die twee gedeeltes, naamlik verse 1-12 en 14-26, saamvoeg. Die eerste deel van Deutero-Jesaja vanaf hoofstuk 40:1 tot 48: 12 word in hoofstuk 49:13 afgesluit. Hoofstuk 49:13 vorm terselfdertyd die inleiding vir hoofstuk 49:14 tot die einde van hoofstuk 55. Die struktuuranalise koppel met vers 13 deur middel van b, en vers 13 dien dan ook as die gepaste afsluiting van die eerste 12 verse van hoofstuk 49. Die lof word toegebring, uit alle oorde aan JHWH, wat troos belowe het, en dit aan die volk gegee het.

Jesaja 49:13<sup>269</sup> is onafhanklik en is 'n lied tot eer van JHWH wat deur die skepping aangehef word, omdat JHWH die volk vertroos het (Beuken, 1983:45-48). Die verbindings vanaf vers 13 is in drie rigtings. Vers 13 se a-verbinding gaan terug na 40:1 waar die troos die eerste keer voorkom, hier word die siklus voltooi en kry ons berig dat die volk getroos is. Die tweede verbinding, die b-verbinding, is die koppeling met die voorafgaande perikoop, en hierdie vers sluit die eerste 12 verse van hoofstuk 49 af. Die derde verbinding, die c-verbinding, is 'n aansluiting met die volgende perikoop: die troos gaan nog verder en word meer aktueel in die hoofstukke wat volg. Die struktuuranalise koppel met c by vers 13 en so vorm vers 13 'n skakel tussen 40:1 tot 49:12 en 49:14 tot 55, met die koppelings van al die verse wat  $\text{DN}$  bevat en die troos verder ondersteun en uitbou.

---

<sup>269</sup> Beuken (1983:45-48) behandel vers 13 as 'n afsonderlike afdeling. Hierdie vers sluit die eerste twaalf verse af. Terselfdertyd het die vers ook 'n brug wat geslaan word na vers 15, met die nuwe naam vir JHWH, naamlik Israel se Ontfermer. Die woord  $\text{DNR}$  word in verse 10, 13 en 15 gebruik. Grimm en Dittert (1990:339-341) wys daarop dat vers 13 die gedeelte tot hier afsluit. Die volk is deur JHWH vertroos, en hulle word deur JHWH uit ballingskap verlos. Grimm en Dittert verklaar dat Jesaja 49:13 'n onafhanklike eenheid is.

Hoofstuk 49<sup>270</sup> dien as 'n skakel tussen die twee dele van Deutero-Jesaja naamlik hoofstukke 40 tot 48 en 49 tot 55 (Williamson, 1994:73, 121, 170). Hoofstuk 49:13 gryp terug na Jesaja 40:1 en vervul die opdrag tot troos aan die volk. Vers 13 sluit ook aan by die volgende gedeelte, naamlik verse 14 en volgende verse. So vorm vers 13 die skarniervers om beide groot gedeeltes van Deutero-Jesaja te koppel. Die opdrag kom om die volk te troos en vers 13 berig dat die volk getroos is. Die volgende groot opdrag is nou om die stad Jerusalem te 'troos'. In die hoofstukke wat volg, word aan hierdie gedeelte van die opdrag uitvoering gegee. Die woord  $\text{נחם}$ , 'troos', kom dan ook gereeld voor in die hoofstukke wat volg en dan in verband met die stad Jerusalem/Sion<sup>271</sup> (Dempsey, 2010:124).

Hoofstuk 49 begin met die kneglied, waarin die kneg die volke oproep om kennis te neem van die kneg en sy aanstelling deur JHWH. Daar word gevind dat JHWH die kneg roep en toerus vir sy taak. Die kneg moet sy afhanklikheid van JHWH beseef en ten volle op JHWH vertrou. JHWH sal die kneg vorm sodat hy sy opdrag sal kan uitvoer. Hierna word die doel van die opdrag uitgespel. Daar wag 'n nuwe taak op die kneg sowel as Israel en vir die nasies. Die kneg sal 'n lig wees sodat die verlossing van JHWH ook na heidene en die eindes van die aarde sal strek.

JHWH stel Homself voor en gee inligting deur aan die volk, sodat die volk kan beseef hulle staan in 'n verhouding met JHWH, wat hulle verkies het. JHWH wys daarop dat JHWH op die regte tyd roep en verlos. Die kneg word as 'n verbond<sup>272</sup> vir die volk gegee, sodat die ballinge kan weet hulle sal versorg word op die pad, en bygestaan

---

<sup>270</sup> Williamson (1994:73, 121, 170) bespreek troos kortliks en wys daarop dat dit vreugde bring en daar word spontane lofuitings gesing. Williamson sien troos as 'n antwoord op Klaagliedere se klag van ongetroos te wees. Koole (1990:49-50) wys daarop dat Jesaja 49:13 elemente bevat van 40:1, 12, 22; 41:16; 42:5, 11; 44:23 uit voorafgaande hoofstukke. Daar is ook die werkwoord  $\text{נחם}$  wat vooruit aansluit by 51:3, 12, 19; 52:9 en 54:11. Koole wys daarop dat JHWH die gemeenskap met die volk herstel deur 'n vertroostende woord wat eintlik 'n reddende handeling is. Beuken (1983:45-48) wys op die raakpunte van vers 13 met dele uit hoofstukke 40 tot 48 en hoofstukke 50 tot 55. Die vreugde, die kosmos – hemel, aarde en berge, wat die lof van JHWH besing. Die werkwoorde  $\text{נחם}$  en  $\text{נחַם}$  wat voorkom.

<sup>271</sup> Dempsey (2010:124) wys daarop dat die sirkel wat met 40:1 begin hier in 49:13 voltooi is. Die troos wat nou gaan volg in Deutero-Jesaja, is troos aan die stad.

<sup>272</sup> Beuken (1983:39) wys daarop dat hierdie 'n verwysing is na 42:5-9, waar die kneg geroep is, en opdragte ontvang het. Koole (1990:43-45) bespreek die gedeelte in samehang met 42:5-7, en wys daarop dat die kneg nog die ballinge tot vryheid moet oproep. Die ballinge moet weer na Jerusalem toe gaan.

word. JHWH waarborg 'n pad vir die terugtog en die ballinge sal uit al die windstreke na Jerusalem terugkeer (Beuken, 1983:39).

Jesaja 49:13 is die vers wat as skarnier dien tussen die voorafgaande gedeelte en die verse wat op vers 13 volg. Hierdie vers bevat die loflied wat gesing word omdat JHWH die volk getroos het en omdat JHWH die lydendes jammer gekry het. Hierdie lof word deur die hemel, aarde en berge aan JHWH gegee. Die hele skepping loof JHWH, as die skepper, wat in staat is om die wonder te laat gebeur, om die volk te verlos uit ballingskap en hulle so te troos. JHWH is die getroue. JHWH doen sy woord en beloftes en verbond met die volk altyd gestand. Die liefde, genade en ontferming van JHWH gaan alle verstand te bowe. JHWH ontferm Hom oor die volk en lei hulle in liefde. JHWH is bereid om weer opnuut met hulle in 'n verhouding in te gaan en hulle by te staan en te beskerm. Die ontferming, רחם, van JHWH wat in verse 10, 13 en 15 voorkom, word in hoofstuk 6 bespreek. Die twee werkwoorde, naamlik נחם en רחם dien saam as 'n koppeling om hoofstuk 49 se eerste en laaste gedeeltes met mekaar te koppel. Die troos en ontferming aan die volk word afgehandel. Die troos en ontferming aan die stad Jerusalem<sup>273</sup> neem nou 'n aanvang, en sal deur JHWH uitgevoer word, sodat Jerusalem/Sion ook getroos kan word en ontferming kan ontvang (Goldingay, 2005:374-381).

Die volgende gedeelte handel nou oor Sion wat kla dat JHWH haar vergeet<sup>274</sup> het. JHWH antwoord dan met die pragtige vergelyking van die vrou wat nie haar kind sal vergeet nie, en so kry die stad die versekering dat JHWH haar nooit sal vergeet nie (Beuken, 1983:56-57). 'n Verdere versekering volg dat JHWH die stad in Sy

---

<sup>273</sup> Goldingay (2005:374-381) verklaar dat vers 13 die afsluiting vorm van die troos vir die volk. Die opdrag tot 'troos', word in 40:1 gegee en hier word gerapporteer dat die volk vertrous is. Dempsey (2010:124) wys daarop dat die sirkel wat met 40:1 begin hier in 49:13 voltooi is: die troos aan die volk is afgehandel. Die troos wat nou gaan volg in Deutero-Jesaja, is troos aan die stad. Kuckhoff (2011:206) gebruik Jesaja 49:13 om die blydschap oor die terugkeer na Jerusalem te beskryf. Hy hanteer die gedeelte saam met Psalm 126.

<sup>274</sup> Beuken (1983:56-57) reageer met die verwysing na die simboliek wat JHWH gebruik, naamlik die vrou wat nie haar kind vergeet nie, en die feit dat Sion se naam in JHWH se handpalm gegraveer is. Die stad is altyd voor JHWH en in JHWH se gedagtes. Van der Woude (2005:135-145) sê dat JHWH se antwoord op die klag wat 'n persoonlike voornaamwoord bevat, klem lê op die subjek van vergeet, naamlik JHWH. JHWH verseker Sion dat Hy haar nie sal vergeet nie, met die beeldspraak wat gebruik word. Berges (2010:118) wys daarop dat Sion haar nie wil laat vertrous nie. Die woord vir ontferming, רחם, is in vers 15 gebruik, en sal weer in verband met Sion gebruik word. Sion beskuldig JHWH daarvan dat sy deur JHWH verlaat en vergeet is. JHWH tree nou na vore as die Een wat moederliefde betoon en vir die stad sorg.

handpalms gegraveer het. Die stad is altyd in JHWH gedagtes en voor JHWH se oë. JHWH staan in 'n besondere verhouding met die stad en sorg vir die stad. Die gevolge van hierdie verhouding is dat JHWH die stad oproep om te kyk en te sien hoe haar kinders, die inwoners, terugkom. Die veroweraars sal Jerusalem verlaat en haar kinders sal na haar toe kom. Die kinders sal so talryk wees dat die stad te klein word vir hulle. Die stad sal dan besef dit is deur JHWH se optrede dat dit gebeur het. Die wonder sal gebeur dat konings na die kinders sal omsien en dan sal Sion besef hoe magtig JHWH is. Sion sal besef dat Babel ook onder JHWH se gesag staan. JHWH is in beheer<sup>275</sup> van wat in die geskiedenis gebeur. JHWH gebruik volke en mense om Sy doel te bereik. Die doel daarvan is dat die mensdom sal weet, en vir JHWH sal kan ken as die verlosser en magtige Een van Jakob (Beuken, 1983:65-67).

#### 4.1.3.2.3 Samevatting

Die troos van Jesaja 40:1 word vervul in Jesaja 49 vers 13<sup>276</sup> ten opsigte van die volk wat vertroos is. Die vertroosting is gesetel in die feit dat die volk die versekering het, dat hulle na Jerusalem gaan terugkeer. Babel gaan verslaan word en die Persiese koning Kores sal die volke toelaat om na hulle verskeie lande toe terug te keer en daar hulle stede te herbou en hulle opnuut daar te vestig (Goldingay, 2005:374-381). Hoofstukke 40:1 tot 49:13<sup>277</sup> handel oor die volk wat vertroos moet word en die goeie boodskap van bevryding, uit die ballingskap, moet hoor en

---

<sup>275</sup> Beuken (1983:65-67) toon aan dat die wonder dat Sion weer vol kinders sal word, dui op die mag en uniekheid van JHWH. JHWH alleen kan Sion weer tot 'n mag maak, en Sion herstel. Berges (2010:118) wys daarop dat JHWH Sion se kinders laat terugkeer.

<sup>276</sup> Goldingay (2005:374-381) wys daarop dat vers 13 die afsluiting vorm van die troos vir die volk. Die opdrag tot 'troos', word in 40:1, gegee en hier word gerapporteer dat die volk vertroos is. Die opdrag is uitgevoer. Dempsey, (2010:124) wys daarop dat die sirkel van 40:1 hier in 49:13, voltooi is. Die troos aan die volk het gerealiseer. JHWH het die volk vertroos, en daarom volg die loflied.

<sup>277</sup> Heskett (2011:77, 130, 132) verwys na troos en noem net die teksgedeeltes waar die woord verskyn. Daar is geen bespreking oor troos nie. Haar indeling van hoofstukke 49 tot 55 verwys na Jesaja 49:13 as 'n lied van 'troos'. Heskett sien Jesaja 49 se verse 1-6 as 'n fokus op die individuele kneg, verse 7-12 'n oproep om die land te herstel en 13 'n lied van 'troos'. Heskett sê dat vers 13 'n breek veroorsaak in die hoofstuk. Klein (2009:214-217) wys daarop dat Jesaja 49:1-13 uit Jesaja 40:1-11 ontstaan. JHWH het die volk se skuld vergewe en die hindernisse op die pad opgeruim, en in Jesaja 49:12 kom die volk in Sion aan. Klein sê dat Jesaja 49:13 hierdie deel afsluit wat in Jesaja 40:1 begin het. Die opdrag tot troos wat aan die volk gegee is, is nou afgehandel.

aanvaar. In hierdie eerste gedeelte van Deutero-Jesaja word daar gereeld na die volk verwys, as Jakob of Israel (Heskett, 2011:77, 130, 132.).

Die volk se verhouding met JHWH word beklemtoon en die volk word aangespreek as 'my volk', 'op die naam geroep' en 'die wat kosbaar is'. Die volk word opnuut verseker van die feit dat hulle aan JHWH behoort. JHWH is vir hulle lief en gee<sup>278</sup> vir hulle om. Die volk word opnuut uitgenooi om slegs op JHWH alleen te vertrou en JHWH alleen te dien (Berges, 1998:372-373). Hulle moet ook aan JHWH gehoorsaam wees. Na JHWH luister en Sy woorde ter harte neem. Hulle oortredinge van die verlede is vergewe. JHWH begin 'n nuwe pad met hulle stap waar JHWH hulle sal lei en bystaan. Die troos is daarin geleë dat die ballingskap gaan eindig en die volk na Jerusalem teruggaan. Hierdie gedeelte het gewerk met die 'troos', bemoediging en opbou van die volk wat moes weet en verseker word dat JHWH vir hulle omgee. JHWH sal hulle bystaan, omdat hulle vir JHWH kosbaar is en in 'n besondere verhouding met JHWH staan. JHWH het Sion se klag aangehoor en weerlê. JHWH is die een wat in beheer is en Sion se kinders sal laat terugkeer. Die volke en vyande sal wegtrek. JHWH is die Bevryder<sup>279</sup> wat Sion se kinders bevry en Sion beskerm (Van der Woude, 2005:152).

#### **4.1.3.3 Jesaja 51:3 Die werkwoord נָחַם, in die Pi'el, kom twee keer voor in die vers – Kommentare**

Calvyn<sup>280</sup> (1900:627-628) bespreek vers 3 en sluit by Abraham en Sara aan en wys daarop dat die land weer mooi sal word. Die voorspelling sal die geknakte gemoedere opbeur. Die troos word nie behandel nie. Alexander (1976:258-262)

---

<sup>278</sup> Berges(1998:372-373) toon aan dat hierdie troos en ontferming aan Jerusalem nou 'n werklikheid word wanneer die moederlike liefde ervaar word. Die ontferming lei die tema van moederskap van Sion in (Goldingay, 2005:374-381).

<sup>279</sup> Van der Woude (2005:152) wys daarop dat JHWH die inisiatief neem en Sion se kinders terug bring. JHWH tree so op dat Sion tot die insig kan kom om te beseef dat JHWH haar Bevryder is, en dat JHWH ten alle tye vertrou kan word. Klein (2009:214-218) verklaar dat die leser deur Jesaja 40:12-49:13 in sy geloof versterk word. Hierdie is volgens Klein 'n leerstuk in die regte geloof. Klein wys daarop dat JHWH geken word as die Een wat in beheer is en die volk, onder Kores, laat terugkeer na hulle land. Klein wys dat die argumente nie net tot die volk gerig is nie, maar ook tot die lesers, wat JHWH leer ken as die een in wie jy kan glo. Die hele gedeelte van Jesaja 40:1-49:13 staan onder die opdrag van troos wat gegee word, en dan deurgevoer word.

<sup>280</sup> Calvyn (1900:627-628) sien die troos as 'n bemoediging van die volk, wat kan begin twyfel in hulle moeilike omstandighede. Hy sien die beskrywing dat Sion in 'n lushof omskep gaan word, as 'n beskrywing van Israel se wedergeboorte.



behandel verse 1-3 saam. Hy wys daarop dat die verse die feit wil deurgee dat die volk uit Abraham en Sara afstam en dat dit genade is. Sion word dan deur JHWH vertroos, en die verwysing word gemaak na Jesaja 40:1 as die vertrekpunt van die 'troos'. Daarna sal die stad soos die tuin van Eden gemaak word. Hy is geneig om die gedeeltes op die kerk toe te pas.

Franz Delitzsch<sup>281</sup> (1877:281-283) bespreek verse 1-3 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat die profesie net die mense wat JHWH wil dien, en deur geloof wil leef aanspreek. Hulle word daaraan herinner dat Abraham en Sara die voorouers was en dat JHWH Abraham geroep het. Die feit dat Isak gebore is, was net genade van JHWH af. Sion sal deur JHWH vertroos word en die stad sal herstel word. Dit word vergelyk met die tuin van Eden. Die inwoners sal vreugde en blydschap ervaar en JHWH loof.

North<sup>282</sup> (1964:206-211) behandel verse 1-8 as 'n eenheid. Hy het 'troos', die werkwoord  $\text{נחם}$ , vertaal maar bespreek dit glad nie. Hy verwys slegs na die tuin van Eden in Genesis 3:10, asook na Esegïel 28:13, 31:9, Joël 2:3.

Leupold<sup>283</sup> (1977:Volume II:199-200) skryf as inleiding tot die hoofstuk dat hier 'n sterk ooreenkoms gevind word met hoofstuk 40, in so verre die troosmotief baie sterk beklemtoon word. Israel is JHWH se volk wat verkies is en weer na hulle land sal terugkeer. Die hele proses van die terugkeer word in hierdie vers onder 'troos' saamgevat.

Herbert<sup>284</sup> (1975:99-100) gebruik hierdie vers as 'n direkte verwysing na Jeremia 7:34. Hy vertaal wel die troos, maar bespreek glad nie die werkwoord  $\text{נחם}$  nie. Die eerste drie verse word as 'n perikoop saam bespreek.

Eaton<sup>285</sup> (1979:71-72) bespreek verse 1-3. Hy lê klem op die geregtigheid wat 'n aanduiding is van feestaal, en dui op die aanbidding in die tempel. Verder wys hy op

---

<sup>281</sup> Delitzsch (1877:281-283) het die genade van JHWH in die gedeelte beklemtoon. JHWH sal die stad troos en die stad weer herstel, en dan sal die inwoners JHWH loof.

<sup>282</sup> North (1964:206-211) se klem val op die stad wat soos Eden sal word. Daarom het North in sy bespreking die gedeeltes in Esegïel en Joël genoem waar daar na Eden verwys word.

<sup>283</sup> Leupold (Vol. II. 1977:199-200) het die troos hier raakgesien en bespreek. Die troos word aan Jesaja 40:1 gekoppel. Leupold aanvaar dat die volk hier verder vertroos word.

<sup>284</sup> Herbert (1975:99-100) laat die klem val op Abraham se geloof. Daar word volgens hom 'n beroep op die volk gedoen, om hulle geloof in JHWH op te skerp.

die herstel van Sion wat soos die paradys sal wees. Eaton verstaan dit dat Sion geskets word as plek van die paradysfontein. Die gejubel is soos die feesgesange. Hy verwys glad nie na die troos nie.

Beuken<sup>286</sup> (1983:107-120) bespreek verse 1-8 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat die werkwoorde wat hier op die voorgrond staan, die volgende is, naamlik die oproep om te luister, geregtigheid en om te sien en nie bang te wees nie. Abraham en Sara word as voorbeeld voorgehou, omdat dit menslik onmoontlik vir hulle was om kinders te kry, en nadat JHWH ingryp, word hulle nageslag talryk. Sion sal vertroos word en die dorre landskap van oordeel sal soos Eden verander word, dat daar weer water en bome sal wees, vreugde en dank tot JHWH. Die troos word verbind aan 'my volk', en roep 40:1 en 49:13 in die geheue. JHWH se heil en geregtigheid bly vir altyd en die volk hoef nie vir mense bang te wees nie.

Hailey<sup>287</sup> (1985:421-424) behandel verse 1-8 as 'n perikoop en bespreek die gedeelte. Hy verwys na Abraham en Sara wat deur geloof 'n nageslag gekry het. Hy wys daarop dat die herstel van Sion, soos die tuin van Eden, net beperk plaasgevind het by die terugkeer uit ballingskap. Hierdie profesie was verder vervul met die koms van die kneg – Jesus. Die gelowiges moet nie mense vrees nie, maar JHWH, en moet die voorbeeld van die kneg volg.

Kraus<sup>288</sup> (1990:130-133) behandel verse 1-8 as 'n perikoop. Dit begin met 'n oproep, om heil na te jaag en wat dan oorgaan na Abraham en Sara as voorouers van die volk. Dit toon JHWH se bystand en belofte wat 'n werklikheid geword het, en wat troos bring. Die stad word getroos. Die skepper JHWH sal die stad vernuwe en laat word soos die tuin van Eden. Israel sal 'n lig word vir die nasies, en die heil van JHWH ken en ervaar.

---

<sup>285</sup> Eaton (1979:71-72) beklemtoon slegs die fees aspekte en sien Sion as lushof raak. Daar is nie plek vir troos nie.

<sup>286</sup> Beuken (1983:107-120) sien die aansluiting van hierdie gedeelte by die ander gedeeltes wat die werkwoord *נחן* bevat. JHWH bly in beheer en gee die troos en inisieer die verandering wat bewerkstellig word. Die stad en inwoners sal JHWH loof.

<sup>287</sup> Hailey (1985:421-424) sien die gedeelte as 'n voorspelling wat eers ten volle in Christus vervul is.

<sup>288</sup> Kraus (1990:130-133) sien die troos as net vir die stad Sion.

Grimm en Dittert (1990:373-376)<sup>289</sup> bespreek verse 1-8 as 'n groter geheel en verse 1-3 as 'n kleiner perikoop. Hulle vra eerstens wie aangespreek word, en besluit dit is diegene wat in die sfeer van heil sou kom. Deur Abraham en Sara kan die nakomelinge aanspraak maak op die seën, wat beloop was vir die volk, in die beloofde land. JHWH sal die stad vernuwe en gee 'troos'. Die tyd van kla word 'n tyd van vreugde en jubelsange. Die heilstaat van JHWH is vir alle mense. JHWH gee die troos en JHWH sal die stad en woeste gebied omskep in 'n lushof soos die tuin van Eden. Daar word verwys na die ander tekste wat troos bevat.

Miscall (1993:121)<sup>290</sup> hanteer die perikoop wat bestaan uit verse 1-8 en verder onderverdeel word in verse 1-3. Hy wys daarop dat die derde vers 'n uitspraak van JHWH bevat waarin die temas van troos (12:1, 40:1, 49:13 word as verwysings gegee), verandering in die natuur en vreugde 'n rol speel. Die verwysing word gemaak dat hier op die tuin van Eden, en Genesis 1 en 2 gesinspeel word. Die troos word nie verder behandel nie.

Motyer<sup>291</sup> (1993:403-404) behandel verse 1-3 as 'n eenheid. Hy verklaar dan dat Abraham en Sara op menslike hopeloosheid wys. Hulle was in dieselfde toestand as die stad wat vernietig is. Net deur ingrepe van JHWH het daar 'n nageslag gekom, en sal die stad herstel word soos die tuin van Eden. Troos deur JHWH waarborg aan Sion 'n toekoms, na die voorbeeld van Abraham en Sara.

Webb (1996:200-203) gebruik verse 1-11 as 'n eenheid. Hy beskryf dan die vreugde wat daar in die herstelde Sion, waar die mense wat in die voetspore van die kneg van JHWH gevolg het, sal wees. Dit sal soos die tuin van Eden wees. Die troos word nie genoem nie en speel ook nie 'n rol in die verklaring nie.

---

<sup>289</sup> Grimm en Dittert (1990:373-376) verwys na die troos wat deur JHWH gegee word. JHWH is in beheer en sal Sion se omstandighede verander. Die verwysing na Abraham is om die volk se geloof te versterk in JHWH. Niks is vir JHWH onmoontlik nie, en daarom het Abraham se nageslag ontstaan.

<sup>290</sup> Hoewel Miscall (1993:121) na troos as 'n tema verwys, word die troos glad nie weer in die gedeelte behandel nie.

<sup>291</sup> Motyer (1993:403-404) verklaar dat JHWH die troos en ontferming gee, en Sion weer 'n nuwe toekoms gee. Motyer sien die verwysing na Eden as 'n teken dat JHWH se vloek in 'n seën verander word. Die land sal weer voorspoed beleef.

Oswalt<sup>292</sup> (2003:563-568) behandel die gedeelte 50:4 tot 51:8 as 'n groter deel en daarbinne is kleiner verdelings, waaronder hoofstuk 51:1-8 as 'n eenheid bespreek word. Oswalt wys daarop dat die kneg die volk oproep, die wat geregtigheid najaag. Hulle word herinner aan die feit dat JHWH vir Abraham en Sara as voorouers vir die volk gekies het. Dit is net genade dat daar 'n volk ontstaan het wat deur JHWH gemaak is. Die stad Sion sal vertroos word, en verander word, en so mooi soos 'n blomtuin gemaak word. Die stad sal vreugde en blydskap ervaar. Die verlossing gaan vir die volk en die nasies geld. Die kneg bring die lig vir die nasies. Die kneg sal bevestig dat JHWH vertroos, en nie die volk verlaat het nie. Oswalt wys daarop dat dit nie net gaan oor verlossing uit Babel nie, maar ook om verlossing uit sonde. Die mens moet 'n hartsverandering ondergaan en in afhanklikheid van JHWH lewe. Oswalt wys verder daarop dat die klem op die werk van die kneg geldig is, vir Abraham en Adam se nageslag.

Goldingay<sup>293</sup> (2005:418-430) behandel verse 1-8 as 'n eenheid. Hy bespreek die regverdigheid. Daar word dan tot die gevolgtrekking gekom dat die volk na JHWH as die bron van hulle lewe moet opkyk. Daar word na Abraham en Sara verwys en die feit dat JHWH se ingrepe gemaak het dat hulle 'n nageslag gekry het. Die troos van vers 3 verwys terug na 40:1 en 49:13. Die dubbele gebruik van troos hier stem ooreen met 40:1. Hier is Sion die objek van die 'troos'. Die woestyn en barre dele stem ook hier en in 40:2 ooreen. Daar word gewys op die ooreenkoms van die gebruik van Eden wat aansluit by Esegïel 28:13; 31:8-9, 16, 18; 36:35 – hy vermoed 'n mistiese band tussen hemel en aarde. JHWH sal Sion herstel dat dit metafories soos Eden sal word. JHWH gee opdrag dat die volk na JHWH moet luister en 'n lig wees vir die nasies. Die reg is naby en vreemde nasies wag op JHWH. Die aarde en hemel sal vergaan. Die volk moet nie bang wees vir mense nie. JHWH se geregtigheid sal vir altyd bestaan.

---

<sup>292</sup> Oswalt (2003:563-568) pas die verse toe op die kerk in die huidige situasie. Volgens Oswalt sal die verse dui op getrouheid aan JHWH, selfs in vervolging. Die kneg is vir hom Christus. Die troos is deur JHWH gegee en dit is tot die stad gerig.

<sup>293</sup> Goldingay (2005:418-430) beklemtoon die gebruik van 'troos', en sien die aansluiting met die ander verse wat die werkwoord  $\text{DN}$  bevat. Sion word deur JHWH getroos.

Dempsey<sup>294</sup> (2010:130-132) behandel verse 1-3 as 'n perikoop. Sy sien die rots waarna verwys word as 'n verwysing na JHWH en voer dit terug na Genesis 1:27 dat die mens na die beeld van JHWH geskep is – die metafoor in Deuteronomium 32:18 word aangehaal, die put word gesien as teken van die feit dat die mens uit die aarde gemaak is. Abraham en Sara word met die twee beelde geassosieer, en dan verklaar Dempsey dat dit wys na die feit dat die volk, JHWH se volk is deur skepping en afstamming. Die volk sal troos ontvang en die land sal soos die tuin van Eden word. Die volk weet dan wat hulle van JHWH kan verwag. Dempsey stel Sion gelyk aan die volk.

#### **4.1.3.3.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:3 Die werkwoord דָּנָה, in die Pi'el kom twee keer in die vers voor.**

Jesaja 51:3 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 1 tot 8. Jesaja 51:1-8. Die inhoud leer dat JHWH vir altyd red. Die werkwoord דָּנָה word hier in vers 3, twee keer, in die Pi'el gebruik.

Jesaja 51. Hier volg my eie vertaling van verse 1 – 8.

1. Hoor My, julle wat geregtigheid najaag, soekers na JHWH: Kyk na die rots waaruit julle gekap is, en na die holte van die put waaruit julle gegrawe is.
2. Kyk na julle vader Abraham, en na Sara, wat julle gebaar het. Want hy was net een toe Ek hom geroep het, en hom geseën en hom vermeerder het.
3. Want JHWH troos Sion. Hy troos al haar verlate plekke, en hy maak haar wildernis/woesteny soos Eden, en haar woestyn soos die tuin van JHWH; vreugde en blydschap sal daarin gevind word, dank en die stem wat lof sing.
4. Luister na My my volk, en gee 'n oor tot My, my nasie. Want 'n wet sal van My uitgaan, en My reg sal Ek vasstel as 'n lig vir die volke.
5. My geregtigheid is naby, my redding gaan uit; en my arms sal die volke oordeel; die eilande sal op My wag, en hulle sal hoop op my arm.

---

<sup>294</sup> Dempsey (2010:130-132) het troos verklaar, en sien die volk as gelyk aan die stad. Die volk weet dat hulle op JHWH kan vertrou. Dempsey beklemtoon die feit dat JHWH die Skepper is.

6. Slaan julle oë op na die hemel, en kyk na die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn, en die aarde sal soos 'n kledingstuk vergaan; en sy inwoners sal op dieselfde manier sterf, maar my redding sal vir ewig wees, en my geregtigheid sal nie verbreek word nie.

7. Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is. Wees nie bevrees vir die verwyd van mense nie, en moet nie skrik vir hulle lastertaal nie.

8. Want die mot sal hulle eet soos 'n kledingstuk, die motwurm sal hulle eet soos wol. Maar my geregtigheid sal vir ewig wees, en my redding van geslag tot geslag.

Die struktuuranalise van hoofstuk 51 verskyn as Bylaag 5 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise van die agt verse wys duidelik dat die gedeelte in drie kleiner eenhede uiteenval. Vers 3 bevat die 'troos', wat soos in 40:1 twee keer herhaal word. Hier is dit Sion wat vertroos word, terwyl in 40:1 dit die volk is wat getroos moet word.

Jesaja 51:1-8 is die eerste deel waarin die stad Sion/Jerusalem<sup>295</sup> getroos word (Williamson, 1994:73, 121). Die stad het troos nodig want alles is verval. Die stad wat verwoes is toe die inwoners weggevoer is, was nog nooit herbou nie. Die muur rondom die stad bestaan nie meer nie. Die stad is onbeskut en weerloos teen aanvalle. Daar is glad nie meer 'n tempel nie, dus is die gesamentlike plek van aanbidding tot niet. Die teken van die teenwoordigheid van JHWH is nie daar nie, en die stad en inwoners ervaar nie dat JHWH vir hulle sorg of omgee nie. Daarom kom die trooswoord tot die stad, dat daar insig kan kom, en die stad kan weet dat JHWH vir haar omgee. JHWH begin deur die stad daaraan te herinner dat JHWH die Een is vir wie niks onmoontlik is nie. Daar word verwys na Abraham en Sara wat ver gevorderd was in hulle jare en verby die tyd waarin daar normaalweg vir 'n kind gehoop kon word, voordat hulle die belofte van 'n kind ontvang het. Die feit dat hulle 'n kind, naamlik Isak, gekry het, is 'n wonder deur die ingrype van JHWH alleen. JHWH het ingegryp in die lewens van Abraham en Sara en vir hulle gesorg. So het

---

<sup>295</sup> Williamson (1994:73, 121) wys daarop dat troos oorgaan in vreugde. Hy sien die troosboodskap van Deutero-Jesaja as 'n omkering van Klaagliedere. Hierdie troos is dus 'n antwoord op die klag. Heskett (2011:17, 72, 77, 120) toon aan dat hierdie 'n restourasie troos vir Sion is. Sion moet getroos word, en daar moet ontferming wees vir haar, oor die vervalde toestand waarin die stad haarself bevind. Die verwoesting van die stad roep om 'troos'.

JHWH deur die geskiedenis vir die volk ook gesorg<sup>296</sup>. Hulle wou egter nie altyd luister en JHWH volg nie, daarom het die ballingskap plaasgevind (Beuken, 1983:107-120). JHWH kan troos en kan nuwe lewe gee en nuwe hoop. JHWH beloof dat die stad vernuwe gaan word. Die verlate plekke en puinhope sal herstel word en die stad sal 'n lushof word soos die tuin van Eden. Die stad sal weer kan jubel en bly wees en baie inwoners hê. JHWH vra hier dat die stad en inwoners sal luister na JHWH, geregtigheid sal najaag en hulle hoef nie bang te wees vir mense nie. JHWH is die een wat die dorre landskap kan verander en gee dat daar weer bome sal groei en water sal wees. Die stad moet verder 'n lig vir die nasies wees en die heil van JHWH aan almal bekend maak en hulle dit laat ervaar. Die heil van JHWH is vir alle mense bedoel. Die troos, hier, gryp terug na die troos van Jesaja 40:1 en 49:13<sup>297</sup> waar nie net na die volk nie, maar ook na die stad Jerusalem/ Sion verwys word (Berges, 2008:327). Daar word ook verwys na die veranderinge in die natuur wat sal intree en vreugde gee.

#### 4.1.3.3.2 Samevatting

Hier word gevind dat die inisieerder van die troos en die vernuwing slegs JHWH alleen is. JHWH<sup>298</sup> is die een wat gesindhede en omstandighede kan laat verander (Beuken, 1983:107-120). Hierdie gedeelte stel dit duidelik dat die stad, in alle omstandighede, op JHWH alleen kan vertrou. Die veranderinge wat gaan plaasvind is die gevolg van JHWH se beloftes aan die stad en as gevolg van JHWH se liefde en ontferming oor die stad Sion. Dit is duidelik uit die struktuuranalise dat die troosbelofte aan die begin, weer in verse 7 en 8, versterk word met die bemoediging om nie bang te wees nie, want alle mense is tydelik, en van JHWH afhanklik. Verder word die versekering gegee dat JHWH se verlossing en geregtigheid blywend is.

---

<sup>296</sup> Beuken (1983:107-120) wys daarop dat JHWH die stad troos. JHWH bly in beheer en die stad en inwoners sal JHWH loof. Dempsey (2010:130-132) sê dat JHWH troos. Die volk weet dat hulle op JHWH kan vertrou.

<sup>297</sup> Berges (2008:327) noem hierdie tekste wat die werkwoord  $\text{mn}$  bevat, die bode vir die 'troos'. Die 'troos' is aan Sion en hou die herstel van die na eksieliese Jerusalem in.

<sup>298</sup> Beuken (1983:107-120) verklaar dat JHWH in beheer bly, en die troos gee en die verandering wat bewerkstellig word inisieer. Grimm en Dittert (1990:373-376) verwys na die troos wat deur JHWH gegee word. JHWH is in beheer en sal Sion se omstandighede verander. Motyer (1993:403-404) verklaar dat JHWH die troos en ontferming gee, en Sion weer 'n nuwe toekoms gee.

Abraham word as rots gesien, wat kan dui op die dorheid en kinderloosheid van die voorvader. Dit is 'n wonder van JHWH dat Abraham en Sara in hulle ouderdom 'n kind kon verwek<sup>299</sup>. Hierdie wonder bring troos sodat die volk kan weet dat alles vir JHWH moontlik is (Oswalt, 2003:563-56). Die feit van Abraham is 'n verwysing na die belofte van landsbesit. Die land is deur JHWH aan Abraham en sy nageslag belowe<sup>300</sup>. Hierdie is 'n teruggryping na die belofte sodat, die oorblyfsel van die volk, hulle reg op die land en 'n deel daarvan kan regverdig (Lee, 1995:180). Verder is daar in Genesis 12 gesê dat Abraham tot 'n seën van die nasies sal wees. Die volk moet so optree dat die ander volke die seën kan ontvang. Hulle moet ander volke aan JHWH bekend stel, sodat JHWH deur die ganse skepping gedien en vereer kan word. Hierdie gedagte word in Deutero-Jesaja ontgin en verder uitgebrei in Trito-Jesaja. Al die eilande wag op die leer van die dienskneg, so ook die ander nasies. Die leer stel JHWH aan hulle bekend. In Trito-Jesaja word die volkere saamgetrek om Sion/Jerusalem waar hulle heil sal ontvang. Troos word in Jesaja 51:1-8 verder ondersteun deur die feit dat JHWH die inisieerder is van 'troos', en dat JHWH totaal in beheer is van die geskiedenis.

#### **4.1.3.4 Jesaja 51:12 Die werkwoord $\text{an}$ , in die Pi'el kom in hierdie vers voor - Kommentare**

Calvyn<sup>301</sup> (1900:632) wys in vers 12 daarop dat JHWH die enigste trooster van die volk kan wees. Mense het die geneigdheid om mense meer te vrees, as vir JHWH. North (1964:61, 213-215) behandel verse 12-16 as 'n eenheid. Die troos is wel in sy teks vertaal, maar word nie in die uitleg gebruik nie. Die feit van vrees terwyl JHWH daar is, word bespreek. Die vrees is vir 'n verganklike mens. Alexander<sup>302</sup> se

---

<sup>299</sup> Oswalt (2003:563-568) herinner die leser aan die feit dat Abraham en Sara kinderloos was en oud. Dit is net genade van JHWH se kant dat hulle 'n nageslag gekry het.

<sup>300</sup> Lee (1995:180) verwys na die feit dat JHWH die stad net so sal seën, soos Abraham geseën was met 'n groot nageslag. Klein (2009:236) toon aan dat die verwysing na Abraham daar is om die geloof te versterk, asook dat dit herinner aan die landsbelofte. Die ballinge as nakomelinge van Abraham, het die reg op besit in die land wanneer hulle na Jerusalem toe teruggaan.

<sup>301</sup> Calvyn (1900:632) toon aan dat JHWH die volk daaraan herinner dat Hy die enigste Een is wat hulle kan troos. Hierdie is amper 'n verwyte opmerking aan die volk. Die volk is geneig om vir mense bang te wees. Calvyn gebruik vir Nebukadneser as voorbeeld. Die koning staan onder die gesag van JHWH.

<sup>302</sup> Alexander (Vol. 2. 1976:266-269) verklaar dat JHWH die troos gee, en dan word die feit dat JHWH Skepper is beklemtoon, om aan te toon dat JHWH alleen in beheer is. Alle mense is onder beheer van JHWH, en daarom hoef geen mens gevrees te word nie.



verklaring vir verse 9-16 is dat JHWH gevra word om sy mag te wys soos met Egipte tydens die uittog en tog deur die Rooi See (Alexander, Vol 2, 1976:266-269). Die volk wat gaan terugkeer na Sion sal vol vreugde wees. Hulle het die versekering dat JHWH hulle sal 'troos'. Hulle hoef vir geen mens bang te wees nie. JHWH is die skepper wat hulle beskerm as volk in Sion.

Franz Delitzsch (Vol II. 1877:289-290) bespreek verse 12-15 as 'n eenheid, en verklaar dat Sion en Israel deur JHWH herinner word dat dit nie nodig is om vir 'n mens bang te wees nie. Die gevangenes sal vrygelaat word. JHWH is die skepper van die heelal en JHWH versorg en troos hulle. JHWH is altyd in beheer.

Leupold<sup>303</sup> (Vol II. 1977:205-207) behandel vers 12-16 as 'n perikoop. Hy sien die gedeelte as JHWH se antwoord op 'n gebed. Die antwoord bevat al die elemente om JHWH as die skepper voor te stel, teenoor die nietige mens, JHWH troos deur aan die volk te wys watter bronne beskikbaar is, om hulle verlossing te bewerk.

Herbert<sup>304</sup> (1975:100-101) bespreek verse 9-14 as 'n geheel. Hy lig die saak rondom Rahab uit en bespreek dit teen die agtergrond van die Babiloniese skeppingsmite. Hy kom terug by die waters van die Rooi See, maar het geen verwysing na die troos nie. Eaton (1979:73-74) hanteer verse 12-16 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat JHWH die gemeenskap verwyd dat hulle bang is vir die onderdrukker, terwyl JHWH die skepper is wat die see en alles gemaak het, en ook die mens se krag vir hom gee. Al hierdie sake wat genoem is, is temas by die fees van verlossing. Die feit van troos word nie genoem nie.

Beuken<sup>305</sup>(1983:121-141) behandel verse 9-16 as 'n eenheid. Die smeekgebed en heilsorakel hoort bymekaar en het op mekaar betrekking. Hierdie gedeelte wys

---

<sup>303</sup> Leupold (Vol. II:1977:205-207). Leupold beklemtoon dat hierdie verse wys dat JHWH in beheer is. JHWH gee troos en onderhou alles wat geskep is.

<sup>304</sup> Herbert (1975:100-101) wys op die mites wat hier as agtergrond dien. Die Kananitiese skeppingsmite gebruik Rahab as die skeppingsmonster. Die Babiloniese weergawe noem dat Marduk die monster verslaan het. Herbert toon aan dat Deutero-Jesaja nou die mite aanwend om by die water van die Rooi See uit te kom. Dit word nou 'n simbool van die eksodus en wys op JHWH se nuwe aksie met die volk. Herbert behandel glad nie die troos wat deur JHWH aangekondig word, en ook deur Herbert vertaal is nie.

<sup>305</sup> Beuken (1983:121-141) wys na die feit dat JHWH die see-draak en Rahab by die skepping onderwerp het. Hierdie verwysings word verder in Jesaja 27:1; Psalm 74:13; 89:11; 148:7; en Job 7:12; 9:13; 26:12 gevind. Beuken wys daarop dat daar ook na Egipte, Farao en Nebukadneser so

daarop dat JHWH se hulp nodig is, om die huidige situasie van die volk te oorwin, soos by die skepping en die deurtog deur die Rooi See. Die ballinge mag na Sion terugkeer as mense wat deur JHWH vrygekoop is en vreugde ervaar. JHWH is die trooster van die volk. JHWH wys die volk daarop dat hulle nie bang hoef te wees nie, want JHWH is die skepper en kan hulle beskerm. Hailey<sup>306</sup> (1985:424-427) bespreek verse 9-16 as 'n perikoop. Hy verwys na Rahab wat hy as Egipte identifiseer. JHWH het die volk uit Egipte gelei, deur die Rooi See. Jesaja vra dat JHWH dieselfde krag moet gebruik om die ballinge uit Babel te bevry. Die lied is die uiting wat die ballinge sal gee as blydschap wanneer hulle verlos word en dit dui op die latere vreugde van messiaanse verlossing. JHWH alleen sal Israel vertrou, en hulle kan op JHWH vertrou. JHWH beskerm die profeet en Sy woord.

Kraus<sup>307</sup> (1990:134-138) behandel die hele gedeelte van Jesaja 51:9-52:3 as een geheel. Hier word net na verse 9-16 gekyk. Die eerste oproep in vers 9 is aan JHWH gerig. Dit herinner aan die mag wat sigbaar is, onder andere, deur die feit dat JHWH Rahab verslaan het. Rahab kom uit die Babiloniese mitologie en stel die chaosdraak voor wat, in Babel, as Tiamat bekend was. Die volk gaan uit ballingskap terugkeer na Sion toe. JHWH stel JHWH bekend as die trooster wat te alle tye sorg en die volk hoef niemand anders te vrees nie.

Grimm en Dittert<sup>308</sup> (1990:385-387) behandel verse 12-16 as 'n geheel. Hulle verwys in 'n voetnota na die ander tekste wat troos bevat. Verder koppel hulle 43:25 en 52:6 ook aan vers 9 en wys daarop dat die formulering ooreenkomste toon. Dit is loutere genade en liefde dat die skuld van die volk vergewe word. In die laagtepunt van Israel se geskiedenis tree die troos van JHWH in, as 'n moederlike wesenskenmerk,

---

verwys word, in Jesaja 30:7; Psalm 87:4; Jeremia 51:34. Die see word ook as element by die eksodus gebruik, sowel as 'n teëstander van JHWH toe Hy die wêreld georden het. Die diepte kom by beide die skepping en verlossing van Israel voor. Dit dien as troos om te weet, JHWH het oorwin en is in beheer.

<sup>306</sup> Hailey (1985:424-427) wys daarop dat die woord vir Rahab in Hebreeus dui op 'n uitdagende en arrogante houding, en trotse en wilde gedrag. Daarom verkies hy om net aan Egipte te dink, in die vers. Die feit dat JHWH in beheer is verskaf 'troos'.

<sup>307</sup> Kraus (1990:134-138) verwys na die ou skeppingstradisie van Israel waar JHWH die chaosdraak, wat in Babiloniese mites as Tiamat bekend is, oorwin. Kraus verwys na Psalm 89:10; 9:13; Job 26:12 waar daar ook verwysings na Rahab voorkom. Die aanduiding word gebruik om te wys dat JHWH in beheer is. JHWH troos en beskerm die volk ten alle tye.

<sup>308</sup> Grimm en Dittert (1990:385-387) toon dat JHWH die inisieerder van troos is, en dat JHWH uit genade teenoor die volk optree.

en bring 'n verruiming van die begrip oor JHWH. Dit word beklemtoon dat alle mense sterflik is en dat tiranne verganklik is. JHWH gee die lewensmiddels en sorg vir die volk.

Miscall<sup>309</sup> (1993:121-122) gebruik verse 12-16 as 'n perikoop. Hy verwys na die troos wat deur JHWH gewaarborg word, en die feit dat die mens nie hoef te vrees nie. JHWH self sal hom bystaan. Die lewe en dood word hier gekontrasteer. Miscall verwys ook na Rahab, die uittoeg en die skepping van Israel.

Motyer<sup>310</sup> (1993:407-413) verklaar verse 9-16 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat Jesaja, Rahab as 'n kodenaam vir Egipte gebruik. Die verwysing van Rahab en die Rooi See, is om te wys dat JHWH die enigste is en oor alles heers. Hierdie insig gee troos. JHWH gee aan Sion troos en niks anders as JHWH hoef gevrees te word nie, mense is niks. Hierdie troosboodskap moet deurgegee word. In 'n voetnota verwys Motyer na al die tekste wat דָּן bevat.

Webb (1996:205) behandel sy volgende hoofdeel, naamlik Jesaja 51:12-55:13, as 'n geheel. Hoofstuk 51:12-16 vorm 'n perikoop. Webb bespreek die feit dat JHWH die inisiatief neem en die volk vir JHWH neem en die verbond herstel. Die troosmotief word nie genoem nie.

Oswalt<sup>311</sup> (2003:569-572) bespreek verse 9-16 as 'n eenheid. Hy noem dat verse 9-11 'n klaaglied is, waar twyfel en hoop voorkom. Verse 12-16 is JHWH se antwoord. Die hopelose situasie reflekteer weer hier, wat ook in 40:27 en 49:14 voorkom, naamlik waarom tree JHWH nie op nie? Jesaja gebruik Rahab, wat aansluit by die Babiloniese mitologie, hier vir Egipte om te herinner aan JHWH se bystand in die

---

<sup>309</sup> Miscall (1993:121-122) verklaar dat Rahab deur die arm van JHWH oorwin is. Die oorwinningsmiteme uit die skeppingstyd gaan oor in die eksodus. JHWH reageer op die vrees van die volk en verseker hulle dat Hy alleen troos. JHWH het alles gemaak en bly in beheer.

<sup>310</sup> Motyer (1993:407-413) gebruik Rahab as 'n kodenaam vir Egipte. In sy bespreking verwys hy na ander tekste, waar hy verklaar dat die Ou Testament gebruik maak van heidense mitologie, om die absolute mag van JHWH te onderstreep. Die see en Rahab is uitgelewer aan die genade van JHWH. Motyer wys dat nie Jesaja óf die Ou Testament met hierdie optrede sê dat die mites waar is nie. Die voorbeelde word slegs gebruik om te wys dat die persone, wat JHWH aanbid, met ander idees gekonfronteer kan word. JHWH is altyd in beheer en beskerm die volk, dit verskaf 'troos'.

<sup>311</sup> Oswalt (2003:569-572) beklemtoon dat JHWH, as Skepper, in beheer is en troos.

verlede. JHWH is die skepper wat ook die volk 'troos'. Die volk het nie nodig om mense te vrees nie.

Goldingay (2005:430-440) bespreek verse 9-16 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat die dubbelroep om wakker te word herinner aan die troos van 40:1. Hy sien Rahab as 'n verwysing na Egipte en die uittog en Rooi See-verhaal. Hy aanvaar nie dat Rahab na die skepping en die mitologie verwys nie. JHWH het die volk deur die see laat trek, en JHWH sal die verlostes na Sion laat kom met blydschap. JHWH self sal Sion vertroos en die troos lê nie net in woorde nie, maar is 'n aktiewe daad tot herstel. Sion word daaraan herinner om nie vir mense bang te wees nie, want JHWH sorg vir kos en JHWH bevry, JHWH het die see gemaak en JHWH is JHWH. JHWH self beskerm Sion met die skadu van Sy hand en bevestig dat Sion se inwoners JHWH se volk is.

Dempsey<sup>312</sup> (2010:135) behandel verse 12-16 as 'n eenheid. Sy noem dit 'n tussenspel tussen beloftes en bevel. JHWH gee troos aan Kores as kneg. Almal is deur JHWH gemaak, en Kores gaan gebruik word om die volk te bevry, sodat hulle kan weet hulle is die volk van JHWH.

#### **4.1.3.4.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:12**

Jesaja 51:12 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 9-16. Die inhoud van die gedeelte beklemtoon die feit dat JHWH uitkoms gee. Die werkwoord  $\text{נָתַן}$  word in vers 12 in die Pi'el gebruik. Hier volg my eie vertaling van verse 9-16:

Jesaja 51:9-16.

9. Ontwaak, ontwaak. Arm van JHWH, trek sterkte aan. Ontwaak, soos in die dae van ouds, onder die geslagte van lank gelede. Was dit nie U wat Rahab in stukkies gekap het nie, en die seemonster deurboor het nie?

10. Was dit nie U wat die see laat opdroog het nie, die waters van die groot dieptes, wat die dieptes van die see 'n pad gemaak het, vir die verlostes om op verby te gaan.

---

<sup>312</sup> Dempsey (2010:135) beklemtoon die feit dat JHWH in beheer is, en troos gee.

11. En die losgekooptes/verlostes van JHWH sal terugkeer en kom na Sion met sang, en ewigdurende blydschap op hulle kop; vrolikheid en blydschap sal hulle oorval; droefheid en gesug sal wegvlug.

12. Ek, Ek is Hy wat julle troos. Wie julle, dat julle 'n mens sal vrees? Hy sal sterf. En van die seun van die mens? Hy word gegee as gras.

13. En jy het vergeet van jou maker JHWH, wat die hemel uitgesprei het en die aarde gevind het. En jy was gedurig elke dag bang vir die woede van die verdrukker, omdat hy gereed was om te vernietig. En waar is die woede van die verdrukker?

14. Die verskrikte is haastig om bevry te word, en nie dat hy in die put sterf nie, en nie dat sy brood sal ontbreek nie.

15. Maar Ek is JHWH jou God, wat die see in beroering bring en maak dat sy golwe bruis; JHWH van die leërskaer is sy Naam.

16. En Ek het my woorde in jou mond gelê, en jou in die skaduwee van my hand toegemaak; om die hemel te plant en die aarde te grond, en om aan Sion te sê: Jy is My volk.

Die struktuuranalise van hoofstuk 51 verskyn as Bylaag 6 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise en die teks wys duidelik dat dit in hierdie verse gaan om JHWH wat verlossing gee en die beskermmer van Sion is. Die stad is veilig by JHWH en kan altyd op JHWH vertrou.

Jesaja 51:9-16 word behandel as 'n smeekgebed en 'n heilsorakel. Dit word ook 'n tussenspel van beloftes en bevele genoem, en hou baie 'troos'<sup>313</sup> (Dempsey, 2010:135) in vir die stad en volk. JHWH word gevra om in die situasie in te gryp, omdat dit vir die stad onmoontlik is om alleen die situasie te hanteer. Daar word verwys na die krag van JHWH, waarmee JHWH opgetree het, tydens die skepping en die uittoeg uit Egipte. JHWH het die chaosdraak Rahab, wat in die Babiloniese

---

<sup>313</sup> Dempsey (2010:135) noem die gedeelte 'n tussenspel, en toon aan dat die beloftes en bevele baie troos inhou. Heskett (2011:17, 77) wys daarop dat troos deur JHWH gewaarborg word. Die herstel van Sion word ook op die agenda geplaas.

mitologie as Tiamat bekend was, tydens die skepping oorwin<sup>314</sup> (Van der Merwe, 1955:207-208, 212). Verder het JHWH die mag van Egipte gebreek en die volk uit slawerny bevry. JHWH het hulle veilig deur die Rooi See laat trek, en daaraan word nou gedink. Daarna word die ballinge se terugkeer na Sion toe beskryf. Dit is met vreugde dat hierdie mense terugkom in die stad Jerusalem, waarna hulle so verlang het.

Hierdie ballinge is gevul met blydschap en troos, omdat hulle ervaar het dat JHWH getrou gebly het aan Sy beloftes. Hulle is bevry uit ballingskap en terug in Sion. Dit troos hulle saam met die wete dat hulle altyd op JHWH kan vertrou vir bystand, beskerming en onderskraging. JHWH<sup>315</sup> is die trooster van die volk en wys hulle daarop dat dit nie nodig is, om bang te wees nie. JHWH is die skepper en beskerm hulle as JHWH se volk. Die stad en volk se skuld is uit genade vergewe en hulle verhouding met JHWH is deur JHWH herstel. JHWH is die een wat die volk uit ballingskap laat terugkeer het. JHWH is die een wat die stad sal laat opbou en herstel en beskerm. JHWH se troos lê nie net in woorde nie. Dit het werklik

---

<sup>314</sup> Van Der Merwe (1955:207-208, 212) wys daarop dat die agtergrond van Jesaja 51:9 die mitologiese godestryd is. Van der Merwe toon aan dat daar in die Ou Testament positiewe aanwending van mitologie gevind word, maar daar word ook die negatiewe afwysing van mitologie aangetref. Albei vorme word by Deutero-Jesaja aangetref. Hier het hy na die mitologiese Rahab verwys en in ander tekste ontmasker Deutero-Jesaja die afgodediens as diens aan beelde. Volgens Van der Merwe gee die verbinding van die skepping en die eksodusgeskiedenis in hierdie vorm, die voordeel dat dit op die hede betrek word. Die onmiddellike nood van die ballinge is nie net seemonsters nie, maar wêreldheersers in Babel, en die chaos wat hulle in Babel beleef. Die verse se tema is, dat JHWH in staat is om alle chaos op te hef. JHWH se heilsdade van die verlede word op die hede betrek. Stuhlmüller (1970:88-89) verklaar dat dit moeilik is om die mitiese verhaal van die choasmonster en die eksodus albei in hierdie gedeelte in te lees. Die afleiding wat Stuhlmüller maak, is dat daar verlossing deur JHWH is, uit 'n groot benoudheid in die verlede. Lang (1986:65, 116, 120-121) voer aan dat ou Israel 'n veelgodedom aangehang het. Hy voer ook aan dat slegs fragmentariese bewyse, na die mitologie van Israel, oorgebly het. Volgens Lang het Hosea en Deutero-Jesaja 'n keerpunt gebring. Albei hierdie profete het net JHWH alleen as God verkondig. Lang gebruik 2 Konings 23:5 wat vertel van Israel se offers aan afgode, as 'n bewys van sy argument. Schuller (1988:99-101) wys daarop dat Deutero-Jesaja ons verder as die eksodus terugneem na die mitologiese tradisies. Die stryd tussen JHWH en Rahab, die mag van chaos, en waar JHWH die oorwinnaar was, word gemeld. Deutero-Jesaja kombineer die mitologiese tradisies wat in die kultus bewaar is, met die eksodus, om aan te toon dat JHWH wat geskep, en in die geskiedenis opgetree het, die volk nou sal kan red. Schuller toon aan dat die volk se situasie net so sleg was, as in die tyd voor die eksodus. Daarom kon Deutero-Jesaja nou die eksodustradisie gebruik, om die mag van JHWH te bevestig. Bembry (2011:120-121) wys daarop dat Jesaja in 27:1 en 51:9, van kosmiese beeldspraak gebruik maak, om JHWH se werk in die wêreld te beskryf.

<sup>315</sup> Beuken (1983:121-141): Dit dien as troos om te weet JHWH is in beheer. Motyer (1993:407-413) JHWH is altyd in beheer en beskerm die volk, dit verskaf 'troos'. Dempsey (2010:135) beklemtoon die feit dat JHWH in beheer is en troos gee

oorgegaan tot daad en die volk het dit gesien en ervaar, en is daarom gevul met blydskap en troos.

Die volk is daarvan bewus wat JHWH vir hulle voorouers gedoen het. Hoe JHWH deur die jare en in die geskiedenis 'n pad met hulle as volk geloop het. Daarom vra hulle nou vir JHWH bystand en verlossing in hulle huidige nood. Hulle is verder ook bewus van die verhouding waarin JHWH hulle as volk geplaas het. JHWH het hulle geroep en gekies as JHWH se volk, wat in 'n besondere verhouding met JHWH staan. Dit is weer eens deur JHWH aan hulle bevestig. JHWH is die skepper en die een wat in beheer is, van alles wat JHWH geskep het. Daarvan is die volk ook terdeë bewus, en weet hulle JHWH kan help.

#### **4.1.3.4.2 Samevatting**

Jesaja 51:9-16 bring die boodskap dat JHWH in beheer is, van die ganse skepping. JHWH het alles gemaak en alle magte is aan Hom onderwerp. JHWH troos die stad Sion en sorg vir die volk. JHWH verseker die volk dat Sy geregtigheid vir altyd sal wees. JHWH het die volk geroep, versorg en troos hulle. Die stad en volk kan verseker wees van die sorg en bystand van JHWH, soos uit die verlede<sup>316</sup> en vir altyd.

Die volk en stad is bewus van JHWH se daad uit die verlede, toe Hy alles geskep het en die volk uit Egipte<sup>317</sup> uitgelei het. Verder dra hulle kennis van die pad wat JHWH met hulle voorouers gestap het. Die volk en stad kan daarom weet dat hulle by JHWH veilig sal wees. JHWH is die Verlosser wat Sion beskerm en daarom kan die stad en volk op Hom vertrou.

JHWH beklemtoon weer die feit dat die volk nie vir mense bang hoef te wees nie. JHWH is in beheer en sal hulle bystaan. JHWH bevestig weer dat die volk in 'n besondere verhouding met Hom staan. Daarom kan die volk op JHWH vertrou.

---

<sup>316</sup> Leupold (Vol II. 1977:205-207) wys daarop dat JHWH troos gee en alles wat geskep is, onderhou. Kraus (1990:134-138) wys dat JHWH troos en die volk ten alle tye beskerm. Oswalt (2003:569-572) beklemtoon dat JHWH as Skepper in beheer is en troos.

<sup>317</sup> Goldingay (2005:430-440) beklemtoon die redding van die volk uit Egipte.

#### 4.1.3.5 Jesaja 51:19 Die werkwoord **אָן** word in vers 19 in die Pi'el gebruik – Kommentare

Calvyn<sup>318</sup> (1900:636-637) sien hierdie vers as 'n verwysing dat troos gemis word, wanneer oorlog ellende bring. Alexander (Vol 2. 1976:269-272) verklaar verse 17-23 soos volg: die stad steier nog onder die gevolge van JHWH se toorn oor haar en niemand kan haar help nie. Slegs JHWH sal haar kan troos, geen mens nie. JHWH gaan Sy toorn oor die onderdrukkers laat kom, vir wat hulle die volk aangedoen het.

Franz Delitzsch<sup>319</sup> (Vol II. 1877:292-294) behandel verse 17-23 as 'n eenheid. Hy begin met die oproep aan Jerusalem om wakker te word. Jerusalem het die volle maat van JHWH se toorn ervaar. Niemand het haar bygestaan of gehelp nie, selfs nie haar kinders nie. Die ondervinding en omstandighede is van so 'n aard dat geen mens troos kan verleen nie, net JHWH alleen. JHWH neem die beker van toorn by haar weg en gee dit aan haar onderdrukkers. Die stad se lyding is nou verby. JHWH sal haar versorg.

P de Boer (1956:54) bespreek vers 19, in die sin dat hy daarop wys dat die Masoretiese teks vertaal "hoe sal ek jou vertroos" en sy vertaling lees "wie sal jou vertroos". North<sup>320</sup> (1964:215-218) groepeer verse 17-23 saam en bespreek hulle as 'n geheel. Hy wys in vers 19 daarop dat daar niemand is wat die stad sal vertroos nie, en verwys terug na Jesaja 40:1. Leupold<sup>321</sup> (Vol II. 1977:208-209) behandel verse 17-20 as 'n geheel. Hy wys op die weerloosheid van die stad en inwoners. Die vraag na troos is wel vertaal, maar word nie verder aangeraak nie.

---

<sup>318</sup> Calvyn (1900:636-637) wys op die feit dat mense troos mis, as hulle nie op JHWH vertrou nie.

<sup>319</sup> Delitzsch (Vol. II. 1877:292-294) wys op die feit die straf so geweldig is dat die stad neergegooi is. Die stad het geen krag nie en niemand is bereid om haar te help nie. Die verdere beskrywing toon dat al die inwoners of gedood of gevange geneem is. Jerusalem was aan haar eie lot oorgelaat. JHWH gaan die omstandighede verander. Delitzsch meen dat die profeet die vraag vra oor hoe hy Jerusalem kan 'troos'.

<sup>320</sup> North (1964:215-218) behandel vers 19 en wys op die probleem met die vertaling van 'troos'. North noem dat niemand die stad vertroos het nie, sedert die uitroep in Klaagliedere 1:2, 9, 16 en 21: 'Niemand troos my nie'. Verder wys North daarop dat die werkwoord **אָן** se gebruik in die vers, sterk herinner aan die simpatie wat Job van sy vriende kry. Die troos herinner weer aan Jesaja 40:1.

<sup>321</sup> Leupold (Vol. II. 1977:208-209) sien verse 19 en 20 as 'n beskrywing van die bejammerenswaardige stad. Die stad word aangeval en die posisie van die stad word beskryf as een van verwoesting en geweld. Die situasie van die inwoners word beskryf as een van hongersnood en persone wat deur die vyand gedood word.



Herbert (1975:103-104) bespreek die perikoop Jesaja 51:17 tot 52:2. Hy wys daarop dat Jerusalem deur rampe getref is, naamlik die land wat verwoes is en die volk wat weggevoer is. Die stad Jerusalem word metafories vergelyk met 'n kinderlose weduwee. Die vraag na troos word nie geopper nie en gaan stilweg verby. Eaton (1979:74) bespreek verse 17-23 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat die stad Sion die oordeelsbeker gedrink het en nou moet opstaan. JHWH gee die beker nou vir die vyande, wat dit eintlik verdien. Daar word geen verwysing na troos gevind nie.

Beuken<sup>322</sup> (1983:142-149) hanteer verse 17-23 as 'n eenheid. Hy wys dat die ontwaking dui op die feit dat die stad bedwelm is deur die woede van JHWH. Jerusalem moet weer herstel word. Jerusalem is alleen en het nie kinders om haar by te staan, in die tyd van nood, nie. Die stad is verwoes en alleen. Hierdie stad is beslis sonder 'troos', en geen mens sal haar in die omstandighede kan troos of bystaan nie, net JHWH alleen. Daar word onderskeid getref tussen Jerusalem en haar kinders. Die luister-oproep sluit 'n verwyttende toon in. Die stad moet nou aandag gee. Die boodskap kom dat die stad klaar is met die beker van oordeel van JHWH. Die beker word by die stad weggeneem en aan die vyande gegee.

Hailey<sup>323</sup> (1985:427-428.) hanteer verse 17-20 as 'n perikoop. Hy verwys na die stad wat die volle toorn van JHWH ervaar het. Daar is niemand wat haar kan bystaan en ondersteun nie. Die stad het vernietiging en verlatenheid ondervind, sowel as hongersnood en die swaard. Net JHWH alleen sal die stad kan vertroos.

Kraus<sup>324</sup> (1990:138) behandel die hele gedeelte van hoofstuk 51:9 tot 52:3 as een geheel. Hier word net na verse 17-20 gekyk. Die stad Jerusalem het die beker van

---

<sup>322</sup> Beuken (1983:142-149) wys in verse 19 en 20 op die twee dinge wat die stad tref, naamlik verwoesting en geweld. Die gebruik van troos val binne die kader van Deutero-Jesaja. Nie die profeet of iemand anders sal die stad kan bystaan en 'troos' nie. Dit sal net vir JHWH moontlik wees, om hier in te gryp en te troos. Die twee dinge sal die stad tref en vers 20 behandel net die tweede saak, naamlik die hongersnood en swaard. Selfs die inwoners se vryheid van beweging word ingeperk. Dit word voorgestel met die beeld van die wildsbok wat in 'n net gevang en beseer word. Die hulpeloosheid en broosheid van die stad kom duidelik na vore. Hierdie stad het dringend hulp en troos nodig.

<sup>323</sup> Hailey (1985:427-428) verklaar dat dit duidelik is uit die konteks dat die stad verwoes is. Daar is niemand wat simpatiek teenoor die stad staan nie. Die land en stad is verwoes, en die inwoners is deur hongersnood getref, en ander is deur die vyande doodgemaak. In hierdie hagglike omstandighede kan net JHWH alleen ingryp en troos.

<sup>324</sup> Kraus (1990:138) wys op die feit dat die stad deur twee dinge getref word, naamlik verwoesting en ondergang, en die inwoners deur hongersnood en swaard. Die twee dinge herinner dadelik aan

JHWH se toorn volledig geledig en het geen ondersteuning nie. Die stad kan nou weet dat JHWH haar, in haar hulpeloosheid, sal bystaan en troos gee, JHWH is die enigste wat die stad nou kan bystaan en 'troos'.

Grimm en Dittert<sup>325</sup> (1990:387-388) bespreek verse 17-20 as 'n geheel. Hulle wys daarop dat Jerusalem tegelykertyd vrou en moeder is. Die stad het die volle toorn van JHWH ervaar en sy het haar kinders verloor. Daar was niemand wat haar getroos het nie. Hulle sien hierdie beeld as 'n aanduiding van die ontvolking van Jerusalem in 587 v.C.

Miscall<sup>326</sup> (1993:122) verwys net na die feit dat Jerusalem die volle toorn van JHWH ervaar het en nou kan weet dat JHWH self vir haar intree. Daar word nie na die vertroosting wat nodig is, verwys nie. Motyer<sup>327</sup> (1993:413-415) hanteer verse 17-23 as 'n geheel. Hy verklaar dat die volle beker van toorn van JHWH leeggedrink is, deur die stad. Daar is niemand om haar te vertroos nie, niemand om te help nie. JHWH alleen sal kan help. JHWH self sal Sy toorn kan verander in 'troos'.

Webb (1996:205-206) hanteer verse 17-23 as 'n perikoop. Hy verklaar dit deur daarop te wys dat JHWH Sy toorn afgewend het van die volk af, en dat die stad nou veilig sal wees. Die feit dat niemand die stad troos nie, is onaangeraak gelaat. Oswalt (2003:573-576) behandel hoofstuk 51:17 tot 52:12 as 'n groot geheel, en dan word dit onderverdeel in 51:17-23 en 52:1-12. Oswalt hanteer verse 17-23 as 'n eenheid. Hy verwys na die beker van toorn wat leeggedrink is, die volle prys vir die sonde is betaal en Jerusalem gaan weer herstel word. Sy is alleen, sonder kinders,

---

Jesaja 40:2 waar daar verklaar word dat Jerusalem dubbel geboet het vir haar sonde. Dit is uit die hand van JHWH ontvang. Kraus sê dat die onmag en hulpeloosheid van die stad beklemtoon word. Daarom is dit duidelik dat slegs JHWH in staat sal wees om, die stad, in hierdie omstandighede te troos.

<sup>325</sup> Grimm en Dittert (1990:387-38) sien hierdie as 'n beeld van die voltrekking van die toorn van JHWH oor die stad, by die vernietiging van die stad in 587 v.C. Die stad word vernietig en die bevolking gedood of gevang en weggevoer.

<sup>326</sup> Miscall (1993:122) behandel nie die troos nie, maar wys daarop dat JHWH nou gaan optree om Jerusalem uit haar ellende te red. Die oordeelsbeker word nou aan Jerusalem se vyande gegee.

<sup>327</sup> Motyer (1993:413-415) toon aan dat die dubbele gebruik van terminologie die boodskap inskerp. Terminologie soos: Die seuns, gebore, grootgemaak, geneem, verwoesting en geweld, hongersnood en swaard. Hierdie duplisering omsluit die totale prentjie en skilder die toestand van die stad wat van alle hulp gestroop word. Alleen JHWH sal die stad kan troos.

maar JHWH sal nou die beker met toorn in die hand van die vyande sit. Daar word nie melding gemaak, van die feit, dat Jerusalem niemand het wat haar kan troos nie.

Goldingay (2005:440-446) bespreek verse 17-23 as 'n eenheid. Sion word geroep om op te staan omdat sy die volle beker van lyding leeggedrink het. Niemand het haar getroos nie, nie mense of kinders nie. Sion was verwoes en die inwoners gedood en weggevoer. Die smart en pyn was so geweldig dat selfs JHWH vra: hoe kan sy getroos word? Die kinders was gevang. JHWH sê Sion wat swak is, moet luister want JHWH sal haar weer beskerm. Die beker van toorn gaan nou na die vyand toe, hulle wat Sion verneder het.

Dempsey<sup>328</sup> (2010:136-137) behandel verse 17-23 as 'n eenheid. Sy wys dat Jerusalem nou geroep word om op te staan. Sy wat nie getroos kon word nie en deur niemand bygestaan is nie. Die troos van 40:1 wat voorspel was, word nou werklikheid en die beker van toorn word weggevat. Jerusalem sal verstaan dat JHWH in beheer is.

#### **4.1.3.5.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:19**

Jesaja 51:19 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 17–23. Jesaja 51:17–23. Die oordeelsbeker is verby. Die werkwoord נחם word in vers 19 in die Pi'el gebruik. Hier volg my eie vertaling van verse 17-23:

Jesaja 51.

17. Ontwaak, ontwaak. Staar op Jerusalem, wat die beker van sy woede gedrink het uit die hand van JHWH, die beker van bedwelming het jy uitgedrink, jy het dit geledig.

18. Geen gids is daar vir haar onder al die seuns wat sy gebaar het nie; en niemand neem haar aan die hand nie, van al die seuns wat sy grootgemaak het nie.

19. Hierdie twee dinge het na jou gekom, wie sal oor jou treur? Verwoesting en verstrooiing en hongersnood en die swaard – wie behalwe ek sal jou troos?

---

<sup>328</sup> Dempsey (2010:136-137) sien dat die werkwoord נחם, hier weer herinner aan die aanvanklike gebruik daarvan in Jesaja 40:1. Die troos kom nou na die stad toe, want JHWH neem die beker van sy toorn uit haar hand uit.

20. Jou seuns het verswak geword, hulle lê by die bokante van al die strate, soos 'n wildsbok in 'n net, vol van die woede van JHWH, die bestraffing van JHWH .

21. Daarom hoor hierdie nou. Bedroefde een, en dronk, maar nie van wyn nie.

22. So sê die Here JHWH en jou God. Hy wedywer vir Sy volk. Kyk Ek het die beker van slinging uit jou hand gevat, die beker van My woede; jy sal dit nie weer drink nie.

23. Maar Ek sal dit in die hand van jou verdrukker plaas, wat aan jou siel gesê het. Buig neer dat ons kan oorgaan, en plaas jou rug op die grond, en as 'n pad vir die wat oorgaan.

Die struktuuranalise van hoofstuk 51 verskyn as Bylaag 7 aan die einde van die Proefskrif. Hierdie struktuuranalise verbind die werkwoord  $\text{DN}$  met die ander tekste wat die werkwoord bevat. Die struktuuranalise van Jesaja 51:17-23 toon aan dat die oordeel oor Jerusalem verby is. Die profeet moet haar troos en bemoediging met die woorde van JHWH. Jerusalem moet opstaan en weet haar straf is verby. Sy kan nou weer voortgaan met haar lewe. Die ellende van die stad was groot. Tydens die aanval en oorlog was daar hongersnood. Dit het vir die stad gevoel of sy kinderloos was, want niemand het haar in haar benoudheid bygestaan en ondersteun nie. Die stad moes toesien hoedat haar kinders sterf en vergaan.

Die stad het gesteier onder die oordeel wat haar getref het. Sy was totaal magteloos om iets te doen en het net in die stof gelê, sonder krag en sonder hoop. Dit is dan dat daar gevra word hoe sy getroos sal word. Die ellende van Jerusalem is van so 'n omvang dat geen mens hier kan troos of bystaan nie. Dit is slegs JHWH wat kan ingryp en vertroosting en bystand bied<sup>329</sup> (Hailey, 1985:427-428). JHWH roep die stad op om te luister en gee dan 'n belofte van heil.

JHWH maak Homself aan Sion bekend en verseker dat JHWH vir die stad omgee. Die beker van oordeel wat ten volle deur Jerusalem geledig is, sal nou van Sion af

---

<sup>329</sup> Hailey (1985:427-428) verklaar dat dit duidelik is uit die konteks dat die stad verwoes is. Daar is niemand wat simpatiek teenoor die stad staan nie. In hierdie haglike omstandighede kan net JHWH alleen ingryp en troos. Williamson (1994:121) wys daarop dat troos in hierdie verband 'n antwoord is op die klag van Klaagliedere, dat daar geen troos is nie.

weggeneem word. Hierdie beker word nou aan haar verdrukkings oorgegee<sup>330</sup> (Miscall, 1993:122). Hulle sal nou die voorreg kry om die beker te ledig. Die troos van 40:1 wat voorspel was, word nou werklikheid en die beker van toorn word weggevat, en Sion sal verstaan JHWH is in beheer. Dit sal haar troos, en met blydschap vul.

#### **4.1.3.5.2 Samevatting**

Dit word duidelik uit Jesaja 51:17-23 dat die stad Jerusalem se tyd van oordeel nou verby is. Daar word na Jerusalem geroep om wakker te word en op te staan. Die wonderlike nuus word aan Jerusalem gegee: die tyd van oordeel is verby. Jerusalem het die beker van toorn van JHWH geledig. Hierdie beker sal uit haar hand weggevat word en aan haar vyande gegee word. Die toestand waarin Jerusalem haar bevind het, word nou kortliks geskets. Die stad is in 'n aanval deur geweld verwoes<sup>331</sup> (Grimm & Dittert, 1990:387-388). Die inwoners het aan hongersnood gesterf, ander is deur die swaard gedood, en verder is daar van die bevolking weggevoer in ballingskap.

Jerusalem het haar in haglike omstandighede bevind. Daar was niemand om haar in die omstandighede by te staan nie. Alleen het sy die straf gedra. Die inwoners, van Jerusalem, het self die straf van JHWH ondervind in hulle ballingskap. Daarom moet die profeet tot die slotsom kom, dat alleen JHWH Jerusalem kan 'troos'<sup>332</sup> in hierdie situasie.

#### **4.1.3.6 Jesaja 52:9 Die werkwoord *na* word in vers 9 in die Pi'el gebruik – Kommentare**

Calvyn (1900:643-644) verklaar hierdie vers as 'n geestesvervoering van Jesaja waarin die stad getroos sal word. Hierin sien hy 'n afskaduwing van die verlossing van die mensdom deur die evangelie en begin die teks Christologies verklaar.

---

<sup>330</sup> Miscall (1993:122) wys daarop dat JHWH nou gaan optree om Jerusalem uit haar ellende te red. Die oordeelsbeker word nou aan Jerusalem se vyande gegee.

<sup>331</sup> Grimm en Dittert (1990:387-388) sien hierdie beskrywing as 'n beeld van die voltrekking van die toorn van JHWH oor die stad, by die vernietiging van die stad in 587 v.C. Die stad word vernietig en die bevolking gedood of gevang en weggevoer.

<sup>332</sup> Motyer (1993:413-415) toon aan dat die stad van alle hulp gestroop is. Alleen JHWH sal die stad kan 'troos'. Dempsey (2010:136-137) sien dat die troos nou na die stad toe kom, want JHWH neem die beker van Sy toorn uit haar hand uit.

Alexander<sup>333</sup> (Vol. 2. 1976:278-280) verklaar verse 7-10. Hierdie verse moet as 'n profetiese prentjie gesien word, waar die boodskapper van die berge af na Jerusalem toe kom met die goeie boodskap aan Sion: JHWH regeer. Die wagte sal die nuus aan die inwoners deurgee. Jerusalem kan juig van vreugde want JHWH het die volk getroos en Jerusalem verlos. Alle nasies sal dit sien, tot aan die eindes van die aarde.

Franz Delitzsch<sup>334</sup> (Vol. II. 1877:299-300) behandel verse 7-10 as 'n geheel. Die boodskapper kom vinnig met die goeie tyding na Jerusalem. Die wagte sal die boodskap deurgee na die inwoners. Die boodskap lui dat JHWH regeer. Jerusalem kan sing en jubel, want JHWH het haar en die inwoners vertroos. Die redding deur JHWH sal vir al die nasies sigbaar word. Die troos word verbind aan Jesaja 40:1.

North (1964:220-222) bespreek verse 7-10 as 'n geheel. Hy wys op die hardloper wat die wonderlike nuus bring naamlik dat JHWH regeer. Die stad is vry. Die werkwoord  $\text{DN}$  is wel vertaal, maar word nie in die kommentaar behandel nie.

Leupold<sup>335</sup> (Vol. II. 1977:216-217) groepeer verse 7-10 saam. Hy sien die gedeelte as 'n boodskapper wat die blye boodskap na Jerusalem toe bring en bevestig dat JHWH Koning is. Die volk is verlos en die stad het weer haar vryheid verkry. Die troos is opgesluit in die feit dat Jerusalem bevry word.

Herbert (1975:105-106) behandel verse 3-12 as 'n geheel. Hy wys daarop dat JHWH regeer. Herbert sluit aan by Psalms 47, 93 en 96-9. Die ganse mensdom sal JHWH se oorwinning waarneem. Hier wys Herbert daarop dat hier weer 'n eksodus-tema na vore kom, met die verskil dat hierdie uittoeg wonderliker sal wees as die een uit Egipte uit. Herbert gebruik glad nie troos in vers 9 in sy vertaling nie.

Eaton (1979:74) bespreek verse 7-10 as 'n eenheid. Hy verklaar dat dit hier handel oor 'n tradisionele lied, wat die sentrale gebeurtenis in die feesdrama is. JHWH se

---

<sup>333</sup> Alexander (Vol. 2. 1976:278-280) sien hierdie as 'n profetiese visioen wat goeie nuus aankondig, dat JHWH regeer. Die stad en volk is vertroos, en al die nasies van die aarde sal dit sien.

<sup>334</sup> Delitzsch (Vol. II. 1877:299-300) verklaar dat Sion herstel is omdat JHWH haar ballinge terugbring, en die stad gaan herstel. Die volk is vertroos en Sion verlos.

<sup>335</sup> Leupold (Vol. II. 1977:216-217) verklaar dat almal weet JHWH is koning, maar nou dat die volk bevry is, is die bewyse sigbaar dat JHWH Koning is. JHWH kom terug na Sion toe en sal soos van ouds weer tussen die volk woon. Daar is nie 'n groter troos vir Jerusalem as om haar vryheid terug te kry nie. Hy vind 'n aansluiting by Jesaja 40:9. JHWH se heerlikheid word sigbaar vir die nasies.

oorwinningsprosessie kom na die stad toe en word deur die wagte gesien. Die boodskap word deurgegee. Almal in die stad sien die optog en wag gretig dat JHWH na die tempel sal terugkeer. Dit is 'n teken van JHWH se triomf en dui op JHWH se koningskap en redding en die oorwinning oor die chaos monster. Hier is geen verwysing na die troos nie.

Beuken<sup>336</sup> (1983:160-171) deel verse 7-10 in enkele verse in. Volgens hom vra vers 7 aandag vir die boodskapper met die vreugdeboodskap. Vers 8 vra aandag vir die wagte, en verse 9-10 is 'n aansporing aan Jerusalem om 'n loflied te sing. Beuken wys op die ooreenkoms tussen Jesaja 40:9, waar Sion die vreugdeboodskap sal bring, en hierdie vers. Die boodskapper se boodskap sê: Jou God is koning. Hier impliseer dit dat JHWH nou sigbaar terugkeer na Sion, en die volk weer as volk aanneem. In vers 8 berig die wagte dat JHWH na Sion toe kom. Die proloog word hier in herinnering geroep. Jesaja 40:9 en 10 word hier afgehandel. JHWH heers oor Sion. Beuken wys daarop dat die puinhope ons laat besef dat die stad steeds in 'n verwoeste toestand is. JHWH het troos gegee en verlos. Daarom word die loflied tot eer van JHWH aangehef. Die mag en heerlijkheid van JHWH word aan die volke bekend, omdat Hy Sion gered het.

Hailey<sup>337</sup> (1985:432-434) bespreek verse 7-12 as 'n perikoop. Hy bespreek hierdie gedeelte as 'n verdere visioen van Jesaja en verwys na die goeie boodskap wat deur 'n boodskapper gebring sal word, om aan te kondig dat JHWH regeer. Die profeet sien wagte op die mure wat die inwoners van die blye tyding sal inlig. So sal Jerusalem en die inwoners vertroos word. Hy wys op twee verskille tussen die uittoeg uit Egipte en uit Babel: by die eerste uittoeg moes die Israeliete kosbare items vra, hier vertrek hulle sonder om iets te neem. Die tweede verskil is dat hulle haastig uit Egipte moes vertrek, hier is geen haas aan die trek verbonde nie.

---

<sup>336</sup> Beuken (1983:160-171) wys daarop dat die gedeelte die belofte van die proloog in Jesaja 40:1-11 afhandel. Sion word vertroos en verlos. JHWH is self Sion se trooster, en JHWH is God in Sion. JHWH heers en sien om na die stad en volk.

<sup>337</sup> Hailey (1985:432-434) interpreteer hierdie gedeelte as 'n visioen. Hy wys daarop dat die mure van Jerusalem verval is, tog sien die profeet die wagte op die mure. Hailey het verder verklaar dat 'n tydperk van 70 jaar lank is, en baie veranderings vind plaas. Die rede waarom die volk aarsel om te reageer op die oproep, om terug te keer na Jerusalem, is nie duidelik nie. Die profeet se oproep aan die volk is dringend. Die lede van die volk, wat gaan terugkeer, het die versekering dat hulle omring sal wees deur die teenwoordigheid van JHWH.

Kraus<sup>338</sup> (1990:141-144) behandel verse 7-10 as 'n eenheid. Dit word verklaar as 'n visioen wat die profeet sien van die heilsboodskap wat sal werklikheid word. Die goeie boodskap word na Jerusalem gebring deur 'n boodskapper, die evangelie, dat JHWH jou Koning is. Die stad is deur JHWH getroos en sal die heil ondervind. Kraus vergelyk hierdie verse met hoofstuk 40 se eerste 11 verse en wys op die ooreenkoms met troos en heil.

Grimm en Dittert<sup>339</sup> (1990:394-397) bespreek verse 7-10 as 'n geheel. Hulle wys daarop dat die boodskapper 'n belangrike funksie in Israel vervul het: hy was die kommunikasie- en inligtingstelsel wat afstand oorbrug het en nuus versprei het. Hierdie boodskapper bring die goeie nuus en die inwoners verneem dat JHWH regeer. Sion se Koning is in beheer en dit is 'n aanduiding vir Jerusalem se bevolking van vrede, besittings en redding. Die aankondiging wys daarop dat JHWH na Sion toe terugkeer en die nuwe tydperk van heil begin. JHWH skenk troos en daar sal vreugde wees. Die troos word met 40:1 en die ander verse oor troos verbind.

Miscall<sup>340</sup> (1993:122-123) bespreek verse 7-10 as 'n perikoop. Hy wys daarop dat baie van die positiewe temas uit hoofstukke 40 tot 55 hier saamgevat is. Die troos word net genoem en nie betrek in die bespreking nie.

Motyer<sup>341</sup> (1993:419-420) behandel verse 1-10 as 'n groot geheel en verdeel verse 7-10 in 'n kleiner perikoop. Hier word verklaar dat JHWH gaan terugkeer na Sion. Die boodskapper wat met ligte tred die boodskap bring, JHWH regeer, gee nuwe hoop. Die tyding kom volgens Motyer na die oorblyfsel wat in die land agtergelaat was. Hulle word getroos en kry verlossing van sonde, verniet en sonder geld. Hierdie

---

<sup>338</sup> Kraus (1990:141-144) toon aan dat die troos daain geleë is dat dit gekoppel is aan die daad van bevryding en verlossing. Volgens Kraus is 'troos' die werk van bevryding en die herstel van die volk deur JHWH.

<sup>339</sup> Grimm en Dittert (1990:394-397) wys daarop dat JHWH deur die heilswerke die verlossing en redding bewerk het. Hierdeur het JHWH troos en vreugde gegee. JHWH keer terug na Sion toe.

<sup>340</sup> Miscall (1993:122-123) noem dat die puinhoop juig omdat JHWH troos en red. Die klem val vir Miscall op die terugkeer van JHWH, na Sion. Die wagt kon berig gee van die feit dat JHWH kom, en nie die vyand nie. Die redding van Sion deur JHWH sal aan die hele aarde bekend word.

<sup>341</sup> Motyer (1993:419-420) wys daarop dat Jesaja hier wys op die geestelike nood van Jerusalem. Die inwoners en stad het verwoesting, oorheersing en verdrukking ervaar. Hulle het nou verlossing nodig en die feit dat JHWH terugkeer na Jerusalem, sal hulle nuwe moed gee. Daar kom vier sake aan die orde: JHWH troos en verlos die volk en stad, JHWH se heerlikheid en mag sal aan almal sigbaar word en verlossing is vir almal beskikbaar.



optrede word weer met Jesaja 40:1 en die ander gedeeltes wat troos bevat in verband gebring.

Webb (1996:206-207) hanteer verse 1 – 10 as 'n perikoop. Hy noem dat Sion weer herstel word as stad. JHWH bevestig dat die stad waardevol is. So mooi soos 'n bruid en so waardevol soos 'n koningin. Haar inwoners is JHWH se volk. Daar sal weer vreugde wees in die stad. Die feit dat JHWH die volk getroos het, word nie genoem of bespreek nie.

Oswalt<sup>342</sup> (2003:573-580) behandel verse 1-12 as 'n groter eenheid maar maak 'n verdeling na vers 6. Hy bespreek verse 1-12. Hy wys daarop dat JHWH getrou bly aan Sy beloftes: soos JHWH die volk uit Egipte gelei het, sal JHWH dit nou weer doen, hierdie keer uit Babel uit. Die profeet beskryf 'n toneel waar die stad wag op nuus vanaf die slagveld. Die wagte op die mure merk die boodskapper op wat die teken gee van goeie nuus, van 'n oorwinning. JHWH sorg en red deur krag en mag. Die volk moet net op JHWH vertrou. Hier word weer 'n band met 40:1 gekry deur die troos wat hier gebruik word. Oswalt sien hoofstuk 52 vers 12 as die afsluiting van die gedeelte vanaf Jesaja 40:1-52:12.

Goldingay (2005:450-457) bespreek verse 7-10 as 'n eenheid. In sy inleiding meld hy dat dit lyk asof die profeet aansluit by die bekende kroning van 'n koning in hierdie verse. Dit wil voorkom of die volk bekend is daarmee. Die boodskapper wat vinnig die goeie nuus bring, se voete, interpreteer hy, bring 'troos'. Die inhoud van die goeie boodskap aan Sion is, dat JHWH regeer. Hier sluit dit aan by Jesaja 6 sodat JHWH nie alleen in die hemel regeer nie, maar oor die ganse kosmos. Daarom is JHWH instaat om Sion se toekoms te beheer. Die wagte sal die goeie nuus deurgee aan die inwoners. Die stad moet jubel want JHWH het Jerusalem vertrou en is besig om die stad te herstel. Hier is 'n terugryping na 40:1 waar die troos aan Jerusalem belowe was. Die nasies sal getuie wees van wat met Jerusalem gebeur, en sien hoe die bevryding plaasvind.

---

<sup>342</sup> Oswalt (2003:573-580) sien die verband tussen Jesaja 40:1; 49:1 en 52:1-12. Dieselfde terme kom voor in die gedeeltes, soos 'troos', 'die arm van JHWH', 'goeie tyding' en 'die berg'. Verder wys hy op die feit dat JHWH in beheer is, die stad bevry het en die volk verlos het.

Dempsey<sup>343</sup> (2010:139) behandel verse 7-10 as 'n eenheid. Sy verklaar dat hierdie goeie boodskap wys dat JHWH na Sion terugkeer. Die troos van die volk roep al die gedeeltes met troos wat vooraf gaan in gedagte. Die boodskap dat JHWH regeer is 'n teken van die nuwe eksodus, en is histories sowel as eskatologies van aard.

#### **4.1.3.6.1 Bespreking en eksegese van Jesaja 52:9 Die werkwoord $\text{dn}$ in die Pi'el word in vers 9 gebruik**

Jesaja 52:9 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 7-10. Hierdie verse handel oor die koms van die Koning. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 52:7-10.

7. Hoe lieflik op die berge, is die voete van hom wat die tyding bring, wat vrede verkondig, wat 'n goeie tyding bring, wat redding bekend maak, aan Sion sê: Jou God regeer.

8. Die stem van jou wagte hulle lig die stem tesame, hulle sing hard. Want hulle sal oog tot oog sien wanneer JHWH terugbring na Sion.

9. Breek uit, sing saam, verlate plekke van Jerusalem; want JHWH troos sy volk, hy het Jerusalem verlos.

10. JHWH het Sy heilige arm ontbloot in die oë van al die nasies; en al die eindes van die aarde sal die redding (van) wat ons God gee, sien.

Die struktuuranalise van hoofstuk 52 verskyn as Bylaag 8 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise van Jesaja 52:7-10 verbind met die troos in die voorafgaande gedeeltes, sowel as met die volgende gedeelte in Jesaja 54. Uit die struktuuranalise sien ons dat die boodskapper se boodskap wat troos bring, en die verlossing van Sion deur JHWH, aan die nasies sigbaar sal word. Die visioen van die profeet in Jesaja 52:7-10<sup>344</sup> beskryf hierdie boodskapper wat met die goeie

---

<sup>343</sup> Dempsey (2010:139) beklemtoon die troos. Dit kom as gevolg van die feit dat JHWH na Sion toe terugkom, en die volk en stad verlos het.

<sup>344</sup> Berges (1998:322-338) sien in hierdie gedeelte verse 9-10 as 'n invoeging deur die Golaredaksie. Die samestelling en redaksie van Jesaja 40 tot 55 word in hoofstuk 2 onder punt 2.2 weergegee. Van der Woude (2005:198) verklaar oor hierdie verse: "In de terugkeer van Jhwh naar Sion is weliswaar sprake van een zekere afsluiting, maar tegelijk wordt duidelijk dat de geschiedenis van Jes 40-55 nog niet voltooid is." Die leser wag nog dat Sion die vreugde-boodskapper sal wees, en dat die volk moet terugkeer van Babel af.

tyding op pad is, na Jerusalem toe. Die boodskapper se voete wat vinnig die goeie nuus bring, impliseer 'n boodskap van heil en troos. Die boodskapper kom haastig, sodat die stad bewus kan wees van die redding en verlossing. Hierdie boodskapper word deur die wagte op die mure raakgesien. Hulle wag angstig op die boodskap, sodat die boodskap na die inwoners van die stad deurgegee kan word.

Die boodskap is baie goeie nuus, naamlik die feit dat JHWH regeer. JHWH as regeerder waarborg vir Sion beskerming en bystand, wat dadelik troos verskaf in die huidige situasie. Die stad was sonder beskerming en bystand, nou verander die situasie drasties en is daar weer hoop, en die verwagting van 'n beter toekoms. Die wagte juig en gee die goeie nuus deur na die stad. Die wagte sien dan die aankoms van die Koning en sien dat JHWH na Sion toe terugkeer om daar te bly. Nou kom die uitnodiging tot Jerusalem om uit te breek in gejubel. Selfs die verlate plekke van Jerusalem moet saam jubel en juig, want JHWH het die volk getroos. JHWH het Jerusalem verlos.

Hierdie verlossing van Jerusalem sal bekend word. Al die nasies sal bewus word van JHWH se krag en mag, waarmee JHWH Jerusalem verlos het. Dit gaan hier weer oor JHWH wat optree en die inisiatief neem in die verandering van die omstandighede. JHWH is die een wat die troos en verlossing skenk en waarborg. JHWH se verlossing en mag word aan die nasies bekend en die feit bly nie net bekend aan Israel nie. Die nasies moet nou ook van JHWH kennis neem en weet dat JHWH in beheer is van die geskiedenis en die optrede van alle mense en nasies<sup>345</sup>. Alles en almal moet met JHWH rekening hou omdat alles eintlik tot eer van JHWH behoort op te tree, en na JHWH se woord en leiding behoort te luister (Leupold, Vol. II. 1977:216-217).

#### **4.1.3.6.2 Samevatting**

Die visioen van die profeet toon 'n boodskapper wat vinnig na Jerusalem toe hardloop. Hierdie boodskapper het goeie nuus om oor te dra: JHWH is Koning en kom terug na Sion toe. Die wagte op die mure dra die wonderlike nuus oor. Die stad,

---

<sup>345</sup> Leupold (Vol. II. 1977:216-217) verklaar dat almal weet JHWH is koning, maar nou dat die volk bevry is, is die bewyse sigbaar dat JHWH Koning is. JHWH se heerlikheid word sigbaar vir die nasies.

inwoners en puinhope juig en gaan oor om die lof van JHWH te besing. JHWH heers en het die volk en stad verlos en troos<sup>346</sup> aan hulle verskaf.

Die puinhope wat saam juig en lof aan JHWH betuig laat ons besef dat Jerusalem nog in 'n verwoeste toestand is. Die omstandighede van die stad sal nou verander. JHWH skenk troos en verlossing aan die stad en waarborg die troos en verlossing. JHWH se verlossing en mag word ook nou aan die nasies bekend.

#### **4.1.3.7 Jesaja 54:11 Die werkwoord $\text{bn}$ kom in die Pu'al in vers 11 voor – Kommentare**

Calvyn (1900:662-663) behandel verse 11 en 12 saam. Hy wys daarop dat hy dit sien as 'n allegoriese beeldspraak in geestesvervoering waarin na die kerk verwys word as 'n gebou deur JHWH met Jesus as die fondament. Die Ongetrooste wat vertaal word, word glad nie weer aangeraak nie. Alexander (Vol. 2. 1976:315-322) verklaar verse 11-17 waar die stad aangespreek word as Ongetrooste. Die prag beskryf die toestand as die stad herstel word. Hy beklemtoon die kontras tussen die verwoeste stad en hoe die stad gaan lyk, wat opgebou gaan word. JHWH sal aan die dissipels vrede gee en hulle sal leer van JHWH, om in noue kontak te wees en te leer. JHWH sal sy diensknegte bewaar en beskerm.

Franz Delitzsch (Vol. II. 1877:348-350) behandel verse 11-12 saam as 'n eenheid. Hy wys daarop dat Jerusalem die Ongetrooste is. Sy het lyding verduur en nog nie 'n daad van troos ervaar nie. Die omstandighede gaan nou verander. Sy sal in 'n pragtige gebou omskep word, wat mooi vertoon en tot eer van JHWH sal wees.

North (1964:251-254) bespreek verse 11-17 as 'n geheel. Hy wys daarop dat JHWH aan Sion die versekering gee dat sy wat ongetroos is, deur hom in 'n stad van uitstaande prag verander sal word.

---

<sup>346</sup> Ehring (2007:76-77) wys dat hierdie verse JHWH beskryf wat as Koning na Sion toe terugkeer. JHWH gee troos vir die volk en verlos die stad. Klein (2009:246-247) wys daarop dat die terugkeer van JHWH impliseer dat JHWH saam met die ballinge teruggekom het. JHWH sal troos en verlossing bring. Klein sien hierdie deel as 'n antwoord op Sion/Jerusalem se klag in Jesaja 49:14-21 geantwoord met die daad van terugkeer. Dempsey (2010:139) beklemtoon dat JHWH troos gegee het en die volk en stad verlos het.

Leupold<sup>347</sup> (Vol. II. 1977:243-246) sien verse 11-17 as 'n beskrywing van die glorie van Sion wat herstel gaan word. Die feit dat die stad 'Ongetrooste' genoem word, is vertaal, maar nie bespreek nie.

Herbert (1975:119-120) gebruik die perikoop verse 11-17. Hy vertaal glad nie die 'Ongetrooste' in vers 11 nie. Hy brei uit oor hoe mooi Jerusalem as herstelde stad sal wees. Die inwoners sal onder beskerming van JHWH daar woon. Die stad sal pragtig wees en JHWH se seën en krag sal vir altyd op sy diensknegte wees.

Beuken (1983:260-269) bespreek verse 11-12, binne die perikoop van 11-17. Hy toon aan dat die vrou aangespreek word as ellendige, deur storms voortgedrewe en ongetrooste. Hierdie beelde wil die toestand van die vrou beskryf en dan word Sion herkenbaar in die beskrywing. Die stad is deur JHWH se oordeel getref en het troos nodig. Beuken wys daarop dat die beelde waar die stad opgebou gaan word, die beeld laat oorgaan van die vrou na die stad. Die stad sal pragtig wees en JHWH sal vrede en geregtigheid in die stad laat heers.

Koole (1990:298-315) behandel verse 11-17 as 'n eenheid. Hy noem dat Sion as 'n vrou aangespreek word. Die beelde waarmee die vrou beskryf word as ellendige, deur storm geteisterde en ongetrooste wys op die toestand van die ballingskap en verstrooiing van die inwoners. Koole verwys die gebruik van die werkwoord  $\text{בָּנָה}$  weer terug na Jesaja 40:1 en die ander gedeeltes waar die werkwoord voorkom. Volgens Koole bestaan die 'troos'<sup>348</sup> daarin dat dit die oortuiging bevat van die komende heil en die realisering daarvan. Die stad ontvang die belofte van JHWH dat die stad weer, tot 'n pragtige stad, opgebou gaan word. Daar sal vrede en geregtigheid heers.

Berges (2010:129-132) wys daarop dat Jesaja 54-55 handel oor Sion se heropbou. Berges wys daarop dat Sion as ellendige, deur storm geteisterde en ongetrooste die versekering het, dat JHWH die stad weer sal opbou. JHWH sal self die inwoners leer en hulle beskerm.

---

<sup>347</sup> Leupold (Vol. II. 1977:243-246) wys na die ongekende prag van die stad. Hy sê dat dit wil voorkom asof die hele stad hier bespreek word, en nie net die tempel nie. Daar word verder daarop gewys dat die stad veilig sal wees by JHWH. JHWH sal aan die volk kennis gee.

<sup>348</sup> Koole (1990:302) verwys daarna dat die stad 'troos' sal ontvang want Sion is nog nie herstel nie. Die belofte van JHWH waarborg die troos en herstel vir die stad.

#### 4.1.3.7.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 54:11

Jesaja 54:11 vorm deel van die groter perikoop wat uit Jesaja 54:1-17 bestaan. Jesaja 54:1-17 handel oor JHWH se liefde vir Jerusalem. Jesaja 54:1-17 word onderverdeel in verse 1-6 en verse 7-17. Jesaja 54:7-17 vorm 'n perikoop. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 54:7-17.

7. Vir 'n kort oomblik het Ek jou verlaat, maar Ek sal jou bymekaar maak met groot ontferming.

8. In 'n vloed van woede het ek my gesig vir 'n oomblik vir jou weggesteek, maar ek sal my oor jou ontferm met ewige genade, sê JHWH, jou verlosser.

9. Want hierdie is soos die waters van Noag vir My, soos Ek gesweer het om die waters van Noag terug te hou om weer oor die aarde te gaan, so het Ek gesweer om nie weer kwaad te wees vir jou en jou te verstoot nie.

10. Want die berge sal vertrek en die heuwels sal verwyder word, maar my genade sal nooit van jou af weggaan nie, ook sal die verbond van my vrede nie verwyder word nie, sê JHWH wat hom oor jou ontferm.

11. Bedroefde een, deur storm geslingerde, en nie-getrooste. Kyk, ek lê jou stene tussen antimone, en jou fundamente met saffiere.

12. En ek sal jou borswerings van robyn maak, en jou hekke van karbonkels, en jou hele ringmuur van edelgesteentes.

13. En al jou seuns sal deur JHWH geleer word; en die vrede van jou seuns sal groot wees.

14. Jy sal deur geregtigheid bevestig word; jy sal ver van verdrukking af wees, want jy sal nie vrees nie, en van skrik, want dit sal nie naby jou kom nie.

15. Kyk hulle sal sekerlik bymekaar kom, dit is nie van My nie. Wie jou aanval, sal voor jou val.

16. Kyk, Ek het die smid geskep wat die kole vuur aanblaas, en 'n wapen voortbring volgens sy ambag. En Ek het die verderwer om te verniel.

17. Elke wapen wat teen jou gemaak word, sal niks uitrig nie, en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy teëgaan. Dit is die erfdeel van die knegte van JHWH en hulle geregtigheid is van My, sê JHWH.

Jesaja 54 is die hoofstuk waar dit oor 'n vrou handel wat nie by name genoem word nie. Die afleiding wat uit die hoofstuk gemaak kan word, is dat die vrou Sion voorstel. Daar is baie trekke wat met Sion ooreenstem. Die vrou word beskryf as 'n bedroefde, iemand wat deur storms geteister was en 'n ongetrooste (Klein, 2009:259-263)<sup>349</sup>. Die vrou in die hopelose toestand gaan deur JHWH verander word. Haar toestand word omgekeer en sy sal pragtig versier word.

Die struktuuranalise van Jesaja 54:7-17 verskyn as bylaag 9 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise van Jesaja 54:7-17 toon aan dat die profeet en daarna JHWH met die stad, wat nie by name genoem word nie, maar as Jerusalem veronderstel word, praat. Die struktuuranalise se verbinding k sluit aan by die voorafgaande gedeeltes wat die werkwoord  $\text{dn}$  bevat en die verbinding l sluit aan by die volgende gedeeltes wat die werkwoord  $\text{dn}$  bevat. Die stad word weer opnuut verseker van JHWH se bystand en ook van JHWH se liefde vir die stad. Die profeet gee die wonderlike nuus deur dat die stad kan jubel, die omstandighede gaan verander.

Die stad wat as 'n eensame vrou bekend was, sal nou meer kinders besit as 'n getroude vrou. Die woonplek sal te min wees vir almal en die stad gaan vind daar moet uitgebrei word, om almal te kan akkommodeer. Hierdie uitbreiding is 'n rede tot vreugde en troos vir die stad, wat hier as 'n moeder aangespreek word. Daar is nou baie nakomelinge en dus is daar sorg en beskerming ter sprake. Die gesprek gaan verder voort en die profeet wys dat JHWH die opdrag gee dat die stad nie bang en skaam moet wees nie. Die stad se ongetroude staat en weduweeskap is nou verby. Die stad gaan 'n nuwe tydperk in.

JHWH is haar man<sup>350</sup> wat haar sal versorg en bystaan (Baumann, 2003:184-186). JHWH word aangekondig met die name van Skepper, JHWH van die leërskaer, jou

---

<sup>349</sup> Klein (2009:259-263) wys daarop dat Sion as ongetrooste genoem word. Verder wys hy op die feit dat Sion as bruid van JHWH voorgestel word. Klein maak die opmerking dat Sion nog nie ten volle getroos is volgens die opdrag van Jesaja 40:1 nie. Die troos moet voortgaan totdat Sion die volle heil van JHWH sal ervaar. Heskett (2011:77) verwys na die voorkoms van die werkwoord  $\text{dn}$ , in Jesaja, met al die teksgedeeltes en 'n kort opmerking oor troos.

<sup>350</sup> Baumann (2003:184-186) verklaar dat Deutero-Jesaja JHWH deur huweliksmetafore beskryf as man van Sion of man van die dogter van Sion. Moughtin-Mumby (2008:134-136) wys dat daar 'n

Verlosser en die heilige Een van Israel, die God van die hele aarde. Al hierdie name wil die uniekheid, heerlikheid, krag en mag van JHWH beklemtoon en vir die stad daarvan verseker dat sy by JHWH totale beskerming en hulp en bystand sal besit. Die stad word deur JHWH self geroep en van haar verlatenheid en droefheid getroos, en tot vrou herstel. JHWH gaan verder en bevestig dat JHWH net vir 'n oomblik, in woede, Hom van die stad Sion, wat in die hoofstuk slegs as 'n vrou aangespreek word, verberg het. JHWH gee vir haar om en het haar jammer gekry. JHWH verseker die stad van Sy ewige trou en goedheid, en verklaar dat JHWH die stad se verlosser is. Die woord wat gebruik word is eintlik lossen, wat ook impliseer dat die verlossing verder nog sorg en bystand insluit.

Daar word 'n eed-formule gebruik, wat daarop dui dat die stad nie weer verlaat sal word, of op haar eie gelaat sal word nie. Die eed is so bindend en geldig soos die eed wat met Noag gesluit is, ten opsigte van die vloedwaters, wat nie weer die aarde sal oordek nie. JHWH verbind Hom om nie weer vir Jerusalem so kwaad te word dat JHWH haar sal verlaat nie. Die eed<sup>351</sup> word bevestig met die vergelyking dat die berge en heuwels tot niet sal gaan maar die genade, die vrede en die ontferming van JHWH vir die stad nie sal ophou nie (Webb, 1996:215-216).

JHWH verwys na die stad as die een wat bedroef was en deur storms rondgeslinger is. Die een wat letterlik sonder hoop, hulp en troos was. Sy moes alleen oorleef in hierdie uiters moeilike omstandighede. JHWH gaan nou ingryp en die omstandighede verander. Die stad sal weer opgebou word en wel met edelgesteentes. Verder sal die seuns deur JHWH self onderrig word en hulle sal vrede ervaar. Die stad as moeder sal nie weer onderdruk word nie. Sy hoef nie te vrees en bang te wees nie, angs sal nie meer naby haar kom nie. Die stad kan nou rus en vrede beleef. JHWH verseker die stad dat JHWH die een is wat gawes aan mense gee om artikels, ook wapens, te vervaardig, maar die stad kan weet haar vyande sal nie in hulle doel slaag nie, JHWH sal die stad beskerm. JHWH skenk geregtigheid aan al die knegte van JHWH.

---

vae verwysing is na huweliksmetafore in Jesaja 54. Volgens haar word die beeld hier gebruik om JHWH se krag te toon, om Sion te verander, en dit beklemtoon die tema van verandering.

<sup>351</sup> Webb (1996:215-216) wys daarop dat JHWH in verse 4-8 beskryf word as Israel se Skepper, man en verlosser. Hierna word die verbond wat JHWH nou met Israel sluit, bespreek.



#### 4.1.3.7.2 Samevatting

Jesaja 54:11-17 bevestig weer die trou en genade van JHWH. Die stad wat as 'n hulpelose vrou beskryf word, en ongetrooste genoem word, se omstandighede sal drasties verander. JHWH praat met die stad en sê dat sy in prag herstel sal word. Die stad word verseker van die feit dat JHWH in 'n verhouding met haar staan, 'n huweliksverhouding, en haar sal versorg en beskerm.

Hierdie uitsprake van JHWH oor sorg, bystand en beskerming, dien as troos<sup>352</sup> vir die stad. Daar word ook verseker dat JHWH altyd in die stad sal wees, en dat daar vrede sal heers (Beuken:1983:272).

Die troos wat in Jesaja 40:1, as opdrag van JHWH, kom se sirkel is nou voltooi. JHWH wat die opdrag tot troos gegee het, het nou met Sy sorg oor en bystand aan die stad, en die bevestiging dat Hy die stad se man is, die sirkel voltooi en die troos aan die stad gebied. Die troosopdrag van Jesaja 40:1<sup>353</sup> word aan die volk afgehandel in Jesaja 49:13 en in Jesaja 54:1-17 aan die stad bevestig deur JHWH (Beuken:1979:18-19, 30).

## 4.2 ׀ in tekste in die res van die Jesaja boek

Die outeurskap van Jesaja en Deutero-Jesaja het tot 'n geweldige konflik gelei en daar is tot vandag toe nog heelwat publikasies onder albei titels<sup>354</sup>. Die neiging is vandag om na die boek Jesaja as 'n eenheid te kyk, en dit veronderstel dat die tekste

---

<sup>352</sup> Beuken (1983:272) wys daarop dat Sion hier geskets word as die bruid van JHWH wat deur Hom versier word. Die stad se herstel dien as troos. Die gebruik van die werkwoord ׀, roep die ander plekke waar die werkwoord gebruik word in gedagte.

<sup>353</sup> Beuken (1979:18-19, 30) wys dat daar lank nie troos was nie. Die troos betaan daarin dat JHWH die volk in verbondsterme aanspreek. JHWH gee die opdrag tot troos. Beuken wys daarop dat die proloog van Deutero-Jesaja al die temas van die boodskap saamvat. Volgens Beuken word die troos aangekondig, en dan sal die volk onder JHWH se leiding terugkeer na Jerusalem. Die heil wat tot stand kom en hoe die hindernisse in die pad daarvan oorwin word, is deel van die boodskap van troos en vertroosting. Dempsey (2010:140) beklemtoon dat die ongetrooste stad deur JHWH verander sal word, en troos sal ervaar.

<sup>354</sup> Dekker (2012:40-41, 46-63) wys op die feit dat daar 'n toenemende neiging is om Jesaja as een boek te behandel en wys daarop dat Jesaja linguisties en teologies as 'n eenheid gesien moet word. Hy behandel die boek Jesaja 1 tot 39. Dekker hanteer glad nie troos, onder sy afdeling teologie van die boek, nie. Kruger (2012:156-158, 160-172) hanteer Jesaja 40 tot 66 wat teen die agtergrond van die ballingskap en die tyd daarna afspeel in sy artikel. Kruger noem dat Jesaja 40 open met woorde van troos. Daar word glad nie weer na troos in die artikel verwys nie. Jesaja 40:1-11 het die opskrif van 'hernude profetiese opdrag om JHWH se herstel van Sion aan te kondig'. Kruger behandel die teologie van Jesaja 40 tot 66, en troos kom glad nie as 'n tema voor nie.

in die res van die boek Jesaja, wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat, ook ingesluit moet word (Dekker, 2012:40-41, 46-63).

Dit is nodig om die tekste in die res van die boek Jesaja wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat, te bestudeer, om te sien watter afleidings daaruit gemaak kan word. Die studie sal aantoon of die afleiding gemaak kan word dat  $\text{נָחַם}$  'n deurlopende tema vir die boek Jesaja is, en of die tema van  $\text{נָחַם}$  net vir Deutero-Jesaja geld.

#### **4.2.1 Jesaja 1:24 Die werkwoord $\text{נָחַם}$ kom in die Nif'al voor met die betekenis om jouself te troos of wraak neem - Kommentare**

Calvyn (1900:32-33)<sup>355</sup> verklaar hierdie vers. Hy wys daarop dat JHWH Sy troos vir Hom sal hou en dat JHWH wraak sal neem op die vyande van JHWH, in hierdie geval die ongehoorsame volk. Hier wys dit op 'n troos wat verkry word, wanneer 'n mens te na gekom was. Die straf moet die volk tot inkeer laat kom.

Alexander (Vol. 1. 1976:91-92) bespreek vers 24. Hy wys daarop dat Jesaja, nadat die beskrywing van die korrupsie gegee is, kom met die belofte van reiniging van die volk. JHWH gaan Homself gaan troos deur ontslae te raak van die slegte mense. JHWH neem wraak op hulle. Hier is die vyand nie vreemdes nie, maar die vyande van JHWH tussen die volk.

Kaiser<sup>356</sup> (1977:18-21) bespreek verse 21-28 as 'n perikoop. Die stad en volk se verkeerde optrede word uitgelig. Die stad het van 'n regverdige stad na 'n slegte stad, waar geen regverdigheid gevind word nie, verval. JHWH gaan nou ingryp om die verbreking van die verbond te wreek. Daar sal later weer herstel plaasvind wanneer die stad en inwoners soos silwer gesuiwer is.

Leupold<sup>357</sup> behandel verse 24-31 as 'n perikoop. Hy verwys na die kwessie van afrekening of voldoening verskaf. Hy wys daarop dat die persone wat die wraak

---

<sup>355</sup> Calvyn (1900:32-33) wys daarop dat JHWH in Sy goedertierenheid nie die volk wil straf nie. Die volk se optrede is van so 'n aard, dat daar nie anders opgetree kan word nie. Dit is met teësin dat JHWH die volk gaan straf. Calvyn wys dat troos hier gebruik word om die verkeerde te wreek.

<sup>356</sup> Kaiser (1977:18-21) wys op die Name wat vir JHWH gebruik word en verklaar dat dit die totale mag en krag van JHWH verteenwoordig. Die oordeel kom om die vyande van JHWH in die volk te vernietig. Die straf van JHWH is 'n loutering om die volk te suiwer.

<sup>357</sup> Leupold (Vol. I. 1977:68-72) het net na die frase "to ease (oneself) of" verwys en verklaar dat die basiese betekenis is, om wraak te neem. Hy wys op die opeenvolging van Name vir JHWH in die een vers.

gaan ervaar lede van die volk is, wat nie JHWH wou volg nie. Hier is geen verwysing na of bespreking oor  $\text{נח}$  nie (Vol. 1. 1977:68-72).

Wildberger<sup>358</sup> (1980:55-68) behandel verse 21-28 as 'n perikoop. Hy noem die gedeelte 'n louteringsgerig. Hy toon aan dat Jerusalem in die Sionstradisie as 'n stad van reg en geregtigheid geprys word. Hier het die stad ontrou geword. Die inwoners en leiers tree verkeerd op. In vers 24 lei  $\text{לך}$ , daarom die gerigsaankondiging in. Wildberger wys daarop dat die gewone formule vir 'n JHWH-woord, naamlik  $\text{גאם יהוה}$ , nie gebruik word nie. Die name van JHWH wat gebruik word, wil beklemtoon dat JHWH totaal in beheer is, en nie net oor Jerusalem mag het nie. Wildberger wys daarop dat daar by geleentheid, in 2 Kronieke 32:19 en Esra 7:19, na JHWH verwys word as die God van Jerusalem. Die hele volk moet besef dat hulle deur JHWH aangespreek word. Wildberger bespreek die werkwoord  $\text{נח}$ , en toon aan dat die betekenis hier sal wees 'om jou siel ligter te maak', wat inhou dat JHWH die volk en stad gaan straf, maar daar is droefheid in JHWH se woede. Die oordeel oor die verkeerde dade en optrede moet volg, maar JHWH is steeds lief vir die volk en stad. Daarom sal die stad soos silwer gelouter word om tot inkeer te kom. Hierdie straf is dus 'n louteringsproses om die volk weer na JHWH toe te laat terugkeer. Daar sal dan verlossing kom en dié wat oorbly sal geregtigheid ervaar. Wildberger sien die gedeelte as deel van die Sionstradisie en die verlossingstradisie.

Hailey<sup>359</sup> (1985:43-45) bespreek verse 24-31 as 'n geheel. Hy begin met JHWH wat Homself wil troos deur ontslae te raak van hulle, wat vir JHWH moeilikheid gee. Die loutering sal soos met 'n vuuroond wees en dié wat na Jerusalem sal terugkeer, na die ballingskap, sal regverdig wees. Die afgodsdienaars sal gestraf word, en dié wat op hulle eie krag vertrou, se krag sal ingee en tot niet gaan. Miscall (1993:24) bespreek verse 21-26 as 'n perikoop. Hy wys daarop dat JHWH se toorn oor die stad uitgestort gaan word. Dieselfde werkwoord  $\text{נח}$ , wat troos beteken, word hier

---

<sup>358</sup> Wildberger (1980:55-68) bespreek die gedeelte teen die agtergrond van die Sionstradisie en die verlossingstradisie. Hy wys daarop dat daar 'n verwysing na die 'dag van JHWH' kan wees in vers 24. Die toorn van JHWH is hier teen die stad en volk gerig oor hulle verkeerde optrede, en omdat hulle nie met JHWH rekening hou, en Hom dien nie. Die verlossing van vers 27 word bespreek, en daarin lê liefde, genade en troos opgesluit.

<sup>359</sup> Hailey (1985:43-45) beklemtoon dat JHWH die volk uitgenooi het om die verskille te kom uitpraat. Aangesien daar geen reaksie was nie, moet JHWH nou optree. Die oordeel van JHWH sal diegene van die volk, wat vyandig is teenoor JHWH, tref.

gebruik. Toorn, troos, oordeel en herstel gaan hand aan hand in Jesaja. Motyer<sup>360</sup> (1993:48-50) verklaar verse 21-26 as 'n geheel. Hy wys op die feit dat silwer gelouter moet word, so ook die volk vir hulle verkeerde dade. Die titels wat Jesaja gebruik, wys dat JHWH self praat en daarop wys dat JHWH דָּן, wat met 'verligting soek' vertaal word, wil verkry. Die verligting kom deur wraak te neem.

Webb (1996:44-45) hanteer verse 21-31 as 'n eenheid. Hy verklaar dat die profeet kla oor die volk se optrede om JHWH te verlaat en daarom gaan daar nou straf kom, en die ongewone is dat die straf eerder as loutering gesien moet word. Daar word vertel hoe die stad opgetree het en waarom die inwoners gestraf moet word. Die verwysing na die feit dat JHWH voldoening wil kry deur afrekening, word glad nie genoem nie.

Oswalt<sup>361</sup> (2003:82-85) bespreek verse 21-31 as 'n eenheid. Hier kyk hy na die optrede van die volk wat glad nie was soos JHWH van hulle verwag het nie. Daarom verklaar JHWH, in vers 24, dat JHWH Homself sal wreek, omdat die volk tydelik JHWH se vyande geword het. Sion word dan betrek. Oswalt verklaar dat die verhouding tussen Sion en JHWH, 'n belangrike tema in die boek sal word.

Dempsey (2010:13-14) behandel verse 21-31 as 'n eenheid. Sy wys daarop dat die stad Jerusalem totaal ontaard het en vir niemand meer omgee nie. JHWH beskryf die gevolge op die verkeerde dade. Tog is daar hoop ingebed want JHWH gaan sake weer laat herstel. Sion hoor dat na die val van die stad sal daar verlossing kom. Sion sal weer herstel word. JHWH sal daarvoor sorg. Daar word niks gesê oor die feit dat דָּן ten opsigte van JHWH gebruik word nie.

#### **4.2.1.1 Bespreking en eksegetiese Jesaja 1:24**

Hierdie vers stel dit baie duidelik dat die tyd van genade verby is: JHWH gaan Homself voldoening verskaf of JHWH vertrous, deur af te reken met die volk oor

---

<sup>360</sup> Motyer (1993:48-50) wys daarop dat דָּן hier die betekenis kry van verligting, "soothing the hurt given to God". Die leiers het die verantwoordelikheid om die hulpeloses by te staan, en omdat hulle dit nie doen nie, het hulle nou JHWH se vyande geword.

<sup>361</sup> Oswalt (2003:82-85) wys in sy bespreking daarop dat die volk in 'n besondere posisie tot JHWH staan. Hulle is die volk van JHWH, die tempel is in Sion, die land is aan hulle gegee deur JHWH. Hierdie uitspraak in vers 24 moes 'n geweldige skok vir hulle gewees het, dat JHWH hulle nou as vyande beskou. Oswalt wys daarop dat die oordeel eintlik 'n louteringsproses sal wees. Die doel is om die volk weer in die regte verhouding met JHWH te stel.

hulle sonde. Hier is nie meer geleentheid vir troos aan die volk nie. Hulle het teen JHWH gekies en luister glad nie meer na enige waarskuwings nie.

Die struktuuranalise van Jesaja 1:21-31 verskyn as Bylaag 10 aan die einde van die Proefskrif. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 1:21-31.

21. Ag, hoe het die getroue stad 'n slegte vrou geword? Sy was vol van reg; geregtigheid het daarin gewoon – maar nou moordenaars.

22. Jou silwer het droes geword; jou wyn is gemeng met water.

23. Jou prinse het opstandig geword en vriende van diewe. Elkeen is lief vir omkoopgeskenke, en is agter belonings aan. Hulle oordeel nie die wees, of doen die saak van die weduwee reg aan, wat na hulle toe kom nie.

24. Daarom sê die Here, JHWH van die leërskaer, die magtige Een van Israel. Ja Ek sal myself troos oor My teëstanders en My wreek op My vyande.

25. En Ek sal my hand teen jou uitsteek en jou droes soos met loog wegneem, en al jou allooï wegneem.

26. En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadgewers soos in die begin. Dan sal jy 'n stad van geregtigheid; 'n getroue stad genoem word.

27. Sion sal verlos word deur oordeel, en haar terugkerendes deur geregtigheid.

28. En die vernietiging van haar oortreders en van al die sondaars sal saam wees. En die wat JHWH verlaat het sal omkom.

29. Want hulle sal in skande kom oor die terpentynbome waar julle behae in het, en julle sal skaam word oor die tuine wat julle gekies het.

30. Want jy sal soos 'n boom wees waarvan die blare verdor het, en soos 'n tuin wat geen water het nie.

31. En die sterke word soos vlas en sy werk soos 'n vonk, en hulle sal altwee tesame brand sonder dat iemand dit uitblus.

Jesaja 1 vers 24 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 21 tot 31. Hierdie perikoop behandel die stad se optrede, wat nie vir JHWH in ag neem nie. Daar word opgetree, asof daar nie regverdigheid bestaan nie en afgode word gedien. Die struktuuranalise, wat aan die einde as Bylaag 10 verskyn, toon duidelik dat hierdie gedeelte in twee dele uiteenval, naamlik verse 21-27 en verse 28-31.

Verder vind ons dat  $\text{נָחַם}$ , troos, die eerste keer in 1:24 gebruik word. Hierdie versluit onder andere aan by 12:1 en 40:1 waar die troos weer gebruik word. Die verbinding toon die aansluiting met die ander gedeeltes waar troos voorkom.

JHWH gee 'n oorsig van die volk se optrede teenoor Hom. Die volk en stad het die regte weg verlaat en hulle eie oordeel gevolg, en daardie oordeel bepaal hulle optrede. Daar word glad nie meer rekening gehou, met wat die wil van JHWH is nie. Daar word geleef asof daar geen verhouding met JHWH bestaan nie. Die getroue stad het in 'n slegte vrou verander. Waar daar eers reg was, is daar nou net moordenaars en bestaan daar geen reg meer nie. Die stad en inwoners het verander<sup>362</sup>. Die vergelykings wat gebruik word, is dat dit soos silwer is wat tot niet gegaan het en niks meer werd is nie, en soos wyn wat met water gemeng is en sy smaak verloor het. Die prinse het in rebelle verander en vriende van die geword, hulle is nie meer betroubaar nie. Die mense wat beskerming nodig het, kry dit nie. Die weeskinders en weduwees se sake word nie meer hanteer nie. Hulle word aan hulle eie lot oorgelaat (Kaiser, 1977:19-20.).

JHWH kondig aan dat JHWH gaan ingryp (Heskett, 2011:37,43-45). Hier stel JHWH<sup>363</sup> Homself bekend as JHWH van die leërskare en die magtige Een van Israel. Name wat bekend was aan die volk en wat die mag en krag en soewereiniteit en die alleenbeheer van JHWH oor die ganse skepping aangedui het. JHWH stel dit baie duidelik dat JHWH genoeg gehad het, van die optrede, van die volk en stad. Die tyd van genade is verby en JHWH gaan die oordeel oor die volk en die stad nou voltrek. JHWH gaan Homself troos en dit kan JHWH alleen doen, deur wraak te

---

<sup>362</sup> Kaiser (1977:19-20) wys dat die profeet die verkeerde optrede van die leiers raaksien en beoordeel. Die stad en inwoners het hulle eie belang gesoek. Daar word nie met JHWH rekening gehou nie.

<sup>363</sup> Heskett (2011:37, 43-45) toon aan dat die diskoers na die eerste persoon toe beweeg. Jesaja 1:24 sien sy as die enigste keer waar al die name, vir JHWH, saam voorkom. Hierdie groepering van die name beklemtoon die allesinsluitende krag van JHWH. So 'n groepering van name kom ses keer in die Ou Testament voor, en wel drie keer in Jesaja, naamlik in 1:24; 49:26 en 60:16. Jesaja 1:24-25 dui daarop dat die oordeel onherroepelik is en gaan plaasvind. Die Nif'al van  $\text{נָחַם}$  word gebruik om aan te toon dat JHWH Homself op 'n vyand, hier die afvalliges onder die volk, gaan wreek. Heskett toon verder aan dat Beuken en Berges vers 27 as 'n invoeging sien, tydens die proses van voorts krywe van Deutero-Jesaja in die ontwikkeling van Jesaja 40 tot 55. Heskett deel verse 21-26 as 'n eenheid in. Die prinse en regters is korrup en daarom is die reinigingsproses nodig.

neem op die vyande van JHWH. In hierdie geval is, die skokkende realiteit dat, die vyande die volk van JHWH self is.

Die rede waarom die oordeel voltrek gaan word, is uit genade, want JHWH wil hê dat die volk en stad tot inkeer sal kom. JHWH sal Sy hand op die volk plaas en die volk weer suiwer, die droes sal tot niet gaan en die volk sal gesuiwer word asof met loog. Die gevolg sal wees dat die regters weer herstel sal word. Die adviseurs wat mense moet bystaan sal daar wees. Regverdigheid sal weer die norm wees waarvolgens daar opgetree word. Die stad sal bekend staan as die stad van regverdigheid en 'n getroue dorp. Sion en die ballinge sal deur JHWH losgekoop word en hulle sal geregtigheid uitleef.

JHWH stel dit duidelik dat al die oortreders en sondaars saam vernietig sal word. Die groot oortreding was dat JHWH<sup>364</sup> geminag en ontken was. JHWH is nie meer gedien nie. Die plekke waar afgodery bedryf was, naamlik die bome en boomstompe wat heilig verklaar was en die tuine wat aangelê was as plekke waar die diens aan afgode gehou is, sal vernietig word. Die bome sal verlep en die tuine sal sonder water tot niet gaan. Die helde sal nie staande kan bly teen die aanvalsmag nie en sal verslaan word. Die mag sal die stad en inwoners totaal oorweldig (Wildberger, 1980:58-62).

#### **4.2.1.2 Samevatting**

Jesaja 1:21-31 toon aan dat die volk en stad se verkeerde optrede, teenoor JHWH, vra dat daar opgetree moet word. JHWH wys die volk en stad op die verkeerde dade en kondig aan dat hulle gestraf gaan word. Die werkwoord  $\text{DN}$  word gebruik, wat in hierdie konteks vertaal word met 'om jouself te troos'. JHWH kan net daarin troos vind, as die verkeerde optrede gestraf word. Hierdie straf gaan in liefde gedoen word, omdat JHWH die volk en stad liefhet en vir hulle omgee. Die straf is eintlik 'n louteringsproses<sup>365</sup> om inkeer te bewerkstellig (Childs, 1967:64). Die volk en stad moet besef dat hulle weggedraai het, weg van JHWH af, en ander dinge in die plek

---

<sup>364</sup> Wildberger (1980:58-62) wys daarop dat die leiers en stad optree asof hulle nie JHWH se wette wil nakom nie. Die getroue stad het 'n ontroue stad geword, en hierdie gesindheid word uitgeleef.

<sup>365</sup> Childs (1967:64) wys dat die ontroue stad weer as getroue stad bekend sal wees na vurige oordeel ondergaan was. Childs verwys na Jesaja 1:21 en volgende verse.

van JHWH geplaas het, wat vir hulle belangriker as JHWH geword het. Daarom vind JHWH dit nodig om Homself te troos<sup>366</sup> deur die oordeel uit te spreek. Die tyd van genade vir die volk en stad is verby, en daar moet 'n wending kom in hulle gesindheid. Die oordeel is 'n oordeel wat uit liefde en genade gaan geskied om weer 'n gebreekte verhouding te herstel – die verhouding tussen JHWH en die stad en volk (Wildberger, 1980:62-65).

#### **4.2.2 Jesaja 12:1 Hier word die werkwoord םנן in die Pi'el in hierdie vers gebruik – Kommentare**

Calvyn<sup>367</sup> (1900:158-160) verklaar die vers as die inleiding tot 'n danklied wat byvoorbaat tot dankbaarheid aanspoor. Dit geld vir die oorblyfsel van die ballinge wat na die land toe sal terugkeer. JHWH straf, en neem die volk nadat hulle geboet het, weer in genade aan. Die troos is vertaal maar nie direk behandel nie.

Alexander (Vol. 1. 1976:263-265) het 'n kort inleiding tot Jesaja 12. Hy verduidelik dat die vorige hoofstuk afsluit met die verwysing na die uittog uit Egipte, en soos daar die geval was, volg daar nou 'n loflied. Die lied beskryf JHWH wat kwaad was, en die toorn laat vaar het. Nou het JHWH Israel getroos, en die volk erken JHWH as waardig en hulle weldoener. Die inwoners van Sion loof JHWH wat hulle verlos het.

Kaiser<sup>368</sup> (1977:166-170) behandel die hoofstuk as 'n geheel. Die lied van dankbaarheid van die verlostes word in die eerste twee verse gevind. Die toorn van JHWH het verbygegaan, die oordeel is verby. Hierdie lied word uit dankbaarheid gesing. Kaiser sien die hoofstuk as 'n beeld van die volk, wat uit die ballingskap terugkeer. Jerusalem sal van sonde bevry wees en die oorblyfsel van die volk sal JHWH dank, vir troos wat Hy gegee het. Kaiser sê dat Psalm 119:82 se vraag,

---

<sup>366</sup> Wildberger (1980:62-65) toon duidelik aan dat die oordeel JHWH sal troos en die volk en stad sal louter. Die werkwoord םנן in die Nif'al word hier breedvoerig bespreek. Heskett (2011:37, 43-45). Jesaja 1:24-25 dui daarop dat die oordeel onherroepelik is en gaan plaasvind. Die Nif'al van םנן word gebruik om aan te toon dat JHWH Homself op 'n vyand gaan wreek, hier die afvalliges onder die volk.

<sup>367</sup> Calvyn (1900:158-160) sien hierdie as 'n beskrywing, wat van toepassing is, op die deel van die ballinge wat sal terugkeer.

<sup>368</sup> Kaiser (1977:166-170) noem in 'n kort bespreking oor Jesaja 12, dat die enigste rede om hierdie hoofstuk as 'n invoegsel in Jesaja se werk te beskou, geleë is in die feit dat hierdie deel se doel nie mooi inpas by die profeet se boodskap van oordeel nie. Volgens Kaiser is hierdie hoofstuk in die taal van die Psalms geskryf. Die lied toon aan dat die woede oorgaan in vertroosting van die volk.



“wanneer sal Jy my troos,” hier beantwoord word. Kaiser verklaar die res van die lied as ’n danklied tot eer van JHWH. Daar word verwys na Psalm 105:1 en 148:13 om die groot daad van JHWH, in die geskiedenis, aan te haal. JHWH sal die volk bystaan en bewaar. Kaiser wys dat die volmaakte toestand eers met die nuwe Jerusalem sal aanbreek.

Leupold<sup>369</sup> (Vol I. 1977:228-233) behandel hoofstuk 12 as ’n geheel. Die opmerking word gemaak dat dit ’n gepaste afsluiting vorm vir die eerste gedeelte van die boek. Hy wys daarop dat die eksodusgeskiedenis eindig met die vyand wat onder die water verdwyn en dan volg ’n loflied vir JHWH. In hoofstuk 11 word verwys na die uittoeg uit Egipte en in hoofstuk 12 volg die loflied tot eer van JHWH. JHWH het die toorn laat vaar en gee troos en sorg vir Sion.

Wildberger<sup>370</sup> (1980:477-486) behandel die hoofstuk as ’n geheel. Daar is ’n skeiding tussen verse 3 en 4 wat wys dat 1-3 en 4-6 twee parallelle dele vorm. Wildberger verwys na Jesaja 1:24 waar die werkwoord  $\text{נָחַם}$  die eerste keer gebruik is. In die lied word daar dankbaarheid betuig, dat die toorn van JHWH verby is, en die volk troos van JHWH ervaar. Die daad van JHWH word besing. Die lof van JHWH sal aan al die volke bekend gemaak word. Sion sal weet dat JHWH by hulle woon.

Hailey (1985:126-128) hanteer die ses verse as ’n geheel. Hy begin deur daarop te wys dat hier ’n loflied volg soos by die deurgang van die Rooi See. Die ballinge kry die versekering vanaf JHWH dat hulle vertrous sal word en dat die pad, deur die woestyn, hulle na Jerusalem toe sal neem. Hulle sal JHWH erken as verlosser en dank betuig. Hulle sal JHWH op Sy Naam aanroep. Hulle sal JHWH se daad bekendmaak aan almal. JHWH se Naam verhoog en erken dat die Heilige van Israel in hulle midde is. Die laaste dinge sal in die nuwe Sion gebeur.

---

<sup>369</sup> Leupold (Vol. I. 1977:228-233) sê die aanvangswoorde van vers 1 dui daarop dat die daad van JHWH die volk so sal aangryp dat hulle nie anders kan as om daarvan te vertel nie. Die loflied sal volg. Leupold behandel die troos en toon aan dat die troos tweeledig is. JHWH se genade word aan die berouvolle mens geskenk, en die genadige liefde. Die objek van die dank is die wegneem van die woede van JHWH en die troos wat aan die volk gegee is.

<sup>370</sup> Wildberger (1980:477-486) toon aan dat die hoofstuk die taal van die Psalms bevat. Dit wil voorkom asof die hoofstuk nie deur Jesaja geskryf is nie. Wildberger wys daarop dat troos nie geestelik verstaan moet word nie. Die troos volg na die toorn van JHWH ervaar is. Hy verwys na Psalm 23 en noem dat die stok en staf hier sal impliseer dat JHWH versorg en bystand verleen. Troos is nie net omgee nie, maar impliseer ook verdere bystand en hulp wat verleen word.

Miscall<sup>371</sup> (1993:46) beskou Jesaja 12 as 'n lied wat 1-12 afsluit en die oorgang na 13-23, 24-27 en 40-66 bewerkstellig. JHWH se toorn is verby en die troos realiseer en vervang 1:24 se afkeer. JHWH sal vereer en gedien word. Daar word nie verder oor troos uitgebrei nie.

Motyer (1993:127-130) behandel al ses verse as 'n geheel. Hy wys daarop dat die verse dien as 'n afsluiting vir die gedeelte wat met hoofstuk 6 begin het. Die woorde 'op daardie dag' verbind volgens hom die dag waarop die ou uittoeg oorgaan in die nuwe uittoeg. Hy wys daarop dat Miriam na die deurtog deur die Rooi See 'n loflied aangehef het. Hier volg die lied tot eer van JHWH, waar JHWH sy toorn laat vaar het en troos gee. Die beeld is nou van die nuwe gereinigde stad wat JHWH loof, omdat hulle deur JHWH getroos is.

Webb<sup>372</sup> (1996:77-78) verdeel Jesaja 12 in twee liedere, naamlik: 1-2 en 4-6. Verse 1-2 word bespreek en hy wys daarop dat dit 'n groep persone is wat die troos ontvang. Hy reken dat dit die oorblyfsel van die volk van JHWH is. Die loflied se inhoud is 'n geweldige paradoks en dui daarop dat JHWH wat kwaad was, die enigste bron van troos is. Hoofstuk 12 sluit die eerste gedeelte van Jesaja af.

Oswalt<sup>373</sup> (2003:193-195) bespreek verse 1-6 as 'n geheel. Hy wys daarop dat hierdie gedeelte die eerste twaalf hoofstukke afsluit. Hy verklaar dat hier 'n reaksie is op JHWH se aksie. Die volk loof JHWH wat Sy toorn laat oorgaan in troos. Soos die volk by die Rooi See, word hier gesing oor die daede van JHWH wat die Heilige is. Oswalt se bespreking gaan dan oor na Jesus en die Heilige Gees, wie se werk hy hier van toepassing maak.

---

<sup>371</sup> Miscall (1993:46) verwys daarna dat die toorn van JHWH weggedraai is en dat die troos van Jesaja 1:24 gerealiseer het. In Jesaja 1:24 gaan dit oor JHWH wat Homself wil troos ter wille van die volk se verkeerde optrede. Dit handel in Jesaja 12:1 oor die volk wat troos van JHWH gaan ervaar.

<sup>372</sup> Webb (1996:77-78) wys daarop dat die tema van die hoofstuk verlossing is. Hy noem verder dat elke lid van die volk, sowel as elke mens, self moet besluit of hy of sy op JHWH vertrou en Hom dien. Volgens Webb is troos gelyk aan verlossing. Hy omskryf dit 'as om in die arms van JHWH te vlug wie se toorn ons op die hals haal'.

<sup>373</sup> Oswalt (2003:193-195) wys dat JHWH betroubaar is. JHWH het self die regverdige woede oor die volk, na troos verander. Oswalt sien die troos ook as bemoediging.

Dempsey<sup>374</sup> (2010:30-31) behandel Jesaja 11:10-12:6 as 'n geheel. Sy wys daarop dat Jesaja na 'n boodskap van hoop nou op die toekoms fokus, op die tyd wanneer daar vrede tussen Efraim en Juda sal wees. JHWH sal sorg dat Kores die volk uit ballingskap bevry. Daar sal ondervind word dat JHWH hulle vertroos, en dat hulle JHWH gaan dien en eer. Die profeet sien wat gebeur, en wat gaan gebeur.

Heskett<sup>375</sup> (2011:18, 51-52, 73, 77) wys daarop dat Jesaja 5-12 in Jesaja 12:1-2 uitloop in troos en verlossing. Volgens haar beklemtoon Jesaja 12 gehoorsaamheid aan die poëtiese woord. Die uitdrukking 'moenie bang wees nie', loop vir haar soos 'n tema deur die hele boek, en wys op die voordele wat dit inhou om na waarskuwings te luister. Heskett koppel die troos aan Jesaja 40:1, en die ander volgende verse in Jesaja wat die werkwoord דָּנָה bevat.

#### 4.2.2.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 12:1

Jesaja 12 vers 1 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 1-6. Die struktuuranalise van hoofstuk 12 verskyn as Bylaag 11 aan die einde van die Proefskrif. Jesaja 12:1-6. Die inhoud is 'n loflied as antwoord op hoofstuk 11 se afsluiting. (Die werkwoord דָּנָה kom drie keer in hoofstuk 12 voor, en word in hoofstuk ses behandel). Hier volg my eie vertaling van Jesaja 12:1-6.

1. En op daardie dag sal jy sê, JHWH, ek wil Jou dank. Alhoewel Jy kwaad was vir my, draai weg Jou kwaad en Jy sal my troos.
2. Kyk, God is my heil, ek sal vertrou en nie bang wees nie, want die HERE JHWH is my krag en my lied. En Hy het my heil geword.
3. En julle sal water skep met vreugde uit die fontein van heil.
4. En op die dag sal julle sê: Loof JHWH. Roep sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, meld dat sy Naam hoog is.
5. Sing vir JHWH want Hy is groot, laat dit bekend word op die hele aarde.

---

<sup>374</sup> Dempsey (2010:30-31) verklaar dat hierdie gebeure op die toekoms afgestem is. JHWH is die een wat troos en dan gaan die volk oor in lofprysing.

<sup>375</sup> Heskett (2011:18, 51-52, 73, 77) wys daarop dat Jesaja 12:1 die troos van Jesaja 40:1 veronderstel. Sy wys daarop dat דָּנָה nie verder in Jesaja 1-39 vir troos gebruik word nie, terwyl die werkwoord tien keer voorkom in Jesaja 40-66. Heskett dink dat daar na die ballingskap 'n verwerking kon wees dat Jesaja 12 'n antwoord is op 'n reeks oordeel-uitsprake.

6. Juig en jubel, inwoners van Sion. Want groot is die Heilige van Israel in julle midde.

Die struktuuranalise van Jesaja 12 verskyn as Bylaag 11 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise van Jesaja 12 toon duidelik dat die feit dat JHWH se toorn in troos verander, die basis van die loflied vorm. Die troos maak dat die volk hulle afhanklikheid van JHWH bely en ook erken dat JHWH die verlossing skenk. Die lof bou op tot by die punt waar die inwoners van Sion moet uitroep en erken dat hulle bewus word van die teenwoordigheid van die Heilige van Israel in hulle midde. Die troos gryp terug deur die verbinding met q, na Jesaja 1:24 waar JHWH Homself wil troos deur wraak te neem op die volk, en die troos reik vorentoe deur die verbinding w, na Jesaja 40:1 en die verdere verse wat oor troos handel.

Hierdie loflied en danklied lof JHWH<sup>376</sup> wat in toorn teen die volk opgetree het, en nou die toorn in troos laat verander het. Hier ervaar en bely die volk hulle dankbaarheid teenoor JHWH, vir die liefde en genade wat aan hulle bewys is. Die volk het weer opnuut onder die besef gekom van die mag en krag van JHWH. Hulle besef dat hulle die daede van JHWH wêreldwyd moet verkondig. JHWH is werd om geloof te word, en is die beskermer van Sion (Wildberger, 1980:477-486).

#### 4.2.2.2 Samevatting

Jesaja 12 bevat die dank en lof van die volk omdat JHWH<sup>377</sup> se toorn na troos verander het. Die volk besef dat hulle JHWH se daede moet verkondig en dat hulle veilig is by JHWH. Die feit dat die toorn na troos verander het, is die basis vir die loflied (Williamson, 1994:120-123).

---

<sup>376</sup> Wildberger (1980:477-486) wys dat troos volg na die toorn van JHWH ervaar is. JHWH sal vir die volk sorg. Troos is nie net omgee nie, maar impliseer ook verdere bystand en hulp wat verleen word.

<sup>377</sup> Williamson (1994:120-123) wys op die moontlikheid dat Deutero-Jesaja Jesaja 12 kon geskryf het. As argumente voer hy die volgende aan: Die volk het JHWH se toorn, wat nou verander in troos, ervaar. Daar is die verkondiging aan die nasies, wat ook JHWH se lof sal besing. Williamson verklaar dat die klem op die tyd van redding beskryf word deur die werkwoord  $\text{חָנַן}$  wat in Jesaja 49:13, 51:3, 12, 19 en 54:11 voorkom. Dempsey (2010:30-31) sê dat JHWH die een is wat troos en dan gaan die volk oor in lofprysing.

Die werkwoord  $\text{נחן}$  word hier die tweede keer in Jesaja 1-39<sup>378</sup> gebruik. In Jesaja 1:24 het die feit dat JHWH Homself wil troos, gelei tot die oordeel oor die volk. Jesaja 12 getuig dat die oordeel se toorn nou na troos verander het. JHWH het na die straf oor die volk, die volk in genade aangesien, en kom nou om hulle te troos. Die volk kom onder die besef dat JHWH hulle heil is. Hierdie volk is slegs by JHWH veilig en beskerm. Die verhouding tussen die volk en JHWH word deur JHWH herstel en daarom kan die volk nou weer troos ervaar (Wildberger, 1980:477-486).

#### **4.2.3 Jesaja 22:4 Die werkwoord $\text{נחן}$ in die Pi'el word in vers 4 gebruik – Kommentare**

Calvyn (1900:241) verklaar hierdie vers as 'n beeld van 'n volk wat geestelik verlam is deur JHWH en na loutering weer in genade aangeneem sal word. Die profeet wat ongetroos wil bly word glad nie vertaal nie.

Alexander (Vol. 1. 1976:378-385) wys daarop dat die hoofstuk duidelik in twee verdeel, naamlik verse 1-14 en 15-25. Verse 1-14 se bespreking volg kortliks. Alexander wys daarop dat hierdie verse die optrede van die inwoners van Jerusalem tydens 'n inval beskryf. Daar heers algehele verwarring. Die profeet wil nie getroos word nie omdat die volk net gelewe het soos hulle wou, en nie na JHWH geluister het nie. Die Elamiete en mense van Kir vorm deel van die invalsmagte. Die inwoners en soldate word afgemaai en daarna word van die oorlewendes in klere van sak weggevoer. Die volk het geglo hulle kan feesvier, want hulle lewe net vir vandag.

Kaiser (1978:142-143) verdeel die hoofstuk in twee dele, naamlik verse 1-14 en 15-25. Hy gee vir verse 1-14 die opskrif: 'Die onvergeefbare skuld van Jerusalem'. Die beskrywing in hierdie gedeelte is dié van 'n stad, wat bly is dat die vyand, die Assiriërs, wat die stad aangeval het, weggetrek het. Verse 2 en 3 beskryf wat gebeur het terwyl die vyand rondom die stad saamgetrek het. Vlugteling is gevang en gedood, en ander is as krygsgevangenes weggevoer. Daar is 'n ooreenkoms

---

<sup>378</sup> Wildberger (1980:477-486) wys daarop dat die werkwoord  $\text{נחן}$  ook in Jesaja 1:24 voorkom. Die verskil is dat die troos hier deur JHWH aan die volk bewys word, en in Jesaja 1:24 het die troos van JHWH, aan Homself, die oordeel oor die volk ingehou.

aangegaan nadat die koning oorgegee het. Kaiser wys daarop dat die inwoners<sup>379</sup> nie die erns van die saak besef en hulle tot JHWH bekeer nie. Die inwoners begin feesvier en is dankbaar dat hulle lewend is. Die profeet sien egter wat later sal gebeur. Hy is bewus van die feit dat die stad verwoes sal word. Daarom wil die profeet nie troos van die inwoners aanvaar nie.

Leupold (Vol. I. 1977:344-347) behandel die eerste vier verse as 'n eenheid. Hy reken die volk is bly omdat die Assiriese magte onttrek het. Hulle raas en is bly, terwyl die profeet treur en nie getroos wil word nie omdat die inwoners verkeerde insigte het, en nie JHWH wil dien nie.

Wildberger<sup>380</sup> (1978:809-830) behandel verse 1-14 as 'n eenheid. Hy wys op die volk se houding om fees te vier. Terwyl hulle die situasie nie begryp nie. Die koning moes oorgee, en Assirië het van die beste manskappe, en sangers en skatte weggevoer na Nineve. Die volk vier fees in plaas daarvan om hulle tot JHWH te bekeer. Die profeet weier om deur die inwoners getroos te word. Die profeet weet dat Jerusalem later verwoes gaan word.

Hailey (1985:179-185) bespreek verse 1-14 as 'n geheel. Hy verwys na die vallei van visioene en sê dit is nie 'n spesifieke plek nie. Jerusalem se inwoners is opgewonde terwyl die profeet nie getroos wil word nie, omdat hy in die visioen sien dat Jerusalem deur Elam vernietig gaan word. Die inwoners lewe asof niks meer saak maak nie. Hulle geniet net die lewe voluit en vergeet van JHWH wat hulle gaan straf en die stad deur die Babiloniërs gaan laat vernietig.

Miscall<sup>381</sup> (1993:61) verwys na die feit dat die stad nie getroos wil word nie. Hy is egter van mening dat die 'ek' na die profeet en die regeerder van die stad verwys en

---

<sup>379</sup> Kaiser (1978:142-143) wys dat die inwoners van Jerusalem net vir die oomblik lewe. Hulle wil nie insien dat hulle na JHWH moet terugkeer nie. Die profeet se optrede, om te weier dat iemand hom troos, moet gesien word teen die agtergrond van 'n begrafnis-klaaglied. Die klaaglied wys dat daar niemand is, wat die persoon wat rou kan troos nie. Jesaja wil die inwoners se aandag vestig op die lot van die stad wat vernietig gaan word.

<sup>380</sup> Wildberger (1978:809-830) behandel die feit dat die profeet nie troos van die inwoners wil aanvaar nie. Die troos word nie aan enige ander vers wat die werkwoord *dn̄* bevat, gekoppel nie.

<sup>381</sup> Miscall (1993:61) noem dat die profeet nie troos wil ontvang nie. Hy plaas by troos die verwysing na die teksverse in Jesaja 12:1 en 40:1 sonder verdere bespreking.

nie die stad self nie. Motyer<sup>382</sup> (1993:180-183) hanteer verse 1-14 as 'n geheel, met 'n verdere verdeling tussen 1-7 en 8-14. Hy wys op die inwoners se opgewondenheid en wil dit sien as die geleentheid toe die watertunnel van Jerusalem voltooi is, en die inwoners geglo het dat hulle nou 'n beleg sal kan oorleef. Die profeet wil nie getroos word nie, want hy sien die latere verwoesting van die stad, en verklaar daarom dat daar geen vreugde behoort te wees nie.

Webb (1996:101-102) hanteer verse 1-14 as 'n geheel. In sy bespreking wys hy daarop dat Jesaja anders voel as die inwoners van die stad. Die profeet is deur die visioen bewus daarvan dat die stad verwoes gaan word, en hy wil nie getroos word nie. Webb noem die feit dat die koning en amptenare eerder na die stad se mure en die watervoorsiening gekyk het en dit verbeter het, as om hulle te bekeer en JHWH reg te dien, en op JHWH alleen te vertrou.

Oswalt<sup>383</sup> (2003:259-263) bespreek verse 1-14 as 'n eenheid. Hy noem verder dat daar onder geleerdes nie eenstemmigheid bestaan oor watter gebeurtenis hier beskryf word nie. Die stad se opgewondenheid word nie deur die profeet gedeel nie. Die profeet sien die latere verwoesting van die stad in 'n visioen. Die volk vergeet dat JHWH die stad en land aan hulle gegee het, en dat hulle van JHWH se beskerming afhanklik is. Daar word niks genoem van die feit dat die profeet glad nie getroos wil word nie.

Dempsey (2010:42) behandel verse 1-25 as 'n geheel. Sy verklaar die eerste gedeelte as die tyd toe Jerusalem, deur Sanherib, beleër was en gespaar is. Die profeet wys die inwoners daarop dat dit 'n tyd is om tot inkeer te kom en nie fees te vier nie, want die stad sal later verwoes word. Die volgende deel handel oor die gesprek met Sebna en sy val word voorspel. Die feit dat Jesaja nie getroos wil word nie, word nie behandel nie.

---

<sup>382</sup> Motyer (1993:180-183) noem dat die sonde van die volk was dat hulle geglo het dat 'n mens jouself moet red, anders kan jy nie gered word nie. Jesaja soek nie die volk se simpatie of belangstelling in hierdie omstandighede nie. Die profeet sien die volk se afvalligheid van JHWH en die verwoesting van die stad in die toekoms.

<sup>383</sup> Oswalt (2003:259-263) verklaar dat die gebeure afspeel wanneer die Assiriërs stede in die Filistynse gebied aanval, en dan terugkeer na Nineve. Oswalt wys dat Jesaja die visioen het waarin hy die latere verwoesting van die stad sien. Die profeet en volk verskil totaal in hulle siening van die hede.

#### 4.2.3.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 22:4

Jesaja 22 vers 4 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 1-14, en dan verder deel vorm van verse 15-25. Hier sal die perikoop bestaande uit verse 1-14 bespreek word. Die struktuuranalise van hoofstuk 22 verskyn as Bylaag 12 aan die einde van die Proefskrif. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 22:1-14.

1. Godspraak oor die dal van die gesig. Wat is dit met jou, dat julle almal op die dakke geklim het?

2. Rumoerige, raserige stad, die uitgelate stad. Die wat verslaan is in jou, is nie deur die swaard verslaan nie en het nie in oorlog gesterf nie.

3. Al jou leiers het saam gevlug. Sonder boog is hulle gebind; almal wat in jou gevind is saam vasgebind. Hulle het ver weggevlug.

4. Daarom het ek gesê: Kyk weg van my, ek sal bitterlik huil; moet nie haastig wees om my te troos nie, oor die verwoesting van die dogter van my volk nie.

5. Want dit is 'n dag van moeilikheid, en van vertrapping en van verwarring deur JHWH van die leërskaars in die dal van die gesig. Omgooi van mure en 'n geskreeu na die berg toe.

6. En Persië dra die pylkoker met 'n strydwa en manskappe en ruiters, en Kir het die skild ontbloot.

7. En dit het gebeur, jou beste valleie is vol strydwaens en die ruiters staan gereed by die poort.

8. En die beskutting van Juda is weggeneem. En in die dag kyk jy na die wapens in die huis van die bos.

9. Julle sal die skeure in die stad van Dawid sien, dat hulle baie is, en julle vang die waters van die onderste dam op.

10. En julle tel die huise van Jerusalem, en julle breek van die huise af om die muur te versterk.

11. En julle maak 'n dam tussen die mure, vir die water van die ou dam. Maar julle kyk nie na sy Maker nie, ook sien julle nie die vormer van lank gelede nie.

12. En in die dag roep die Here JHWH van die leërskaars tot gehuil en rou; en tot kaalskering, en tot die aantrek van sakkere.



13. Maar kyk, daar is vreugde en vrolikheid, osse word doodgemaak en skape word geslag, vleis geëet en wyn gedrink, en sê: Laat ons eet en drink want môre sterf ons.

14. En JHWH van die leërskaare openbaar in my ore. Sekerlik hierdie ongeregtheid sal nie vir julle bedek word totdat julle sterf nie, sê JHWH van die leërskaare.

Die struktuuranalise van Jesaja 22:1-14 verskyn as Bylaag 12 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise van Jesaja 22:1-14 toon aan dat die gedeelte in drie hoofde uiteenval. Die eerste gedeelte handel oor die visioen en Jerusalem se blydschap, wat oorgaan in die feit dat die profeet glad nie getroos wil word nie. Die profeet sien die uiteinde van die stad Jerusalem in die nabye toekoms, terwyl die volk hulle blind staar teen die onmiddellike situasie. Die troos van vers 4 gryp terug na hoofstuk 12:1 met die verbindingslyn langs x, en die troos gryp vooruit na hoofstuk 40:1 langs die verbindingslyn y.

Jesaja 22 teken die ironiese skets van die volk wat in 'n wêreld van hulle eie lewe, wat ver van die werklikheid verwyder is. Die volk kyk vas teen die onmiddellike omstandighede, en wil nie die groter prent sien nie. Daarom is die verskil tussen die volk en die profeet se belewenis<sup>384</sup> so geweldig verskillend (Dietrich, 1976:193-194).

Die volk wil vier fees en is uitbundig bly dat die vyand weggetrek het. Hulle kyk net na die onmiddellike situasie. Die volk besef nie dat hulle weer na JHWH toe moet terugkeer nie. Hulle vertrou op mense en hulle eie voorsorg, wat getref is, om te oorleef. Die profeet sien die verwoesting van die stad Jerusalem wat in die toekoms gaan plaasvind, en daarom weier die profeet om getroos te word.

#### **4.2.3.2 Samevatting**

Jesaja 22 teken die situasie in Jerusalem. Die stad sien dat die vyand weggetrek het en begin om fees te vier. Daar word beeste en skape geslag vir die feesvieringe. Die profeet roep die volk op om hulle te bekeer en om weer JHWH te dien. Die volk en

---

<sup>384</sup> Dietrich (1976:193-194) haal Jesaja 22 se eerste 14 verse aan in 'n bespreking oor Jesaja 7. Dit handel oor die politieke omstandighede in die tyd van Jesaja. Dietrich wys daarop dat die volk vrolik is en die profeet nie. Die geweldige verskil word goed deur Dietrich (1976:194) opgesom in die woorde: "So muß der Prophet der eben wieder erwachten Lebensfreude mit einer harten Todesdrohung antworten." Jesaja sien dat die stad in die toekoms verwoes gaan word.

profeet vind mekaar glad nie. Daarom weier die profeet<sup>385</sup> dat die inwoners hom kom troos (Heskett, 2011:56-57).

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word hier die derde keer in Jesaja 1-39 gebruik, maar nie deur die meeste eksegete bespreek nie. Daar is slegs enkele eksegete<sup>386</sup> wat na Jesaja 12:1 en 40:1 verwys, waar die werkwoord ook voorkom. Hier handel dit om die profeet wat nie getroos wil word nie, omdat die volk nie die krisis insien waarin hulle hulle bevind nie (Miscall, 1993:61).

#### 4.2.4 Jesaja 57:6 Die werkwoord $\text{נָחַם}$ in die Nif'al - Kommentare

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in die Nif'al word in vers ses gebruik in die betekenis van: 'Jou troos daaraan' of 'om getroos te word'. Hierdie is die enigste geleentheid in Jesaja 56 tot 66 waar die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in die Nif'al voorkom. Jesaja gebruik  $\text{נָחַם}$  net 2 keer in die Nif'al en dan in Jesaja 1:24 en Jesaja 57:6.

Calvyn (1900:685-689) wys daarop dat dit hier gaan om Jode wat hulle besig hou met afgodery. Die verse van 6-11 beskryf almal beelde van die afgodsdien. In vers 6 en 11 vra JHWH die volk of hulle met Hom rekening hou. In vers 6 wil JHWH weet of Hy daarmee vrede moet maak dat die volk afgode dien en JHWH vergeet.

Leupold<sup>387</sup> (Vol. 2. 1977:273-277) behandel verse 3-10 as 'n eenheid en sien dit as 'n oordeelsuitspraak. 'n Persoon praat met die sondaars en noem hulle seuns van die townares. Afgode verering word bedryf en dit gaan met ontrouheid gepaard. Daar word kinders aan die afgode geoffer. Leupold wys daarop dat JHWH ingryp en vra of Hy oor hierdie optrede moet kalm wees. Die opmerking is nie vertaal en verder bespreek nie. Die volgende verse beskryf die vrugbaarheidskultus waaraan die vrou deel het.

---

<sup>385</sup> Heskett (2011:56-57) wys daarop dat Juda se klaaglied oor verwoesting hier met die ander nasies se lied oor verwoesting verweef word. Die profeet wys die inwoners daarop dat hulle moet treur en nie feesvier nie. Daarom dat die profeet sê hulle moet nie probeer om hom te troos nie. Heskett wys daarop dat die volk met hulle fees eintlik besig was om die oordeel van JHWH te omhels.

<sup>386</sup> Miscall (1993:61) noem dat die profeet nie troos wil ontvang nie. Hy plaas by troos die verwysing na die teksverse in Jesaja 12:1 en 40:1 sonder verdere bespreking.

<sup>387</sup> Leupold (Vol. 2. 1977:273-277) verwys glad nie na die werkwoord  $\text{נָחַם}$  wat in die gedeelte voorkom nie. Hy verwys slegs na die vraag van JHWH of Hy kalm moet wees oor die optrede van die mense.

Beuken<sup>388</sup> (1989:47-48, 53-71) behandel verse 6-11 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat vers 6 die oorgang vorm tussen verse 5 en 7. Vers 6 val in drie dele uiteen. Vers 6 is die derde beskuldiging aan die owerspelige moeder. Eerstens word sy aangespreek oor die offers aan die minnaars. Bekendstelling en verweer van die aanklaer of benadeelde, in hierdie geval JHWH. Verse 7-11 behandel die feit daarvan en die plek waar dit gepleeg is, sowel as die onreg teenoor die aanklaer. Vers 6 is die oorgang van die tweede na die derde beskuldiging aan die vrou. Beuken wys dat die klippe op grafte dui, en noem dat daar kinders as offers aan die afgode geoffer is. Daarna begin JHWH praat en vra of Hy met die toedrag van sake tevrede moet wees. Letterlik vind ons die woorde: "Moet Ek My daaraan troos?" Die verstote minnaar reageer en die opmerking dui hier aan dat daar 'n einde aan die geduld van JHWH kom.

Die vrou het met afgode deurmekaar geraak en aan die vrugbaarheidskultus meegedoen. Die berg waar dit plaasgevind het verswaar die sonde. Die berg is die plek waar die boodskapper die vreugdebodskap moet bring, en gryp terug na 40:9. Die beskuldiging wys op huweliksontrou. Die feit dat JHWH geswyg het, het gemaak dat die vrou JHWH nie vrees nie. Die vrou is skuldig en JHWH gaan ingryp, hoewel die ingrepe nie is om wraak te neem nie.

Kraus<sup>389</sup> (1990:183-185) behandel verse 3-6 as 'n eenheid. Hy wys op die probleem dat daar nie presies vasgestel kan word met wie die profeet praat nie. Volgens Kraus word die groep persone aangespreek wat nakomelinge is van die reste van die noordryk en Juda wat, tydens die ballingskap, in Jerusalem en streke agtergebly het. Hierdie mense het nie by die suiwer aanbidding van JHWH gebly nie. Hulle voel anders as die ballinge wat na Jerusalem teruggekeer het. Die afgodery is die

---

<sup>388</sup> Beuken (1989:47-48, 53-71) wys dat van die eksegete die sin met die werkwoord  $\text{דָּן}$  as 'n invoeging sien. Beuken stem nie saam nie, en wys dat die sin perfek hier pas, om JHWH aan die woord te stel. JHWH vra die vrou of Hy met haar optrede tevrede moet wees. JHWH wil weet of Hy Homself met hierdie verkeerde optrede van die vrou moet troos. Beuken wys daarop dat die oordeel in vers 13 aangekondig word. JHWH se antwoord, beantwoord vers 4, en Beuken vermoed 'n klankspel tussen verse 5 en 6. Hierdie vers herinner aan Jesaja 1:24. Daar is 'n klein nuanse-verskil in die werkwoord  $\text{דָּן}$  se betekenis. In 1:24 gaan dit 'om jouself te troos' en in 57:6 om 'jou daaraan te troos'. Jy moet met ander woorde maar verlief neem met die optrede waarvan jy nie hou nie.

<sup>389</sup> Kraus (1990:183-185) bespreek die gebruik van die werkwoord  $\text{דָּן}$ .

natuurkultus en die grafstene waarna verwys word. Klaus wys op JHWH se vraag of Hy Hom oor die gedrag moet troos.

Oswalt<sup>390</sup> (2003:614-6) behandel verse 3-13 as 'n eenheid. Oswalt wys dat die profeet in harde taal met die mense praat en hulle op hulle sondes wys. Die sonde is die verering van klippe en bome, prostitusie en die offerhande van kinders aan die afgode. Die mense wil self in beheer wees van hulle lewens. Hulle word tot inkeer geroep, en JHWH vra dat hulle aan Hom gehoorsaam moet word. In die lig van hierdie dinge moet Ek toegee, sê JHWH.

#### **4.2.4.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 57:6**

Jesaja 57:6 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 1 tot 13. Die perikoop word onderverdeel in verse 1-5, 6-11, 12-13. Jesaja 57:1-13 se struktuuranalise verskyn as Bylaag 13 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise toon aan dat hierdie gedeelte in drie dele uiteenval wat nou aanmekaar skakel. Die troos van vers 6 sluit weer na twee kante by die troos aan, naamlik by koppeling y na al die voorafgaande verwysings na troos en by koppeling z, na die verwysings in verband met troos wat volg. Die troos van JHWH loop soos 'n goue draad deur die verhaal van Deutero-Jesaja, en sluit aan by die hele Jesajaboek, in Proto-Jesaja en Trito-Jesaja. JHWH is die een wat die troos inisieer, beveel en uitvoer. Jesaja 57:6 vorm deel van die groter struktuur wat bestaan uit Jesaja 56:1-57:21. Jesaja 57:6-11 vorm die perikoop. Hier volg my eie vertaling:

6. Jou deel is by die gladde klippe van die stroom, hulle, hulle is jou lot. Selfs aan hulle het jy 'n drankoffer gebring; jy het 'n kosoffer gebring. Moet Ek My daaraan troos?

7. Jy het jou bed op 'n hoë en verhewe berg gemaak, ja jy het opgegaan om 'n offer te offer.

8. En jy het jou gedenkteken agter die deur en die deurpos gesit; want ontrou aan My, het jy jou bed ontbloot en opgegaan en jou bed uitgesprei, en 'n verbond met hulle gesluit; jy het hulle bank liefgehad, en na 'n hand het jy gekyk.

---

<sup>390</sup> Oswalt (2003:614-615) vertaal die werkwoord  $\text{m}\text{n}\text{z}$  met 'moet Ek toegee' in die lig van hierdie dinge? Daar volg geen verdere bespreking nie.

9. En jy het na die koning toe gegaan met olie en baie parfuim. En jy het boodskappers gestuur na ver plekke, en jouself neergebuk na die doderyk toe.

10. Jy het moeg geword van jou lang pad, jy het nie gesê: Tevergeefs. Jy het die lewe van jou hand gevind, so was jy nie siek nie.

11. Vir wie was jy bang en bevrees? Jy het gelieg en nie vir My onthou nie. Jy het dit nie ter harte geneem nie. Was Ek nie stil nie, selfs vir altyd, en jy het My nie gevrees nie.

Die struktuuranalise van Jesaja 57:6-11 verskyn as Bylaag 13 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise toon aan dat hierdie gedeelte in drie dele uiteenval wat nou aanmekaar skakel. Die troos van vers 6 sluit weer na twee kante by die troos aan, naamlik by die verbinding y na al die voorafgaande verwysings na troos en by die verbinding z, na die verwysings in verband met troos wat volg.

Jesaja 57 vers 6 sluit aan by die vorige gedeeltes wat handel oor troos en ook by vers 18 van hoofstuk 57. Die feit van troos in vers 6 staan in skille kontras met die troos van die voorafgaande hoofstukke en die troos van vers 18. In vers 6 wil JHWH weet, of die volk dink, dat JHWH daarom tevrede kan wees om saam met afgode gedien te word. JHWH wil definitief nie op hierdie manier vertroos word nie. Die volk se optrede word skerp deur JHWH veroordeel.

Jesaja 57 skets die verkeerde optrede teenoor JHWH<sup>391</sup>. Hier word die oortreders aangespreek as kinders van die townares, kroos van die egbreker. Die verkeerde optrede lê in die feit dat daar prostitusie beoefen is, en kinders as offers aan die afgode gebring is. Die vrou lyk asof sy die ma is van die kinders wat aangespreek was. Die owerspel was op die hoë berg gepleeg. Die oordeel volg. Die vrou sal nie deur die versameling van afgode gehelp word nie. Daar is 'n kontras in vers 13, waar afgesluit word met belofte aan die wat hulle toevlug neem tot JHWH. Hierdie

---

<sup>391</sup> Beuken (1989:76-77) wys daarop dat die eksegete verklaar dat daar 'n verdeeldheid en misverstande in Israel was na die ballingskap, en dat dit die agtergrond vorm vir hierdie gedeelte. Dit is nie seker uit watter tyd die deel kom nie, omdat daar verskillende opvattinge heers. Sommige dink dit is na die ballingskap toe die tempel nog nie herbou is nie. Ander is van mening dat dit in die tyd is, toe die Samaritane op Gerisim in hulle tempel aanbid het. Sommige dink weer dit is in die tyd van Esra en Nehemia. Die metaforiese taal van Trito-Jesaja gee nie 'n goeie aanduiding om die deel te dateer nie.

persone wat verkeerd optree, het die regverdiges verdruk en die kudde van JHWH nie versorg nie.

JHWH kan nie die verkeerde optrede van die volk goedkeur nie. Daarom kon die vraag: 'Moet Ek My daaraan troos?' Die werkwoord  $\text{נחם}$  word hier gebruik. Die meeste eksegete<sup>392</sup> vertaal die werkwoord, maar dit word nie bespreek nie.

#### 4.2.4.2 Samevatting

Jesaja 57:6-11<sup>393</sup> skets 'n droewige prentjie van die volk se godsdienstige lewe. Daar word afgodediens bedryf deur 'n groot deel van die volk. JHWH gryp in en vra: "Moet Ek My daaraan troos?". JHWH kan nie die dade goedkeur nie en daarom moet die oordeel noodwendig volg. Jesaja 57:6 herinner sterk aan Jesaja 1:24. Daar is 'n klein nuanse-verskil in die werkwoord  $\text{נחם}$  se betekenis. In 1:24 gaan dit 'om jouself te troos' en in 57:6 om 'jou daaraan te troos'. Jy moet met ander woorde maar verlief neem met die optrede waarvan jy nie hou nie. Hier sal oordeel volg maar die volk sal nie JHWH se wraak oor hulle ervaar nie (Barstad, 2008:93).

Troos word hier ironies gebruik wanneer JHWH die vraag aan die volk stel. Dit is dalk om hierdie rede waarom Jesaja 57:6 nie deur almal onder troos<sup>394</sup> geklassifiseer word nie (Heskett, 2011:77).

#### 4.2.5 Jesaja 57:18 – Kommentare

Hier word die woord  $\text{נחמים}$  wat van die werkwoord  $\text{נחם}$  afkomstig is gebruik. Die betekenis is troos. Die woord word hier as objek gebruik.

Calvyn<sup>395</sup> (1900:694) dink dat JHWH hier hardop dink en die volk verseker dat Hy genadig sal wees ten spyte van hulle optrede. Die wat ly onder smart en swaarmoedigheid sal getroos word.

---

<sup>392</sup> Daar is gevind dat Beuken die werkwoord  $\text{נחם}$  vertaal het, en dit bespreek het.

<sup>393</sup> Barstad (2008:93) wys daarop dat die impuls vir herlewing uit die ballingskap gekom het. Hy gebruik Jesaja 57:3-15 en noem dat die volk se godsdienstige lojaliteit ernstig ondermyn was en dat hulle nie JHWH suiwer gedien het nie.

<sup>394</sup> Heskett (2011:77) het Jesaja 57:6 onder haar lys by troos geplaas.

<sup>395</sup> Calvyn (1900:694) wys op die groot genade van JHWH wat, ten spyte van die volk se verkeerde optrede, bereid is om hulle te troos. Daar sal genesing vir die volk kom wat verder op die liefde van JHWH wys.

Alexander (Vol. II. 1976:349-352) groepeer verse 15-19 saam. JHWH maak 'n belofte dat die pad sonder struikelblokke sal wees. JHWH waarborg die belofte. Daar word besin oor die mens wat sy eie hart volg, JHWH sal die mens genees. Hulle is vergewe en het hulle bekeer. Hulle sal vertrous (die Hebreeuse woord beteken om te vertrous en reg te maak –“*to make good*”) word, ook die treurendes, en hulle sal deur JHWH gesond gemaak word.

Franz Delitzsch (Vol. II. 1877:381-382) behandel verse 17-18 saam as 'n kleiner eenheid. Uit die bespreking is dit duidelik dat JHWH nie vir altyd kwaad bly oor die hebsug van die volk nie. JHWH sal hulle heelmaak en die verdwaaldes teruglei. JHWH sal almal wat rou en treur troos, want hulle het genoeg gely vir hulle verkeerde dade.

Leupold<sup>396</sup> (Vol. II. 1977:279-282) baken die perikoop af as verse 14-21. JHWH kom die volk verseker dat JHWH hulle genadig sal wees, en hulle gesond sal maak ten spyte van hulle optrede en sonde. JHWH sal aan hulle vrede gee.

Herbert (1975:140-141) behandel die perikoop wat bestaan uit verse 14-21. Hy wys daarop dat JHWH self vir die stad sal sorg en die vrede waarborg. Die troos wat in vers 18 vertaal is, word nie aangeraak of behandel nie.

Hailey (1985:468-470) bespreek verse 14-21 as 'n perikoop. Hy wys daarop dat JHWH die pad laat voorberei vir die terugkeer. Hy verwys na sonde as die struikelblokke. Die volk tree verkeerd op en tog sal JHWH hulle genees en troos gee en hulle vrede gee. Die slegtes is soos 'n onstuimige see en sal nie vrede kry nie.

Beuken (1989:90-93) behandel verse 18-19 as 'n kleiner eenheid. Beuken verklaar die verse en wys dat JHWH 'n einde aan die nood sal maak. Die toorn van JHWH duur nie vir altyd nie. JHWH maak die mens van sy swakhede bewus, en daarom reageer JHWH op Israel se sonde met toorn en vertroosting. Beuken<sup>397</sup> wys daarop dat Trito-Jesaja die werkwoord  $\text{חָנַן}$  min gebruik.

---

<sup>396</sup> Leupold (Vol. II. 1977:279-282) wys daarop dat die volk verkeerd optree en 'n verkeerde gesindheid teenoor JHWH het. JHWH kom in Sy genade en ontferm Hom oor die volk, en troos die wat treur en belowe om die volk te genees.

<sup>397</sup> Beuken (1989:90-93) wys dat die werkwoord  $\text{חָנַן}$  hier weer Jesaja 40:1-3 oproep. Trito-Jesaja wys dat JHWH die volk wil lei en vertrous. Die weg word voorberei vir troos. Troos kom voor by die

Kraus<sup>398</sup> (1990:188-191) behandel verse 14-21 as 'n geheel. Hy wys daarop dat hierdie gedeelte baie aansluit by Jesaja 40 se eerste elf verse. JHWH bevestig dat JHWH na die volk toe kom om hulle gesond te maak en te troos. JHWH kom die volk tegemoet en sien hulle in genade aan. Die ballinge wat terugkeer vanaf Babel sal troos ervaar en heling en vrede kry. Die goddeloses sal geen vrede ervaar nie.

Miscall (1993:132) bespreek verse 14-21 as 'n groter geheel en maak die kleiner afbakening van verse 17-19. Hy maak die opmerking dat JHWH bystaan en lei en ondersteun. Hy gebruik glad nie die woord troos nie.

Motyer (1993:475-477) hanteer die kleiner perikoop van verse 15-19 as 'n eenheid. Hy wys daarop dat JHWH eers van JHWH en Sy woonplek praat en dan besin oor die mens en sy dade. Daar kom dan 'n onverklaarbare wending waarin JHWH die mens sal gesond maak. JHWH sal ook troos gee en die roubeklaers laat lofliedere sing.

Webb<sup>399</sup> (1996:224-225) behandel verse 14-21 as 'n geheel. Hy wys daarop dat JHWH die treurendes troos. Hierdie vers gryp terug na 40:1. Die verskil tussen 40 se situasie en hier is dat dit nie meer oor die ballinge gaan wat moet terugkeer nie. Dit handel vir Webb oor die gelowiges wat deur die lewe en beproewinge op pad is na hulle finale rusplek in die koninkryk van JHWH, waar hulle rouklag sal oorgaan in lofprysing.

Oswalt (2003:619-622) behandel verse 14-21 as 'n eenheid. Hy toon aan dat hierdie deel in 'n skerp kontras met die voorafgaande staan. JHWH is die een wat handel. JHWH sal die mens heelmaak en verander sodat daar lof en vrede kom in plek van rebellie en trots. JHWH sal vir die volk doen, wat hulle nie self kan doen nie. Die volk hier is daardie persone wat na JHWH toe draai en JHWH se wil soek. Daar word geensins na die feit van troos deur JHWH verwys nie.

---

heilverkondiging en Sion. Vrede omsluit die troos en vervul die beloftes van Deutero-Jesaja by Trito-Jesaja.

<sup>398</sup> Kraus (1990:188-191) wys daarop dat Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja bymekaar aansluit, wat troos en heling betref, as tema van die boodskap.

<sup>399</sup> Webb (1996:224-225) sien die aansluiting van hierdie verse met Jesaja 40:1-3. Die troos word beklemtoon.



Dempsey<sup>400</sup> (2010:155-156) behandel verse 14-21 as 'n eenheid. Hier stel JHWH dit duidelik dat JHWH die volk wil nuut maak. JHWH is die Een wat heilig is en die nederiges bystaan. JHWH sal nie altyd toornig bly nie, omdat JHWH die mens ken. JHWH sal vertroos en mense heel maak en aan hulle vrede gee. Die slegtes sal nie vrede ervaar nie.

#### **4.2.5.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 57:18**

Jesaja 57:18 vorm deel van die groter struktuur wat uit Jesaja 56:1 tot 57:21 bestaan. Die struktuuranalise verskyn as Bylaag 14 aan die einde van die Proefskrif. Jesaja 57:18 vorm deel van die groter perikoop wat uit verse 14 tot 21 bestaan. Dit is hierdie perikoop wat bespreek word.

Die struktuuranalise toon aan dat hierdie gedeelte in drie dele uiteenval, wat nou aanmekaar skakel. Die troos van vers 18 sluit weer na twee kante by die troos aan, naamlik by koppeling k na al die voorafgaande verwysings na troos en by koppeling l, na die verwysings in verband met troos wat volg. Die troos van JHWH loop soos 'n goue draad deur die verhaal van Deutero-Jesaja en sluit aan by die hele Jesajaboek in Proto-Jesaja en Trito-Jesaja. JHWH is die een wat die troos inisieer, beveel en uitvoer.

Hier volg my eie vertaling van Jesaja 57:15-19.

15. Want so sê die hoë en verhewe Een wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam. Ek woon in die hoë en heilige plek, selfs met die berouvolle en nederige van gees, om die gees van die nederiges te laat herlewe, en die hart van die berouvolles te laat herlewe.

16. Want Ek sal nie vir ewig twis en vir nie vir altyd toornig wees nie, want die gees sal voor My aangesig vergaan, en die asem wat Ek gemaak het.

17. Ek was kwaad en het hulle geslaan oor die ongeregtheid van hulle hebsug. Ek het Myself weggesteek en was kwaad. Tog het hulle voortgegaan in hulle hart se weg.

---

<sup>400</sup> Dempsey (2010:155-156). JHWH se genade en liefde loop uit in troos.

18. Sy paaie het ek gesien, maar ek sal hom genees, en ek sal hom lei en herstel. Troos aan hom en aan sy roubeklaers.

19. Ek skep die vrug van die lippe. Vrede, vrede vir die wat ver en die wat naby is, sê JHWH en Ek sal hulle genees.

Die struktuuranalise van Jesaja 57:15-19 is as Bylaag 14 aan die einde van die Proefskrif. Hierdie struktuuranalise toon dat die troos met verbinding k aansluit by al die vorige verwysings na troos en by verbinding l aansluit by die verwysings na troos wat volg.

Jesaja 57:15-19 handel oor JHWH wat duidelik onderstreep dat Hy anders as die mens is. JHWH is die Heilige wat oor die mens heers en die mens as skepsel bystaan, bewaar en onderskraag. Hierdie gedeelte wys dat JHWH<sup>401</sup> die mens ken as swak en nietig. JHWH verklaar dat Hy nie altyd kwaad sal bly nie, en die nederige verbryselde mens sal bystaan en genees. JHWH vertroos die mens (Leupold, Vol. II. 1977:279-282).

#### **4.2.5.2 Samevatting**

Jesaja 57:15-19 toon weer duidelik dat JHWH die inisieerder van troos is. Die werkwoord  $\text{DN}$  veronderstel dat troos, nie net simpatie sal bewys nie, maar dat die persoon verder versorg en bygestaan sal word. Hier is dit juis die geval dat JHWH se vertroosting<sup>402</sup> ook bystand impliseer. Die swak en nietige mens wat hulp nodig het en berouvol is, kan op JHWH vertrou en weet dat hy hulp en onderskraging gaan kry (Beuken, 1989:90-93).

#### **4.2.6 Jesaja 61:2 Die werkwoord $\text{DN}$ word in die Pi'el in vers 2 gebruik – Kommentare**

Calvyn (1900:733-734) interpreteer hierdie vers as die teken van die kerk se eindbestemming. JHWH sal die verdrukte vromes opbeur en die bose mense bestraf. Die troos wat vertaal is, word nie gebruik by die uitleg nie.

---

<sup>401</sup> Leupold (Volume II. 1977:279-282) wys daarop dat die volk verkeerd optree en 'n verkeerde gesindheid teenoor JHWH het. JHWH kom in genade en ontferm Hom oor die volk, en troos die wat treur en belowe om die volk te genees.

<sup>402</sup> Beuken (1989:90-93) wys dat die werkwoord  $\text{DN}$  hier weer Jesaja 40:1-3 oproep. Trito-Jesaja wys dat JHWH die volk wil lei en vertroos. Die weg word voorberei vir troos.

Alexander (Vol II. 1976:397-400) behandel verse 1-3. Hy sien dit as die persoon deur wie die kerk verander gaan word. Indien 'n persoon die Gees van JHWH ontvang, dui dit daarop dat die persoon gekwalifiseerd en bestem is vir die taak. Die beskrywing hier sluit die naaste aan by die amp van profeet, hier die Messias. JHWH sal die treurendes vertroos en aan die wat rou, in Sion, troos gee en hulle omstandighede verander.

Franz Delitzsch (Vol. II. 1877:424-428) behandel verse 1-3 saam as 'n eenheid. Hy wys op die feit dat die kneg die Gees van JHWH sal ontvang en sal optree. Hy sien die kneg as Jesus wat, die met gebroke harte, sal genees en die wat treur oor die val van Sion sal vertroos. Die as op hulle koppe, as teken van rou, word vervang met 'n krans en ander geskenke en hulle sal krag kry. JHWH staan hulle by en JHWH word deur hulle vereer.

Leupold<sup>403</sup> gebruik die eerste drie verse as inleiding. Hy noem dit die goeie nuus aan Sion. Hy wys daarop dat die aankondiger sterk herinner aan die kneg van JHWH. Die opvallendste opmerking is dat hy bevind in vers 2 dat Trito-Jesaja die gedagte gebruik dat JHWH al die treurendes sal vertroos, 'n gedagte wat nie by Deutero-Jesaja gevind word nie. Herbert (1975:161-164) behandel Jesaja 61 as 'n geheel en het troos in vers 2 vertaal. Herbert verwys daarna dat hoofstuk 61 'n verdere ontwikkeling en uitbreiding is van hoofstuk 60. Die knegliedere vind 'n aansluiting by die goeie nuus wat gebring moet word en die vryheid wat geproklameer moet word. Daar word nie weer na die troos verwys nie.

Eaton (1979:90-91) wys daarop dat die hoofstuk aansluit by die feesdrama. Wanneer die koning gesalf word, moet die leier die volk troos en amnestie toestaan. Dit is vir hom net deel van die nuwe jaar seremonie.

Hailey<sup>404</sup> (1985:492-493) bespreek die eerste drie verse as 'n perikoop. Hailey verklaar dat hy hier die kneg as Messias (en dit is Jesus se optrede) lees en wat meer as 'n profeet is. Die gees van JHWH is op hom en hy sal die goeie nuus bring.

---

<sup>403</sup> Leupold (Volume II. 1977:319-323) wys daarop dat die troos wyer is as die vergewing van sonde, en alle vorme van troos insluit. Hy verklaar die deel Messiaans.

<sup>404</sup> Hailey (1985:492-493) noem net dat almal wat treur sal vertroos word. Troos verdwyn in die agtergrond. Die werk van die Messias word bespreek.

Verder sal die kneg hulle wat treur almal vertroos. Die wat rou sal vreugde ondervind en 'n hooftooisel ontvang en hulle sal bome van regverdigheid genoem word.

Beuken (1985:492-493) behandel verse 1-7 as kleiner eenheid. Beuken wys daarop dat JHWH die profeet gestuur het. Hy het volmag vir sy taak gekry en hy neem die gestalte van die kneg aan. Die profeet se taak is verkondiging en vertroosting. Die blye boodskap moet aan verdruktes, verslae mense en gevangenes verkondig word. Die profeet moet die treurendes vertroos<sup>405</sup>. Die opdrag van Jesaja 40:1 word nou aan die kneg opgedra, sodat Sion kan weet haar dae van treur is verby. Alles gaan plaasvind tot verheerliking van JHWH. Die land gaan opgebou word en die volk sal as priesters optree. Die vreemdelinge sal in hulle diens staan.

Kraus<sup>406</sup> (1990:211-214) behandel verse 1-3 as 'n perikoop. Kraus wys daarop dat hierdie dalk 'n invoeging kon wees van 'n persoon wat verbonde was aan 'n Deutero-Jesaja-skool, want hierdie gedeelte herinner sterk aan die kneglied in Jesaja 42:1. Kraus wys verder op die probleem ten opsigte van die verklaring van vers 1: die Gees van JHWH wat oor hom kom, herinner aan Moses se salwing in Numeri 11:17 en 29, asook aan Elia en Elisa in 2 Konings 2:15. Die opdrag en werk maak dit moeilik om 'n spesifieke persoon te oormerk as kneg. Die gedeelte herinner aan die messias of die salwing van 'n koning. Die goeie boodskap moet aan die armes en lydendes verkondig word. Die verlossing en bevryding word geskenk en die treurendes sal almal vertroos word. Diegene in Sion wat treur se omstandighede sal so verander dat hulle vreugde en troos sal ontvang. Hulle sal bome van heil word en JHWH as hulp hê. Dit is die nuwe gemeente en volk van JHWH.

Miscall (1993:138-140) behandel verse 1-4. Hy wys daarop dat daar verskillende terminologie gebruik word vir verlossing of bevryding wat algemeen voorkom in Jesaja. Hier word byvoorbeeld verwys na die gebruik van 'goeie nuus', 'aankondig', 'oopmaak', 'troos' en 'rou'. Daar word nie in besonder op die verskillende temas ingegaan nie en troos word nie behandel nie.

---

<sup>405</sup> Beuken (1989:199, 203) wys dat die troos dadelik Jesaja 40:1-11 oproep. Die opdrag wat gegee is sal nou as taak deur die kneg uitgevoer word. Troos is die kontrasbeeld van treur.

<sup>406</sup> Kraus (1990:211-214) verbind troos aan al die teksgedeeltes in Deutero-Jesaja waar troos voorkom. Hy wys op die bevryding, met die jubeljaar, wat lei tot troos.

Motyer<sup>407</sup> behandel verse 1-9 as 'n groter eenheid en verse 1-4 as kleiner perikoop. Hy behandel hierdie gedeelte as van toepassing op Jesus en sê die gesalfde is die Here Jesus. Hy sien Jesaja se profesie as 'n teken van die eerste en die tweede koms van Jesus na die aarde. Die Gesalfde sal die goeie nuus bring en almal wat treur en rou, vertroos. Hy sien rou as teken van alle ongelukkigheid op aarde wat mense laat seerkry. Die gebrokenheid sal ten volle herstel word (1993:499-501).

Webb (1996:234-235) hanteer verse 1-11 as 'n geheel. Hy is van mening dat die persoon in die eerste verse tegelyk kneg en Messias is. Hy gaan dan verder om die gedeelte te interpreteer dat Jesus die persoon is, wat hier gaan optree, en wat die tyd inlei van genade en bevryding.

Oswalt (2003:648-651) behandel verse 1-3a as 'n eenheid. Oswalt wys op die debat wat daar bestaan, oor die persoon, oor wie hierdie verse beskryf. Sy mening is dat dit die Messias is, aangesien hy die Gees van JHWH ontvang, goeie nuus aankondig, en vernuwing bring in mense se lewens en gesindhede. Oswalt meld dat die Messias dwarsdeur die hele boek Jesaja aangekondig word. Hy noem niks van troos nie, maar verklaar dat die rou in blydskap verander sal word.

Dempsey<sup>408</sup> behandel verse 1-4 as 'n eenheid. Sy wys daarop dat die profeet nou sy verhouding met JHWH bely. Sy werksopdrag word uitgespel, om die goeie nuus te bring, vryheid aan te kondig, almal te vertroos en almal in Sion te troos wat rou en hulle rou met vreugde te vervang. Die wat die herstel beleef het, sal as knegte lewe (Dempsey, 2010:170-171).

#### **4.2.6.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 61:2**

Jesaja 61:2 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit Jesaja 61:1-11. Dit handel in hierdie verse oor die vreugdeboodskap vir dié wat treur. Die werkwoord יָדַע kom hier voor. Die woord word in hoofstuk 6 behandel. Die struktuuranalise van hoofstuk 61 verskyn as Bylaag 15 aan die einde van die Proefskrif. Die gedeelte word verder verdeel in 1-7 en 8-11. Die struktuuranalise van Jesaja 61:1-11 sit die opbou van hierdie eenheid se samestelling uiteen. Die troos in vers 2 skakel met die

---

<sup>407</sup> Motyer (1993:499-501) verklaar die gedeelte Messiaans en meld die troos.

<sup>408</sup> Dempsey (2010:170-171). Die troos word deur die profeet verkondig aan almal wat treur. Die profeet is die een wat deur JHWH aangestel is, om as kneg hier op te tree.

voorafgaande gedeeltes wat troos bevat met koppeling-v en met die laaste gedeelte oor troos in hoofstuk 66:13 met koppeling-w, wat die afsluiting van die troosboodskap van JHWH hanteer.

Hier volg my eie vertaling van Jesaja 61:1-7.

1. Die Gees van die Here JHWH is op my, omdat JHWH my gesalf het om die blye boodskap te bring aan die sagmoediges. Hy het my gestuur om die gebrokenes van hart te verbind, om vir die gevangenes vrylating uit te roep, en vir die geboeides opening van die gevangenis.

2. Om aan te kondig die aanneemlike jaar van JHWH, en die dag van wraak van ons God, om almal wat treur te troos.

3. Om aan te stel vir die wat treur in Sion, om aan hulle skoonheid in die plek van as. Die olie van vreugde in plek van rou. 'n Mantel van lof vir die wat verslae is van gees. Sodat hulle bome van geregtigheid genoem kan word, deur JHWH geplant, om Homself te verheerlik.

4. En hulle sal die ou puinhope bou, die verwoeste plekke van vroeër weer opbou, en hulle sal die verwoeste stede weer opbou, wat woens was van geslag tot geslag.

5. En vreemdelinge sal staan en julle kleinvee oppas, en die seuns van vreemdelinge sal julle landbouers en wynboere wees.

6. Maar julle sal priesters van JHWH genoem word, aan julle sal gesê word: Dienaars van ons God. Julle sal die rykdom van die nasies eet, en op hulle heerlijkheid julle beroem.

7. In plaas van dubbele skande ontvang julle dubbeld. In plaas van smaad sal julle jubel oor julle deel. Hulle sal 'n tweede keer hulle land besit, en ewige vreugde sal julle geniet.

Die struktuuranalise van Jesaja 61:1-7 is as Bylaag 15 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise toon aan dat verbinding v aansluit by die vorige verwysings na troos en verbinding w aansluit by die verwysing na troos wat volg.

Jesaja 61:1-7 wys daarop dat die profeet nou die boodskap moet verkondig en die troos uitdra. Die boodskap gaan na almal wat sagmoedig is, gebroke van hart is en gevangenes is. Die treurendes sal troos ontvang. Die land word weer opgebou en die volk sal tot eer van JHWH lewe.

#### 4.2.6.2 Samevatting

Jesaja 61:1-5 is waar die profeet daarop wys dat JHWH hom aanstel en roep om as kneg op te tree. Hy moet die blye boodskap gaan verkondig en troos<sup>409</sup> gee. Die land sal herbou word en die volk sal as priesters tot eer van JHWH lewe. Sion sal nou die troos ervaar (Kruger, 2002:471)

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  gryp hier terug na Jesaja 40:1-11 en die troosopdrag<sup>410</sup> sal nou deur die kneg uitgevoer word. Die opdrag van JHWH word nou as taak aan die kneg opgedra (Beuken, 1989:199,203).

#### 4.2.7 Jesaja 66:13 In vers 13 word die werkwoord $\text{נָחַם}$ drie keer gebruik, twee keer in die Pi'el en een keer in die Pu'al – Kommentare

Calvyn (1900:789-790) verklaar verse 13-14 saam. Hy interpreteer die beeld as 'n toekomsvisie waarin die gelowiges eenmaal saam sal wees by die koms van die Messias. Dit kan ook gesien word dat die hoorders van die boodskap die verlossing uit Babel sal beleef. Die troos van Jerusalem wat vertaal is, word glad nie by die uitleg gebruik nie.

Alexander (Vol. II. 1976:466-469) behandel verse 10-14 as 'n eenheid. Vers 10 lei die verandering wat kom vir Sion in, al haar vriende kan saam bly wees oor haar glorie. JHWH sal vrede gee en almal troos. Hulle sal sien hoe die beloftes oor Jerusalem in vervulling gaan.

Franz Delitzsch<sup>411</sup> hanteer verse 13 en 14 in aansluiting met mekaar. Hy wys daarop dat Israel opgegroeï het, en uit ballingskap teruggekeer het, uit 'n vreemde land. Die volk is weer tuis in Jerusalem. In Jerusalem sal die inwoners deur JHWH vertroos word. Die volk se harte sal verheug wees en hulle word met bome vergelyk. JHWH sal hulle krag gee en JHWH se wil sal, deur die diensknegte van JHWH se optrede, bekend gemaak word (Vol. II.1877:503-504).

---

<sup>409</sup> Kruger (2002:471) wys dat die kneg in Jesaja 61:2 wonde verbind, en in die trooshandeling oorvleuel die werk van JHWH en die Gesalfde. Kruger stel dat die Here alleen gebroke harte kan genees. Heskett (2011:77) het Jesaja 61:2 saam met die ander Jesaja gedeeltes onder troos ingedeel.

<sup>410</sup> Beuken (1989:199, 203) wys dat die troos dadelik Jesaja 40:1-11 oproep. Die opdrag wat gegee is sal nou as taak deur die kneg uitgevoer word.

<sup>411</sup> Delitzsch (Volume II. 1877:503-504) wys daarop dat die volk terug is in Jerusalem, maar daar is nog die herinneringe aan die ballingskap. Hulle ervaar dat JHWH hulle troos.

Leupold<sup>412</sup> behandel verse 12-14 as 'n eenheid. JHWH praat deur die profeet en verseker die volk van bystand en troos, wat met die beeld van troos van 'n ma teenoor haar kind vergelyk word. JHWH sal die stad en inwoners so bystaan en daar sal vreugde en welvaart wees (Vol. II. 1977:375-376).

Herbert (1975:194-195) baken die perikoop af van vers 7-18a. Die troos in vers 13 word drie keer vertaal, en wanneer die uitleg gegee word, ontbreek die troos totaal. Daar word slegs daarop gewys dat JHWH Sion sal bystaan soos 'n ma haar kinders troos.

Hailey (1985:523-525) behandel verse 7-14 as 'n perikoop. Hy sien dat die kneg uit Sion gebore sal word (49:1-13). Nou interpreteer hy hierdie gedeelte na Jesus se hemelvaart, en die uitstorting van die Heilige Gees, as die nuwe nasies, die kinders van Sion, wat sal vermeerder. Hy sien dit ook as beeld van die kerk. Die Kneg sal nou almal troos en alle mense in Sion sal bly wees oor die prag van Sion. Hulle sal getroos word soos 'n ma 'n kind troos. Dit sal in die geestelike Jerusalem gebeur.

Beuken behandel verse 7-14 as 'n perikoop. Beuken wys op die aanvang van die gedeelte wat herinner aan 'n droom of raaisel. Die beeld van geboorte word gebruik om aan te toon dat JHWH, dit wat Hy begin het, sal deurvoer en afhandel. Hierdie teks sluit aan by Deutero-Jesaja in 40:27-31; 41:8-16; 49:14v; 51:12v. Die profeet wil die gehoor oortuig dat die beloftes werklikheid gaan word. Die oproep tot vreugde vir Jerusalem volg. JHWH kom nou aan die woord en wys daarop dat Jerusalem vrede sal ondervind en dat haar inwoners versorg sal word. Beuken wys daarop dat troos hier tot verwesenliking<sup>413</sup> kom. Die troossirkel in Jesaja 40-66 word hier voltooi. Die opdrag tot troos in 40:1-2 aan Jerusalem het nou 'n werklikheid geword (1989:116-126,123).

---

<sup>412</sup> Leupold (Volume II. 1977:375-376) beklemtoon dat die troos deur JHWH gegee word. Almal word vertroos en dit is teen hierdie agtergrond van die beloftes van voorspoed aan die stad.

<sup>413</sup> Beuken (1989:116-126,123) wys dat Jesaja 66 die troos van Jesaja 40:1-2 vervul. Die opdrag was tot troos en om na die hart van Jerusalem te praat. Die vertroosting lei tot die sien en blydschap van die hart. Hierdie troos sal nuwe krag gee en die hart en gebeente versterk. Die knegte van JHWH sal Sy optrede in die troos sien. Die algemene profetiese tema van die feit dat JHWH se ingrype in die wêreldgebeure tot kennis lei, word hier beklemtoon.



Kraus<sup>414</sup> (1990:248-252) behandel verse 6-17 as 'n perikoop. Hy wys daarop dat vers 7 begin om die toestand van heil vir Jerusalem te skilder. Die volk kom terug en sal as 'n skare terugkeer. In die stad sal hulle die heil van JHWH beleef en ondervind dat hulle getroos word. Hier word die aansluiting met Jesaja 40:1 gemaak en die sirkel van troos word voltooi. Treur en twyfel word nou met vreugde en troos vervang. Troos het in woord en daad, die krag, oprig van swak mense en die bemoediging geword. Troos is die eskatologiese gawe van JHWH, waarin alle onheil hulle einde vind. Die eskatologiese vrede en vreugde sal almal net die goeie laat ervaar. JHWH word vergelyk met die moeder wat, haar kind, vertroos. Die hele wêreld word nou betrek en almal sal die vrede van JHWH ervaar, almal wat hom dien en eer. Vers 17 staan alleen en pas volgens Kraus eerder in by hoofstuk 65:3.

Miscall (1993:146-149) bepaal die perikoop as 7-14a. Hy sê in sy bespreking dat Jesaja JHWH nie wil inperk nie, nie deur ideologie of teologie nie. Daarom vind ons in vers 13 die versekering van troos en ontferming en dat die routyd vir Sion verby is. Dit gaan oor JHWH wat vertroos en daarom vereer moet word.

Motyer (1993:535-538) voeg verse 5-14 as 'n groep saam. Hy bespreek dit as spanning in die gemeenskap, wat hy nie in 'n na-eksiliese tyd wil plaas nie, maar wel in die tyd van Jesaja. Hy wys daarop dat daar dwarsdeur die boek spanning bestaan het. Die deel van die volk van JHWH, wat in afhanklikheid van JHWH lewe, kan weet dat hulle vertroos sal word en deel sal hê aan die nuwe stad. Hy verbind troos hier weer met Jesaja 40:1, met die verskil dat die troos hier die afgehandelde aksie deur JHWH<sup>415</sup> is. Die volk is vertroos en sal die vreugde belewe in die nuwe Jerusalem (Motyer, 1993:538).

Webb (1996:248-249) voeg verse 12-17 as 'n perikoop saam. Webb verwys dan na die feit dat hier oor die nuwe Jerusalem gepraat word. Die stad sal voldoen aan alles

---

<sup>414</sup> Kraus (1990:248-252) wys op die verband met Jesaja 40. Die troos word bespreek. Kraus (1990:250) "Trost ist in Wort und Tat die Kraft der Aufrichtung und Ermutigung, der Heilung aller Leiden". Kraus verwys na die beeld van moederlike sorg en liefde om troos aan die stad en volk te verduidelik. JHWH se mag word sigbaar deur die troos wat, as belofte, nou aan Jerusalem betoon word.

<sup>415</sup> Motyer (1993:538) wys dat troos die aksie van JHWH is. Die troosopdrag van Jesaja 40:1, aan Jerusalem, word hier afgehandel.

wat dit moet wees. 'n Stad van vrede en daar sal alle mense van JHWH, die oues en nuwes, getroos word. Die vyande van JHWH sal die oordeel ondergaan.

Oswalt (2003:692-693, 695-696) behandel verse 7-14 as 'n eenheid. Hy verklaar dit deur na Sion te verwys as 'n moeder vir die volk en die nasies. Verder sê Oswalt dat die mens sy afhanklikheid aan JHWH moet betuig. Die mens moet in gehoorsaamheid lewe, dan sal hy ware lewe as 'n geskenk van JHWH ontvang. Die troos waarvan vers 13 praat, sien hy eerder as 'n bemoediging en opbeuring, in plaas van ware troos. Hy glo die mens wat sy kragteloosheid insien en ervaar weens sonde, en na JHWH kom in ware geloof sal bemoedig word.

Dempsey (2010:195) behandel verse 7-13 as 'n eenheid. Sy wys daarop dat Jerusalem en Sion die plek gaan wees waarheen die regverdiges terugkeer. Die stad sal welvaart beleef en vir haar kinders kan sorg en hulle vertroos. Die boodskap is dat JHWH vir Jerusalem sorg en so sorg sy vir die regverdiges.

#### **4.2.7.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 66:13**

Jesaja 66:13 vorm deel van die groter perikoop wat uit verse 7-14 bestaan, en wat binne die groot geheel van Jesaja 65:1 tot Jesaja 66:24 val. Die struktuuranalise van hoofstuk 66 verskyn as Bylaag 16 aan die einde van die Proefskrif. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 66:7-14.

7. Bring 'n vrou 'n kind in die wêreld voordat sy geboortepyne het? Kry sy 'n kind voordat die pyne haar oorval het?
8. Wie het van so iets gehoor? Wie het dit al gesien? Word 'n land op een dag gebore? Of word 'n nasie in een oomblik ontstaan? Want Sion het geboortepyne gekry, meteens is haar kinders gebore.
9. Sou Ek naby die geboorte bring en nie 'n geboorte laat plaasvind nie? Vra JHWH. Of sal Ek wat geboortes laat plaasvind die moederskoot toesluit? Vra jou God.
10. Wees bly saam met Jerusalem en juig saam met haar almal wat haar liefhet. Wees vrolik saam met haar, almal wat oor haar getreur het.
11. Julle sal aan haar drink totdat julle genoeg het, totdat julle veilig voel. Julle sal drink van die oorfloed wat sy het, en dit geniet.

12. Want so sê JHWH. Ek laat vrede na haar toe aankom soos 'n rivier. Ek laat die rykdom van die nasies na haar toe stroom. Julle sal drink, en op die heup gedra word, en op die knieë vertroetel word.

13. Soos 'n man wat deur sy moeder getroos word, so sal ek julle troos. En julle sal in Jerusalem getroos word.

14. En julle sal sien en julle hart sal vrolik wees. Julle beendere sal groei soos jong gras uitspruit. En die hand van JHWH sal deur Sy knegte geken word en Hy sal Sy vyande straf.

Die struktuuranalise van Jesaja 66:7-14 verskyn as Bylaag 16 aan die einde van die Proefskrif. Die struktuuranalise wys dat hierdie gedeelte die troos afsluit. Die verbinding z sluit aan by al die vorige verwysings na troos in Jesaja. Jesaja 66:7-14 wys daarop dat die heilsorakel die gedeelte afsluit en die troos deur JHWH dan oorgaan, tot troos wat Jerusalem, aan al die inwoners sal deurgee. Die troos sal tot gevolg hê dat die stad en inwoners permanente vrede geniet omdat JHWH die vrede gee en waarborg. Hierdie troos gryp terug na al die vorige verwysings ten opsigte van troos in die Jesaja boek. Die verbinding is deur die verbindingslyn-z in die struktuuranalise.

Die profeet praat met die volk en gebruik die voorbeeld van geboorte om sy saak te stel. Die volk moet beseft dat JHWH dit waarmee Hy begin het, sal afhandel en deurvoer. Die stad sal vreugde ervaar en versorg word deur JHWH. JHWH praat dan met die volk en wys daarop dat die volk vrede sal ervaar. Hulle sal goed versorg word en troos ervaar. Die troosopdrag van Jesaja 40:1-2 word nou hier voltooi. Hierdie troos<sup>416</sup> deur JHWH sal maak dat die stad en volk krag sal ontvang en sal beseft dat JHWH deur Sy daad na hulle omsien en vir hulle sorg (Delitzsch, Vol. II. 1877:503-504).

#### **4.2.7.2 Samevatting**

Jesaja 66:7-14 handel oor die profeet se gesprek met die volk. Die profeet wys deur die voorbeeld van geboorte te gebruik dat JHWH getrou bly aan Sy beloftes, en die

---

<sup>416</sup>Delitzsch (1877:503-504) wys daarop dat die volk ervaar dat JHWH hulle troos.

handelinge waarmee begin is, sal afhandel. Die volk word uitgenooi om in die vreugde van Jerusalem te deel. JHWH kom aan die woord en wys die volk daarop dat JHWH aan hulle vrede sal gee. Daar sal troos gegee word en die beeld van die versorgende ma word gebruik om die trooshandeling duidelik te maak.

Troos gryp hier terug na Jesaja 40:1-2 waar die opdrag tot troos<sup>417</sup> gegee word en om na die hart van Jerusalem te spreek (Kraus, 1990:248-252). Die werkwoord  $\text{DN}$  se gebruik kom hier tot vervulling. Die opdrag is nou uitgevoer. JHWH wat die troos inisieer, is die Een wat dit aan Jerusalem en sy aan die inwoners sal deurgee. Die volk en stad sal die heil van JHWH ervaar en dit is as gevolg van troos<sup>418</sup>, wat 'n handeling is wat voortgaan en sorg en ontferming impliseer (Beuken, 1989:116-126,123).

### 4.3 Kenmerke van troos en die hantering daarvan

#### 4.3.1 Jesaja 1 tot 39: Kenmerke uit die struktuuranalise

Die volgende kenmerke kom uit die struktuuranalise na vore ten opsigte van troos en die hantering daarvan deur die skrywer van hoofstukke 1 – 39. Die werkwoord  $\text{DN}$ : Troos kom in Jesaja 1:24 in die Nif'al voor en daar verwys dit na JHWH wat Hom gaan wreek op die volk as gevolg van hulle sonde. JHWH kan Homself nie troos met die volk se verkeerde optrede nie. In Jesaja 12:1 kom die werkwoord in die Pi'el voor en daar sal die volk ervaar: U het my vertroos. JHWH se toorn verander in troos vir die volk. Jesaja 22:4 bevat die werkwoord  $\text{DN}$  in die Pi'el en daar vra die profeet: Dring nie aan om my te troos nie.

Die troos speel 'n ondergeskikte rol in Proto-Jesaja. Hier gaan dit oor die volk wat gewaarsku word teen die dreigende ballingskap wat kom. Ten spyte van al die waarskuwings wat JHWH op verskillende maniere na die volk stuur, ignoreer die volk

---

<sup>417</sup>Kraus (1990:248-252) wys op die verband met Jesaja 40. Die troos word bespreek.

<sup>418</sup>Beuken (1989:116-126,123) wys dat Jesaja 66 die troos van Jesaja 40:1-2 vervul. Die opdrag was tot troos en om na die hart van Jerusalem te praat. Die vertroosting lei tot die sien en blydskap van die hart. Hierdie troos sal nuwe krag gee en die hart en gebeente versterk. Die knegte van JHWH sal Sy optrede in die troos sien. Kraus (1990:250): "Trost ist in Wort und Tat die Kraft der Aufrichtung und Ermutigung, der Heilung aller Leiden". Kraus verwys na die beeld van moederlike sorg en liefde om troos aan die stad en volk te verduidelik. JHWH se mag word sigbaar deur die troos wat as belofte nou aan Jerusalem betoon word. Motyer (1993:538): "I will comfort is divine action; you will be comforted is the human experience."

die tekens en gaan voort met hulle eie optrede en lewe asof JHWH nie 'n inspraak in hulle lewens het nie.

Die werkwoord  $\text{DN}$  word in Jesaja 1 ten opsigte van JHWH gebruik, in Jesaja 12 oor die volk en in Jesaja 22 oor die profeet. In Jesaja 1 gaan JHWH Homself troos deur die volk te oordeel en so wraak te neem oor die volk se verkeerde dade. Jesaja 12 gryp vooruit na die toekoms en sien die gebeure aan die einde van die ballingskap. Hier gryp die 'troos' na die opdrag van troos deur JHWH in Jesaja 40:1. Jesaja 22 skets die posisie van die profeet wat nie troos van die volk wil ontvang nie, omdat hy die verwoesting van Jerusalem sien, terwyl die volk wil feesvier en nie vir JHWH wil dien nie.

#### **4.3.2 Jesaja 40 tot 55: Kenmerke uit die struktuuranalise**

Die volgende kenmerke kom uit die struktuuranalise van hoofstukke 40 – 55 voor oor, die skrywer se hantering van, troos.

Troos, die werkwoord  $\text{DN}$  word in Jesaja 40:1 (Pi'el); 49:13 (Pi'el); 51:3 (Pi'el); 51:12 (Pi'el); 51:19 (Pi'el); 52:9 (Pi'el); 54:11 (Pu'al) in die naamvalle gebruik. In Jesaja 40:1 vind ons dat JHWH die opdrag gee dat die volk, wat in ballingskap is, getroos moet word. Die troosboodskap begin in Jesaja 40:1 en loop dwarsdeur tot by hoofstuk 55. Die volgende gedeelte vind ons in Jesaja 49:13. Hierdie vers bevestig die troos van Jesaja 40:1 en sluit die gedeelte met 'n loflied af. Die troos reik vorentoe uit en sluit by die volgende gedeeltes oor troos aan. Jesaja 51:3 verklaar dat JHWH Sion en die puinhope van Sion vertroos. In Jesaja 51:12 word gevind dat JHWH die volk troos. Die volgende gedeelte is Jesaja 51:19. Waar JHWH vra: Hoe sou ek jou kan troos? Jerusalem. Die vraag volg op die beskrywing van Jerusalem wat verwoes is en die inwoners is in ballingskap weggevoer. Daarna volg Jesaja 52:9 wat verklaar dat JHWH sy volk getroos het. Die laaste gedeelte, in Deutero-Jesaja, vind ons in Jesaja 54:11 waar Jerusalem as ongetrooste aangespreek word en waar JHWH belowe dat die stad herstel sal word.

Die struktuuranalise wys dat die troos van Jesaja 40:1 die basis vorm van Deutero-Jesaja. Die werkwoord  $\text{DN}$  verbind deur al die tekste in Jesaja 40 tot 55 met mekaar. Hierdie boodskap van troos, of sonder troos, heg die dele aanmekaar. Die opdrag van Jesaja 40:1 word aan die volk vervul in Jesaja 49:13 en aan die stad in Jesaja

54:11. Die gebruik van die werkwoord  $\text{נחם}$  laat Deutero-Jesaja aansluit by Jesaja 1-39 en Jesaja 56-66.

### **4.3.3 Jesaja 56 tot 66: Kenmerke uit die struktuuranalise**

Die volgende kenmerke kom uit die struktuuranalise van hoofstukke 56-66 voor oor, die skrywer se hantering van, troos. Die werkwoord  $\text{נחם}$ : Troos kom in Jesaja 57:6 voor en daar is JHWH aan die woord. JHWH vra vir die volk: Sou jy so getroos wil word. Sou jy daarmee vrede maak. Die vraag word gestel, om die volk te laat besef dat JHWH nie vrede met hulle verkeerde daed kan maak nie. Daarna vind ons die werkwoord  $\text{נחם}$  in Jesaja 61:2 in die Piel. Hier handel dit oor die feit om al die treurendes te troos. In Jesaja 66:13 kom die werkwoord in die Pi'el en Pu'al voor. Hier handel dit oor die feit om iemand te troos, soos wat sy moeder hom sal troos. Verder sal JHWH die volk troos, en die volk sal in Jerusalem getroos word. Die woord  $\text{נחמים}$ : Troos word in Jesaja 57:18 gebruik. Daar verseker JHWH die volk: Ek sal aan hulle weer vertroosting gee.

Die teksgedeeltes in Trito-Jesaja wat troos bevat, skakel nie almal met mekaar nie. Die wisselwerking tussen verse met die werkwoord  $\text{נחם}$  toon 'n verskil, in aanwending, ten opsigte van Deutero-Jesaja. Trito-Jesaja het 57:6 waar JHWH Homself moet troos met verkeerde optrede van die volk. In 57:18 neem JHWH weer die inisiatief en wys dat Hy vertroosting sal gee, ten spyte van die volk se verkeerde optrede. JHWH sal ingryp en die volk genees. Die ander tekste in 61:2 en 66:13 toon die troos en gryp terug op Jesaja 40:1-2.

## **4.4 Samevatting**

### **4.4.1 Tekste in Deutero-Jesaja**

Troos, die werkwoord  $\text{נחם}$ , open Deutero-Jesaja se inleiding en laat 'n verwagting by die leser wat meer oor die troos wil uitvind. Die troos word deur JHWH geïnisieer en gewaarborg. Dit is genade dat die volk hierdie troostoeseëgging kry. JHWH bewys genade aan die volk wat in ballingskap weggevoer is, omdat hulle teen JHWH gesondig het en JHWH nie wou erken, as hulle hulp en Hom alleen wou vereer, nie.

Die ondersoek na die teksgedeeltes wat die werkwoord  $\text{נחם}$  bevat, het aangetoon dat hier sprake van 'n tweede eksodus is. Daar is daarop gewys dat die volk nie met haas moes trek nie, en hulle vra ook nie besittings van die oorheersers nie. 'n Ander

verskil met die eksodus uit Egipte is opmerklik: in Jesaja 40 tot 55 word daar nie berig dat daar deur die volk tot JHWH geroep word om hulle uit ballingskap te red nie. Die aankondiging tot troos kom uitsluitlik van JHWH af en is 'n opdrag aan die profeet om, die volk en Jerusalem, te troos. Hier is die genade van JHWH sigbaar aan die volk en stad.

Die werke wat gebruik was om die teksgedeeltes na te gaan en te ontleed dek 'n wye spektrum van sieninge. Die Reformasie het op die genade klem gelê. Die klem op genade kom nie ten volle na vore in Calvyn se kommentaar nie. Hy sal die genade raaksien, maar nie die troos wat juis 'n bevestiging van die genade is nie. Die meeste eksegete wat Jesaja Messiaans interpreteer, beklemtoon die genade van JHWH, maar sien nie die troos binne die konteks van genade nie.

Jesaja 40 se proloog<sup>419</sup> is ondersoek en hier vind ons dat die troos van JHWH af kom. Die volk moet leer dat JHWH alleen troos gee, uit JHWH se liefde en genade en, in JHWH se ontferming oor die mens. Die proloog van Deutero-Jesaja kondig die troos aan die volk en die stad aan. Hier kry ons kortliks 'n beskrywing om aan te toon hoe die pad vorentoe sal verloop, en die volk en stad vertroos sal word (Beuken, 1979:30).

Dit is opmerklik dat JHWH die troos aankondig en waarborg. JHWH is deurgaans in Deutero-Jesaja die Een wat op die voorgrond staan. JHWH se verhouding<sup>420</sup> tot Israel, tot die stad Sion/Jerusalem, en JHWH se verhouding met die volke word uitgebeeld (Beuken, 1979:30). Daar is baie aanhalings uit Jesaja, wat in die Nuwe Testament gebruik word. Jesaja 40 tot 55 word dikwels deur Lukas<sup>421</sup> (Mallen,

---

<sup>419</sup> Beuken (1979:30) verklaar dat die proloog van Deutero-Jesaja al die temas van die boodskap saamvat. Volgens Beuken word die troos aangekondig, en dan sal die volk onder JHWH se leiding terugkeer na Jerusalem. Die heil wat tot stand kom en hoe die hindernisse in die pad daarvan oorwin word, is deel van die boodskap van troos en vertroosting.

<sup>420</sup> Beuken (1979:30) wys op al die verhoudings waarin JHWH staan, asook die verhoudings waarin die profeet en volk staan. Profeet en Israel, en Israel en die volke. Tiemeyer (2012:236-237) beklemtoon die feit dat JHWH beskryf word as die Koning wat regverdig en genadig is, en as 'n herder wat vir die volk sorg.

<sup>421</sup> Mallen (2008:5, 205-207) wys daarop dat Lukas die gedeeltes in Jesaja aanhaal wat volgens hom na Christus verwys, en op die feit dat JHWH die heidene as deel van die geloofsgemeenskap aanvaar. Mallen wys op die gebruik van Psalm 118:22 wat op een plek korrek aangehaal word (in Lukas 20:17), maar in Handeling 4:11 aangepas is. Mallen gebruik die voorbeeld en toon aan dat Lukas op dieselfde manier met Jesaja se aanhalings werk. Die aanhaling word soms 'n bietjie gewysig, om aan te pas by die teologiese argument. Lukas gebruik die kneg deurgaans as

2008:5, 205-207), Paulus<sup>422</sup> (Aernie, 2012:63, 144, 149) en ander skrywers van die Nuwe Testament aangehaal. Die skrywers wat die aanhalings gebruik, maak nie van die troosboodskap gebruik nie.

Die troos van Jesaja 40:1 word vervul in Jesaja 49:13<sup>423</sup> ten opsigte van die volk wat vertroos is (Goldingay, 2005:374-381). Die vertroosting is gesetel in die feit dat die volk die versekering het dat hulle na Jerusalem toe gaan terugkeer. Babel gaan verslaan word en die Persiese koning Kores sal die volke toelaat om na hulle verskeie lande toe terug te keer. Hulle sal daar hulle stede herbou, en hulle opnuut daar te vestig. Hoofstukke 40:1 tot 49:13<sup>424</sup> handel oor die volk wat vertroos moet word en die goeie boodskap, van bevryding uit die ballingskap, moet hoor en aanvaar. In hierdie eerste gedeelte van Deutero-Jesaja word daar gereeld na die volk verwys as Jakob of Israel (Heskett, 2011:77, 130, 132).

Hierdie gedeelte het gehandel met die troos, bemoediging en opbou van die volk wat moes weet, en verseker word, dat JHWH vir hulle omgee en hulle sal bystaan. Dit gebeur omdat hulle vir JHWH kosbaar is en in 'n besondere verhouding met JHWH staan. JHWH is die een wat in beheer is en Sion se kinders sal laat terugkeer.

---

Christus. Verder word die kneg se taak aangepas, die inklusiewe natuur van redding beklemtoon, en die herstel en oprigting van Jerusalem geïgnoreer. Lukas lees Jesaja se verkondiging van troos, hoop en redding, en pas dit toe op die kerk. Die eksodus- en knegmotiewe by Jesaja is vir Lukas belangrik. Lukas lees Jesaja Christosentries. Lukas sien Jesaja as die profeet wat 'n paradigma verskaf vir die beoefening van sending.

<sup>422</sup> Aernie (2012:63, 144, 149) wys daarop dat Lukas, in Lukas 2:25, al die gedeeltes wat oor troos handel op Simeon betrek. Die rede daarvoor is dat Lukas troos sien as deel van die taak van 'n profeet of priester. Aernie wys daarop dat Paulus in 2 Korintiërs verwysings maak na Jesaja 40 tot 55. Dit gaan vir Paulus oor JHWH se werk met Israel en die eksodus, sowel as die feit van Christus as Dienskneg, en die redding van Israel. Troos word nie aangespreek nie, terwyl daar na die tekste in Jesaja verwys word wat oor troos handel.

<sup>423</sup> Goldingay (2005:374-381) wys daarop dat vers 13 die afsluiting vorm van die troos vir die volk. Die opdrag tot troos word in 40:1 gegee en hier word gerapporteer dat die volk vertroos is. Die opdrag is uitgevoer. Dempsey (2010:124) wys daarop dat die sirkel van 40:1 hier in 49:13, voltooi is. Die troos aan die volk het gerealiseer. JHWH het die volk vertroos, en daarom volg die loflied.

<sup>424</sup> Heskett (2011:77, 130, 132) verwys na troos en noem net die teksgedeeltes waar die woord verskyn. Daar is geen bespreking oor troos nie. Haar indeling van hoofstukke 49 tot 55 verwys na Jesaja 49:13 as 'n lied van troos. Heskett sien Jesaja 49 se verse 1-6 as 'n fokus op die individuele kneg, verse 7-12 'n oproep om die land te herstel en 13 'n lied van troos. Heskett sê dat vers 13 'n breek veroorsaak in die hoofstuk. Klein (2009:214-217) wys daarop dat Jesaja 49:1-13 uit Jesaja 40:1-11 ontstaan. JHWH het die volk se skuld vergewe en die hindernisse op die pad opgeruim, en in Jesaja 49:12 kom die volk in Sion aan. Klein sê dat Jesaja 49:13 hierdie deel afsluit wat in Jesaja 40:1 begin het. Die opdrag tot troos wat aan die volk gegee is, is nou afgehandel.



JHWH is die Bevryder<sup>425</sup> wat Sion se kinders bevry, en Sion beskerm (Van der Woude, 2005:152).

Jesaja 51:3 wys dat die inisieerder van die troos en die vernuwing slegs JHWH alleen is. JHWH<sup>426</sup> is die een wat gesindhede en omstandighede kan laat verander (Beuken, 1983:107-120). Hierdie gedeelte stel dit duidelik dat die stad alleen op JHWH kan vertrou in alle omstandighede. Die veranderinge wat gaan plaasvind is die gevolg van JHWH se beloftes aan die stad en as gevolg van JHWH se liefde en ontferming oor die stad Sion. Dit is duidelik, uit die struktuuranalise, dat die troosbelofte aan die begin weer in verse 7 en 8 versterk word met die bemoediging om nie bang te wees nie, want alle mense is tydelik en van JHWH afhanklik. Verder word die versekering gegee dat JHWH se verlossing en geregtigheid blywend is.

Dit is 'n wonder van JHWH dat Abraham en Sara in hulle ouderdom 'n kind kon verwek<sup>427</sup>. Hierdie wonder bring troos sodat die volk kan weet dat alles vir JHWH moontlik is (Oswalt, 2003:563-568). Die feit van Abraham is 'n verwysing na die belofte van landsbesit. Die land is deur JHWH aan Abraham en sy nageslag belowe<sup>428</sup>. Verder is daar in Genesis 12 gesê dat Abraham tot 'n seën van die nasies sal wees (Lee, 1995:180). Die volk moet so optree dat die ander volke die seën kan ontvang. Hulle moet ander volke aan JHWH bekend stel sodat JHWH deur die ganse skepping gedien en vereer kan word. Al die eilande wag op die leer van die

---

<sup>425</sup> Van der Woude (2005:152) wys daarop dat JHWH die inisiatief neem en Sion se kinders terugbring. JHWH tree so op dat Sion tot die insig kan kom om te besef dat JHWH haar Bevryder is, en dat JHWH ten alle tye vertrou kan word. Klein (2009:214-218) verklaar dat die leser deur Jesaja 40:12-49:13 in sy geloof versterk word. Hierdie is volgens Klein 'n leerstuk in die regte geloof. Klein wys daarop dat JHWH geken word as die Een wat in beheer is en die volk onder Kores laat terugkeer na hulle land. Klein wys dat die argumente nie net tot die volk gerig is nie, maar ook tot die lesers, wat JHWH leer ken as die een in wie 'n mens kan glo. Die hele gedeelte van Jesaja 40:1-49:13 staan onder die opdrag van troos wat gegee word, en dan deurgevoer word.

<sup>426</sup> Beuken (1983:107-120) verklaar dat JHWH in beheer bly, en die troos gee en die verandering wat bewerkstellig word inisieer. Grimm en Dittert (1990:373-376) verwys na die troos wat deur JHWH gegee word. JHWH is in beheer en sal Sion se omstandighede verander. Motyer (1993:403-404) verklaar dat JHWH die troos en ontferming gee en Sion weer 'n nuwe toekoms gee.

<sup>427</sup> Oswalt (2003:563-568) herinner die leser aan die feit dat Abraham en Sara kinderloos was en oud. Dit is net genade van JHWH se kant dat hulle 'n nageslag gekry het.

<sup>428</sup> Lee (1995:180) verwys na die feit dat JHWH die stad net so sal seën, soos Abraham geseën was met 'n groot nageslag. Klein (2009:236) toon aan dat die verwysing na Abraham daar is om die geloof te versterk, asook dat dit herinner aan die landsbelofte. Die ballinge as nakomelinge van Abraham, het die reg op besit in die land wanneer hulle na Jerusalem toe teruggaan.

dienskneg, so ook die ander nasies. Die leer stel JHWH aan hulle bekend. Troos word in Jesaja 51:1-8 verder ondersteun deur die feit dat JHWH die inisieerder is van troos. Verder is JHWH totaal in beheer van die geskiedenis.

Jesaja 51:9-16 bring die boodskap dat JHWH in beheer is van die ganse skepping. JHWH het alles gemaak en alle magte is aan Hom onderwerp. JHWH troos die stad Sion en sorg vir die volk. JHWH verseker die volk dat Sy geregtigheid vir altyd sal wees. JHWH het die volk geroep, versorg en troos hulle. Die stad en volk kan verseker wees van die sorg en bystand van JHWH, soos uit die verlede<sup>429</sup> en vir altyd (Leupold, Vol.II. 1977:205-207).

Dit word duidelik uit Jesaja 51:17-23 dat die stad Jerusalem se tyd van oordeel nou verby is. Daar word na Jerusalem geroep om wakker te word en op te staan. Jerusalem het die beker van toorn, van JHWH, geledig. Die toestand waarin Jerusalem haar bevind het, word nou kortliks geskets. Die stad is in 'n aanval deur geweld<sup>430</sup> verwoes (Grimm en Dittert, 1990:387-388). Jerusalem het haar in haglike omstandighede bevind. Daar was niemand om haar in die omstandighede by te staan nie. Alleen het sy die straf gedra. Die inwoners van Jerusalem het self die straf van JHWH ondervind, in hulle ballingskap. Daarom moet die profeet tot die slotsom kom dat alleen JHWH Jerusalem in hierdie situasie kan troos<sup>431</sup> (Motyer, 1993:413-415).

Die visioen van die profeet in Jesaja 52:7-10 toon 'n boodskapper wat vinnig na Jerusalem toe hardloop. Hierdie boodskapper het goeie nuus om oor te dra. JHWH is Koning en kom terug na Sion toe. Die wagte op die mure dra die wonderlike nuus oor. Die stad, inwoners en puinhope juig en gaan oor om die lof van JHWH te

---

<sup>429</sup> Leupold (Volume II. 1977:205-207). Leupold wys daarop dat JHWH troos gee en alles onderhou wat geskep is. Kraus (1990:134-138) wys dat JHWH troos en die volk ten alle tye beskerm. Oswalt (2003:569-572) beklemtoon dat JHWH as Skepper in beheer is en troos.

<sup>430</sup> Grimm en Dittert (1990:387-388) sien hierdie beskrywing as 'n beeld van die voltrekking van die toorn van JHWH oor die stad, by die vernietiging van die stad in 587 v.C. Die stad word vernietig en die bevolking gedood of gevang en weggevoer.

<sup>431</sup> Motyer (1993:413-415) toon aan dat die stad van alle hulp gestroop is. Alleen JHWH sal die stad kan troos. Dempsey (2010:136-137) sien dat die troos nou na die stad toe kom, want JHWH neem die beker van Sy toorn uit haar hand uit.

besing. JHWH heers en het die volk en stad verlos en troos<sup>432</sup> aan hulle verskaf (Ehring, 2007:76-77).

Jesaja 54:11-17 bevestig weer die trou en genade van JHWH. Die stad wat as 'n hulpelose vrou beskryf word, en ongetrooste genoem word, se omstandighede sal drasties verander. JHWH praat met die stad en sê dat sy in prag herstel sal word. Die stad word verseker van die feit dat JHWH in 'n verhouding met haar staan, 'n huweliksverhouding, en haar sal versorg en beskerm.

Hierdie uitsprake van JHWH oor sorg, bystand en beskerming, dien as troos<sup>433</sup> vir die stad. Daar word ook verseker dat JHWH altyd in die stad sal wees, en dat daar vrede sal heers (Beuken, 1983:272).

Die troos wat in Jesaja 40:1 as opdrag van JHWH kom, se sirkel is nou voltooi. JHWH wat die opdrag tot troos gegee het, het nou met Sy sorg oor en bystand aan die stad, en die bevestiging dat die stad Sy bruid is, die sirkel voltooi en die troos aan die stad gebied. Die troosopdrag van Jesaja 40:1<sup>434</sup> word aan die volk afgehandel in Jesaja 49:13 en word hier in Jesaja 54:1-17 deur JHWH aan die stad bevestig. Die teksgedeeltes uit Deutero-Jesaja toon baie duidelik aan dat JHWH die opdrag tot troos gee. JHWH is die inisieerder van die troos en JHWH sorg dat die volk en stad wel troos ondervind (Beuken, 1979:18-19, 30).

---

<sup>432</sup> Ehring (2007:76-77) wys dat hierdie verse JHWH beskryf wat as Koning na Sion toe terugkeer. JHWH gee troos vir die volk en verlos die stad. Klein (2009:246-247) wys daarop dat die terugkeer van JHWH impliseer dat JHWH saam met die ballinge teruggekom het. JHWH sal troos en verlossing bring. Klein sien hierdie deel as 'n antwoord op Sion/Jerusalem se klag in Jesaja 49:14-21 - geantwoord met die daad van terugkeer. Dempsey (2010:139) beklemtoon dat JHWH troos gegee het en die volk en stad verlos het.

<sup>433</sup> Beuken (1983:272) wys daarop dat Sion hier geskets word as die bruid van JHWH wat deur Hom versier word. Die stad se herstel dien as troos. Die gebruik van die werkwoord *חנן*, roep die ander plekke waar die werkwoord gebruik word in gedagte. Williamson (1994:120-122) wys daarop dat 'n tyd van redding deur die werkwoord *חנן* beskryf word, en troos in Deutero-Jesaja ervaar word. Deutero-Jesaja wil die klag van Klaagliedere omkeer.

<sup>434</sup> Beuken (1979:18-19, 30) wys dat daar lank nie troos was nie; die troos betaan daarin dat JHWH die volk in verbondsterme aanspreek. JHWH gee die opdrag tot troos. Beuken verklaar dat die proloog van Deutero-Jesaja al die temas van die boodskap saamvat. Volgens Beuken word die troos aangekondig, en dan sal die volk onder JHWH se leiding na Jerusalem terugkeer. Die heil wat tot stand kom en hoe die hindernisse in die pad daarvan oorwin word, is deel van die boodskap van troos en vertroosting. Dempsey (2010:140) beklemtoon dat die ongetrooste stad deur JHWH verander sal word, en troos sal ervaar.

#### 4.4.2 Algemene samevatting oor Jesaja as boek

Jesaja 1:21-31 toon aan dat die volk en stad se verkeerde optrede teenoor JHWH vra dat daar opgetree moet word. JHWH wys die volk en stad op die verkeerde dade en kondig aan dat hulle gestraf gaan word. Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word gebruik, wat in hierdie konteks vertaal word met 'om jouself te troos'. JHWH kan net daarin troos vind as die verkeerde optrede gestraf word. Hierdie straf gaan in liefde gedoen word, omdat JHWH die volk en stad liefhet en vir hulle omgee. Die straf is eintlik 'n louteringsproses<sup>435</sup> om inkeer te bewerk (Childs, 1967:64). Die volk en stad moet besef dat hulle weggedraai het, weg van JHWH af en ander dinge, wat vir hulle belangriker as JHWH geword het, in die plek van JHWH geplaas het. Daarom vind JHWH dit nodig om Homself te troos<sup>436</sup> deur die oordeel uit te spreek. Die tyd van genade vir die volk en stad is verby, en daar moet 'n wending kom in hulle gesindheid. Die oordeel is 'n oordeel wat uit liefde en genade gaan geskied om weer 'n gebreekte verhouding te herstel. Die verhouding tussen JHWH en die stad en volk (Wildberger, 1980:62-65).

Jesaja 12 bevat die dank en lof van die volk omdat JHWH<sup>437</sup> se toorn na troos verander het. Die volk besef dat hulle JHWH se dade moet verkondig en dat hulle veilig is by JHWH. Die feit dat die toorn na troos verander het, is die basis vir die loflied (Williamson, 1994:120-123).

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  word hier die tweede keer in Jesaja 1-39<sup>438</sup> gebruik. In Jesaja 1:24 het die feit dat JHWH Homself wil troos gelei tot die oordeel oor die volk. Jesaja

---

<sup>435</sup> Childs (1967:64) wys dat die ontroue stad weer as getroue stad bekend sal wees na vurige oordeel ondergaan was. Childs verwys na Jesaja 12:1 en volgende verse.

<sup>436</sup> Wildberger (1980:62-65) toon duidelik aan dat die oordeel JHWH sal troos en die volk en stad sal louter. Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  in die Nif'al word hier breedvoerig bespreek. Heskett (2011:37, 43-45) noem dat Jesaja 1:24-25 daarop dui dat die oordeel onherroeplik is en gaan plaasvind. Die Nif'al van  $\text{נָחַם}$  word gebruik om aan te toon dat JHWH Homself op 'n vyand gaan wreek, hier die afvalliges onder die volk.

<sup>437</sup> Williamson (1994:120-123) wys op die moontlikheid dat Deutero-Jesaja Jesaja 12 kon geskryf het. As argumente voer hy die volgende aan: Die volk het JHWH se toorn, wat nou verander in troos, ervaar. Daar is die verkondiging aan die nasies, wat ook JHWH se lof sal besing. Williamson verklaar dat die klem op die tyd van redding, beskryf word deur die werkwoord  $\text{נָחַם}$  wat in Jesaja 49:13, 51:3, 12, 19 en 54:11 voorkom. Dempsey (2010:30-31) sê dat JHWH die een is wat troos en daarna gaan die volk oor in lofprysing.

<sup>438</sup> Wildberger (1980:477-486) wys daarop dat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  ook in Jesaja 1:24 voorkom. Die verskil is dat die troos hier deur JHWH aan die volk bewys word, en in Jesaja 1:24 het die troos van JHWH aan Homself, die oordeel oor die volk ingehou.

12 getuig dat die oordeel se toorn, nou na troos verander het. JHWH het na die straf oor die volk, die volk in genade aangesien, en kom nou om die volk te troos. Die volk kom onder die besef dat JHWH hulle heil is. Hierdie volk is slegs by JHWH veilig wat hulle as volk beskerm. Die verhouding tussen die volk en JHWH, word deur JHWH herstel en daarom kan die volk nou weer troos ervaar (Wildberger, 1980:477-486).

Jesaja 22 teken die situasie in Jerusalem. Die stad sien dat die vyand weggetrek het en begin om fees te vier. Daar word beeste en skape geslag vir die feesvieringe. Die profeet roep die volk op om hulle te bekeer en om weer JHWH te dien. Die volk en profeet vind mekaar glad nie. Daarom weier die profeet<sup>439</sup> dat die inwoners hom kom troos (Heskett, 2011:56-57).

Die werkwoord  $\text{dn}\text{ן}$  word hier die derde keer in Jesaja 1-39 gebruik, maar nie deur die meeste eksegete bespreek nie. Daar is slegs enkele eksegete<sup>440</sup> wat verwysings gee na Jesaja 12:1 en 40:1, waar die werkwoord ook voorkom. Hier handel dit om die profeet wat nie getroos wil word nie, omdat die volk nie die krisis insien waarin hulle hulle bevind nie (Miscall, 1993:61).

Jesaja 57:6-11<sup>441</sup> skets 'n droewige prentjie van die volk se godsdienstige lewe. Daar word deur 'n groot deel van die volk afgodediens bedryf. JHWH gryp in en vra: 'Moet Ek My daaraan troos?' JHWH kan nie die dade goedkeur nie en daarom moet die oordeel noodwendig volg. Jesaja 57:6 herinner sterk aan Jesaja 1:24. Daar is 'n klein nuanseverskil in die werkwoord  $\text{dn}\text{ן}$  se betekenis. In 1:24 gaan dit 'om jouself te troos' en in 57:6 om 'jou daaraan te troos'. Jy moet met ander woorde maar verlies neem met die optrede waarvan jy nie hou nie. Hier sal oordeel volg, maar die volk sal nie JHWH se wraak oor hulle ervaar nie (Barstad, 2008:93).

---

<sup>439</sup> Heskett (2011:56-57) wys daarop dat Juda se klaaglied oor verwoesting hier met die ander nasies se lied oor verwoesting verweef word. Die profeet wys die inwoners daarop dat hulle moet treur en nie feesvier nie. Daarom dat die profeet sê hulle moet nie probeer om hom te troos nie. Heskett wys daarop dat die volk met hulle fees eintlik besig was om die oordeel van JHWH te omhels.

<sup>440</sup> Miscall (1993:61) noem dat die profeet nie troos wil ontvang nie, en plaas by troos die verwysing na die teksverse in Jesaja 12:1 en 40:1 sonder verdere bespreking.

<sup>441</sup> Barstad (2008:93) wys daarop dat die impuls vir herlewing uit die ballingskap gekom het. Hy gebruik Jesaja 57:3-15 en noem dat die volk se godsdienstige lojaliteit ernstig ondermyn was en dat hulle nie JHWH, suiwer, gedien het nie.

Troos word hier ironies gebruik wanneer JHWH die vraag aan die volk stel. Dit is dalk om hierdie rede waarom Jesaja 57:6 nie deur almal onder troos<sup>442</sup> geklassifiseer word nie (Heskett, 2011:77).

Jesaja 57:15-19 toon weer duidelik dat JHWH die inisieerder van troos is. Die werkwoord  $\text{ִנְנ}$  veronderstel dat troos nie net simpatie sal bewys nie, maar dat die persoon verder versorg en bygestaan sal word. Hier is dit juis die geval dat JHWH se vertroosting<sup>443</sup> ook bystand impliseer. Die swak en nietige mens wat hulp nodig het en berouvol is, kan op JHWH vertrou en weet dat hy hulp en onderskraging gaan kry (Beuken, 1989:90-93).

Jesaja 61:1-5 is waar die profeet daarop wys dat JHWH hom aanstel en roep om as kneg op te tree. Hy moet die blye boodskap gaan verkondig en troos<sup>444</sup> gee. Die land sal herbou word en die volk sal as priesters tot eer van JHWH lewe. Sion sal nou die troos ervaar (Heskett, 2011:77).

Die werkwoord  $\text{ִנְנ}$  gryp hier terug na Jesaja 40:1-11 en die troosopdrag<sup>445</sup> sal nou deur die kneg uitgevoer word. Die opdrag van JHWH word nou as taak aan die kneg opgedra (Beuken, 1989:199, 203).

Jesaja 66:7-14 handel oor die profeet se gesprek met die volk. Die profeet wys deur die voorbeeld van geboorte te gebruik dat JHWH getrou bly aan sy beloftes, en die handeling waarmee begin is, sal afhandel. Die volk word uitgenooi om in die vreugde van Jerusalem te deel. JHWH kom aan die woord en wys die volk daarop dat JHWH aan hulle vrede sal gee. Daar sal troos gegee word en die beeld van die versorgende ma word gebruik, om die trooshandeling duidelik te maak.

Troos gryp hier terug na Jesaja 40:1-2 waar die opdrag tot troos<sup>446</sup> gegee word en om na die hart van Jerusalem te spreek (Kraus, 1990:248-252). Die werkwoord  $\text{ִנְנ}$  se gebruik kom hier tot vervulling. Die opdrag is nou uitgevoer. JHWH wat die troos inisieer is die Een wat dit aan Jerusalem en sy aan die inwoners sal deurgee. Die

---

<sup>442</sup> Heskett (2011:77) het Jesaja 57:6 onder haar lys by troos geplaas.

<sup>443</sup> Beuken (1989:90-93) wys dat die werkwoord  $\text{ִנְנ}$  hier weer Jesaja 40:1-3 oproep. Trito-Jesaja wys dat JHWH die volk wil lei en vertroos. Die weg word voorberei vir troos.

<sup>444</sup> Heskett (2011:77) het Jesaja 61:2 saam met die ander Jesaja gedeeltes onder troos ingedeel.

<sup>445</sup> Beuken (1989:199, 203) wys dat die troos dadelik Jesaja 40:1-11 oproep.

<sup>446</sup> Kraus (1990:248-252) wys op die verband met Jesaja 40. Die troos word bespreek.

volk en stad sal die heil van JHWH ervaar en dit is as gevolg van troos<sup>447</sup> wat 'n handeling is, wat voortgaan, en sorg en ontferming impliseer (Beuken, 1989:116-126, 123).

Die afleiding word gemaak dat troos in Deutero-Jesaja<sup>448</sup> 'n tema is wat deurloop van Jesaja 40:1 tot Jesaja 54:11. Hierdie troos kom van JHWH af, wat dit as opdrag aan die profeet gee. JHWH is die inisieerder en waarborg van troos. Die volk moet getroos word en die verloop van die verhaal toon aan dat die volk in Jesaja 49:13 getroos is. Die troos wat Jerusalem moet ontvang volgens Jesaja 40:1-2, gaan voort tot in Jesaja 54:11. In die perikoop Jesaja 54:1-17 word die troos afgesluit met die belofte dat JHWH die stad herstel en as bruid neem. Die stad sal deur JHWH versorg en bygestaan word (Prinsloo, 1987:101).

Die motief van troos word verder voortgesit in Trito-Jesaja. Daar word gevind dat die pad wat met die werkwoord דנן deur Jesaja 1 tot 55 geloop is, amper weer afspeel in Jesaja 56 tot 66. Jesaja 57:6 herinner sterk aan Jesaja 1:24. Jesaja 57:18 bring die wending dat JHWH ingryp en korreleer met Jesaja 40:1. Die ander gedeeltes in Jesaja 61 en 66 beskryf die troos aan die stad, wat ooreenkom met Jesaja 49:13 en 51:3, 12, 19 en 52:9.

Die werkwoord דנן toon 'n duidelike lyn deur Jesaja, hoewel die aanwending verskil in die gedeeltes Jesaja 1 tot 39, 40 tot 55 en 56 tot 66, soos hierbo aangetoon. Troos staan altyd in verband met JHWH en die verhouding waarin JHWH tot die volk en die stad Jerusalem of Sion staan. JHWH is die Een wat troos gee en die situasie so beheer dat die troos kan voortgaan.

---

<sup>447</sup> Beuken (1989:116-126, 123) wys dat Jesaja 66 die troos van Jesaja 40:1-2 vervul. Die opdrag was tot troos en om na die hart van Jerusalem te praat. Die vertroosting lei tot die sien en blydskap van die hart. Hierdie troos sal nuwe krag gee en die hart en gebeente versterk. Die knegte van JHWH sal Sy optrede in die troos sien. Kraus (1990:250) sê. "Trost ist in Wort und Tat die Kraft der Aufrichtung und Ermutigung, der Heilung aller Leiden." Kraus verwys na die beeld van moederlike sorg en liefde om troos aan die stad en volk te verduidelik. JHWH se mag word sigbaar deur die troos wat as belofte nou aan Jerusalem betoon word. Motyer (1993:538) sê die volgende: "I will comfort is divine action; you will be comforted is the human experience."

<sup>448</sup> Prinsloo (Burden en Prinsloo, 1987:101) het na 'n ontleding van die literatuursoorte in Deutero-Jesaja tot die gevolgtrekking gekom, dat Deutero-Jesaja ooredend en vertroostend van aard is.

## HOOFSTUK 5

### JHWH waarborg troos in Deutero-Jesaja

#### 5.1 JHWH noem die volk ‘My volk’ en Name vir JHWH

##### ‘My volk’

Die benaming ‘My volk’ vir die volk Israel is waarmee Jesaja 40 begin, aan hierdie volk moet daar troos verkondig word en hulle moet troos ontvang en ervaar. Die troos word gebied deur die feit dat die ballingskap vir die volk Israel verby is en hulle na hulle land sal kan terugkeer. Hierdie boodskap is ’n goeie boodskap, wat by ’n deel van die volk, blydschap sal bring. Die deel van die volk wat na Jerusalem gehunker het, sal bly wees oor hierdie tyding en hulle sal werklik troos kan ervaar. In die Jesajaboek word albei woorde *אֱלֹהִים* sowel as *יְהוָה* vir ‘volk’ gebruik, maar in die meeste van die gevalle word na die volk verwys met die woord *אֱלֹהִים*.

Die benaming ‘My volk’ dui op ’n verbondsverhouding, die volk is deur JHWH uitverkies en volk van JHWH gemaak. Hierdie roeping en verkiesing gaan terug na die verbond met Abraham wat geroep is, uit Ur van die Galdeërs, as voorvader van die volk. Die feit dat Isak as seun vir Abraham en Sara gebore is, was ’n wonder en deur JHWH self bewerk. Hierdie feit word ook in Deutero-Jesaja gebruik, om die volk daaraan te herinner, dat JHWH die een is wat tot alles in staat is. Dit wat menslik onmoontlik lyk, die feit dat mense in hulle ouderdom ouers kan word, is vir JHWH moontlik. JHWH is die skepper en kan met niemand en niks anders vergelyk word nie.

‘My volk’ dui op ’n unieke verhouding tussen JHWH<sup>449</sup> en die volk. ’n Verhouding wat deur JHWH geïnisieer en onderhou is (Høgenhaven 1988:31). Die volk is gekies sonder dat hulle dit verdien het, of iets gedoen het, wat hulle in die posisie geplaas het. Dit is volgens JHWH se vrye wil en JHWH se eie keuse dat Israel volk van JHWH geword het. Die volk moes in diens van JHWH staan. Hulle moes so lewe dat

---

<sup>449</sup> Høgenhaven (1988:31). Hier vind ons die opmerking: "Nirgends wird bei Jesaja Israel oder Juda (oder die Bevölkerung beider Reiche) 'am jhwh genannt. Dagegen gebraucht er an mehreren Stellen 'am mit einen Pronominal-suffix (der ersten oder dritten Person), das sich auf Jahwe bezieht." Daarom word die volk ‘my volk’ genoem.



ander die unieke verhouding kon sien en weet dat JHWH die enigste een is wat gedien en geloof en geprys moet word. Hierdie innige verhouding van die volk wat 'My volk' genoem word, versterk die troos.

Die woord *אֱלֹהִים* wat volk beteken. Die woord *אֱלֹהִים* is die algemene woord wat, vir die volk Israel gebruik word, in die boek van Jesaja<sup>450</sup>. In Deutero-Jesaja word daar deurgaans met *am* na die volk Israel verwys (Høgenhaven, 1988:34-36). Die volk word dan ook gekoppel met JHWH, aan wie die volk behoort. JHWH het die volk gekies en Hy bewaar en beskerm die volk van Israel. Daar word na Israel ook as Jakob of huis van Jakob in Deutero-Jesaja verwys. Troos word as 'n uitnodiging aan die volk gegee. Hulle kan dit nie bewerk nie. JHWH gee dit aan die volk. Hierdie is 'n goeie tyding. JHWH bevestig Sy bystand. Hy gee troos. JHWH is hulle herder in Jesaja 40:11. Die volk hoef nie bang te wees nie. JHWH vat hulle hand. Die persoonlike verhouding word beklemtoon deur die persoonlike voornaamwoord, *my*, wat gebruik word om na die volk te verwys. Daar is weer iets van die herstelde verbondsverhouding hier aanwesig.

### **Name vir JHWH**

Deutero-Jesaja gebruik benaminge om JHWH mee bekend te stel. Daar word na JHWH verwys as *Ei*, *Elohim* en dan meer spesifiek met die benaminge JHWH. 'Jou Verlosser'. 'Die heilige Een van Israel'. 'JHWH van die leërskaar'. 'Jou vormer in die moederskoot'. 'Ek is JHWH wat alle dinge gemaak het'. Die benaming JHWH *jou/sy/Israel Verlosser* kom tien keer voor. JHWH, 'Jou Maker', 'jou man'. 'JHWH jou God'. 'Die koning van Israel'. 'Ek is JHWH wat alle dinge gemaak het'. 'JHWH is jou Redder' en 'die magtige Een van Jakob'. Hy word genoem 'die God van die hele aarde'. Hierdie Name kom voor in die gedeeltes waar JHWH as Verlosser voorgestel word, met die werkwoord en selfstandige naamwoord *אֱלֹהִים*. Die term *אֱלֹהִים* is een van

---

<sup>450</sup> Høgenhaven (1988:34-36). Die woord 'am' word by Jesaja met sowel politieke, staatsregtelike en religieuse implikasies gebruik. So beteken die uitdrukking 'My volk' die volk van JHWH. Die volk kan sowel Israeliete as Judeërs insluit. Die volk sluit alle persone wat in 'n verband met JHWH staan, en 'n verpligting teenoor JHWH het, om JHWH te dien, in.

die belangrike titels wat Deutero-Jesaja vir JHWH gebruik<sup>451</sup>. Westermann (1987:48) wys daarop dat die *לגל* wat oorspronklik die lossers is, in Deutero-Jesaja die troos aandui. Die Name kom in die volgende tekste voor: Jesaja 41:14; 43:14; 44:6; 44:24; 47:4; 48:17; 49:7; 49:26; 52:9; 54:5 en 54:8. Hierdie Name vir JHWH beklemtoon die persoonlike verhouding. Daar is weer iets van die herstelde verbondsverhouding hier aanwesig. JHWH spreek die volk en stad persoonlik aan en hulle vind dat JHWH 'jou Verlosser' is, 'jou man'. JHWH word in Jesaja 43:1, 7 en 15 'die Skepper van Israel' genoem. JHWH bevestig aan Sion: 'Ek het jou in die handpalms gegraveer' (49:16).

### 5.1.1 Samevatting

Die tekste in Jesaja 41:14; 43:14; 44:6; 44:24; 47:4; 48:17; 49:7; 49:26; 52:9; 54:5 en 54:8, met die name vir JHWH bevestig en versterk die troos-element. Hierdie name wys op 'n persoonlike verhouding wat van JHWH se kant af herstel is. JHWH spreek die volk met persoonlike en besittlike voornaamwoorde aan. Voorbeelde is: 'jou Verlosser'<sup>452</sup>, (Koole, 1985:15-16, 18-19), 'My volk'<sup>453</sup> (Beuken, 1979:18-19), 'jou God', 'jou Redder', 'jou Maker', 'Koning van Israel' en 'sy verlosser'.

Die volk in ballingskap, en die verwoeste stad, kan met nuwe moed voortgaan, na die bevestiging met die Name vir JHWH, wat daarop dui dat die verbondsverhouding weer herstel is.

---

<sup>451</sup> Die klem wat Deutero-Jesaja op die titel *לגל* vir JHWH plaas, is deur Stuhlmueller (1970:99) en Mettinger (1988:162-167) beskryf. Hierdie titel beklemtoon die troos wat deur JHWH aan die volk en stad gegee word.

<sup>452</sup> Koole (1985:15-16, 18-19). Koole beskou 'bevry' en 'help' as sinonieme vir die troos. Daarom beklemtoon Koole dat Deutero-Jesaja 'n troosboek is. Die klem val vir Koole op die verhouding tussen JHWH en die volk. As die volk reg lewe en JHWH dien sal hulle troos ervaar en onder die beskerming van JHWH lewe.

<sup>453</sup> Beuken (1979:18-19) wys dat die benaming 'My volk' in die kader van die verbond staan. Volgens Beuken sien Deutero-Jesaja die feit dat JHWH die inisiatief neem, in die vertroosting van Israel, dat JHWH die verbondsverhouding met die volk weer herstel. Berges, (Jesaja 40-48. 2008:98-99). Berges wys daarop dat die formulering van 'My volk' en 'julle God' verbondstaal is, en die herstel van die verhouding aandui, wat deur JHWH herstel word.

## 5.2 JHWH wat skep ברא

Die werkwoord ברא wat 'skep' beteken, kom volgens Botterweck (1973:774-777), asook Jenni en Westermann<sup>454</sup> (Bernhardt, 1973:774-777) van die stam ברא wat 'sny' of 'deel' kan beteken.

Die werkwoord ברא, 'skep' sal in Deutero-Jesaja bespreek word, waar dit saam met die werkwoord נחם voorkom. Die begrip 'skepping' is seker die meeste bespreek. Die skeppingsmitologie van die midde Oosterse godsdienste speel ook 'n rol by Deutero-Jesaja, maar baie minder as in die res van die Ou Testament. JHWH ברא, JHWH het alles gemaak en hou alles in stand. ברא word net vir JHWH se daad gebruik. JHWH alleen is die Skepper. Wanneer die mense optree en artikels vervaardig word dit net as 'maak', met die werkwoord עשה beskryf. Die werkwoord ברא word nooit ten opsigte van menslike vervaardiging gebruik nie.

In die Ou Testament is dit net Job, wat benewens Jesaja 40 – 55 so gereeld na skep verwys. Deutero-Jesaja gebruik die werkwoord skep<sup>455</sup> (Von Rad, Volume II. 1975:241) en skeppingsterminologie baie gereeld. Jesaja 40 – 55 bied geen nuwe skeppingsteologie aan nie. Jesaja 40 se eerste elf verse se hoofdoel is om Israel te vertroos. Die volk se tyd van ballingskap is verby.

Die Hebreeuse werkwoord vir skep, ברא, kom op die volgende plekke en in die volgende naamvalle voor in Jesaja 40-55: 40:26; 40:28; 41:20; 42:5; 43:1; 43:7; 43:15; 45:7; 45:7; 45:8; 45:12; 45:18; 45:18; 54:16; 54:16. (Qal) en Ni. 48:7.

---

<sup>454</sup> Bernhardt (1973:774-777) wys daarop dat ברא net van JHWH gebruik word, wat skep. In Deutero-Jesaja dui die feit dat JHWH ברא daarop dat JHWH se handeling in die geskiedenis van dieselfde kwaliteit is, as Sy vermoë om te skep. JHWH se optrede is verlossend van aard. (Jenni en Westermann 1984:336-339). Hulle verwys na die feit dat dit net JHWH is wat ברא, die objekte van die werkwoord is, 1) die hemel en aarde: Jesaja 65:17; 42:5; 45:18; 40:28; 2) mense: Jesaja 43:7; 45:12; 3) die volk Israel: Jesaja 43:1 en 15; 4) wonderlike nuus en nuwe dinge: Jesaja 48:6 en volgende verse; 65:17.; 41:20 en 45:8.

<sup>455</sup> Von Rad (Volume II. 1975:241) wys daarop dat Deutero-Jesaja die skeppingstradisie in sy teologie gebruik. Hy is van mening dat Deutero-Jesaja aan die volk moet bewys dat JHWH se mag baie groter is, as wat die profete vroeër oor gepraat het. Die mag van Babel is aan die volk bekend. Die volk moet nou besef dat JHWH totaal in beheer, van die heelal, is. JHWH het alles gemaak en onderhou – alle dinge. Daarom is daar die vryheid wat Deutero-Jesaja openbaar, by die gebruik en aanwending van die skeppingstradisies.

Daar is baie verwysings na skep in Deutero-Jesaja. Die werkwoord ברא word gebruik saam met ander woorde soos עשה, of יצר. Woorde wat skep of maak beteken kom byna 70 keer in Jesaja 40 tot 55 voor. Woorde wat God as subjek (Stuhmueller, 1970:4) het: ברא (14 keer); יצר (13 keer); עשה (21 keer); פעל (6 keer); נטה (4 keer); רקא (2 keer); כון (1 keer) en יסד (1 keer). Die knegliedere<sup>456</sup> word hierby ingesluit.

Die ooglopende posisie van skepping in Deutero-Jesaja is raakgesien. Die standaardwerk hieroor is 'n artikel van G. von Rad<sup>457</sup>. Die skepping, in werke oor Deutero-Jesaja en ander Jesajatekste, het heelwat aandag gekry van geleerdes<sup>458</sup>. Deutero-Jesaja gebruik selde lang besprekings oor skepping. Sy verwysings na skepping duur selde langer as 'n enkele vers<sup>459</sup>. Skepping wil die redding van Israel deur God beklemtoon. Hierdie redding bring troos vir die volk en vir die stad Sion/Jerusalem.

Skepping en die geloof wat in JHWH as skepper gegrond is, is baie kontroversieel.<sup>460</sup> Skepping is die wonderlike ingrypingsdaad van JHWH in die lewe

---

<sup>456</sup> Die kneg liedere en ander gedeeltes waarvan die outeurskap bevraagteken word, is ingesluit.

<sup>457</sup> Von Rad G: "Das theologische Problem des alttestamentlichen Schöpfungsglaubens," *Werden und Wesen des Alten Testaments* (BZAW, 66; Berlin: 1936 138 – 147, rp in *Gesammelte Studien* (TB, 8; München: 1958) 136 – 147. Eng. tr, "The Theological Problem of the Old Testament Doctrine of Creation," *The Problem of the Hexateuch and other Essays* (New York: 1966) 131 – 143. Harner se artikel is 'n antwoord op von Rad. B. D. Napier, *On Creation Faith in the Old Testament, A Survey*, *Interpr* 16 (1962) 21-42, verduidelik dat von Rad 'n goeie argument aangevoer het.

<sup>458</sup> Stuhmueller (1970). *Creative Redemption*; Anderson, (1984). *Creation in the Old Testament, Issues in Religion and Theology* 6; Streibert, (1993) *Schöpfung bei Deuterjesaja und in der Priesterschrift*.

<sup>459</sup> Verwysings na Skepping in 'n enkele vers: 42:5; 43:7; 44:24; 45:7, 8, 12, 18. Deel van 'n vers 40:22, 26, 28. 41:4, 20; 43:1, 21; 44:23; 54:5. Net 'n frase: 40:21; 43:15; 44:2; 45:9-11; 48:7.

<sup>460</sup> Cf. Die aanvang van Anderson BW (1962:725) *Creation*, "In the Bible (with the possible exception of wisdom literature) the doctrine of creation does not stand by itself but depends upon and elaborates the redemptive activity of God in history." Boman (1964:140-151) veronderstel die afwesigheid van skeppingsgeloof voor Deutero-Jesaja. Verskeie skrywers wys daarop dat die vraag nie is of Israel 'n denkbeeld gehad het oor skepping nie, maar soos JP Hyatt (1967:370) skryf: "Was Yahweh Originally a Creator Deity?", "The question is whether early Israel placed *emphasis* upon this aspect of deity and considered Yahweh as being primarily a creator deity." (Sy kursivering). Hyatt verskil van Albright, Freedman, Cross en andere van die "John Hopkins Skool" dat die godsnaam Yahweh as 'n Hi kausatiewe vorm geld, "Hy wat veroorsaak om te wees." Steeds 'n kontroversieel terrein. 'n Tendens kom voor in drie artikels, wat elkeen probeer om Israel se geloof in Jahwe as skepper te isoleer: Von Rad, H. Lehmann, "Schöpfergott und Heilsgott im Zeugnis der Bibel, (1951:97-112) en K-H. Bernhardt, "Zur Bedeutung der Schöpfungsvorstellung für die Religion Israels in vorexilischer Zeit, (1960:821-824). Die drie ontken 'n prominente plek aan skepping in voor-eksiliese Israel. Volgens Lehmann is die tradisies – "die Landnahmetradition, die Sinaiüberlieferung und die Vatersage,"- die tradisies wat deur heilsgeloof en nie skeppingsgeloof nie, gedomineer word. Von Rad laat deurskemer dat geloof in Jahwe as skepper nie voorkom in

van die volk. Latere gesofistikeerde beskrywings oor skepping, kan nie in die teks ingelees word nie (Stuhlmüller, 1970:9). Klassieke akademiese beskrywings verskil van die inhoud van Jesaja 40 tot 55<sup>461</sup>. Hier word nie op die kontroversie ingegaan nie. Daar word net na die ondersteuning wat ברא aan נחם verleen, gekyk.

Die skeppingstradisie speel 'n belangrike rol in die Deutero-Jesaja. Die skepping is die agtergrond waarteen Jesaja die volk van JHWH laat beseef dat JHWH alles gemaak het en alleen gedien behoort te word. Die feit dat JHWH Skepper is, bied troos aan die volk.

Deutero-Jesaja gebruik die woord ברא vir 'skep'. ברא word in die Ou Testament gewoonlik in die sin gebruik dat JHWH 'skep', hetsy die hemel en aarde of die mens en plante. ברא word nooit gebruik waar die mens iets maak of tot stand laat kom nie.

Daar word net met tekste gewerk waar die werkwoorde נחם en ברא in dieselfde hoofstuk gebruik word. Die tekste in Deutero-Jesaja, word gebruik om hulle samehang in verband met troos, wat deur skepping deur JHWH ondersteun word, te beklemtoon. Beide die werkwoorde נחם, in Jesaja 40:1 en Jesaja 54:11, en ברא, in Jesaja 40:12-28 en Jesaja 54:16, kom in hierdie hoofstukke voor.

### 5.2.1 Jesaja 40:12-28

Jesaja 40:1-11 is in hoofstuk 4 onder punt 4.1.3.1 behandel. Daar is gevind dat 'troos' die basis vorm en die opdrag is wat JHWH gee. Die volk en stad moet troos ontvang en ervaar. Jesaja 40:12-28 is deel van Jesaja 40:12-31. Dit is noodsaaklik om kennis te neem van die Gattungsforschung (navorsing oor vorm en styl by Deutero-Jesaja). Die gedeelte Jesaja 40:12-28 val in die twisgesprekke. Die doel

---

gedeeltes waar dit baie voordelig sou wees nie, soos (a) by Hosea en Deuteronomium om die Baal geloof te bestry; (b) nie in Deut. 26:5-11 waar die eersteling van die oes geoffer word nie; (c) nie in Levitikus 25:2 waar Jahwe die land as geskenk aan Israel gee nie. Die invloed van vreemde bronne uit Egipte en Mesopotamië sal in gedagte gehou moet word wanneer skepping ondersoek word. Job kom na Deutero-Jesaja, volgens die algemene plek in die Hebreeuse Bybel, volgens eksegete (cf. Eissfeldt, OT Intro, 470). Daar is twee skrywers wat argumenteer dat Deutero-Jesaja op Job steun vir sy siening oor skepping: R.H. Pfeiffer, "The dual Origin of Hebrew Monotheism," JBL 46 (1927) 193-206; en S. Terrein, "Quelques remarques sur les affinités de Job avec le deutéro-Isaïe," Volume du Congrès Genève (SVT, 15; Leiden: 1966:295-310).

<sup>461</sup> Klassieke akademiese aanhaling: "productio rei ex nihilo sui et subjecti"; of Thomas Aquinas se "productio entis, in quantum est ens" (Summa Theologica I, Q 44, a 2; Q 45, a 4, ad 1).

van die twisgesprekke<sup>462</sup> by die profete is om besware van hulle teenstanders te bestry (Van der Merwe, 1955:4-5). Die metodes wat aangewend word, is retoriese vrae: die profeet stel 'n vraag met 'n antwoord wat bekend is. Die profeet kan namens JHWH die teenstanders van sy argument oortuig.

Hoofstuk 40 bevat verse 12, 26 en 28 wat JHWH as Skepper beskryf en in verse 13, 14, (Hif'il) 21 en 28 (Qal) word die werkwoord ידע gebruik. Hier volg my vertaling van die verse:

40:12. Wie het in sy handpalm die waters se maat gemeet en die hemel met 'n maat gemeet, en het die stof van die aarde in 'n maat ingesluit, en op 'n skaal die berge geweeg, en die heuwels met 'n skaal?

13. Wie het die Gees van JHWH bepaal en as Sy raadsman Hom onderrig?

14. Met wie het Hy raad gehou, dat die Hom verstand sou gee en Hom sou leer oor die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom die weg van volle insig bekend maak?

40:21. Weet julle nie? Hoor julle nie? Is dit nie van die begin af aan julle vertel nie? Het julle nie op die fundamente van die aarde gelet nie?

40:26. Slaan julle oë hoog op en kyk: Wie het hierdie geskep? Wie bring hulle skares uit in getal? Hy roep hulle almal by die naam. Deur die grootheid van krag en omdat Hy sterk is van vermoë; daar word nie een gemis nie.

40:28. Weet jy dit nie? Of het jy nie dit nie gehoor nie? JHWH, is 'n ewige God, die Skepper van die eindes van die aarde. Hy word nie moeg of tam nie; niemand kan Sy verstand deurgrond nie.

Vanaf Jesaja 40:12 verander die prentjie in totaliteit teenoor die proloog. Hier gaan dit nou om JHWH wat met niemand vergelyk kan word nie. JHWH het die waters in Sy handpalms uitgemeet, die hemel afgemeet, die stof van die aarde bepaal en die

---

<sup>462</sup> Van der Merwe (1955:4-5) gee 'n volledige uiteensetting van die metodes wat die profete gebruik om hulle teenstanders van hulle argumente te oortuig. JHWH as Skepper gee nuwe krag en moed en so word die volk vertroos.

maat bepaal van die berge en heuwels. Die vrae word gestel oor wie die Gees van JHWH bepaal het, met JHWH beraadslaag het. Wie JHWH reg en geregtigheid geleer het, kennis gegee het. Die werkwoord  $\text{יָדַע}$  kom in die perikoop van 12-31 voor in verse 13, 14, 21 en 28. Dit is belangrik om JHWH te ken, of te weet van Sy daade, in die geskiedenis. Die werkwoord kom gereeld voor in die skeppingsgedeeltes in Deutero-Jesaja. Daarom sal ons let op die gebruik van  $\text{יָדַע}$  in hierdie gedeelte. Kennis van JHWH gee sekerheid en versterk troos.

Die volke is soos 'n druppel in 'n emmer water, 'n stofkorrel op 'n skaal. Die kuslande is klein en behoort ook aan JHWH, die Libanon met al sy bome en vee is nie genoeg vir 'n offer nie. Al die nasies is soos niks voor JHWH nie.

Beuken<sup>463</sup> wys in vers 12 op die feit dat hierdie die inleidende vrae bevat tot in vers 13 (1979:40-41). Die antwoord op die vrae is dat niemand met JHWH vergelyk kan word nie. Die profeet wys daarop dat JHWH niemand van Sy planne met die wêreld vertel nie. JHWH gee nie mense insig in Sy planne nie. Die bevestiging van die feit is die vergelyking, dat die volke niks is in vergelyking met JHWH nie. Jesaja 40:18-26 toon aan dat niemand met JHWH vergelyk kan word nie. JHWH<sup>464</sup> heers oor die kosmos en die geskiedenis (Lee, 1995:36). Die laaste perikoop 40:27-31 toon aan dat die wat op JHWH vertrou, nuwe krag kry. JHWH se Skeppingsdade word beklemtoon, asook die feit dat Hy alleen daartoe in staat is.

Die werkwoord  $\text{יָדַע}$  word in verse 13, 14, 21 en 28 gebruik. Beuken (1979:40-43) wys in verse 13-14, dat die verse dit duidelik stel, dat niemand JHWH kan leer nie. JHWH raadpleeg niemand om Hom by te staan nie. JHWH alleen het kennis<sup>465</sup> en gee kennis aan die mens (Merendino, 1981:78-79,197). Koole (1985:53-56) wys op die parallelisme en chiasme in verse 13-14. JHWH gee die mens kennis en insig. Beuken (1979:46-47, 53-54) wys daarop dat die chiasme wat in vers 21 gebruik

---

<sup>463</sup> Beuken (1979:40-41) toon aan dat die drie retoriese vrae in vers 12 al drie die antwoord van JHWH veronderstel. Die profeet wil aan sy gehoor laat deurskemer dat niemand JHWH se werke kan nadoen nie.

<sup>464</sup> Lee (1995:36) verklaar dat JHWH se vier mededingers, naamlik die nasies, afgode, leiers en hemelse heerskare, nie teen JHWH opgewasse is nie. JHWH is die Een met absolute soewereiniteit en mag. Die profeet wil die gehoor se vrese en twyfel uit die weg ruim.

<sup>465</sup> Merendino (1981:78-79, 197) wys daarop dat die werkwoord  $\text{יָדַע}$  nog baie keer deur Deutero-Jesaja gebruik word. Verder noem Merendino dat niemand JHWH kan leer of kennis gee nie.

word, die klem laat val op 'weet' of 'ken' en 'begryp'. Die 'hoor en verkondig' staan in die middel sodat die klem op die eie kennis van die hoorder val. Vers 28 word terugverwys na vers 21. Hier val die feit van 'ken' weer op. Die heil van JHWH gaan ook van die skeppingskrag af uit. JHWH<sup>466</sup> is die Skepper van die eindes van die aarde. JHWH is vir alle tye, ook die hede. JHWH se verstand kan nie deurgrond word nie (Stuhlmüller, 1970:147-148).

Die werkwoord ידע toon dat JHWH alleen kennis het en die volle insig besit. JHWH gee aan die mens kennis en leer die mens die regte pad.

Jesaja 40:26 is die deel waar die profeet aan die mense die dinge wys wat hulle kan sien. Die hemel getuig van JHWH se skeppingsmag. Deutero-Jesaja gebruik die werkwoord ברא om JHWH se werk in die skepping sowel as die geskiedenis<sup>467</sup> aan te dui (Beuken, 1979:50). Die profeet gaan in verse 27-31 voort om met Israel te praat en hulle klag teen JHWH te antwoord. JHWH is die Skepper van die eindes van die aarde<sup>468</sup>. JHWH gaan met onvermoeibare krag voort om alles in stand te hou. JHWH gee die mens weer nuwe krag, Selfs jong manne word moeg en kry nuwe krag. Die mense wat op JHWH wag, kry krag. JHWH is die Een wat in beheer is en met niemand vergelyk kan word nie (Von Rad, 1989:240-241).

### 5.2.2 Jesaja 54:16

Jesaja 54:11-17 word in hoofstuk 4 behandel onder punt 4.1.3.7. Hier word net na die gebruik van ברא gekyk. Slegs verse 14-17 word behandel. Hier volg my vertaling van die verse:

14. Jy sal deur geregtigheid bevestig word; jy sal ver van verdrukking af wees, want jy sal nie vrees nie, en van skrik, want dit sal nie naby jou kom nie.

---

<sup>466</sup> Stuhlmüller (1970:147-148) en Lee (1995:36) wys dat JHWH totaal in beheer van die skepping is. Die werkwoord ידע toon die heerskappy van JHWH aan in die gedeelte.

<sup>467</sup> Beuken (1979:50) wys dat die werkwoord ברא net vir JHWH se aksie van skep, gebruik word. Deutero-Jesaja gebruik die woord 16 keer, teenoor die Priesterkodeks se 10 keer. JHWH se reddingshandelinge is uniek soos Sy skeppingshandelinge.

<sup>468</sup> Von Rad (1989:240-241) wys op die feit dat JHWH as Skepper, die boodskap geloofwaardig maak. Von Rad wys dat Deutero-Jesaja skep en verlos as sinonieme gebruik.



15. Kyk hulle sal sekerlik bymekaar kom, dit is nie van My nie. Wie jou aanval, sal voor jou val.

16. Kyk, Ek het die smid geskep wat die kole vuur aanblaas, en 'n wapen voortbring volgens sy ambag. En Ek het die verderwer om te verniel.

17. Elke wapen wat teen jou gemaak word, sal niks uitrig nie, en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy teëgaan. Dit is die erfdeel van die knegte van JHWH en hulle geregtigheid is van My, sê JHWH.

Jesaja 54:16 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit Jesaja 54:1-17. Jesaja 54:1-17 handel oor: JHWH se liefde vir Jerusalem. Die struktuuranalise van Jesaja 54 verskyn as bylaag 9 aan die einde. Jesaja 54:1-17, word onderverdeel in verse 1-6 en verse 7-17. Jesaja 54:7–17 vorm 'n perikoop.

Jesaja 54 is die hoofstuk waar dit oor 'n vrou handel wat nie by name genoem word nie. Die afleiding wat uit die hoofstuk gemaak kan word, is dat die vrou Sion voorstel. Die vrou word beskryf as 'n bedroefde, iemand wat deur storms geteister was en 'n ongetrooste<sup>469</sup>. Die vrou in die hopelose toestand gaan deur JHWH verander word. Haar toestand word omgekeer en sy sal pragtig versier word (Klein, 2009:259-263).

JHWH is haar man<sup>470</sup> wat haar sal versorg en bystaan. JHWH word aangekondig met die name van Skepper, JHWH van die leërskaer, jou Verlosser en die heilige Een van Israel, die God van die hele aarde. Al hierdie name wil die uniekheid, heerlikheid, krag en mag van JHWH beklemtoon en vir die stad daarvan verseker dat sy by JHWH totale beskerming en hulp en bystand sal besit. JHWH gaan verder en bevestig dat JHWH net vir 'n oomblik, in woede, Hom van die stad Sion, wat in die hoofstuk slegs as 'n vrou aangespreek word, verberg het. JHWH gee vir haar om en

---

<sup>469</sup> Klein (2009:259-263) wys daarop dat Sion as ongetrooste genoem word, verder wys hy op die feit dat Sion as bruid van JHWH voorgestel word. Klein maak die opmerking dat Sion nog nie ten volle getroos is volgens die opdrag van Jesaja 40:1 nie. Die troos moet voortgaan totdat Sion die volle heil van JHWH sal ervaar. Heskett (2011:77) verwys na die voorkoms van die werkwoord  $\text{נָחַם}$ , in Jesaja, met al die teksgedeeltes en 'n kort opmerking oor troos.

<sup>470</sup> Baumann (2003:184-186) verklaar dat Deutero-Jesaja JHWH deur huweliksmetafore beskryf as man van Sion of man van die dogter van Sion. Moughtin-Mumby (2008:134-136) wys dat daar 'n vae verwysing na huweliksmetafore in Jesaja 54 is. Volgens haar word die beeld hier gebruik om JHWH se krag te toon, om Sion te verander, en dit beklemtoon die tema van verandering.

het haar jammer gekry. JHWH verseker die stad van Sy ewige trou en goedheid. JHWH verklaar dat Hy die stad se verlosser is, wat ook impliseer dat die verlossing verder nog sorg en bystand insluit.

JHWH gaan nou ingryp en die omstandighede verander. Die stad sal weer opgebou word en wel met edelgesteentes. Verder sal die seuns deur JHWH self onderrig word en hulle sal vrede ervaar. Die stad as moeder sal nie weer onderdruk word nie. Sy hoef nie te vrees en bang te wees nie. Angs sal nie meer naby haar kom nie. Die stad kan nou rus en vrede beleef. JHWH verseker die stad dat JHWH die een is wat gawes aan mense<sup>471</sup> gee om artikels, ook wapens, te vervaardig, maar die stad kan weet haar vyande sal nie in hulle doel slaag nie. JHWH sal die stad beskerm<sup>472</sup>. JHWH skenk geregtigheid aan al die knegte van JHWH.

### 5.2.3 Samevatting

Die skeppingstekste in Jesaja 40 en 54 toon aan dat JHWH in beheer van alles is. JHWH is die Skepper wat alles gemaak het en alles beheer<sup>473</sup>. Hierdie wete werk mee om troos te verskaf, aan die volk en die stad. JHWH is soewerein en totaal in beheer. Daar is niks wat bestaan wat enigsins met JHWH vergelyk kan word nie.

### 5.3 JHWH wat die lossen, לַגַּל, is en ook verlos

Die tegniese term van JHWH as Verlosser, לַגַּל<sup>474</sup>, wat die verlossing bewerk, kom gereeld in Jesaja 40 tot 55 voor. Dit dien ook as troos dat die Skepper die volk sal verlos, en die volk daarvan verseker. Westermann wys daarop dat die לַגַּל wat

---

<sup>471</sup> Lee (1995:124-125) wys daarop dat JHWH die Skepper is wat alles beheer. Daarom is dit in Sy mag om te waarborg dat Sion, in alle omstandighede, veilig sal wees.

<sup>472</sup> Beuken (1983:272) wys daarop dat Sion hier geskets word as die bruid van JHWH wat deur Hom versier word. Die stad se herstel en beskerming dien as troos. Dempsey (2010:140) beklemtoon dat die ongetrooste stad deur JHWH verander sal word, en troos sal ervaar. JHWH waarborg die sekuriteit en beskerming aan die stad en haar inwoners. Heffelfinger (2011:253-269) wys in Jesaja 54, praat JHWH met die stad en wys op die veranderende situasie wat gaan kom. JHWH is in beheer en kan die stad bystaan en beskerm.

<sup>473</sup> Beuken (1983:268) wys dat Jesaja 54:16 die universele mag van JHWH oor goed en kwaad aandui. Die smid se gawe, van JHWH, kan deur die verderwer verkeerd aangewend word en dan sal JHWH die stad beskerm.

<sup>474</sup> Mettinger (1988:163) wys daarop dat Deutero-Jesaja verkies om eerder die werkwoord לַגַּל as die werkwoord פָּדָה te gebruik. Volgens Mettinger plaas die werkwoord פָּדָה die klem op die prys wat betaal moet word tydens die transaksie, die werkwoord לַגַּל daarteen plaas die klem op die verwantskap tussen die partye. Dit plaas JHWH dan in 'n definitiewe verhouding met die volk Israel.

oorspronklik die lossers is, in Deutero-Jesaja die troos aandui. Die lossers wat verlos, staan gewoonlik in 'n verwantskap met die een wat verlos word. Deutero-Jesaja gebruik JHWH, as Verlossers, wat in 'n verbondsverhouding met die volk staan. JHWH is die Een wat hierdie verhouding tot stand gebring het, en die verhouding waarborg.

Die werkwoord *לגא* en die werkwoord *פדה* word as sinonieme gebruik, en dui volgens Dille op skuldtaal<sup>475</sup>. Die term *לגא* is een van die belangrike titels wat Deutero-Jesaja vir JHWH gebruik<sup>476</sup>. Die *לגא*<sup>477</sup> het gewoonlik opgetree wanneer daar 'n leviraatshuwelik ter sprake gekom het, of waar daar eiendom was wat binne 'n familie moes bly, nadat die manlike erfgename almal gesterf het. In Rut kry ons die bekende geskiedenis waar Boas optree as lossers, vir die eiendom van Elimeleg, en dan ook Rut as vrou kry sodat die nageslag van Elimeleg voortgesit kan word. Die grootste verskil tussen die gebruik van 'lossers' en 'verlos', in Rut en Jesaja, is die feit dat daar in Rut na 'n persoon wat 'n mens is, verwys word, terwyl daar in Jesaja konsekwent na JHWH verwys word.

In Jesaja word die term *לגא* gebruik vir die verhouding tussen JHWH en die volk en tussen JHWH en Jerusalem/Sion. Die boek Jesaja verwys na JHWH as die lossers, en ook die persoon wat verlos. Die woorde *לגא*, werkwoord, en *לגא*, selfstandige naamwoord, word albei gebruik waar JHWH die een is wat lossers is en ook verlos. In Deutero-Jesaja word JHWH die lossers van die volk, sowel as van Jerusalem/Sion. JHWH verlos beide die volk en Jerusalem/Sion. JHWH tree op as lossers wat ook verlos of loskoop. Hier word die verhouding tussen JHWH en die stad as 'n

---

<sup>475</sup> Dille (2004:78) wys op die verskillende gebruike van die werkwoord *לגא* wat as loskoop vertaal word. Die werkwoorde dui gewoonlik op 'n persoon wat losgekoop moet word, as slaaf. Die werkwoorde *לגא* en *פדה* word as sinonieme gebruik, alhoewel hulle semantiese deelvelde het, is hulle nie sinonieme nie. Die werkwoord *לגא* verwys meer dikwels na die loskoop van 'n slaaf of 'n stuk grond, met die klem op die bloed verwantskap tussen die een wat loskoop, en die persoon wat losgekoop moet word. Die werkwoord *פדה* word gewoonlik gebruik om na 'n offer te verwys, waar 'n eersgeborene losgekoop (Eksodus 13:11–16; 34:19-20; Numeri 18:15-17) moet word.

<sup>476</sup> Die klem wat Deutero-Jesaja op die titel vir JHWH plaas is deur Stuhlmüller (1970:99) en Tryggve (1988:162-167) beskryf. Hierdie titel beklemtoon die troos wat deur JHWH aan die volk en stad gegee word.

<sup>477</sup> Dille (2004:16) noem dat die betekenis moontlikhede wat in Jesaja 54 voorkom 'n dubbele betekenis aan lossers gee. JHWH is die Verlossers en tree op asof hier sprake is, van 'n leviraatshuwelik. Die verlossers wys op redding uit slawerny, in die meeste tekste in Deutero-Jesaja.

huweliksverhouding gesien. Die feit dat JHWH beide die lossers is, as die persoon wat verlos of loskoop, bied troos vir die volk, sowel as die stad Jerusalem/Sion. Die gebruik van sowel לָאֵל, die werkwoord, as לְאֵל, die selfstandige naamwoord, word in die Jesaja-tekste nagegaan, waar dit saam met die werkwoord נָחַם gebruik word. In Deutero-Jesaja word gekyk in hoe 'n mate die gebruik van lossers en verlos, of loskoop, die troos ondersteun.

Die lossers לָאֵל<sup>478</sup> se oorspronklike betekenis was dat 'n familielid 'n nabye familielid wat in moeilikheid is, probleme ondervind of wat in gevaar verkeer, sal help. Die term 'lossers' het geïmpliseer dat dit die voorreg is, of selfs die plig, van die familielid om sy nabye familielid te help. Daar was vier basiese situasies waarin dit gegeld het in die Ou Testament. Die eerste vind ons in Levitikus 25:25-34, waar 'n stuk grond wat in 'n tyd van nood verkoop is, teruggekoop moet word; ook in die geval waar 'n Israeliet weens geldnood homself as slaaf verkoop het; Levitikus 25:48 en verder. Tweedens die bevryding van eiendom. Diere wat nie geoffer kon word nie, maar wat aan JHWH toegewy is, of die bevryding van eersgeborenes of onrein diere soos voorgeskryf in Levitikus 27:11 en verder. In hierdie gevalle moes daar 'n som geld betaal word, en gewoonlik 'n bietjie meer as die waarde van die produk, sodat dit werklik 'n eerlike transaksie was. Hier het die eienaar van die eiendom self betaal en die transaksie afgehandel, en niemand namens hom nie. Derdens was dit die gebruik dat 'n vermoorde deur 'n nabye familielid gewreek moes word, volgens Numeri 35:12 en verder. In hierdie geval moes 'n lewe met 'n lewe betaal word - die moordenaar se lewe. Die lossers was net 'n uitvoerder van die vonnis en kon nie ook vermoor word nie. Vierdens gebruik die Psalms en profete die frase dat JHWH Israel se verlossers is.

Die volk sowel as die stad Jerusalem en Sion het dringend 'n verlossers nodig gehad, in die ballingskap. Die volk wat weggevoer is, sit in Babel sonder hulp en sonder hoop. Dit voel vir hierdie mense asof hulle van JHWH verlaat is en vergete is. Die

---

<sup>478</sup> Ringgren (1973:884-890). Daar word gewys op die gebruike van die woord לָאֵל in regs en alledaagse lewe van Israel, sowel as van JHWH wat verlos en verlossers is. Daar word aangetoon dat Deutero-Jesaja לָאֵל gebruik om te verwys dat die bevryding uit die ballingskap, verwys na die eksodus uit Egipte, en verder word die woord לָאֵל gebruik vir die idee van die herstelling van die gebroke verbondsverhouding.

stad is afgebreek en verwoes en daar is nie veel gedoen om dit te herstel nie. Daarom kom die troosboodskap, as 'n welkome boodskap, na hierdie mense wat sonder hoop is. Daarom is die feit dat JHWH sal verlos 'n groot bron van troos en vertroosting. Die een wat verlos en hulle loskoop, is die een wat werklik die belofte kan gestand doen en daarom kan hulle op JHWH vertrou. JHWH is aan hulle bekend as 'n redder en verlosser, wat hulle voorvaders bygestaan het. Daarom kan hulle weet JHWH sal hulle ook bystaan. JHWH is daarmee ook die waarborg van die feit dat die lossing sal plaasvind.

### **5.3.1 Die werkwoord גאל**

Die werkwoord גאל : in Qal – 'verlos', kom in die volgende tekste voor: Jesaja:43:1; 44:22; 44:23; 48:20; 51:10; 52:9. Nif'al – 'om verlos te word' – Jesaja: 52:3. Die tekste waar dit saam met troos gebruik word is: Jesaja 51:10 en 52:9.

#### **5.3.1.1 Jesaja 51:10 Hier word die werkwoord גאל in die Qal gebruik**

Die verse wat behandel word is Jesaja 51:9-12. Hier volg my vertaling van die verse:

9. Ontwaak, ontwaak. Arm van JHWH, trek sterkte aan. Ontwaak, soos in die dae van ouds, onder die geslagte van lank gelede. Was dit nie U wat Rahab in stukkies gekap het nie, en die seemonster deurboor het nie?

10. Was dit nie U wat die see laat opdroog het nie, die waters van die groot dieptes, wat die dieptes van die see 'n pad gemaak het vir die verlostes om op verby te gaan.

11. En die losgekooptes/verlostes van JHWH sal terugkeer en kom na Sion met sang, en ewigdurende blydschap op hulle kop; vrolikheid en blydschap sal hulle oorval; droefheid en gesug sal wegvlug.

12. Ek, Ek is Hy wat julle troos. Wie is julle, dat julle 'n mens sal vrees? Hy sal sterf. En van die seun van die mens? Hy word gegee as gras.

#### **5.3.1.1.1 Bespreking en eksegeses van Jesaja 51:10**

Jesaja 51:9-16 word behandel, as 'n smeekgebed en 'n heilsorakel, wat baie troos inhou vir die stad en volk. JHWH word gevra om in te gryp in die situasie, omdat dit vir die stad onmoontlik is om alleen die situasie te hanteer. Daar word verwys na die krag van JHWH, waarmee JHWH opgetree het, tydens die skepping en die uittoeg uit

Egipte. Verder het JHWH die mag van Egipte gebreek en die volk uit slawerny bevry. JHWH het hulle veilig deur die Rooi See laat trek, en daaraan word nou gedink. Die volk wil uit ballingskap verlos word. Daarna word die ballinge se terugkeer na Sion toe beskryf. Dit is met vreugde dat hierdie mense in die stad Jerusalem, waarna hulle so verlang het, terugkom.

Hierdie vers is 'n verwysing na die groot daad van JHWH, tydens die uittog uit Egipte. Toe JHWH deur die Rooi See 'n pad vir die volk gemaak het, sodat hulle kon deurtrek na die ander kant toe. Hierdie daad wys op die mag van JHWH<sup>479</sup> en daarop beroep die volk hulle nou. Die rede is sodat die verlostes<sup>480</sup> vanuit Babel veilig sal kan trek tot by Jerusalem, onder die leiding en beskerming van JHWH.

Hierdie ballinge is gevul met blydschap en troos, omdat hulle ervaar het dat JHWH getrou gebly het, aan Sy beloftes. Hulle is bevry uit ballingskap en terug in Sion. Dit troos hulle saam met die wete dat hulle altyd op JHWH kan vertrou vir bystand, beskerming en onderskraging.

#### **5.3.1.1.2 Samevatting**

Jesaja 51:9-12 toon JHWH<sup>481</sup> is die trooster van die volk en wys hulle daarop dat dit nie nodig is, om bang te wees nie, JHWH is die skepper en beskerm hulle, as JHWH se volk. Die stad en volk se skuld, is uit genade vergewe en hulle verhouding met JHWH is deur JHWH herstel. JHWH is die een wat die volk uit ballingskap verlos het. JHWH is die een wat die stad sal laat opbou en herstel en beskerm. JHWH se troos lê nie net in woorde nie, maar dit het werklik oorgegaan tot daad en die volk het dit gesien en ervaar. Daarom is hulle met blydschap en troos gevul.

---

<sup>479</sup> Miscall (1993:121) wys dat die uittog uit Egipte en die verlossing van die volk op JHWH se groot mag dui. Oswalt (2003:570) beklemtoon dat JHWH in beheer is en die mag het om die volk te verlos soos met die eksodus.

<sup>480</sup> Beuken (1983:127) toon aan dat JHWH die volk uit Babel kan verlos soos wat hy voorheen gedoen het, met die eksodus. Hailey (1985:424-427) wys dat JHWH die volk uit Egipte gelei en hulle verlos het. Die feit dat JHWH in beheer is, verskaf troos. Dempsey (2010:134-135) wys dat JHWH die volk uit Egipte gelei het. So kan JHWH nou die volk verlos.

<sup>481</sup> Beuken (1983:121-141) Dit dien as troos om te weet, JHWH is in beheer. Motyer (1993:407-413) JHWH is altyd in beheer en beskerm die volk, dit verskaf troos. Dempsey (2010:135) beklemtoon die feit dat JHWH in beheer is, en troos gee.

### 5.3.1.2 Jesaja 52:9 Hier word die werkwoord לָאָה in die Qal gebruik

Jesaja 52:9 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 7–10. Hierdie verse handel oor die koms van die Koning. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 52:7-10:

7. Hoe lieflik op die berge, is die voete van hom wat die tyding bring, wat vrede verkondig, wat 'n goeie tyding bring, wat redding bekend maak, aan Sion sê: Jou God regeer.

8. Die stem van jou wagte, hulle lig die stem tesame, hulle sing hard. Want hulle sal oog tot oog sien wanneer JHWH terugbring na Sion.

9. Breek uit, sing saam, verlate plekke van Jerusalem; want JHWH troos sy volk, hy het Jerusalem verlos.

10. JHWH het Sy heilige arm ontbloot in die oë van al die nasies; en al die eindes van die aarde sal die redding (van) wat ons God gee, sien.

#### 5.3.1.2.1 Bespreking en eksegeses van Jesaja 52:9.

Die lof moet tot eer van JHWH wat bevryding gee, wees. Hier het JHWH as verlosser opgetree en Jerusalem verlos. Die werkwoord לָאָה beklemtoon die feit dat die verlosser, in 'n verhouding met die verlose staan, en dat daar dan versorging sal volg. Dit beklemtoon die lofuiting soveel meer, en plaas die klem duidelik op JHWH, wat die stad verlos het.

Uit die perikoop sien ons dat die boodskapper se boodskap wat troos bring, en die verlossing<sup>482</sup> van Sion deur JHWH, aan die nasies sigbaar sal word. Die boodskapper kom haastig, sodat die stad bewus kan wees van die redding en verlossing.

---

<sup>482</sup> Delitzsch (Volume II. 1877:299-300) is van mening dat Sion herstel is, omdat JHWH haar ballinge terugbring, en die stad gaan herstel. Die volk is vertroos en Sion verlos. Oswalt (2003:573-580) sien die verband tussen Jesaja 40:1; 49:1 en 52:1-12. Dieselfde terme kom voor in die gedeeltes, soos troos, die arm van JHWH, goeie tyding en die berg. Verder wys hy op die feit dat JHWH in beheer is, die stad bevry het en die volk verlos het.

Die boodskap is baie goeie nuus, naamlik die feit dat JHWH regeer. JHWH as regeerder waarborg vir Sion beskerming en bystand, wat dadelik troos verskaf in die huidige situasie. Die stad was sonder beskerming en bystand. Nou verander die situasie drasties en is daar weer hoop, en die verwagting van 'n beter toekoms. Die wagte juig en gee die goeie nuus deur na die stad. Die wagte sien dan die aankoms van die Koning. Hulle sien dat JHWH na Sion toe terug keer om daar te bly. Nou kom die uitnodiging tot Jerusalem om uit te breek in gejubel. Selfs die verlate plekke van Jerusalem moet saam jubel en juig, want JHWH het die volk getroos. JHWH het Jerusalem verlos<sup>483</sup>.

Hierdie verlossing van Jerusalem sal bekend word. Al die nasies sal bewus word van JHWH se krag en mag, waarmee JHWH Jerusalem verlos het. Dit gaan hier weer oor JHWH wat optree en die inisiatief neem in die verandering van die omstandighede. JHWH is die een wat die troos en verlossing skenk en waarborg. JHWH se verlossing en mag word aan die nasies bekend en die feit bly nie net bekend aan Israel nie. Die nasies moet nou ook van JHWH kennis neem en weet dat JHWH in beheer is, van die geskiedenis en die optrede van alle mense en nasies<sup>484</sup>. Alles en almal moet met JHWH rekening hou, omdat alles eintlik tot eer van JHWH behoort op te tree, en na JHWH se woord en leiding behoort te luister.

### 5.3.1.1.2 Samevatting

Die visioen van die profeet in Jesaja 52:7-10 toon 'n boodskapper wat vinnig na Jerusalem toe hardloop. Hierdie boodskapper het goeie nuus om oor te dra. JHWH is Koning en kom terug na Sion toe. Die wagte op die mure dra die wonderlike nuus

---

<sup>483</sup> Beuken (1983:160-171) wys daarop dat die gedeelte die belofte van die proloog in Jesaja 40:1-11 afhandel. Sion word vertroos en verlos. JHWH is self Sion se trooster, en JHWH is God in Sion. JHWH heers en sien om na die stad en volk. Motyer (1993:419-420) wys daarop dat Jesaja hier wys op die geestelike nood van Jerusalem. Die inwoners en stad het verwoesting, oorheersing en verdrukking ervaar. Hulle het nou verlossing nodig en die feit dat JHWH terugkeer na Jerusalem sal hulle nuwe moed gee. Daar kom vier sake aan die orde: JHWH troos en verlos die volk en stad, JHWH se heerlikheid en mag sal aan almal sigbaar word en verlossing is vir almal beskikbaar.

<sup>484</sup> Leupold (Volume II. 1970:216-217) verklaar dat almal weet JHWH is koning, maar nou dat die volk bevry en verlos is, is die bewyse sigbaar dat JHWH Koning is. JHWH se heerlikheid word sigbaar vir die nasies.



oor. Die stad, inwoners en puinhoop juig en gaan oor om die lof van JHWH te besing. JHWH heers en het die volk en stad verlos<sup>485</sup> en troos aan hulle verskaf.

### 5.3.2 Die selfstandige naamwoord לאל wat 'verlosser' of 'redder' beteken

Die selfstandige naamwoord לאל wat 'verlosser' of 'redder' beteken kom in die volgende tekste voor: Jesaja 41:14; 43:14; 44:6, 24; 47:4; 48:17; 49:7, 26 en 54:5, 8. Die selfstandige naamwoord לאל kom saam met die werkwoord נחם in dieselfde hoofstukke, in Jesaja 49:7, 26 en Jesaja 54:5, 8 voor.

#### 5.3.2.1 Jesaja 49:7 לאל die selfstandige naamwoord

Jesaja 49:7 val binne die gedeelte wat bestaan uit verse 7-12 en waar vers 13 die vers is, wat die gedeelte tot vers 12 afsluit en dan met vers 14 skakel. Hier volg my vertaling van Jesaja 49:7-13:

7. So sê JHWH, die Verlosser van Israel, sy Heilige Een, aan die veragte van siel, aan die gehate een van die nasie, die kneg van regeerders. Konings sal sien en opstaan; en vorste sal dien; ter wille van JHWH wat getrou is, en die Heilige Een van Israel, en Hy het jou gekies.

8. So sê JHWH: In 'n gunstige tyd het Ek jou geantwoord, en in die dag van redding het Ek jou gehelp. En Ek sal jou bewaar en gee jou as 'n verbond vir die volk, om die aarde weer te vestig, om te veroorsaak dat die verlate erfenisse geërf word,

9. om aan die gevangenes te sê: Gaan uit. Aan hulle wat in die donkerte is: Wys julleself. Hulle sal in die paaie wei, en hulle weivelde sal in al die hoë plekke wees.

10. Hulle sal nie honger word nie, nog dors, en die hitte van die son sal hulle nie steek nie. Want Hy wat Hom oor hulle ontferm sal hulle lei. En Hy sal hulle gids wees na die fontein van water.

---

<sup>485</sup> Ehring (2007:76-77) wys dat hierdie verse JHWH beskryf wat as Koning na Sion toe terugkeer. JHWH gee troos vir die volk en verlos die stad. Klein (2009:246-247) wys daarop dat die terugkeer van JHWH impliseer dat JHWH saam met die ballinge terug gekom het. JHWH sal troos en verlossing bring. Klein sien hierdie deel as 'n antwoord op Sion/Jerusalem se klag in Jesaja 49:14-21 geantwoord met die daad van terugkeer. Dempsey (2010:139) beklemtoon dat JHWH troos gegee het en die volk en stad verlos het.

11. En Ek sal al my berge 'n pad maak, en my grootpaaie sal opgevol wees.
12. Kyk, hierdie sal van ver kom, en kyk hierdie van die noorde en van die weste, en hierdie van die land van die Siniete.
13. Sing hemele, en wees bly aarde, breek uit in sang berge. Want JHWH het sy volk getroos, en sal Hom oor sy bedroefdes ontferm.

#### **5.3.2.1.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 49:7-13**

Jesaja 49 begin met die kneglied, waarin die kneg die volke oproep, om kennis te neem, van die kneg en sy aanstelling deur JHWH. Daar word gevind dat JHWH die kneg roep en toerus vir sy taak. Die kneg moet sy afhanklikheid van JHWH besef en ten volle op JHWH vertrou. JHWH sal die kneg vorm sodat hy sy opdrag sal kan uitvoer. Hierna word die doel van die opdrag uitgespel. Daar wag 'n nuwe taak op die kneg, sowel as Israel en vir die nasies. Die kneg sal 'n lig wees sodat die verlossing van JHWH ook na heidene en die eindes van die aarde sal strek.

Ons vind die bekende formule wat deur JHWH aangekondig word. JHWH word bekendgestel as die verlosser van Israel en die heilige Een. Dit dui op die mag en krag en versorging van JHWH aan die volk en die verbondsverhouding wat bestaan tussen JHWH en Israel. JHWH praat met die kneg, wat hier Israel kan wees. JHWH verseker die kneg dat JHWH hom self kies en dat konings en leiers sal luister, ter wille van JHWH wat praat en 'n kneg stuur.

JHWH stel Homself voor en gee inligting deur aan die volk, sodat die volk kan besef hulle staan in 'n verhouding met JHWH, wat hulle verkies het. JHWH wys daarop dat Hy op die regte tyd roep en verlos. Die kneg word as 'n verbond<sup>486</sup> vir die volk gegee, sodat die ballinge kan weet, hulle sal versorg word op die pad, en bygestaan word. JHWH waarborg 'n pad vir die terugtog. Die ballinge sal uit al die windstreke terugkeer na Jerusalem. Die term *גַּלְגַּל* verwys hier na JHWH, wat Homself bekend

---

<sup>486</sup> Beuken (1983:39) wys daarop dat hierdie 'n verwysing is na 42:5-9, waar die kneg geroep is, en opdragte ontvang het. Koole (1990:43-45) bespreek die gedeelte in samehang met 42:5-7, en wys daarop dat die kneg nog die ballinge tot vryheid moet oproep. Die ballinge moet weer na Jerusalem toe gaan.

maak as die ‘Verlosser van Israel’<sup>487</sup>. JHWH is self die Verlosser wat die volk uit ballingskap gaan verlos.

Jesaja 49:13 is die vers wat as skarnier dien, tussen die voorafgaande gedeelte en die verse wat op vers 13 volg. Hierdie vers bevat die loflied wat gesing word omdat JHWH die volk getroos het en omdat JHWH die lydendes jammer gekry het. Hierdie lof word deur die hemel, aarde en berge aan JHWH gegee. Die hele skepping loof JHWH as die skepper, wat in staat is om die wonder te laat gebeur, om die volk te verlos uit ballingskap en hulle so te troos. JHWH is die getroue, wat JHWH se woord en beloftes en verbond met die volk, altyd gestand doen.

### 5.3.2.2 Jesaja 49:26 גאל die selfstandige naamwoord

Jesaja 49:24-26 sal bespreek word en die werkwoord ידע, ‘ken’ of ‘weet’ kom in vers 26 voor en sal saam גאל, ‘verlosser’ bespreek word. Hier volg my vertaling van Jesaja 49:24-26:

24. Sal die buit van ’n held afgeneem word, of die gevangene van ’n regverdige ontvlug?

25. Maar so sê JHWH: Selfs die gevangenes van die held sal geneem word, en die buit van die vreesaanjaende sal ontvlug. En Ek sal jou bestryder bestry; en Ek sal jou seuns red.

26. En hulle wat jou onderdruk, Ek sal hulle met hulle eie vleis voer, en hulle sal dronk word van hulle eie bloed, soos met vars wyn. En alle vlees sal weet dat Ek JHWH is, jou Redder en jou Verlosser, die magtige Een van Jakob.

#### 5.3.2.2.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 49:24-26

Soos by Jesaja 49:7 se bespreking genoem, is Jesaja 49:13 die vers wat as skarnier dien, tussen die voorafgaande gedeelte en die verse wat op vers 13 volg. Die hele

---

<sup>487</sup> Koole (1990:37-41) wys daarop dat die benaming גאל ישראל as ’n genitiefverbinding voorkom en staan sentraal in vers 7. Die naam kom voor in 41:14; 43:14; 47:4; 48:17 en 54:5. Die verbinding kom tussen twee Name vir JHWH voor. Die agtergrond en betekenis van die woord גאל is die loskoop van verlore eiendom. JHWH sal die volk se bevryding en herstel bewerk. Volgens Koole gaan die motief voort tot in vers 13, waar JHWH Hom oor die ellendiges ontferm het, en die volk se lot aangevoel het. JHWH bewys daarmee dat Hy die getroue en magtige Verlosser is.

skepping loof JHWH, as die skepper, wat in staat is om die wonder te laat gebeur, om die volk te verlos uit ballingskap en hulle so te troos. Die ontferming,  $\text{חנן}$ , van JHWH wat in verse 10, 13 en 15 voorkom en die twee werkwoorde, naamlik  $\text{חנן}$  en  $\text{חנן}$  dien saam as 'n koppeling om hoofstuk 49 se eerste en laaste gedeeltes met mekaar te koppel

Die volgende gedeelte handel nou oor Sion wat kla dat JHWH haar vergeet<sup>488</sup> het. JHWH antwoord dan met die pragtige vergelyking van die vrou wat nie haar kind sal vergeet nie, en so kry die stad die versekering dat JHWH haar nooit sal vergeet nie. 'n Verdere versekering volg dat JHWH die stad in Sy handpalms graveer het. Die stad is altyd in JHWH gedagtes en voor JHWH se oë. JHWH staan in 'n besondere verhouding met die stad en sorg vir die stad. JHWH is in beheer<sup>489</sup> van wat in die geskiedenis gebeur. JHWH gebruik volke en mense om Sy doel te bereik. Die doel daarvan is dat die mensdom sal weet, en vir JHWH sal kan ken as die verlosser en magtige Een van Jakob.

Hier vind ons dieselfde kombinasie van Name vir JHWH as in vers 7. JHWH stel Hom hier bekend as 'jou Verlosser'. Die persoonlike voornaamwoord dui op die verhouding tussen JHWH en die volk. Die chiasme<sup>490</sup> wat hier gebruik word, bring mee dat die titels van JHWH op mekaar betrekking het. JHWH sluit hiermee die twisrede af. Daarmee word aangetoon dat JHWH in beheer is. Niemand kan met JHWH vergelyk word nie. JHWH het mag en krag en is die Verlosser<sup>491</sup> van die stad.

---

<sup>488</sup> Beuken (1983:56-57) reageer met die verwysing na die simboliek wat JHWH gebruik, naamlik die vrou wat nie haar kind vergeet nie, en die feit dat Sion se naam in JHWH se handpalm graveer is. Die stad is altyd voor JHWH en in JHWH se gedagtes.

<sup>489</sup> Beuken (1983:65-67) toon aan dat die wonder dat Sion weer vol kinders sal word, dui op die mag en uniekheid van JHWH. JHWH alleen kan Sion weer tot 'n mag maak, en Sion herstel. Berges (2010:118) wys daarop dat JHWH Sion se kinders laat terugkeer.

<sup>490</sup> Beuken (1983:67-69) wys dat JHWH, hier die Magtige van Israel genoem word, wat dui dat Hy totaal in beheer is. JHWH kan die stad beskerm en verlos.

<sup>491</sup> Koole (1990:75-76) wys dat die magte magtelos is teenoor JHWH. JHWH is die magtige Een wat as Verlosser optree. Die stad sal die belofte as troos ervaar. Hulle is veilig by JHWH wat na hulle omsien. Koole noem dat die eiendomsverhouding weer herstel word. Sion se kinders word uit die mag van die geweldenaar verlos, wat nie aanspraak op hulle het nie. Hierdie verlossing sal wêreldwyd bekend word.

Die werkwoord ידע word gebruik en is gekoppel aan die feit dat alle mense<sup>492</sup> JHWH as Magtige<sup>493</sup> sal ken. Hier sal die volke deur die optrede van JHWH, die wete ervaar dat JHWH in beheer is. JHWH se dade sal bekend word oor die aarde. Na die val van Babel sal dit vir alle volke duidelik word, dat Israel werklik 'n verlosser het wat in beheer is, naamlik JHWH, die magtige Een van Jakob.

JHWH wat as Verlosser optree, bevestig troos aan die stad. Die feit dat alle mense van JHWH se mag en verlossing bewus sal word, versterk die stad se verhouding met JHWH. Die selfstandige naamwoord יגאל en die werkwoord ידע werk in die konteks mee om troos te ondersteun.

### 5.3.2.2 Jesaja 54:5 en 8 יגאל die selfstandige naamwoord

Jesaja 54:5-11 sal bespreek word, waar die selfstandige naamwoord יגאל, 'verlosser' in verse 5 en 8 voorkom. Hier volg my vertaling van Jesaja 54:5-11:

5. Want jou maker is jou man, JHWH van die leërskaar is sy Naam, en jou verlosser is die heilige Een van Israel. Hy word genoem die God van al die (hele) aarde.

6. Want JHWH het jou geroep soos 'n verlate vrou en bedroef van gees, en soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy verwerp is, sê jou God.

7. Vir 'n kort oomblik het Ek jou verlaat, maar Ek sal jou bymekaar maak met groot ontferming.

8. In 'n vloed van woede het ek my gesig vir 'n oomblik vir jou weggesteek, maar ek sal my oor jou ontferm met ewige genade, sê JHWH, jou verlosser.

---

<sup>492</sup> Leupold (Volume II. 1977:187-188) wys dat almal sal erken dat JHWH Israel se Verlosser is. Grimm en Dittert (1990:339-341) verklaar dat Deutero-Jesaja die volk roep tot vreugde, en JHWH se heilshandeling begrond met die drie werkwoorde, troos, ontferming en loskoop. Deutero-Jesaja is die enigste profeet wat met die werkwoorde wys, op drie aspekte van JHWH se heilshandeling met die volk. JHWH koop hulle los van hulle skuld en gee verlossing en bevryding aan die ballinge. Dempsey (2010:126-127) sê alle mense sal weet, Israel se God is Sion/Jerusalem se verlosser, redder en die magtige Een van Jakob. Volke en nasies sal Israel se God ken deur wat JHWH doen.

<sup>493</sup> Koole (1990:76) toon aan dat "alle vlees" die heerlikheid van JHWH sal sien en besef Hy is die Verlosser van die stad. Miscall (1993:119) wys daarop dat alle mense sal weet dat JHWH vir Sion verlos het.

9. Want hierdie is soos die waters van Noag vir My, soos Ek gesweer het om die waters van Noag terug te hou om weer oor die aarde te gaan, so het Ek gesweer om nie weer kwaad te wees vir jou en jou te verstoot nie.

10. Want die berge sal vertrek en die heuwels sal verwyder word, maar my genade sal nooit van jou af weggaan nie, ook sal die verbond van my vrede nie verwyder word nie, sê JHWH wat hom oor jou ontferm.

11. Bedroefde een, deur storm geslingerde, en nie-getrooste. Kyk, ek lê jou stene tussen antimone, en jou fundamente met saffiëre.

### **5.3.2.3.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 54:5-11**

Jesaja 54:1-17 gee aan die stad die versekering dat haar weduweenskap verby is. Die ballingskap is agter die rug. JHWH kom en gee die versekering dat Hy net vir 'n oomblik Sy gesig weggesteek het. Die ballingskap het vir 'n lang tyd geduur wanneer die volk en profete daarna verwys. Hulle ervaring was asof dit nooit 'n einde kry nie; daarteenoor verwys JHWH altyd na die kort tyd wat verloop het.

Verder wys JHWH daarop dat JHWH die stad jammer gekry het en dat die ontferming vir altyd sal duur. JHWH verklaar dan dat Hy die verlosser van Sion is. Die  $\lambda\lambda$  is die persoon, wat in Israel, in 'n nabye verwantskap met die een in nood staan, en intree om die persoon in nood by te staan en die omstandighede te verander. Die hulp is van so 'n aard, dat dit oor 'n tydperk strek, en dat die persoon wat hulp nodig het kan staatmaak op die helper wat sal sorg, ook in die toekoms as dit nodig is. Daarom kan die stad verseker wees van JHWH se bystand, sorg en ondersteuning vir altyd. Jesaja 54:5 en 8 bemoedig die stad van JHWH. Hier hoor die stad dat sy in 'n huweliksverhouding met JHWH staan. JHWH is die Verlosser<sup>494</sup> van die stad. Die goeie nuus is dat hierdie man ook die skepper van die volk is.

---

<sup>494</sup> Heffelfinger (2011:253-269) wys in haar werk op die spanning wat bestaan tussen troos en die onwilligheid van die volk en stad om die boodskap te ervaar. Dit is asof JHWH se vermoëns in twyfel getrek word om hulle te verlos. JHWH het al hulle twyfel vroe geantwoord. In Jesaja 54 praat JHWH met die stad en wys op die veranderende situasie wat gaan kom. JHWH is in beheer en die Verlosser wat die stad bystaan en beskerm.

Die name word in die vorm van die bekende formule weergegee, naamlik 'JHWH van die leërskaare' en as 'verlosser'<sup>495</sup> en 'die heilige Een van Israel'. Hierdie name wil die volk verder versterk en vertroos. Die volk sal dan beseef dat JHWH die skepper is wat alle dinge en magte tot JHWH se beskikking het. Daarom is JHWH in staat om hulle te kan verlos. JHWH is die een wat as heilige van Israel ook in 'n noue verband met hulle staan en hulle kan verlos. Verder word JHWH gekwalifiseer as 'die God van die hele aarde'. JHWH het alles geskep en regeer oor alles. Die feit dat JHWH die volk en stad in 'n verhouding met Hom stel, moet hulle vertroos. Hulle behoort aan JHWH en is deur JHWH gekies. Hulle behoort aan JHWH as eie volk en eiendom. JHWH sal hulle bystaan en beskerm.

#### 5.3.2.4 Samevatting

Daar word in Jesaja 49:7, 26 en Jesaja 54:5, 8 gevind dat die selfstandige naamwoord גאל troos ondersteun. JHWH is die Verlosser van die volk en die stad. JHWH waarborg ook troos aan die volk en stad.

#### 5.4 Die werkwoord פדה verlos se gebruik

Die werkwoord פדה<sup>496</sup> wat 'loskoop' of 'verlos' beteken, in die Qal, word gewoonlik gebruik om na 'n gebruik te verwys waar 'n persoon teruggekoop word. Gewoonlik 'n familielid of 'n dier en dit gaan gepaard met vaste religieuse gebruike, sien Miscall<sup>497</sup>. Dit verwys ook na verlossing deur JHWH of loskoop van Israel uit die slaweband van Egipte. Die werkwoord kom voor in Jesaja 50:2 en 51:11. Slegs in Jesaja 51 word die werkwoord saam met troos gebruik.

---

<sup>495</sup> Leupold (Volume II. 1977:239-242) wys dat JHWH die man van die stad is en ook die Verlosser. JHWH sal vir altyd die stad in liefde beskerm. Miscall (1993:126). JHWH is die stad se Verlosser omdat Hy vir haar lief is. Webb (1996:216). JHWH is die stad se Verlosser en het die stad lief. Oswalt (2003:596). Die titels van JHWH dui op die feit dat Hy die verlosser van die stad is, en JHWH bevestig dat hy die stad se man is. Dempsey (2010:138) toon aan dat JHWH 'n verbond met die stad sluit en ook haar Verlosser is.

<sup>496</sup> Jenni en Westermann (1984:389-406). Daar word genoem dat die werkwoord loskoop deur losgeld, loslaat of vrylaat beteken, in sy oorspronklike betekenis. Hierdie werkwoord is 'n algemeen Semitiese werkwoord en is oorgeneem uit Aramees. Hier word Jes. 51:2 en 51:11 onder die afdeling van redding van die volke in die eskatologiese toekoms geplaas.

<sup>497</sup> Miscall (1993:88) wys daarop dat die term wat meer gebruik word die term גאל is. Deutero-Jesaja gebruik die terminologie wat voorgekom het by die eksodus vanuit Egipte, wanneer hy praat oor die bevryding van Israel uit Babel. Die Hebreuse Bybel het gewoonlik vaste religieuse gebruike wanneer פדה gebruik word.

#### 5.4.1 Jesaja 51:11 Die werkwoord פדה in die Qal word in vers 11 gebruik

Die werkwoord פדה, 'loskoop' of 'verlos' kom in Jesaja 51:11 voor. Hierdie vers is deel van die perikoop wat bestaan uit Jesaja 51:9-16. Hier volg my vertaling van Jesaja 51:9-16:

9. Ontwaak, ontwaak. Arm van JHWH, trek sterkte aan. Ontwaak, soos in die dae van ouds, onder die geslagte van lank gelede. Was dit nie U wat Rahab in stukkies gekap het nie, en die seemonster deurboor het nie?

10. Was dit nie U wat die see laat opdroog het nie, die waters van die groot dieptes, wat die dieptes van die see 'n pad gemaak het, vir die verlostes om op verby te gaan.

11. En die losgekooptes/verlostes van JHWH sal terugkeer en kom na Sion met sang, en ewigdurende blydschap op hulle kop; vrolikheid en blydschap sal hulle oorval; droefheid en gesug sal wegvlug.

12. Ek, Ek is Hy wat julle troos. Wie julle, dat julle 'n mens sal vrees? Hy sal sterf. En van die seun van die mens? Hy word gegee as gras.

13. En jy het vergeet van jou maker JHWH, wat die hemel uitgesprei het en die aarde gevind het. En jy was gedurig elke dag bang vir die woede van die verdrukker, omdat hy gereed was om te vernietig. En waar is die woede van die verdrukker?

14. Die verskrikte is haastig om bevry te word, en nie dat hy in die put sterf nie, en nie dat sy brood sal ontbreek nie.

15. Maar Ek is JHWH jou God, wat die see in beroering bring en maak dat sy golwe bruis; JHWH van die leërskaie is sy Naam.

16. En Ek het my woorde in jou mond gelê, en jou in die skaduwee van my hand toegemaak; om die hemel te plant en die aarde te grond, en om aan Sion te sê: Jy is My volk.

##### 5.4.1.1 Bespreking en eksegesi van Jesaja 51:11

Jesaja 51:11 vorm deel van die groter perikoop wat bestaan uit verse 9 – 16. Die inhoud van die gedeelte beklemtoon die feit dat JHWH uitkoms gee. Jesaja 51:9-16 wys dat JHWH gevra word om in te gryp in die situasie, omdat dit vir die stad onmoontlik is, om alleen die situasie te hanteer. Daar word verwys na die krag van



JHWH, waarmee JHWH opgetree het, tydens die skepping en die uittog uit Egipte. JHWH het die chaosdraak Rahab, wat in die Babiloniese mitologie as Tiamat bekend was, tydens die skepping oorwin<sup>498</sup>. Verder het JHWH die mag van Egipte gebreek en die volk uit slawerny bevry. JHWH het hulle veilig deur die Rooi See laat trek, en daaraan word nou gedink. Daarna word die ballinge, wat losgekooptes genoem word, se terugkeer na Sion toe beskryf. Dit is met vreugde dat hierdie mense terug kom in die stad, Jerusalem, waarna hulle so verlang het.

Hierdie ballinge is gevul met blydschap en troos omdat hulle ervaar het dat JHWH getrou gebly het aan Sy beloftes. Hulle is losgekoopt<sup>499</sup> uit ballingskap en terug in Sion. Dit troos hulle met die wete dat hulle altyd op JHWH kan vertrou vir bystand, beskerming en onderskraging. JHWH<sup>500</sup> is die Verlosser en trooster van die volk en wys hulle daarop dat dit nie nodig is om bang te wees nie. JHWH is die skepper en beskerm hulle as JHWH se volk. Die stad en volk se skuld is uit genade vergewe en hulle verhouding met JHWH is deur JHWH herstel. JHWH is die een wat die volk uit ballingskap laat terugkeer. JHWH is die een wat die stad sal laat opbou en herstel en beskerm. JHWH se troos lê nie net in woorde nie. Nee dit het werklik oorgegaan tot daad. Die volk het dit gesien en ervaar, en is daarom gevul met blydschap en troos.

#### 5.4.1.2 Oorsig

Die losgekooptes<sup>501</sup> van JHWH word verlos uit ballingskap, sonder dat dit deur hulle toedoen plaasvind. JHWH is die inisieerder, JHWH koop hulle los en laat hulle terugkeer na Sion. Hulle sal Sion binnegaan met sang en blydschap omdat hulle weer kon terugkeer na hulle eintlike land, waarna hulle gehunker het. Hier sal hulle blydschap in oorfloed geniet. Daar sal geen droefheid meer wees nie. Hulle sal hier

---

<sup>498</sup> Schuller (1988:99-101) wys daarop dat Deutero-Jesaja die mitologiese tradisies wat in die kultus bewaar is, kombineer met die eksodus, om aan te toon dat JHWH wat geskep, en in die geskiedenis opgetree het, die volk nou sal kan red. Schuller toon aan dat die volk se situasie net so sleg was as in die tyd voor die eksodus. Daarom kon Deutero-Jesaja nou die eksodustradisie gebruik om die mag van JHWH te bevestig.

<sup>499</sup> Beuken (1983:121-141) verwys daarna dat die ballinge na Sion mag terugkeer as mense wat deur JHWH vrygekoopt is.

<sup>500</sup> Beuken (1983:121-141) Dit dien as troos om te weet, JHWH is in beheer. Motyer (1993:407-413). JHWH is altyd in beheer en beskerm die volk. Dit verskaf troos. Dempsey (2010:135) beklemtoon die feit dat JHWH in beheer is, en troos gee.

<sup>501</sup> Leupold (Volume II. 1977:203-205) wys dat JHWH die ballinge uit Babel kan bevry. Daar word na die volk verwys as die losgekooptes van JHWH.

werklik getroos wees, omdat die belofte van Jesaja 40:1 dan vir hulle 'n werklikheid geword het.

Jesaja 51:11 bring die boodskap dat JHWH in beheer is van die ganse skepping. JHWH het alles gemaak en alle magte is aan Hom onderwerp. JHWH troos die stad Sion en sorg vir die volk. JHWH verseker die volk dat Sy geregtigheid vir altyd sal wees. JHWH het die volk losgekoop. Die stad en volk kan verseker wees van die sorg en bystand van JHWH, soos uit die verlede<sup>502</sup> en vir altyd. Die werkwoord פדה werk mee om troos te versterk.

## 5.5 Samevatting

Die gebruik van die werkwoord en selfstandige naamwoord גאל in Jesaja 51:10; 52:9; 49:7, 26; 54:5 en 8 toon aan dat JHWH die Verlosser<sup>503</sup> is en die Een wat verlos. Die werkwoord פדה wat in Jesaja 51:11 voorkom, toon aan dat JHWH die Een is wat die volk loskoop uit ballingskap. Die eksegeese van die teksgedeeltes toon duidelik dat JHWH in beheer is, as Verlosser en die aksie van verlossing en loskoop uitvoer. Hierdie werkwoorde en selfstandige naamwoord ondersteun troos in die gedeeltes.

---

<sup>502</sup> Leupold (Volume II. 1977:205-207) wys daarop dat JHWH troos gee en Hy onderhou alles wat geskep is. Kraus (1990:134-138) wys dat JHWH troos en die volk ten alle tye beskerm. Berges (1998:376) wys daarop dat die verwysing na die stryd tussen JHWH en die oermonster, waar JHWH die oorwinnaar was, en die volk uit Egipte gered is, dien as rede vir hoop en troos in die huidige situasie. Oswalt (2003:569-572) beklemtoon dat JHWH as Skepper, in beheer is en verlos.

<sup>503</sup> Berges (1998:325-329) wys daarop dat JHWH as Verlosser vertroostend inwerk vir die volk. Die volk ervaar die feit van 'n verlosser wat hulle bystaan as 'n 'troos'.

## HOOFSTUK 6

### Werkwoorde wat troos ondersteun

#### 6.1 ידע ken of weet

Die werkwoord ידע 'ken' of 'weet' kom 39 keer in Jesaja 40 tot 55 voor. Hierdie werkwoord vind ons 19 keer in Jesaja 1 tot 39 en 9 keer in Jesaja 56 tot 66. Die werkwoord 'ken' versterk die troosmotief van Jesaja 40 tot 55. Troos word aan die volk beloof. Die volk moet bewus word waarom hulle die troos kan aanvaar en waarop en op wie hulle hoop. Die Here maak Hom opnuut aan die volk bekend as Skepper en enigste God en beklemtoon hierdie feit deur die gebruik van ידע – 'ken' of 'weet'. In die Qal beteken dit: 'Waarneem', 'ken', 'ervaar' en 'weet'. Daar word gevind dat die werkwoord ידע in Deutero-Jesaja, net in Jesaja 46 en 54 nie voorkom nie.

Die gebruik van ידע in Jesaja 40-55 is die volgende in hoofstukke: Qal. Jes. 40:21; 40:28; 41:20; 41:22; 41:23; 41:26; 42:16; 42:16; 42:25; 43:10; 43:19; 44:8; 44:9; 44:18; 45:3; 45:4; 45:5; 45:6; 45:20; 47:8; 47:11; 47:11; 48:4; 48:6; 48:7; 48:8; 48:8; 49:23; 49:26; 50:4; 50:7; 51:7; 52:6; 53:3; 55:5; 55:5. Net in hoofstukke 46 en 54 van Jesaja word ידע nie gebruik nie. In die Hifil is die betekenis: 'bekend maak' of 'inlig' in Jesaja 40:13, 14; 47:13.

Die werkwoord ידע: wat 'ken' of 'weet' beteken, kom voor saam met die skeppingsgedeeltes - soms saam met troos, in dieselfde hoofstuk net voor die perikoop met troos, en soms daarna - in Jesaja 40, 49, 51 en 52. Dit wil voorkom asof JHWH Homself aan die volk bekend maak, as die enigste Skepper en deur die skepping, as JHWH. Hierdie wete of kennis moet die mens JHWH se uniekheid laat besef. Hulle moet dan onder die indruk van JHWH se almag kom. Hom alleen dien en erken as JHWH, met wie hulle in 'n verhouding staan. JHWH het alles geskep en kan met niemand en niks vergelyk word, wat bestaan nie.

Die verse waarin die werkwoord ידע: 'ken' of 'weet' voorkom met 'n kort samevatting van die konteks. Die werkwoord ידע in die Qal kom voor in: Jesaja 40:12-28 en word in hoofstuk 5 onder punt 5.2.1 bespreek. Jesaja 49:26 word in hoofstuk 5 onder punt 5.3.2.2 bespreek. Hier word net op die voorkoms van die werkwoord ידע gelet.

Daar word kortliks gelet op die voorkoms van die werkwoord ידע in Deutero-Jesaja. In Jesaja 40:21, 28 is JHWH aan die woord met die vraag: Het jy nie geweet nie? en Weet julle dit nie?

Jesaja 41:20, 22, 23 en 26 roep die hoorders op om te weet wat JHWH gedoen het. Daar moet ag gegee word op die dinge wat kom. Die afgode word uitgedaag om dinge wat gaan gebeur bekend te maak. Die vraag word gestel: Wie het van begin af bekend gemaak, sodat ons kon weet? In Jesaja 42:16, 16 en 25 wys JHWH daarop dat Hy die blindes lei op paaie wat hulle nie ken. Daar word daarop gewys dat JHWH se toorn uitgegiet is, soos vuur, en die mens het dit nie geken of opgemerk nie. Daar word in Jesaja 43:10 en 19 aangetoon dat JHWH Homself aan die kneg bekendmaak. Die kneg moet weet wie JHWH is. JHWH maak nuwe dinge bekend en vra: Sal julle dit nie weet of ken nie?

In Jesaja 44:8, 9 en 18 verklaar JHWH dat Hy geen ander God ken wat bestaan nie. JHWH verklaar dat makers van afgode niks ken of weet nie. JHWH wys daarop dat die makers van afgode nie weet nie, want hulle oë is toegesmeer.

Jesaja 45:3, 4, 5, 6 en 20 leer dat die volk kan weet JHWH is die God van Israel. Daar word gesê dat Israel JHWH nie geken het nie. Verder word verklaar dat van sonsopkoms tot ondergang moet die volk weet, JHWH is die enigste God, en die afgodsdienaar weet en ken niks nie. In Jesaja 47:8 en 11 word daar oor Babel die berig gegee. Wanneer Babel verwoes word, sal Babel nie die verlies van haar kinders ken nie. Babel sal nie die oorsprong van kwaad ken nie en ook nie die verwoesting se oorsaak nie. Daar word in Jesaja 48:4, 6, 7 en 8 verklaar dat JHWH die volk se hardheid ken. JHWH gee nuwe dinge en geheime wat die volk nie ken nie. Daar word twee keer verklaar dat die volk nie weet nie. Daar word gesê dat JHWH weet die volk sal ontrou wees. In Jesaja 49:23, 26 is die versekering gegee dat: 'Julle sal weet Ek is JHWH'. Almal sal weet JHWH is die Redder. Jesaja 50:4 en 7 leer dat JHWH aan die kneg 'n tong gee om mense dinge te laat weet of ken. JHWH help die kneg om dinge te weet en nie skaam te wees nie. In Jesaja 51:7 word geleer dat die mense wat geregtigheid ken, die volk is wat die wet van JHWH in hulle hart het. Jesaja 52:6 leer dat die volk JHWH se Naam sal ken. Daar word in Jesaja 53:3 van die kneg gesê dat hy bekend sal wees as iemand wat krankhede

het. Jesaja 55:5 leer dat JHWH veroorsaak dat die volk nasies roep, wat hulle nie ken nie, en nasies wat hulle nie ken nie, sal na hulle toe hardloop.

Die werkwoord ידע in die Hif'il met die betekenis: 'bekend maak' of 'inlig' kom net in Jesaja 40:13, 14 en 47:13 voor. In Jesaja 40:13-14 handel dit daaroor dat niemand JHWH kan leer nie. Wie leer en maak dinge aan JHWH bekend en wie sal aan JHWH die pad bekend maak. In Jesaja 47:13 is JHWH aan die woord en vra dat die sterrekykers die toekoms moet bekend maak.

### 6.1.1 Oorsig en bespreking

Die werkwoord ידע word in die oorgrote meerderheid van gevalle in Deutero-Jesaja gebruik, waar JHWH met die volk praat, of waar daar van JHWH gepraat word. Die werkwoord wil beklemtoon, wie JHWH is en wat Hy doen. Die werkwoord ידע word in Jesaja 40:13, 14, 21 en 28 gebruik. Beuken (1979:40-43) wys dat verse 13-14 dit duidelik stel dat niemand JHWH kan leer nie. JHWH raadpleeg niemand om Hom by te staan nie. JHWH alleen het kennis<sup>504</sup> en gee kennis aan die mens (Merendino, 1981:78-79, 197). Koole (1985:53-56) wys op die parallelisme en chiasme in verse 13-14: JHWH gee die mens kennis en insig. Beuken (1979:46-47, 53-54) wys daarop dat die chiasme wat in vers 21 gebruik word, die klem op 'weet' of 'ken' en 'begryp' laat val. Die 'hoor' en 'verkondig' staan in die middel sodat die klem op die eie kennis van die hoorder val. Vers 28 verwys terug na vers 21. Hier val die feit van 'ken' weer op. Die heil van JHWH gaan ook van die skeppingskrag af uit. JHWH is die Skepper van die eindes van die aarde. JHWH is vir alle tye, ook die hede. JHWH se verstand kan nie deurgrond word nie.

Die werkwoord ידע toon dat alleen JHWH kennis het en die volle insig besit. JHWH gee aan die mens kennis en leer die mens die regte pad.

### 6.1.2 Samevatting

Die werkwoord ידע word meestal in die skeppingsgedeeltes van Jesaja gebruik. Dit dien om die volk weer op te skerp dat hulle bewus word, wie JHWH is. Die verse waarin die werkwoord ידע gebruik word, beklemtoon die feit dat JHWH in beheer is

---

<sup>504</sup> Merendino (1981:78-79, 197) wys daarop dat die werkwoord ידע nog baie keer deur Deutero-Jesaja gebruik word. Verder noem Merendino dat niemand JHWH kan leer of kennis gee nie.

en die enigste God is, wat bestaan. Dit dien tot 'troos' om te weet dat JHWH in beheer is.

## 6.2 רחם in Pi'el - ontferming

Die tekste wat רחם bevat, is ondersteunend tot die troos in Deutero-Jesaja. Hulle wys op 'n handeling of optrede deur JHWH, wat tot die volk en ook tot die stad Jerusalem/Sion gerig is. JHWH wat die troos-opdrag in 40:1 gee, is ook die een wat die רחם waarborg en sorg dat die opdrag uitgevoer word. Die רחם, 'ontferming'<sup>505</sup>, 'genadig wees' of 'moederliefde' gaan net 'n tree verder om die troos meer persoonlik te maak, en in daad of handeling te laat oorgaan (Dahmen, 1993:460-477). Die tekste in Deutero-Jesaja word nagegaan en bespreek om vas te stel, tot watter mate, hierdie tekste die troosboodskap verder uitbrei en uitdra. Die ontferming word deur JHWH aan die volk, en meermale aan die stad Jerusalem/Sion, bewys. Jenni en Westermann (1984:762-768)<sup>506</sup> wys daarop dat רחם 42 keer in die Pi'el in die Ou Testament voorkom, waarvan dit 12 keer in Jesaja verskyn, waarvan ses van hierdie kere in Deutero-Jesaja is. Hulle hanteer רחמים as 'n simboolnaam onder רחם en wys daarop dat dit vier keer in Jesaja voorkom. Die volgende woord wat op die klank af aan troos en ontferming herinner, is רחמים (ontferming), en daarom word die teks in Deutero-Jesaja waar troos en רחמים voorkom, ook bespreek. רחמים – ontferming – Jesaja 54:7. In Jesaja 47:6 word die woord as objek gebruik (Lisowsky, 1981:1330).

Tekste in Jesaja 40 tot 55 waar die werkwoord רחם 'ontferming' saam met רחם 'troos' voorkom is Jesaja 49:10, 13, 15 en in Jesaja 54:7, 8 en 10. Die werkwoord רחם 'ontferming' kom ook in Jesaja 55:7 voor en hierdie vers sal ook behandel word.

---

<sup>505</sup> Dahmen (1993:460-477) bespreek die werkwoord רחם en wys daarop dat dit 42 keer in die Masoretiese teks voorkom. Twaalf keer in Jesaja as boek, en ses keer in Deutero-Jesaja. Die betekenis is hoofsaaklik 'ontferm' of 'genadig wees'. Die betekenis van moederliefde word onder die selfstandige naamwoord bespreek. Die woord רחמים word met die betekenis 'ontferming' bespreek en word twee keer in Deutero-Jesaja aangetref. Die werkwoord רחם word in die Pi'el vorm in Deutero-Jesaja gebruik. In 49:10 en 54:10 is dit 'n titel vir JHWH, in 49:13 deel van 'n parallisme en in 54:8 is dit gelyk met die trou van JHWH.

<sup>506</sup> Jenni en Westermann (1984:762-768) wys daarop dat die werkwoord die betekenis van 'erbarming' of 'ontferming' het. Dieselfde woord word as selfstandige naamwoord gebruik met die betekenis van moederskoot, as die uitgangspunt van alle menslike en dierlike lewe. Hier gaan dit oor die direkte handeling van JHWH.

### 6.2.1 Jesaja 49:10; 49:13 en 49:15

Die werkwoord  $\text{נחם}$  in Pi'el – 'erbarming' of 'ontferming', word in Jesaja 49:10, 13 en 15 gebruik. Jesaja 49:8-16 sal behandel word en bespreek word. Hier volg my vertaling van Jesaja 49:8-16:

8. So sê JHWH: In 'n gunstige tyd het Ek jou geantwoord, en in die dag van redding het Ek jou gehelp. En Ek sal jou bewaar en gee jou as 'n verbond vir die volk, om die aarde weer te vestig, om te veroorsaak dat die verlate erfenisse geërf word,

9. om aan die gevangenes te sê: Gaan uit. Aan hulle wat in die donkerte is: Wys julleself. Hulle sal in die paaie wei, en hulle weivelde sal in al die hoë plekke wees.

10. Hulle sal nie honger word nie, nog dors, en die hitte van die son sal hulle nie steek nie. Want Hy wat Hom oor hulle ontferm, sal hulle lei. En Hy sal hulle gids wees na die fonteine van water.

11. En Ek sal al my berge 'n pad maak, en my grootpaaie sal opgevul wees.

12. Kyk, hierdie sal van ver kom, en kyk hierdie van die noorde en van die weste, en hierdie van die land van die Siniete.

13. Sing hemele, en wees bly aarde, breek uit in sang berge. Want JHWH het sy volk getroos, en sal Hom oor sy bedroefdes ontferm.

14. Maar Sion sê: JHWH het my verlaat, en die Here het my vergeet.

15. Kan 'n vrou haar jong baba vergeet, sonder om haar te ontferm oor die seun van haar skoot. Ja hulle mag vergeet, maar Ek sal jou nie vergeet nie.

16. Kyk, Ek het jou in die palms van my hande gegraveer; jou mure is altyd voor My.

#### 6.2.1.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 49:8-16

Jesaja 49 is in hoofstuk 4 behandel onder punt 4.1.3.2. Jesaja 49 begin met die kneglied, waarin die kneg die volke oproep om kennis te neem, van die kneg en sy aanstelling deur JHWH. Hierna word die doel van die opdrag uitgespel. Daar wag 'n nuwe taak op die kneg sowel as op Israel en die nasies. Die kneg sal 'n lig wees sodat die verlossing van JHWH ook na heidene en die eindes van die aarde sal strek. JHWH stel Homself voor en gee inligting aan die volk deur, sodat die volk kan

besef dat hulle in 'n verhouding staan met JHWH, wat hulle verkies het. JHWH waarborg 'n pad vir die terugtog en die ballinge sal uit al die windstreke na Jerusalem terugkeer.

Jesaja 49:13 is die vers wat dien as skarnier tussen die voorafgaande gedeelte en die verse wat op vers 13 volg. Hierdie vers bevat die loflied wat gesing word omdat JHWH die volk getroos het en omdat JHWH die lydendes jammer gekry het. Die hele skepping loof JHWH as die skepper wat in staat is om die wonder te laat gebeur. Die volk word uit ballingskap verlos en hulle word so getroos. Die liefde, genade en ontferming van JHWH gaan alle verstand te bowe. JHWH ontferm Hom oor die volk en lei hulle in liefde.

Grimm en Dittert<sup>507</sup> (1990:339-341) wys dat die roep om vreugde in Jesaja 49:13 JHWH se heilshandeling hier begrond deur die gebruik van נחם en רחם, en aansluit by die lied in 44:23 waar גאל gebruik word. Hulle verklaar dat Deutero-Jesaja die roep tot vreugde in JHWH se heilshandeling begrond met drie werkwoorde: 'troos', 'ontferming' en 'loskoop'. Deutero-Jesaja is die enigste profeet wat met die werkwoorde drie aspekte van JHWH se heilshandeling met die volk aandui. JHWH koop hulle los van hulle skuldias en gee verlossing en bevryding aan die ballinge. JHWH troos die volk deur die verkondiging van die bevryding. JHWH ontferm Hom oor die volk deur krag en mag te vertoon en die volk soos 'n moeder in liefde te aanvaar, selfs al is die volk soos 'n beklaenswaardige kind.

JHWH is bereid om opnuut met die volk in 'n verhouding in te gaan en hulle by te staan en te beskerm. Die ontferming, רחם, van JHWH wat in verse 10, 13 en 15 voorkom, en die twee werkwoorde, נחם en רחם dien saam as 'n koppeling tussen hoofstuk 49 se eerste en laaste gedeeltes. Die troos en ontferming aan die volk word afgehandel. Die troos en ontferming aan die stad Jerusalem<sup>508</sup> neem nou 'n

---

<sup>507</sup> Grimm en Dittert (1990:339-341) wys dat die volk deur JHWH vertroos is, en dat hulle deur JHWH wat Hom oor hulle ontferm het, uit ballingskap verlos word.

<sup>508</sup> Berges (1998:372-373) toon aan dat die troos en ontferming aan Jerusalem nou 'n werklikheid word, wanneer die moederlike liefde ervaar word. Die ontferming lei die tema van moederskap van Sion in.



aanvang, en sal deur JHWH uitgevoer word, sodat Jerusalem/Sion ook getroos kan word en ontferming kan ontvang (Berges, 1998:372-373).

Die volgende gedeelte handel oor Sion wat kla dat JHWH haar vergeet<sup>509</sup> het. JHWH antwoord dan met die pragtige vergelyking van die vrou wat nie haar kind sal vergeet nie, en so kry die stad die versekering dat JHWH haar nooit sal vergeet nie (Beuken, 1983:56-57). 'n Verdere versekering volg dat JHWH die stad in Sy handpalms gegraveer het. Die stad is altyd in JHWH se gedagtes en voor JHWH se oë. JHWH staan in 'n besondere verhouding met die stad en sorg vir die stad. JHWH is die een wat in beheer is en wat Sion se kinders sal laat terugkeer. Die volke en vyande sal wegtrek. JHWH is die Bevryder<sup>510</sup> wat Sion se kinders bevry en Sion beskerm (Klein, 2009:214-218).

Jesaja 49:10, 13 en 15 wat oor ontferming<sup>511</sup> deur JHWH, teenoor die volk en stad handel, dui op die geweldige liefde van JHWH vir beide die volk en die stad Sion (Delitzsch, Vol.II. 1877:268). Die ballinge kry in vers 10 die wonderlike versekering, dat JHWH self hulle herder sal wees op die terugtog vanaf Babel na Jerusalem. JHWH sal hulle teen die elemente (son en hitte) beskerm. Daar sal vir water en rusplekke gesorg word. Hulle herder sal na alles wat nodig is omsien. Hierdie ontferming is uit liefde. Die loflied van vers 13 is as gevolg daarvan dat JHWH die belofte van Jesaja 40:1 uitgevoer het en die volk getroos het. Verder het JHWH Hom

---

<sup>509</sup> Beuken (1983:56-57) reageer met die verwysing na die simboliek wat JHWH gebruik, naamlik die vrou wat nie haar kind vergeet nie, en die feit dat Sion se naam in JHWH se handpalm gegraveer is. Die stad is altyd voor JHWH en in JHWH se gedagtes. Berges (2010:118) wys daarop dat Sion haar nie wil laat vertroos nie. Die woord vir ontferming, מרר, is in vers 15 gebruik, en sal weer in verband met Sion gebruik word. Sion beskuldig JHWH daarvan dat sy deur JHWH verlaat en vergeet is. JHWH tree nou na vore as die Een wat moederliefde betoon en vir die stad sorg.

<sup>510</sup> Klein (2009:214-218) wys daarop dat JHWH geken word as die Een wat in beheer is en die volk onder Kores na hulle land laat terugkeer. Die hele gedeelte van Jesaja 40:1-49:13 staan onder die opdrag van troos wat gegee word, en deurgevoer word.

<sup>511</sup> Delitzsch (Volume II. 1877:268) sê dat die ontferming van hierdie verse vir ewig voortgaan teenoor die volk en stad. Ridderbos (1953:125-129) wys op die ontferming aan die volk en daarna ook aan die stad. JHWH sal in ontferming die volk soos 'n herder versorg en beskerm. JHWH betoon in ontferming liefde aan die stad soos 'n ma aan haar kind. Leupold (Vol II. 1977:180-185) wys dat JHWH Hom in vers 10 oor die volk ontferm en as herder, hulle sal beskerm. Verse 13 en 15 sê hoedat JHWH Hom oor die stad sal ontferm. Die loflied word gesing oor die genadige daad van JHWH. Kraus (1990:116-117) wys dat die ontferming van JHWH oor die volk duidelik gesien en ervaar word en dit sluit by Psalms 9, 10, 35, 69 en 140 aan. Grimm en Dittert (1990:339-341) wys dat die volk deur JHWH vertroos is, en hulle word deur JHWH wat Hom oor hulle ontferm het, uit ballingskap verlos.

oor hierdie volk ontferm. Vers 15 wys daarop dat JHWH in gesprek met Sion is. Hy vergelyk die omgee vir Sion met 'n ma wat haar oor haar kindjie ontferm, en hom nooit sal vergeet nie. So verseker JHWH die stad dat JHWH haar nooit sal vergeet nie. Dit kom daarop neer dat JHWH se liefde vir Sion onvernietigbaar is. Die feit dat JHWH die volk vertroos (vers 13), word deur Dille (2004:138-144)<sup>512</sup> as 'n trooswoord aan Sion gesien.

### 6.2.1.2 Samevatting

Jesaja 49:10, 13 en 15 bind die hoofstuk saam, deur die gebruik van die werkwoord  $\text{נחם}$  wat in die verskillende dele waarin die hoofstuk uiteenval, voorkom. Die ontferming van JHWH loop soos 'n goue draad deur die hoofstuk en die liefde en genade van JHWH word beklemtoon. 'n Liefde en genade wat in alle omstandighede daar is vir die volk en die stad Jerusalem. JHWH ontferm Hom oor die mens wat bereid is om te breek met die verkeerde en wat verkies om weer in die regte verhouding met JHWH te staan. Die wonderlike is dat JHWH die een is wat die inisiatief neem en die mens uitnooi, om terug te kom, na Hom toe.

Die afleiding word hier gemaak dat vers 13<sup>513</sup> die koppeling is tussen die twee dele van Deutero-Jesaja, naamlik hoofstukke 40 tot 49:13 en 49:13 tot 55. Vers 13 is die afsluiting van die eerste deel en die aanvang van die tweede deel. Vers 13 is dus 'n skarnierverbinding tussen die dele. Die tweede afleiding is dat die werkwoord  $\text{נחם}$  die werkwoord  $\text{נחם}$  in die Jesaja 49:10, 13 en 15 ondersteun (Beuken, 1983:9-10, 45-48).

---

<sup>512</sup> Dille (2004:138-144) noem dat JHWH Sy volk sal troos, en verwys terug na 40:2 waar daar gesê word om saggens met Jerusalem te praat. Sion is die ontvanger van die trooswoorde. Dille verklaar dat die vers verder aansluit by 52:9. Die boodskap dat JHWH die volk vertroos het, word hier onmiddellik opgevolg met 'n boodskap van troos aan Sion. JHWH vertroos nie alleen nie, maar toon verder ontferming aan Sion. Volgens Dille sluit die woorde 'ontferming' en 'moederskoot' bymekaar aan, omdat hulle in Hebreeus eenders klink en dieselfde stam deel, naamlik  $\text{נחם}$ . Dit val op dat hierdie stam verse 10, 13 en 15 met mekaar verbind, omdat die stam in al drie die verse voorkom.

<sup>513</sup> Beuken (1983:9-10, 45-48) voel die probleem in die teks aan en wys dat die eerste 13 verse by die troos van Jesaja 40:1 aansluit. Jesaja 49:13 sluit die troos aan die volk af, maar begin met die gebruik van die werkwoord  $\text{נחם}$ , om die troos na die stad toe te swaai. Beuken verkies tog om Jesaja 49:1-13 by die tweede hoofdeel in te sluit. Terselfdertyd is die vers ook 'n brug wat na vers 15 geslaan word, met die nuwe naam vir JHWH, naamlik Israel se Ontfermer. Die woord  $\text{נחם}$  word in verse 10, 13 en 15 gebruik. Goldingay (2005:374-381) wys daarop dat vers 13 die afsluiting vorm van die troos vir die volk. Die opdrag tot troos word in 40:1 gegee en hier word gerapporteer dat die volk vertroos is. Die opdrag is uitgevoer. JHWH sal Hom oor die swakkes ontferm.

## 6.2.2 Jesaja 54:7, 8, 10

Die werkwoord רחם in Pi'el – ‘erbarming’ of ‘ontferming’ – word in Jesaja 54:8 en 10 gebruik en die woord רחמים – ‘ontferming’ – in Jesaja 54:7. Jesaja 54:11-17 is in hoofstuk 4 behandel as punt 4.1.3.7.

Hier volg my eie vertaling van verse 7-11:

7. Vir 'n kort oomblik het Ek jou verlaat, maar Ek sal jou bymekaar maak met groot ontferming.

8. In 'n vloed van woede het ek my gesig vir 'n oomblik vir jou weggesteek, maar ek sal my oor jou ontferm met ewige genade, sê JHWH, jou verlosser.

9. Want hierdie is soos die waters van Noag vir My, soos Ek gesweer het om die waters van Noag terug te hou om weer oor die aarde te gaan, so het Ek gesweer om nie weer kwaad te wees vir jou en jou te verstoot nie.

10. Want die berge sal vertrek en die heuwels sal verwyder word, maar my genade sal nooit van jou af weggaan nie, ook sal die verbond van my vrede nie verwyder word nie, sê JHWH wat hom oor jou ontferm.

11. Bedroefde een, deur storm geslingerde, en nie-getrooste. Kyk, ek lê jou stene tussen antimone, en jou fundamente met saffiere.

### 6.2.2.1 Bespreking en eksegetiese van Jesaja 54:7-10

Jesaja 54:1–17 handel oor: JHWH se liefde vir Jerusalem en word onderverdeel in verse 1-6 en verse 7-17. Die verdere verdeling is verse 7-10 en verse 11-17. Jesaja 54 is die hoofstuk waar dit oor 'n vrou handel wat nie by name genoem word nie, maar die afleiding wat uit die hoofstuk gemaak kan word, is dat die vrou Sion voorstel.

In Jesaja 54:7 bemoedig die profeet die volk van JHWH. Hier hoor hulle dat JHWH hulle net vir 'n kort tydjie verlaat het, en wel tydens die ballingskap<sup>514</sup>. Vir die volk het die ballingskap baie lank gevoel. JHWH praat hier en wys daarop dat Hy nog altyd

---

<sup>514</sup> Leupold (Vol. II. 1977:239-242) noem dat JHWH die ballingskap as 'n kort tydjie beskryf en dat die stad se kinders met ontferming bymekaar gemaak sal word.

besorg was oor die volk. Ten spyte van die volk se ongehoorsaamheid kom JHWH en wys die volk daarop dat, Hy weer by hulle is en met hulle bemoeienis maak. JHWH gaan optree omdat hulle dit nie self kan doen nie. JHWH sê dat Hy die volk sal bymekaar maak en terugbring. Hierdie aksie van JHWH sal met groot ontferming<sup>515</sup> plaasvind, wat weer op die liefde en genade van JHWH wys. JHWH staan steeds in 'n besondere verhouding met hierdie volk. Daarom neem JHWH inisiatief en sorg vir die volk en die stad (Leupold, Vol. II. 1977:239-242).

Daar word 'n eed-formule gebruik, wat daarop dui dat die stad nie weer verlaat of op haar eie gelaat sal word nie. Die eed is so bindend en geldig soos die eed wat met Noag<sup>516</sup> gesluit is ten opsigte van die vloedwaters wat nie weer die aarde sal oordek nie. JHWH verbind Hom om nie weer vir Jerusalem so kwaad te word dat Hy haar sal verlaat nie. Die eed<sup>517</sup> word bevestig met die vergelyking dat die berge en heuwels tot niet sal gaan, maar dat die genade, die vrede en die ontferming van JHWH vir die stad nie sal ophou nie (Webb, 1996:215-216).

Verse 8 en 10 toon duidelik aan hoe geweldig JHWH se liefde vir Sion is. Die straf vir die sonde van Sion, word vergelyk met 'n man wat vir 'n oomblik woedend was en toe weer kalm geword het. Die ontferming uit liefde maak dat daar weer met die verhouding voortgegaan kan word, soos voor die woede ontstaan het. JHWH verwys dan ook na die feit dat JHWH Hom ontferm met ewige genade: die liefde vir Sion sal nooit vergaan nie. JHWH bevestig verder dat Hy die verlosser van Sion is wat JHWH self en die stad in 'n noue verband met mekaar plaas. Aangesien die woord *לגא*, wat impliseer dat die lossing in 'n noue verband met die een staan wat gehelp word, in hierdie geval die stad Sion, gebruik word. Vers 10 bevestig die ontferming net verder, waar JHWH die duur van die genade en verbond van vrede met die stad, met die berge en heuwels vergelyk. JHWH sê die berge en heuwels sal vergaan,

---

<sup>515</sup> Leupold (Vol. II. 1977:239-242) wys dat JHWH se ontferming Sy woede laat bedaar. JHWH verseker die stad dat Hy in ontferming 'n verbond sluit wat vir altyd geldig sal wees. JHWH se ontferming en liefde vir Sion sal nooit vergaan nie.

<sup>516</sup> Webb (1996:215-216) wys daarop dat die verbond wat JHWH nou met Israel sluit, bespreek word. Die verbond wat na Noag verwys, word as 'n verbond wat geldig is vir die hele menslike ras gesien.

<sup>517</sup> Webb (1996:215-216) wys daarop dat JHWH in verse 4-8 beskryf word as Israel se Skepper, man en verlosser.

maar die genade en vrede sal nooit vergaan nie. Hierdie genade en vrede oor die stad sal vir altyd duur. Dit is omdat dat JHWH Homself oor die stad Sion ontferm.

Die vrou word beskryf as 'n bedroefde, iemand wat deur storms geteister was en as 'n ongetrooste<sup>518</sup>. Die vrou in die hopelose toestand gaan deur JHWH verander word. Haar toestand word omgekeer en sy sal pragtig versier word (Klein, 2009:259-263).

JHWH is haar man<sup>519</sup> wat haar sal versorg en bystaan (Baumann, 2003:184-186). JHWH word aangekondig met die name van Skepper, JHWH van die leërskaare, jou Verlosser en die heilige Een van Israel, die God van die hele aarde. Al hierdie name wil die uniekheid, heerlikheid, krag en mag van JHWH beklemtoon<sup>520</sup> en die stad daarvan verseker dat sy by JHWH totale beskerming en hulp en bystand sal besit (Heffelfinger, 2011:253-269).

#### **6.2.2.2 Samevatting**

Jesaja 54:7-11 bevestig weer die trou en genade van JHWH. Die stad word daarvan verseker dat JHWH in 'n verhouding met haar staan ('n huweliksverhouding) en haar sal versorg en beskerm. Die ontferming van JHWH oor die stad kom in drie verse na mekaar voor en beklemtoon die liefde en troos wat JHWH aan die stad gee.

Hierdie uitsprake van JHWH oor ontferming<sup>521</sup>, sorg, bystand en beskerming dien as troos<sup>522</sup> vir die stad (Ridderbos, 1953:178-179). Daar word ook verseker dat JHWH altyd in die stad sal wees, en dat daar vrede sal heers (Beuken, 1983:253-259; 272).

---

<sup>518</sup> Klein (2009:259-263) wys daarop dat Sion 'n ongetrooste genoem word, en verder wys hy op die feit dat Sion as bruid van JHWH voorgestel word. Die troos moet voortgaan totdat Sion die volle heil van JHWH sal ervaar.

<sup>519</sup> Baumann (2003:184-186) verklaar dat Deutero-Jesaja JHWH deur huweliksmetafore beskryf as man van Sion. Moughtin-Mumby (2008:134-136) wys dat daar 'n vae verwysing na huweliksmetafore in Jesaja 54 is. Volgens haar word die beeld hier gebruik om JHWH se krag te toon, om Sion te verander, en dit beklemtoon die tema van verandering.

<sup>520</sup> Heffelfinger (2011:253-269) wys in haar werk dat dit wil voorkom asof die volk JHWH se vermoëns om hulle te verlos in twyfel getrek het. JHWH het al hulle twyfelvrae beantwoord. In Jesaja 54 praat JHWH met die stad en wys op die veranderende situasie wat gaan kom. JHWH is in beheer en kan die stad bystaan en beskerm.

<sup>521</sup> Ridderbos (1953:178-179) wys op die ontferming en verbind dit met Jesaja 40:2. Sion sal nou die ontferming van JHWH ervaar. Sion word daardeur getroos en versterk.

<sup>522</sup> Beuken (1983:253-259; 272) beklemtoon dat die ontferming van JHWH uit genade oor Sion kom. Sion ervaar die ontferming en dit word deur JHWH met 'n eed bevestig en gewaarborg. Beuken

### 6.2.3 Jesaja 55:7

Die werkwoord  $\text{נחם}$  in die Pi'el – ‘erbarming’ of ‘ontferming’, word hier in Jesaja 55:7 gebruik. Hier volg my eie vertaling van Jesaja 55:6-7:

6. Soek JHWH terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy nog naby is.
7. Laat die slegte sy pad aflê/wysig, en die ydel/verwaande mens sy gedagtes, en laat hy terugkeer na JHWH, en Hy sal Hom oor hom ontferm, en aan ons God want hy sal oorvloedig vergewe.

#### 6.2.3.1 Eksegese en bespreking van Jesaja 55:6-7

Jesaja 55 word opgedeel in 1-5 en 6-13. Die gedeelte 6-13 word in kleiner perikope verdeel, naamlik 6-7 en 8-13. Die kleiner perikoop van Jesaja 55:6-7 word vervolgens behandel en bespreek.

Jesaja 55:6-7 beklemtoon die oorvloedige genade en liefde wat JHWH vir die mens het (Ridderbos, 1953:189)<sup>523</sup>. JHWH het die mens geskep sodat die mens JHWH kon eer en dien en in die regte verhouding met Hom lewe. Sonde, ongehoorsaamheid en verkeerde keuses het die volk in ballingskap laat beland. Hulle wou hulle eie kop volg en sonder JHWH lewe. Hier kom die oproep na elkeen dat hulle na JHWH kan terugkeer en dat hulle hulle verkeerde paaie moet wysig. Hulle verkeerde gedagtes moet laat staan en bereid moet wees om in afhanklikheid aan JHWH te lewe<sup>524</sup>. Die wonder is dat JHWH Hom oor hulle sal ontferm en hulle genade sal bewys. Die genade wat hulle ontvang, is dat hulle sonde vergewe sal word. Hulle word deur JHWH weer in die regte verhouding met Hom geplaas. Hulle kan 'n nuwe pad saam met JHWH stap. Hulle moet in gehoorsaamheid en afhanklikheid aan JHWH lewe en Hy sal vir hulle die pad aanwys en hulle lei (Ridderbos, 1953:189).

---

wys daarop dat Sion hier geskets word as die bruid van JHWH wat deur Hom versier word. JHWH se ontferming oor die stad en die herstel van die stad, dien as troos.

<sup>523</sup> Ridderbos (1953:189). JHWH bied in genade aan die volk die geleentheid om terug te keer uit ballingskap na Sion. Hierdie geleentheid waar JHWH Hom ontferm oor die volk moet gebruik word. Beuken (1983:288-293) sê die strekking van Jesaja 40-52 is dat die heilstyd in die herstel van Jerusalem en die optrede van die kneg aangebreek het. Die aanhoorders van hierdie boodskap is in die eerste verse as die ‘knegte van JHWH’ aangespreek wat veilig in Sion sal woon.

<sup>524</sup> Ridderbos (1953:189) wys daarop dat die slegte mens nie daarmee rekening hou dat slegs JHWH se planne in vervulling gaan nie. JHWH wat Hom oor die mens ontferm, vergewe sonde.

Jesaja 55:6-7 moet in die kader van Deutero-Jesaja se boodskap gesien word, om die sinspeling van betekenis in die woorde te begryp. Die 'soek van JHWH' beteken 'om na die heiligdom op te gaan'<sup>525</sup>, of 'om aan JHWH se kant te staan' (Scullion, 1982:130-131). Die mens moet in beweging kom en berouvol na JHWH toe gaan. 'Roep Hom aan' dui op gebed. In Deutero-Jesaja kry die goddelose of slegte<sup>526</sup> die implikasie dat dit die persone is wat nie na Sion toe wil terugkeer nie (Leupold, Vol. II. 1977:253-254; Koole, 1990:338-341). Die volk moet bereid wees om gehoor te gee aan die oproep om weer na Sion toe terug te gaan. 'Weg' is die volgende woord wat aan Jesaja 40:3 herinner, waar JHWH die weg sal berei vanaf Babel na Sion. Dit wil voorkom of hierdie vermaning aan die teenstanders van JHWH gerig word, met ander woorde, hulle wat nie aan die oproep van JHWH wil gehoor gee om na Sion toe terug te keer nie.

### 6.2.3.2 Samevatting

Jesaja 55:6-7 toon die ontferming<sup>527</sup> van JHWH en die liefde en genade wat JHWH vir die volk het, aan (Ridderbos, 1953:189). JHWH kom tot die volk en gee hulle weer 'n geleentheid om in die regte verhouding met Hom te kom. Hier word beklemtoon dat JHWH oorvloedig vergewe. In hierdie gedeelte wil die profeet die volk daarop wys dat hulle na JHWH moet luister. Hierdie is die laaste oproep, van Deutero-Jesaja, om die volk aan te moedig om na Sion toe, terug te keer (Beuken, 1983:288-293).

---

<sup>525</sup> Scullion (1982:130-131) toon aan dat die 'soek' gewoonlik aandui om na die heiligdom te gaan. Hier is dit 'n aanduiding om na JHWH te keer en ag te gee op die oproep om na Sion terug te keer. Die volk moet in afhanklikheid van JHWH lewe.

<sup>526</sup> Leupold (Vol. II. 1977:253-254) toon aan dat die ballinge in Babel so een kon word met die stad en sy gebruike dat hulle verkeerd kon optree en verkeerde beginsels kon begin aanhang. JHWH nooi die mens uit om na Hom te kom en weer in 'n nuwe verhouding met JHWH te lewe. Die ontferming van JHWH wys dat die tyd van genade aangebreek het, wat 'n aksie vra. Koole (1990:338-341) benadruk dat die slegte hier eintlik 'n religieuse begrip is om die mense wat nie met JHWH se heilsplan saamstem nie, aan te toon. Dit gaan oor die terugkeer uit die ballingskap na Sion toe. Koole wys daarop dat דרך 'n tema is wat verwys na Jesaja 40:3.

<sup>527</sup> Ridderbos (1953:189). JHWH bied in genade aan die volk die geleentheid om uit ballingskap na Sion terug te keer. Hierdie geleentheid waar JHWH Hom oor die volk ontferm, moet gebruik word. Beuken (1983:288-293) sê dat die strekking van Jesaja 40-52 is dat die heilstyd aangebreek het in die herstel van Jerusalem en die optrede van die knecht. Die aanhoorders van hierdie boodskap is in die eerste verse as die 'knechte van JHWH' aangespreek wat veilig in Sion sal woon.

Die werkwoord םרן ondersteun die werkwoord םנן om troos aan die volk te bring. Die ontferming van JHWH bied nuwe hoop en 'n nuwe geleentheid om in die regte verhouding met JHWH te staan. Die herstelde verhouding sal tot troos lei<sup>528</sup>. Die opdrag tot troos in Jesaja 40:1 word in Jesaja 55:7 afgesluit met JHWH wat ontferming aan die volk betoon (Van der Woude, 2005:216-218).

---

<sup>528</sup> Van der Woude (2005:216-218) toon aan dat die grootste troos vir die ballinge daarin geleë is dat die woord van JHWH hulle terugkeer bewerk. Die woord van JHWH is werkend in Jesaja 55:6-13, soos aangedui in haar skema. Sy hanteer glad nie die voorkoms van םרן in Jesaja 55:6-13 nie. Sy gaan voort om te wys dat Jesaja 40:1-11 in Jesaja 55:6-13 afgesluit word. Jesaja 40 se proloog het die leser voorberei vir die epiloog van Jesaja 55:6-13. Jesaja 40:1-11 stel die terugkeer na Sion voor met konkrete beelde. Daar word genoem wat JHWH se optrede gaan wees om die pad terug voor te berei. JHWH het na Sion teruggekeer en 'n groep ballinge het gevolg. JHWH is die Bevryder wat die volk uit ballingskap bevry. Die opdrag tot troos van Jesaja 40:1 kom hier weer eens tot uiting, in die ontferming van JHWH oor die volk (Jesaja 55:7).



## HOOFSTUK 7

### Bevindings

#### 7.1 Inleiding

In hierdie studie is die werkwoord  $\text{אָנ}$  in Deutero-Jesaja en die res van die Jesajaboek ondersoek. Daar is 'n ondersoek na die werkwoord  $\text{אָנ}$  onderneem omdat die begrip 'troos' nog nie volledig in Deutero-Jesaja bespreek is nie. 'n Literatuurstudie is gedoen oor die werkwoord  $\text{אָנ}$  en dan verder na die tekste waarin die werkwoord, in Deutero-Jesaja sowel as Jesaja voorkom. Enkele eksegete het genoem dat 'troos' die tema van Deutero-Jesaja is en dan ook verwys na die voorkoms van die werkwoord  $\text{אָנ}$  in die res van die Jesajaboek. Die vermoede was dat die werkwoord  $\text{אָנ}$  'n tema in Deutero-Jesaja is. Die vermoede was verder dat die tema deur ander werkwoorde ondersteun word, wat beteken dat die 'troos' dan die boodskap dra, en die stimulasie aan die leser sal gee om te lees en uit te vind hoe die 'troos' wat in die begin as opdrag gegee word, tot uitvoer kom.

#### 7.2 Metode

In **Hoofstuk 1** is die doel van die ondersoek uiteengesit, naamlik om aan te toon dat  $\text{אָנ}$  in Deutero-Jesaja, een van die temas daarin is. 'Troos, troos my volk' is die woorde waarmee die boek in Jesaja 40:1 begin en wat deurloop tot in Jesaja 55. Vervolgens is die huidige stand van Jesaja, asook die outeurskap van Deutero-Jesaja en Jesaja ondersoek en in **Hoofstuk 2** uiteengesit. Die ondersoek na Deutero-Jesaja het aangetoon dat daar, vanaf die vroegste tye, bloot kennis geneem is van die feit dat Deutero-Jesaja as 'n troosboek bekend staan. Die werkwoord  $\text{אָנ}$  is vertaal en deur sommige eksegete bespreek, byvoorbeeld Berges, wat die werkwoord  $\text{אָנ}$  bespreek en troos as 'n tema in Deutero-Jesaja beskou.

Die outeurskap van Jesaja en Deutero-Jesaja het tot 'n geweldige konflik onder eksegete gelei. Tans is daar nog heelwat publikasies onder albei titels. Die nuutste neiging is, om na die boek Jesaja, as 'n eenheid te kyk. Opvallend is dat verlossing en skepping as temas van Deutero-Jesaja gesien word. Eksegete vertaal en bespreek die werkwoord,  $\text{אָנ}$  maar geïgnoreer dit verder. Berges sien naas verlossing en skepping, ook troos as 'n tema van Deutero-Jesaja.

Werke wat die proloog van Deutero-Jesaja behandel, het tot die gevolgtrekking gekom dat daar sekere sake beklemtoon word. Die werke sien 'troos' as ondergeskik aan hulle oorkoepelende temas vir die werk. Werke wat Deutero-Jesaja as 'n drama of liedere beskou, is ondersoek. Daar is gevind dat 'n sentrale tema, naamlik JHWH wat na Israel omsien, uitgelig word. Die volk word uit ballingskap verlos en keer terug na Jerusalem, waar JHWH ten volle in beheer is. Al die werke wat ondersoek is, bespreek die outeurskap van Deutero-Jesaja kortliks en kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n groep of verdere outeurs was, wat redaksionele veranderinge aangebring het om die geheel van die boek af te rond. 'Troos' kom nie tot sy reg in die werke oor Jesaja 40-55 nie.

In **Hoofstuk 3** is die literatuur rondom die werkwoord  $\text{נחם}$  ondersoek. Ou Testament-teologie en artikels is gebruik. Dit het duidelik geword dat eksegete verskillende temas soos verlossing en skepping beskryf. JHWH se handeling met Israel word as die sentrum van die Ou Testament beskou. Die werkwoord  $\text{נחם}$  ontbreek in die lys van Hebreeuse woorde. In gevalle waar 'troos' behandel word, is dit onder verlossing, redding of vergiffenis ingedeel. Werke, selfs oor Jesaja en Deutero-Jesaja, behandel troos nie afsonderlik nie en wanneer dit wel behandel word, is dit as 'n onderafdeling in 'n werk.

Kommentare oor Deutero-Jesaja noem tipies die voorkoms van die werkwoord  $\text{נחם}$  en gaan dan na 'n ander onderwerp oor. Slegs enkele kommentare noem troos as 'n tema vir Deutero-Jesaja. Die gebruik van die werkwoord  $\text{נחם}$  in die res van die boek Jesaja, toon dieselfde tendens as wat by Deutero-Jesaja gevind is. Die werkwoord  $\text{נחם}$  word genoem en dan word daar na 'n volgende onderwerp toe oorgegaan. Berges is die enigste eksegeet wat troos as 'n deurlopende tema aanwys.

Die ondersoek na die werkwoord  $\text{נחם}$  se voorkoms in Deutero-Jesaja en die ander Jesajatekste het in **Hoofstuk 4** aan die orde gekom. 'Troos' open Deutero-Jesaja se inleiding en word deur JHWH geïnisieer en gewaarborg. Hier word gevind dat JHWH genade aan die volk wat in ballingskap na Babel weggevoer is, bewys. Die werke wat gebruik is, het 'n wye spektrum van sieninge gedek. Die Reformasie het die genade beklemtoon, maar het nie die troos, wat as gevolg van genade betoon is, raakgesien nie. Baie eksegete het Jesaja Messiaans vertolk en ook nie troos bespreek nie.

Jesaja 40 se proloog is ondersoek. Daar is gevind dat JHWH die opdrag tot 'troos' uit liefde en genade gee. Die proloog kondig die troos aan die volk en stad aan. Daar volg kortliks 'n beskrywing om aan te toon hoe die 'troos' aan die volk en stad sal verloop. Die volgende teks is Jesaja 49:13 waar die werkwoord  $\text{DN}$  weer voorkom. 'Troos' aan die volk word afgehandel in Jesaja 49:13 en is die vervulling van Jesaja 40:1 ten opsigte van die volk. Jesaja 40:1-49:13 handel oor die volk wat vertroos moet word en die boodskap van bevryding uit die ballingskap. Babel gaan verslaan word en die Persiese koning Kores, sal die volke na hulle lande toe laat terugkeer. Die volk en stad word verseker dat JHWH vir hulle omgee en hulle sal beskerm.

Jesaja 51:3, 12 en 19 is die volgende gedeeltes waar die werkwoord  $\text{DN}$  voorkom. JHWH gee 'troos' en kan gesindhede en omstandighede laat verander. JHWH het aan Abraham en Sara in hulle ouderdom 'n kind geskenk. JHWH skenk troos en is totaal in beheer van die geskiedenis. JHWH het alles gemaak en alle magte is aan Hom onderwerp. Die stad word verseker van sorg en bystand soos in die verlede. JHWH gaan Jerusalem se toestand laat verander. Die stad het die beker van JHWH se toorn geledig en dit gaan nou van haar af weggeneem word. JHWH sal self Jerusalem vertroos.

Die volgende gedeelte wat 'troos' hanteer is Jesaja 52:9. Hierdie visioen van die profeet, beskryf die boodskapper met goeie nuus, wat aankondig dat JHWH na Sion terugkeer. Die stad, inwoners en puinhope juig en besing die lof van JHWH. JHWH heers en het die volk en stad verlos en getroos. Hierna kom Jesaja 54:11 aan die beurt. JHWH self bevestig Sy trou en genade aan Jerusalem. Die ongetrooste stad word verseker dat JHWH haar man is. JHWH self sal die stad vernuwe. Hierdie uitsprake van JHWH oor sorg, bystand en beskerming, dien as troos vir die stad.

Daar word gevind dat die opdrag van Jesaja 40:1 hier aan die stad voltooi word. 'Troos' is deur JHWH aan die volk en stad gegee. Die teksgedeeltes uit Deutero-Jesaja toon dat JHWH die opdrag tot troos gee en die 'troos' waarborg.

Die werkwoord  $\text{DN}$  in die tekste in die res van Jesaja is ook ondersoek. In Jesaja 1:24 word gevind dat JHWH Homself gaan 'troos'. Dit kan net gebeur deur Homself op die vyand te wreek. In hierdie geval is die volk, vyande van JHWH. Die tyd van genade vir die volk en stad is verby, en daar moet 'n wending in hulle gesindheid

kom. Die oordeel is 'n oordeel wat uit liefde en genade gaan geskied om weer 'n gebreekte verhouding, die verhouding tussen JHWH en die stad en volk, te herstel.

In Jesaja 12:1 word die werkwoord  $\text{dn}$  volgende gebruik. Hier word 'n loflied tot eer van JHWH gesing omdat die toorn na 'troos' verander word. Die volk besef dat hulle JHWH se daade moet verkondig en dat hulle veilig by JHWH is. Die verhouding tussen die volk en JHWH word deur JHWH herstel en daarom kan die volk nou weer troos ervaar.

Die werkwoord  $\text{dn}$  word hierna in Jesaja 22:4 gevind. Die situasie in Jerusalem wat beskryf word, is na 'n beleg van die stad. Die stad sien dat die vyand weggetrek het en begin daarom feesvier. Die profeet wat die latere verwoesting van die stad sien, wil nie getroos word nie, omdat die volk nie die krisis waarin hulle hulle bevind, insien nie.

Daarna is tekste in Trito-Jesaja behandel. Die werkwoord  $\text{dn}$  kom in Jesaja 57:6 en 18 voor. Jesaja 57:6 herinner aan Jesaja 1:24. Die volk is besig om afgodery te bedryf. JHWH kan die daade nie goedkeur nie en wil weet of 'Hy Hom daaraan moet troos'. Hier sal oordeel volg, maar die volk sal nie JHWH se wraak ervaar nie. Jesaja 57:18 toon duidelik aan dat JHWH 'troos' inisieer. Die swak mens het hulp nodig en as hy berouvol is, kan hy op JHWH, wat hom sal bystaan en onderskraag, vertrou.

Die volgende teks is Jesaja 61:2 waar die werkwoord  $\text{dn}$  aangetref word. JHWH stel die profeet as kneg aan. Hy moet die blye boodskap gaan verkondig en troos gee. Sion sal nou 'troos' ervaar. Die opdrag van JHWH word nou as taak aan die kneg opgedra. Die werkwoord  $\text{dn}$  word dan in Jesaja 66:13 aangetref waar dit drie keer in vers 13 gebruik word. Die beeld van 'n ma wat haar kindjie versorg, word gebruik om die trooshandeling te verduidelik. JHWH wat die troos inisieer, is die Een wat dit aan Jerusalem gee en Jerusalem sal dit aan die inwoners deurgee. Die volk en stad sal die heil van JHWH ervaar. Dit is as gevolg van troos wat 'n handeling is wat voortgaan, en sorg en ontferming impliseer.

Troos gryp hier terug na Jesaja 40:1-2 waar die opdrag tot troos gegee word en om na die hart van Jerusalem te spreek. Die werkwoord  $\text{dn}$  se gebruik kom hier tot vervulling. Die opdrag is nou uitgevoer.

Die afleiding word gemaak dat troos in Deutero-Jesaja 'n tema is, wat deurloop van Jesaja 40:1 tot Jesaja 54:11. Hierdie troos kom van JHWH af wat dit as opdrag gee, aan die profeet. JHWH is die inisieerder en waarborg van troos. Die volk moet getroos word en die verloop van die verhaal toon aan dat die volk in Jesaja 49:13 getroos is. Die troos wat Jerusalem moet ontvang, volgens Jesaja 40:1-2, gaan voort tot in Jesaja 54:11. In die perikoop Jesaja 54:1-17 waar die troos afgesluit word met die belofte dat JHWH die stad herstel en as bruid neem. Die stad sal deur JHWH versorg en bygestaan word.

Die motief van troos word verder in Trito-Jesaja voortgesit. Daar word gevind dat die pad wat met die werkwoord  $\text{נָחַם}$  geloop is deur Jesaja 1-55, amper weer afspeel in Jesaja 56-66. Jesaja 57:6 herinner sterk aan Jesaja 1:24. Jesaja 57:18 bring die wending dat JHWH ingryp en dit korreleer ook met Jesaja 40:1. Die ander gedeeltes in Jesaja 61 en 66 beskryf die troos aan die stad, wat ooreenkom met Jesaja 49:13 en 51:3, 12, 19 en 52:9.

Die werkwoord  $\text{נָחַם}$  toon 'n duidelike lyn deur Jesaja, hoewel die aanwending verskil in die gedeeltes Jesaja 1-39, 40-55 en 56-66, soos hierbo aangetoon. Troos staan altyd in verband met JHWH en die verhouding waarin JHWH tot die volk en die stad Jerusalem of Sion staan. JHWH is die Een wat troos gee en die situasie so beheer dat die troos kan voortgaan.

**Hoofstuk 5** handel oor die feit dat JHWH 'troos' in Deutero-Jesaja waarborg. Daar word na die Name van JHWH gekyk, wat gebruik word om die herstel van die persoonlike verhouding te bevestig. JHWH spreek die volk met persoonlike en besitlike voornaamwoorde aan, soos *jou* Verlosser, *My* volk, *jou* God, *jou* Redder, *jou* Maker, Koning *van* Israel en sy verlosser. Die volk in ballingskap, en die verwoeste stad, kan met nuwe moed voortgaan na die bevestiging met die Name vir JHWH wat daarop dui dat die verbondsverhouding weer herstel is. Dit versterk die 'troos'.

Die skeppingstekste waar 'troos' betrokke is, in die hoofstuk, is ondersoek en hierdie tekste bevestig dat JHWH in beheer van alles is. Hierdie wete werk mee om troos aan die volk en die stad te verskaf. Daarna is die werkwoord en selfstandige naamwoord  $\text{לָאָה}$  ondersoek om die steun aan 'troos' te bepaal. Die gebruik van die werkwoord en selfstandige naamwoord  $\text{לָאָה}$  in Jesaja 51:10; 52:9; 49:7, 26; 54:5 en 8

toon aan dat JHWH die Verlosser en die Een wat verlos, is. Die werkwoord פדה wat in Jesaja 51:11 voorkom, toon aan dat JHWH die Een is wat die volk uit ballingskap loskoop. Die eksegesi van die teksgedeeltes toon duidelik dat JHWH as Verlosser in beheer is en die aksie van verlossing en loskoop uitvoer. Hierdie werkwoorde en selfstandige naamwoord ondersteun die werkwoord נחם in dié gedeeltes.

Daar word in **Hoofstuk 6** ondersoek ingestel na die werkwoorde ידע 'ken' of 'weet' en נחם 'ontferming', se ondersteuning van die werkwoord נחם. Die werkwoord ידע word meestal in die skeppingsgedeeltes gebruik. Dit dien om die volk weer op te skerp dat hulle bewus is, wie JHWH is. Verse waarin die werkwoord ידע gebruik word, beklemtoon die feit dat JHWH in beheer is en die enigste God is wat bestaan. Dit dien tot 'troos' om te weet dat JHWH in beheer is.

Jesaja 49:10, 13 en 15 bind die hoofstuk saam deur die gebruik van die werkwoord נחם wat in die verskillende dele waarin die hoofstuk uiteenval, voorkom. Die ontferming van JHWH loop soos 'n goue draad deur die hoofstuk en die liefde en genade van JHWH word beklemtoon. 'n Liefde en genade wat in alle omstandighede daar is vir die volk en die stad Jerusalem. JHWH ontferm Hom oor die mens wat bereid is om te breek met die verkeerde en wat verkies om weer in die regte verhouding met JHWH te staan. Die wonderlike is dat JHWH die een is wat die inisiatief neem en die mens uitnooi, om na Hom toe terug te kom. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die werkwoord נחם die werkwoord נחם in Jesaja 49:10, 13 en 15 ondersteun.

Jesaja 54:7-11 bevestig die trou en genade van JHWH. Die ontferming van JHWH oor die stad kom in drie verse na mekaar voor en beklemtoon die liefde en troos wat JHWH aan die stad gee. Jesaja 55:6-7 toon die ontferming van JHWH en die liefde en genade wat JHWH vir die volk het, aan. JHWH kom tot die volk en gee hulle weer 'n geleentheid om in die regte verhouding met Hom te kom. Hier word beklemtoon dat JHWH oorfloedig vergewe. In hierdie gedeelte wil die profeet die volk daarop wys dat hulle na JHWH moet luister.

Die werkwoord נחם ondersteun die werkwoord נחם om troos aan die volk te bring. Die ontferming van JHWH bied nuwe hoop en 'n nuwe geleentheid om in die regte verhouding met JHWH te staan. Die herstelde verhouding sal tot troos lei. Die

opdrag tot troos in Jesaja 40:1 word hier in Jesaja 55:7 afgesluit met die betoning van ontferming deur JHWH aan die volk.

Daar was aangeneem dat die werkwoord נחם 'n tema is vir Deutero-Jesaja. Die ondersoek het aangetoon dat 'troos' as tema geld vir Deutero-Jesaja. Die werkwoord נחם word ondersteun deur die feit dat JHWH die 'troos'-opdrag gee en die 'troos' waarborg en ook die גאל, 'verlosser' is wat ברא, 'skep'. Die ander werkwoorde wat נחם verder ondersteun is ידע ורחם. Die feit dat 'troos' 'n tema is, word deur die ander temas, naamlik verlossing en skepping, ondersteun en versterk.

Troos, of soos die Duits dit stel, 'om die siel ligter te maak', impliseer 'n emosie en 'n daad. Die emosie is een van geheel en al tot niet te wees. Vernietig te wees. Niks meer oor te hê om voor te lewe nie. Die totale gevoel van nikswerd wees, verslaentheid of nutteloosheid, en om geen hoop meer in die lewe of toekoms te hê nie.

Die emosie en daad loop met die werkwoord נחם hand aan hand. Die Hebreeuse werkwoord veronderstel dat die emosionele sy aangespreek word, maar dat dit verder ondersteun word met 'n aktiewe en daadwerklike aksie. Troos impliseer vertroosting en aktiewe bystand. Dit is juis die aksie waarmee JHWH besig is in Deutero-Jesaja.

Die aanvangswoord van Deutero-Jesaja wat 'troos' is, lei die leser in, in 'n verhaal wat ontvou en aantoon dat JHWH die opdrag gee tot troos, maar dat JHWH ook die uitvoer en afloop van die 'troos' in Deutero-Jesaja waarborg. Jesaja 40:1-11 is die inleiding tot hierdie verhaal wat die leser meevoer tot by die voltooiing daarvan in Jesaja 55.

## HEBREEUSE EN GRIEKSE TRANSKRIPSIES

### Hebreeus

עם - 'Volk'

ברא - werkwoord: 'skep' (word net ten opsigte van JHWH gebruik)

ידע – 'ken' of 'weet'

גאל - werkwoord: 'verlos'; selfstandige naamwoord: 'verlosser'

נחם – werkwoord Nif'al - 'om jammer te wees', 'berou hê'; 'om getroos te word'; 'om jouself te troos'. Pu'al – 'om getroos te word'. Pi'el – 'troos'

רחם in die Pi'el – 'ontferming'

רחמים – 'ontferming'

### Grieks

Παρακαλεῖν – 'Troos'

Ἐλεει – 'Troos'

Ποιεῖν – 'Troos'



## BIBLIOGRAFIE

### 1. Primêre Bronne en Verwysingswerke

- Aalders, G.C. en Van Deursen, A. 1935. *Bijbels Handboek*. Eerste Deel. Het Oude Testament. Kampen: Kok.
- Anderson, G.W. Cazelles, [et al.] [Hrs}. 1986. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*. Band V. Stuttgart: Kohlhammer.
- Die Bibel in heutigem Deutsch: Bibel und Nachschlagewerk in einem Band*. 1983. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Biblia Sacra. Vulgatae Editionis*. 1922. P. Michael Hetzenauer. (ed.) Editio altera emendatior. [s.l.]: Pustet.
- Die Bybel*. 1957. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Elliger, K. and Rudolph, W. (Hrsg.) 1984. *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. Stuttgart; Deutsche Bibelgesellschaft.
- Jenni, E. und Westermann, C. (hrsg.) 1984. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*. München: Kaiser Verlag.
- Koehler, L. and Baumgartner, W. 1958. *Lexicon in Verteris Testamenti Libros*. Leiden: Brill.
- Lisowsky, G. 1981. *Konkordanz zum Hebräischen Alten Testament*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft: 918-919.
- Stuhlmüller, C. 1970. *Creative redemption in Deutero-Isaiah*. Rome: Biblical Institute Press.
- Van Gemeren, W.A. 1997. *New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis*. Volume 3. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.
- Vosloo, W en Van Rensburg, F. (reds). 1993. *Die Bybel in Praktyk* (Nuwe Vertaling). Goodwood, Kaap: Christelike Uitgewersmaatskappy.

## 2. Inleidings, kommentare en studies

- Ackroyd, P.R. 1962. *The vitality of the Word of God in the Old Testament: A contribution to the study of the transmission and exposition of Old Testament material*. Leiden: Annual of the Swedish Theological Institute: 7-23.
- Adams, Jim. W. 2006. *The performative nature and function of Isaiah 40-55*. London: T&T Clark.
- Akpunonu, P. D. 2004. *The overture of the Book of Consolations: (Isaiah 40:1-11.)* New York: Peter Lang.
- Albertz, R. 2003. *Israel in exile: the history and literature of the sixth century BCE*. (Translated by D.Green). Atlanta: Society of Biblical Literature.
- Alexander, J.A. 1976. *Commentary on the Prophecies of Isaiah. 2 Volumes complete and unabridged in 1*. (Repr. of 1875 rev. ed.). Grand Rapids, Mich.: Zondervan.
- Anderson, B. W. 1962. *Creation*. Nashville, Tenn.: Abingdon Press: 725-732.
- Anderson, B.W. (ed.). 1984. *Creation in the Old Testament*. Philadelphia: Fortress Press. (Issues in Religion and Theology: 6).
- Anderson, B.W. (ed.). 1999. *Contours of Old Testament theology*. Augsburg: Fortress.
- Baltzer, K. 2001. *Deutero-Isaiah: A commentary on Isaiah 40-55*. (Translated by M. Kohl). Augsburg: Fortress Press.
- Barnard, A.C. 1981. *Die erediens*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- Barstad, H.M. 1996. *The myth of the empty land: a study of the history and archaeology of Judah during the 'Exilic Period'*. Oslo: Scandinavian University Press.
- Baumann, Gerlinde. 2003. *Love and violence. marriage as metaphor for the relationship between YHWH and Israel in the prophetic books*. (Translated by L.M. Maloney), Collegeville, Minn.: Liturgical Press.

- Behr, J.W. 1937. *The writings of Deutero-Isaiah and the Neo-Babylonian royal inscriptions: a comparison of the language and style*. Pretoria: HAUM.
- Bembry, J. 2011. *Yahweh's Coming of Age*. Winona Lake, Indiana: Eisenbrauns.
- Berges, U. 1998. *Das Buch Jesaja: Komposition und Endgestalt*. Freiburg: Herder. (Herders Biblische Studien).
- Berges, U. 2002. *Klagelieder: Übersetzt und ausgelegt*. Freiburg: Herder. (Herders Theologischer Kommentar zum Alten Testament).
- Berges, U. 2007. Farewell to Deutero-Isaiah or prophecy without a prophet. In Lemain, A. (ed.). *Congress Volume Ljubljana*. Leiden: Brill: 575-595.
- Berges, U. 2008. *Jesaja 40-48*. Freiburg: Herder. (Herders Theologischer Kommentar zum Alten Testament).
- Berges, U. 2008. The Book of Isaiah as Isaiah's Book: the latest developments in the research of the Prophets. In *Old Testament Essays*, 23/3 (2010): 549-573.
- Berges, U. 2010. *Jesaja Der prophet und das Buch*. Leipzig: Biblische Gestalten. Evangelische Verlagsanstalt.
- Bernhardt, K-H, 1960. Zur Bedeutung der Schöpfungsvorstellung für die Religion Israels in vorexilischer Zeit. *Theologische Literaturzeitung* 85: 821-824.
- Beuken, W.A.M. 1979. *Jesaja Deel IIA*. Nijkerk: Callenbach. (De prediking van het Oude Testament).
- Beuken, W.A.M. 1983. *Jesaja Deel IIB*. Nijkerk: Callenbach. (De prediking van het Oude Testament).
- Beuken, W.A.M. 1989. *Jesaja Deel IIIA*. Nijkerk: Callenbach. (De prediking van het Oude Testament).
- Beuken, W.A.M. 1989. *Jesaja Deel IIIB*. Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).
- Boman, T. 1964. The Biblical Doctrine of Creation. In *Church Quarterly Review*, 165 (355), April-June: 140-151.

- Botterweck, G.J. en Ringgren, H. (Hrsg.).1973. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Band I.* Stuttgart: Kohlhammer.
- Botterweck, G.J. en Ringgren, H. (Hrsg.) 1993. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Band VII.* Stuttgart: Kohlhammer.
- Brueggemann, W. 1992. *Old Testament theology: Essays on structure, theme and text.* Press. Minneapolis: Fortress.
- Brueggemann, Walter. 2002. *Reverberations of faith. a theological handbook of Old Testament themes.* Louisville, Ky.: Westminster John Knox.
- Burden, J.J. en Prinsloo, W.S. (reds). 1987. *Tweegesprek met God: Die literatuur van die Ou Testament. Deel 3.* Kaapstad: Tafelberg.
- Buss, M.J. 2010. *The Changing Shape of Form Criticism. A relational approach.* Sheffield Phoenix Press.
- Buttrick, G.M. (ed.).*The Interpreter's Bible*, vol. V. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.
- Calvijn, J. 1900. *Uitlegging op de Profetieën van de profeten Jesaja en Jeremia. I. Jesaja.* (Vert. deur :L.W. van Deventer en Dr. E.C. Gravemeijer). Utrecht: Ten Bokkel Huinink.
- Campbell, E.F. Jr. 1975. *Ruth. A new translation with introduction and commentary.* Garden City, NY: Doubleday. (The Anchor Bible;7).
- Caspari, W. 1934. *Lieder und Gottessprüche der Rückwanderer (Jesaja 40-55).* Giessen: A. Töpelmann. (Beihefte zur Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft; 65).
- Cheyne, T.K. 1880-1881. *The prophecies of Isaiah: A New translation with commentary and appendices, in 2 volumes.* London: Kegan Paul.
- Childs, B.S. 1967. *Isaiah and the Assyrian Crisis.* London: SCM Press. (Studies in Biblical Theology. Second Series; 3).
- Childs, B.S. 2001. *Isaiah.* Louisville, Ky: Westminster John Knox (Old Testament Library).

- Christ, F. 1994. *Gottes Wort im Umbruch das Evangelium des namenlosen Propheten Jesaja 40-55*. Basel Friedrich Reinhardt Verlag.
- Clements, R.E. 1978. *Old Testament theology: a fresh approach*. Suffolk: St. Edmundsbury Press.
- Clements, R.E. 1996. *Old Testament prophecy: from oracles to canon*. Louisville, Ky.: Westminster John Knox
- Clifford, R.J. 1984. *Fair spoken and persuading: an interpretation of Second Isaiah*. New York: Paulist Press.
- Clines, D.J.A. 2012. The Many Voices of Isaiah 40. In: Provan, I. and Boda, M.J. (eds.) *Let us go up to Zion: Essays in honour of H.G.M. Williamson on the occasion of his sixty-fifth birthday*. Leiden: IDC and Martinus Nijhoff. Supplements to Vetus Testamentum; 153): 113 – 126.
- Cohen, R. and Westbrook, R. 2008. *Isaiah's vision of peace in Biblical and modern international relations: swords into plowshares*. New York: Palgrave Macmillan.
- Conrad, E. 2006. Looking into Vision: See-sawing in Prophetic Books. In: Bergen, W.J. and Siedlecki, A. (eds.) *Voyages in Uncharted Waters. Essays on the Theory and Practice of Biblical Interpretation in Honour of David Jobling*. Sheffield Phoenix Press. (2006:185-202).
- Dahmen, U. 1993. רחם; רחמים, רחום, רחמני. In Botterweck, G.J. en Ringgren, H. (Hrsg.) *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Band VII*. Stuttgart: Kohlhammer: 460-477.
- De Boer, P.A.H. 1956. *Second-Isaiah's message*. Leiden: Brill. (Oudtestamentische Studiën; XI.)
- De Hulster, I.J. 2009. *Iconographic exegesis and Third Isaiah*. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Dekker, J. 2012. Isaiah: Prophet in the Service of the Holy One of Israel. (Isa 1-39). In: Peels, H.G.L. and Snyman, S.D. (eds.) *The Lion has Roared: Theological*

- Themes in the Prophetic Literature of the Old Testament.* Eugene, Oregon: Pickwick Publications: 40 - 64.
- Delitzsch, F. 1877. *Biblical commentary on the prophecies of Isaiah. Volume II.* (Translated J. Martin.) Edinburgh: T&T Clark.
- Dempsey, C.J. 2010. *Isaiah God's poet of light.* St. Louis, Miss.: Chalice Press.
- Derrida, Jacques. 1996b. *Archive Fever. A Freudian impression.* (Translated Eric Prenowitz.) Chicago: University of Chicago Press.
- Dietrich, W. 1976. *Jesaja und die Politik.* München: Kaiser. (Beiträge zur evangelischen Theologie; 74.)
- Dille, S.J. 2004. *Mixing metaphors. God as mother and father in Deutero-Isaiah.* London: T&T Clark International. (Journal for the study of the Old Testament Supplement Series: 398. Gender, Culture, Theory; 13.)
- Duhm, B. 1968. *Das Buch Jesaja.* 5 Aufl. Göttingen: Van den Hoeck & Ruprecht.
- Du Toit, A.B. 2004. New Testament exegesis in theory and practice (45-63). New Testament exegesis in theory and practice the various stages of the exegetical programme (2004:64-90). *Acta Theologica.* Jaargang 24. Nommer 1. Junie 2004.
- Eaton, J.H. 1979. *Festal drama in Deutero-Isaiah.* London: SPCK.
- Ehring, C. 2007. *Die Rückkehr JHWHs: traditions- und religionsgeschichtliche Untersuchungen zu Jesaja 40, 1-11, Jesaja 52, 7-10 und verwandten Texten.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag (Wissenschaftliche Monographien zum Alten und Neuen Testament; 116).
- Eichrodt, W. 1967. *Theology of the Old Testament.* 6.Aufl. (Translated by J.A. Baker) Philadelphia: Westminster. (Theologie des Alten Testaments; I).
- Eissfeldt, O. 1965. *The Old Testament: an introduction: the history of the formation of the Old Testament* (translated by P. R. Ackroyd) Oxford: Blackwell.
- Everson, A.J. and Kim, H.C.P. (eds.) 2009. *The desert will bloom: poetic visions in Isaiah.* Atlanta: Society of Biblical Literature.

- Fannon, P. 1967. A theology of the Old Testament – is it possible? In *Scriptorium* 19(46): 46 – 53.
- Firth, D.G. and Williamson, H.G.M. (eds.) 2009. *Interpreting Isaiah. Issues and Approaches*. Nottingham: Apollos.
- Fohrer, G. 1964. *Das Buch Jesaja. 3 Band. Kapitel 40-66*. Zürich: Zwingli.
- Frey, H. 1937. *Das Buch der Weltpolitik Gottes. Kapitel 40 – 55 des Buches Jesaja*. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Friedländer, M. (ed). 1873. *The Commentary of Ibn Ezra on Isaiah. Volume I*. (edited from Mss. and translated with notes, Introductions and indexes.). New York: Philip Feldheim.
- Gadamer, H-G. 1975. *Truth and Method* (trans. G. Barden and W. Glen-Doepel; New York: Seabury Press, 1975); trans. Of Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik. (Tübingen: Mohr).
- Goldenstein, J. 2001. *Das gebet der Gottesknechte. Jesaja 63:7-64:11 im Jesajabuch*. Wissenschaftliche Monographien zum Alten und Neuen Testament. Neukirchener Verlag. Printed in Germany.
- Goldingay, J. 2003. *Old Testament Theology. Volume 1. Israel's Gospel*. Downer's Grove, Ill.: InterVarsity Press.
- Goldingay, J. 2005. *The message of Isaiah 40-55: A literary-theological commentary*. London: T & T Clark.
- Goulder, M.D. 2004. *Isaiah as Liturgy*. Burlington, VT: Ashgate. (Society for Old Testament study monographs.)
- Gray, M. 2006. *Rhetoric and social justice in Isaiah*. New York:T&T Clark.(Library of Hebrew Bible/Old Testament Studies; 432).
- Gressmann, H. 1914. Die literarische Analyse Deuterocesajas. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft* 34 (19): 254-297.
- Grimm, W. und Dittert, K. 1990. *Deuterocesaja: Deutung, Wirkung, Gegenwart; ein Kommentar zu Jesaja 40-55*. Stuttgart: Calwer Verlag.

- Habel, N. 1965. The form and significance of the call narratives. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*. 77:297-323.
- Hailey, H. 1985. *A commentary on Isaiah with emphasis on the messianic hope*. Grand Rapids, Mich.: Baker Book House.
- Hanson, P.D. 1995. *Isaiah 40-66: Interpretation: A Bible commentary for teaching and preaching*. Louisville, Ky.: John Knox.
- Hartenstein, F. 2011. *Das Archiv des verborgenen Gottes*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlagsgesellschaft. (Studien zur Unheilsprophetie Jesajas und zur Ziontheologie der Psalmen in assyrischer Zeit. Biblisch-Theologische Studien; 74).
- Hasel, G.F. 1972. *Old Testament theology: basic issues in the current debate: revised and expanded*. 3rd ed. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- Heaton, E.W. 1969. *The Old Testament prophets*. Penguin Books Inc. Australia Ltd. Ringwood, Victoria, Australia: Penguin.
- Heffelfinger, K.M. 2011. *I am large, I contain multitudes. Lyric cohesion and conflict in Second Isaiah*. Leiden: Brill.
- Hens-Piazza, G. 2003. *Nameless, Blameless and without shame: Two cannibal mothers before a king*. Collegeville, MN: Liturgical Press.
- Hensler, G. 1788. *Jesaia neu übersetzt mit Anmerkungen*. Hamburg-Kiel: [s.n.] (Biblical Interpretation Series; 105).
- Herbert, A.S. 1975. *The book of the Prophet Isaiah Chapters 40-66*. Cambridge: Cambridge University Press. (The Cambridge Bible Commentary).
- Hertzberg, H.W. 1969. *Die Bücher Josua, Richter, Ruth*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Das Alte Testament Deutsch. Neues Göttinger Bibelwerk).
- Heskett, R. 2007. *Messianism within the scriptural scroll of Isaiah*. New York: T&T Clark. (Library of Hebrew Bible/Old Testament Studies; 456).
- Heskett, R. 2011. *Reading the Book of Isaiah: destruction and lament in the holy cities*. New York: Palgrave Macmillan.



- Hessler, E. 1961. *Gott der Schöpfer: ein beitrug zur Komposition und Theologie Deuterocesajas*. Greifswald: Ernst-Moritz-Arndt-Universität Greifswald. (Ph.D. dissertation).
- Hessler, E. 1988. *Das Heilsdrama: der Weg zur Weltherrschaft Jahwes*. (Jes. 40-55.) New York: Georg Olms Verlag. (Religionswissenschaftliche Texte und Studien; 2.)
- Høgenhaven, J. 1988. *Gott und Volk bei Jesaja: Eine Untersuchung zur Biblischen Theologie*. København: Brill. (Acta Theologica Danica; XXIV).
- Holgate, D en Starr, R. 2006. *Biblical Hermeneutics*. London: SCM Press).
- Holter, K. 1995. *Second Isaiah's idol-fabrication passages*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Hrobon, B. 2010. *Ethical dimension of cult in the book of Isaiah*. Berlin: De Gruyter.
- Hyatt, J.P. 1964. (ed.) *The Bible in Modern Scholarship: Papers read at the 100th meeting of the Society of Biblical Literature, Dec. 28-30*. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.
- Hyatt, J.P. 1967. "Was Yahweh originally a Creator Deity?" In *Journal of Biblical Literature*, 86(4): 369-377.
- Jagersma, H. 1984. *Geschiedenis van Israel in het Oudtestamentische Tijdvak*. (Herdruk van 1979 uitg.). Kampen: Kok.
- Kaiser, O. 1978. *Isaiah 13-39: a commentary*. (Translated by R.A. Wilson). London: SCM Press. (Old Testament Library).
- Kaiser, O. 1977. *Isaiah 1-12: a commentary*. (Translated by R.A. Wilson). London: SCM Press. (Old Testament Library).
- Kaiser, W.C. Jr. 1978. *Toward an Old Testament theology*. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.
- Kiesow, K. 1979. *Exodustexte im Jesajabuch. Literarkritische und Motivgeschichtliche Analysen*. Göttingen: Ruprecht.

- Kissane, E.J. 1960 *The book of Isaiah: translated from a critically revised Hebrew Text with commentary.* (Dublin: Brown and Nolan).
- Kitchen, K.A. 2003. *On the reliability of the Old Testament.* Grand Rapids, Mich: Eerdmans.
- Klein, P. 2009. *Jesaja 40:1-11 als Prolog: Ein Beitrag zur Komposition Deuterjesajas.* Wien: Peter Lang. Internationaler Verlag der Wissenschaften. (Wiener Alttestamentliche Studien; 6).
- Knight, G. A. F. 1984. *Isaiah 40-55: servant theology: a commentary on the book of Isaiah 40-55.* Edinburgh: Handsel Press. (International Theological Commentary).
- König, E. 1926. *Das Buch Jesaja.* Gütersloh: Bertelsmann.
- Koole, J. L. 1978. *De Knecht: Studies rondom Deutero-Jesaja.* Kampen: Kok.
- Koole, J.L. 1985. *Jesaja II: Deel 1: Jesaja 40 tot en met 48: Commentaar op het Oude Testament.* Kampen: Kok.
- Koole, J.L. 1990. *Jesaja II: Deel II: Jesaja 49 tot en met 55. Commentaar op het Oude Testament.* Kampen: Kok.
- Kratz, R.G. 1991. *Kyros im Deuterjesaja-Buch: Redaktionsgeschichtliche Untersuchungen zu Entstehung und Theologie von Jes. 40-55.* Tübingen: Mohr.
- Kratz, R.G. 2011. *Prophetenstudien: Klein Schriften II.* Tübingen: Mohr. (Forschungen zum Alten Testament; 74).
- Kraus, H-J. 1956, *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments.* Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Kraus, H-J. 1978. *Psalmen. 2. Teilband Psalmen 60-150.* Neukirchen. Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar Altes Testament).
- Kraus, H-J. 1990. *Das Evangelium der unbekanntenen Propheten. Jesaja 40-66.* Neukirchen: Neukirchener Verlag. (Kleine Biblische Bibliothek).
- Kroeze, J.H. 1971. *Handboek Bybelse Geskiedenis: Die Ou Testament.* Pretoria: HAUM.

- Kruger, H.A.J. 2002. *Jesaja 61:1-3(4-)10-11: 'n "Identikit" van die Dienaar van die Here? Deel II.* In *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 43(3&4), September en Desember: 465-477.
- Kruger, H. 2012. Isaiah: prophet of the Lord who heals his people and restores their land (Isa 40-66). In: Peels, H.G.L. and Snyman, S.D. (eds.) *The Lion has Roared: Theological Themes in the Prophetic Literature of the Old Testament*. Eugene, Oregon: Pickwick Publications:156 – 174.
- Kuckhoff, A. 2011. *Psalm 6 und die Bitten im Psalter: Ein paradigmatisches Bitt- und Klagegebet im Horizont des Gesamtpsalter*. Bonn: Bonn University Press. (Bonner Biblische Beiträge; 160).
- Labahn, A. 1999. *Wort Gottes und Schuld Israels: Untersuchungen zu Motiven deuteronomistischer Theologie im Deuterocesajabuch mit einem Ausblick auf das Verhältnis von Jes 40-55 zum Deuteronomismus*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Lam, B; Schumann, K; Greenhalgh, M. 1973. George Frideric Handel Messiah Der Messias Le Messie. (1973; geneem uit teks van 1939, Engelse teks: C.F. Peters edition by Arnold Schering and Kurt Soldan. Duitse teks: Verlag C.F. Peters von Arnold Schering und Kurt Soldan herausgegebenen Fassung entnommen.). Deutsche Grammophon.
- Lang, B. 1986. *Wisdom and the Book of Proverbs: a Hebrew goddess redefined*. New York: Pilgrim Press.
- Lee, S. 1995. *Creation and redemption in Isaiah 40-55*. Hong Kong: Alliance Bible Seminary. (Jian Dao Dissertation Series 2).
- Lehmann, H. 1951. Schöpfergott und Heilsgott im Zeugnis der Bibel. Biblisch-theologische Thesen zum Problem der doppelten Offenbarung. In *Evangelische Theologie* 11: 97-112.
- Lemain, A. (ed.). 2007. *Congress Volume Ljubljana*. Leiden: Brill.
- Leupold, H.C. 1977. *Exposition of Isaiah. Volume I. Chapters 1-39. Volume II. Chapters 40-66*. Repr. Grand Rapids, Mich.: Evangelical Press.

- Løland, H. 2008. *Silent or salient gender? the interpretation of gendered God-language in the Hebrew Bible, exemplified in Isaiah 42, 46 and 49*. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Maass, F. Tritojesaja? In Maass, F. (hrsg). *Das ferne und nahe Wort: Festschrift. Leonhard Rost zur Vollendung seines 70 Lebensjahres. Am 31.11.1966 gewidmet*. Berlin: A. Töpelmann.
- Mallen, P. 2008. *The reading and transformation of Isaiah in Luke-Acts*. London: T&T Clark International. (Library of New Testament Studies; 367.)
- Margalioth, R. 1964. *The invisible Isaiah: evidence for the single authorship of the prophetic book*. New York: Yeshiva University Press.
- Marlow, H. 2009. *Biblical prophets and contemporary environmental ethics*. New York: Oxford University Press.
- McGinnis, M.C. and Tull, P.K. (eds.) 2002 *As those who are taught: the interpretation of Isaiah LXX to the SBL*. Leiden: Brill. (Society of Biblical Literature; symposium series; 27.)
- McKenzie, J. L. 1968. *Second Isaiah: Introduction, Translation, and Notes*. Garden City, N.Y.: Doubleday. (Anchor Bible; 20.)
- Meier, S.A. 1992. *Speaking of speaking: marking direct discourse in the Hebrew Bible*. Leiden. Brill. (Supplements to Vetus Testamentum; 46.)
- Merendino, R.P. 1981. *Der Erste und der Letzte: Eine Untersuchung von Jes 40 – 48*. Leiden: Brill, (Supplements to Vetus Testamentum. Volume XXXI.)
- Mettinger, T.N.D. 1988. *In search of God: the meaning and message of the everlasting names*. Philadelphia: Fortress Press.
- Miscall, P.D. 1993. *Isaiah*. Sheffield: JSOT Press.
- Mowinckel, S. 1931. Die Komposition des Deuterojesajanischen Buches, ZAW 49:87-112, 242-260; Volz, ix-x. (Begrich, Studien, 13).
- Motyer, J.A. 1993. *The prophecy of Isaiah*. Leicester: InterVarsity Press.

- Moughtin-Mumby, S. 2008. *Sexual and marital metaphors in Hosea, Jeremiah, Isaiah, and Ezekiel*. New York: Oxford University Press. (Oxford Theological Monographs.)
- Muilenberg, J. 1982. The book of Isaiah, Chapters 40 – 66. In Buttrick, G.M. (ed.). *The Interpreter's Bible*, vol. V. Nashville, Tenn.: Abingdon Press: 381-773.
- Murphy, R.E, 1964. The relationship between the Testaments. In *Catholic Biblical Quarterly*, 26: 349 – 359.
- Napier, B. D. 1962. On Creation-Faith in the Old Testament: A Survey. *Interpretation*, 16: 21-42.
- North, C.R. 1956. *Isaiah 40 – 55*. London: SCM Press. (Torch Bible Commentaries.)
- North, C.R. 1964. *The Second Isaiah: Introduction, Translation and Commentary to Chapters XL-LV*. Oxford: Clarendon Press.
- O'Brien, J. M. 2008. *Challenging prophetic metaphor. theology and ideology in the prophets*. Louisville, Ky.: Westminster John Knox Press.
- O'Connell, R.H. 1994. Concentricity and continuity. The literary structure of Isaiah. *Journal for the Study of the Old Testament. Supplement Series 188*. Midsomer Norton, Somerset: Sheffield Academic Press.
- Odell-Scott, D.W. 2000. In: *Handbook of Postmodern Biblical Interpretation*. (Editor: Adam, A.K.M.) Chalice Press. St. Louis, Missouri. Printed in the United States of America. (2000:55-61).
- Oger, E. 2005. Derrida. Uitgeverij Pelckmans, Kapellen. Klement, Kampen.
- Orlinsky, H.M. and Snaith, N.H. 1967. *Studies on the second part of the Book of Isaiah*. Leiden: Brill.
- Oswalt, J.N. 1998. *The book of Isaiah: Chapters 40-66*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- Oswalt, J.N. 2003. *Isaiah: The NIV Application Commentary: From biblical text to contemporary life*. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

- Park, K. 2003. Die gerechtigkeid Israels und das Heil der völker. Kultus, Tempel, Eschatologie und gerechtigkeid in der Endgestalt de Jesajabuches. (Jes 56, 1-8; 58, 1-14; 65, 17-66, 24). Beiträge zur arforschung des Alten Testaments und des antiken Judentums. Band 52. Peter Lang. Frankfurt am Main. Printed in Germany.
- Peels, H.G.L. and Snyman, S.D. (eds.) 2012. *The Lion has Roared: Theological Themes in the Prophetic Literature of the Old Testament*. Eugene, Oregon: Pickwick Publications.
- Pfeiffer, R.H. 1927. The dual origin of Hebrew Monotheism. In *Journal of Biblical Literature* 46: 193-206.
- Philips, G.A. 2006. Surviving Babel. In: Bergen, W.J. and Siedlecki, A. (eds.) *Voyages in Uncharted Waters. Essays on the Theory and Practice of Biblical Interpretation in Honour of David Jobling*. Sheffield Phoenix Press. (2006:7-23).
- Preuss, H.D. 1976. *Deuterojesaja; Eine Einführung in seine Botschaft*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Preuss, H.D. 1991. *Theologie des Alten Testaments. Band 1: JHWH's erwählendes und verpflichtendes Handeln*. Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer.
- Prinsloo, W.S. 1987. Jesaja In Burden, J.J. en Prinsloo, W.S. (reds). 1987. *Tweegesprek met God: Die literatuur van die Ou Testament. Deel 3*. Kaapstad: Tafelberg.
- Provan, I. and Boda, M.J. (eds.) 2012. *Let us go up to Zion: Essays in honour of H.G.M. Williamson on the occasion of his sixty-fifth birthday*. Leiden: IDC and Martinus Nijhoff. (Supplements to Vetus Testamentum; 153.)
- Ridderbos, J. 1953. *De Profeet Jesaja: Opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Tweede Deel. Hoofdstuk 40-66*. 3de druk. Kampen: Kok. (Korte Verklaring Der Heilige Schrift.)
- Ringgren, H. 1973. גאל, גאל, גאלה. In Botterweck, G.J. en Ringgren, H. (Hrsg.) *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Band I*. Stuttgart: Kohlhammer: 884-890.

- Sawyer, J.F.A. 2012. A Critical review of recent projects and publications. In: Hebrew Bible and ancient Israel. HeBai. Mohr Siebeck. (2012:298-326). ISSN 2192-2276.
- Scheuer, B. 2008. *The return of JHWH: The tension between deliverance and repentance in Isaiah 40-55*. Berlin: Walter de Gruyter. (Beihefte zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft.)
- Schuller, E. 1988. *Post-Exilic Prophets*. Wilmington, Delaware: M Glazier. (Message of Biblical Spirituality; 4.)
- Scullion, J.S.J. 1982. *Isaiah 40-66: Old Testament message, Volume 12: A Biblical-Theological Commentary*. Wilmington, Delaware: M Glazier.
- Sherwood, Y. 2000. Derrida. In: Handbook of Postmodern Biblical interpretation. (Editor: Adam, A.K.M.) Chalice Press. St. Louis, Missouri. Printed in the United States of America. (2000:69-75).
- Smart, J.D. 1967. *History and theology in Second Isaiah: A commentary on Isaiah 35, 40-66*. London: Epworth Press.
- Snaith, N.H. 1967. Isaiah 40 – 66. A Study of the Teaching of the Second Isaiah and its Consequences, In Orlinsky, H.M. and Snaith, N.H. *Studies on the second part of the Book of Isaiah*. Leiden: Brill: 135 – 264.
- Snijders, L.A. 1969. *Jesaja. Deel I. De prediking van het Oude Testament*. Nijkerk: Callenbach.
- Sommer, B.D. 1998. *A Prophet reads Scripture: Allusion in Isaiah 40-66*. Stanford, Calif.: Stanford University Press.
- Spieckermann, H. 2012. From Biblical Exegesis to Reception History. In: Hebrew Bible and ancient Israel. HeBai. Mohr Siebeck. (2012:327-350.) ISSN 2192-2276.
- Stendahl, K. 1965. Method in the study of Biblical Theology In Hyatt, J.P. (ed.) *The Bible in Modern Scholarship: Papers read at the 100th meeting of the Society of Biblical Literature, Dec. 28-30*. Nashville, Tenn.: Abingdon Press:196 – 209.
- Sternberg, M. 1985. The Poetics of Biblical Narrative. Ideological literature and the drama of reading. (Bloomington, IN: Indiana University Press.)

- Streibert, C, 1993. *Schöpfung bei Deuterocesaja und in der Priesterschrift.:eine vergleichende Untersuchung zu Inhalt und Funktion schöpfungstheologischer Aussagen in exilisch-nachexilischer Zeit.* Peter Lang. Frankfurt am Main: Peter Lang. (Beiträge zur Erforschung des Alten Testaments und des Antiken Judentums).
- Stromberg, J. 2011. *An Introduction to the study of Isaiah.* London: T&T Clark. (T&T Clark Approaches to Biblical Studies).
- Sweeney, M.A. 2002. On the road to Duhm: Isaiah in Nineteenth-Century Critical Scholarship. In McGinnis, M.C. and Tull, P.K. (eds.) 2002 *As those who are taught: the interpretation of Isaiah LXX to the SBL.* Leiden: Brill. (Society of Biblical Literature; symposium series; 27): 161-211.
- Terrein, S, 1966. Quelques remarques sur les affinités de Job avec le deutéro Isaïe. In *Volume du Congrès, Genève.* Leiden: Brill. (Vetus Testament Supplementum, 15): 295-310.
- Tharekadavil, A. 2007. *Servant of Yahweh in Second Isaiah: Isaianic servant passages in their literary and historical content.* Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Tiemeyer, L-S. 2011. *For the comfort of Zion: the geographical and theological location of Isaiah 40 – 55.* Leiden: Brill. (Supplements to Vetus Testamentum; 139).
- Tiemeyer, L-S. 2012. The coming of the Lord – an inter-textual reading of Isa 40:1-11; 52:7-10; 59:15B-20; 62:10-11 and 63:1-6. In: Provan, I. and Boda, M.J. (eds.) 2012. *Let us go up to Zion: Essays in honour of H.G.M. Williamson on the occasion of his sixty-fifth birthday.* Leiden: IDC and Martinus Nijhoff. Supplements to Vetus Testamentum; 153): 233 – 244.
- Torrey, C.C. 1928. *The Second Isaiah: a new interpretation.* Edinburgh: T&T Clark.
- Van der Merwe, B.J. 1955. *Pentateuch tradisies in die prediking van Deuterocesaja.* Groningen: Wolters.
- Van der Woude, A. 2005. *Geschiedenis van de terugkeer: de rol van Jesaja 40, 1-11 in het drama van Jesaja 40 – 55.* Maastricht: Shaker.



- Van Selms, A. 1967. *Genesis: Deel II. De prediking van het Oude Testament*. Nijkerk: Callenbach.
- Van Zyl, H.C. 2008. *Reading the New Testament from a theological perspective*. Acta Theologica. Jaargang 28. Nummer 2. Desember 2008. (2008:133-145).
- Verhoef, P.A. 1981. *Ou-Testamentiese Teologie in Perspektief*. Stellenbosse Teologiese studies. Nummer 6. April 1981. N.G. Kerk-Uitgewers.
- Vincent, J. M. 1977. *Studien zur literarischen Eigenart und zur geistigen Heimat von Jesaja, Kap. 40-55*. Frankfurt am Main: Peter Lang. ((Beiträge zur biblischen Exegese und Theologie; 5).
- Voke, S. 1975. *Way of renewal: Studies in Isaiah*. London: Christian Literature Crusade.
- Von Rad, G. 1936 Das theologisch Problem des alttestamentlichen Schöpfungsglaubens. In *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*, 66: 138-147.
- Von Rad, G. 1965. *Theologie des Alten Testaments*. München: Kaiser.
- Von Rad, G. 1975. *Old Testament Theology; Volume I; The Theology of Israel's Historical Traditions*. (Translated by D.M.G. Stalker). London: SCM Press.
- Von Rad, G. 1975, 1989. *Old Testament Theology: Volume II. The theology of Israel's prophetic traditions*. (Translated by D.M.G. Stalker). London: SCM Press.
- Vriezen, Th.C. 1974. *Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament*. Wageningen: Veenman.
- Wagner, A. 2004. *Prophetie als Theologie: Die so spricht Jahwe-Formeln und das Grundverständnis alttestamentlicher Prophetie*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Wagner, T. 2012. *Gottes Herrlichkeit. Bedeutung und Verwendung des Begriffs kâbôd im Alten Testament*. Leiden: Brill.
- Watts, J.D.W. (ed.) 2005. *Word Biblical Commentary. Volume 25. Isaiah 34-66*. (rev. ed.). Nashville, Tenn.: Thomas Nelson.

- Webb, B. 2003 *The message of Isaiah: on eagles' wings*. Leicester: Inter-Varsity Press. (The Bible speaks today: Old Testament Series.)
- West, J.K. 1971. *Introduction to the Old Testament: 'Hear O Israel'*. New York: Macmillan.
- Westermann, C. 1981. *Das Buch Jesaja Kapitel 40–66*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Das Alte Testament Deutsch; Bd 19.)
- Westermann, C. 1982. *Genesis. 3. Teilband. Genesis 37-50*. Neukirchener-Vluyn: Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar Altes Testament.)
- Westermann, C. 1987. *Prophetische Heilsworte im Alten Testament*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Forschungen zur Religion und Literatur des Alten und Neuen Testaments. 145)
- Westermann, C. 1978. *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Grundrisse zum Alten Testament.)
- Westermann, C. 1981. *Sprache und Struktur der Prophetie Deuterojesajas*. Mit einer Literaturübersicht 'Hauptlinien der Deuterojesaja-Forschung von 1964-1979', zusammengestellt und kommentiert von Andreas Richter. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Wilcox, P and Paton-Williams. 1988. The Servant Songs in Deutero-Isaiah. In *Journal for the study of the Old Testament*:79-102.
- Wildberger, H. 1978. *Jesaja. 2. Teilband. Jesaja 13–27*. Neukirchener-Vluyn: Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar Altes Testament.)
- Wildberger, H. 1980. *Jesaja. 1. Teilband: Jesaja 1–12*. (2. verb. Aufl.). Neukirchener-Vluyn: Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar Altes Testament.)
- Williamson, H.G.M. 1994. *The book called Isaiah: Deutero-Isaiah's Role in composition and redaction*. Oxford : Claredon Press.
- Wischnowsky, M. 2001. *Tochter Zion: Aufnahme und Überwindung der Stadtklage in den Prophetenschriften des Alten Testaments*. Neukirchener-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Würthwein, E. 1969. *Die fünf Megilloth: Ruth, das Hohelied, Esther. Der Prediger [von Kurt Gallig]. Die Klagelieder [von Otto Plöger].* (2 völlig neu bearb. Aufl.) Tübingen: Mohr. (Handbuch zum Alten Testament. Erste Reihe 18.)

Young, E.J. 1965. *The Book of Isaiah, Vol. I.* Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.


Zimmerli, W. 1978. *Old Testament theology in outline.* Translated by D.E. Green. Edinburgh: T&T Clark.


## BYLAE

### **Bylaag 1. Beknopte opsomming van die uitgebreide struktuuranalise van Jesaja 40 – 55**

ידע kom 39 keer voor. Qal – 36 keer. Hif'il – 3 keer.

'Troos' dien as samevoegings element in Jesaja 40 tot 55. Die 'troos' word ondersteun deur die feit dat JHWH, die God van die volk is. Die Skepper is, wat alleen God is. Die werkwoord ידע ondersteun 'troos' verder. Die גאל verlossing en verlosser, חם ontfeming ondersteun troos verder.






## Bylaag 2. Beknopte struktuuranalise van die ander Jesaja-gedeeltes

1, 12, 22, 56, 57, 61, 65, 66.

- Jesaja 1: 1. Gesig van Jesaja.
- Jesaja 1: 2 – 9. Op die rand van die afgrond. ידע 2x.
- Jesaja 1: 10 – 17. Leer om goed te doen.
- Jesaja 1: 18 – 20. Hoe word sake weer reggestel?
- Jesaja 1: 21 – 26. Valsheid tot herstel. נחם
- Jesaja 1: 27 – 31. Almal sal tot niet gaan.
  
- | Jesaja 12: 1 – 6. Loflied as antwoord. ידע (3x) נחם
  
- Jesaja 22: 1 – 14. Uitspraak teen Jerusalem. נחם
- Jesaja 22: 15 – 19. Waarskuwing aan Sebna.
- Jesaja 22: 20 – 23. Die nuwe beamppte word aangewys.
- Jesaja 22: 24 – 25. Las van die familie.
  
- Jesaja 56: 1 – 8. Alle volke kry toegang tot JHWH.
- Jesaja 56: 9 – 57: 13. Verdrukking van reg. ידע 3x. נחם
- Jesaja 57: 14 – 21. JHWH gee genesing. נחם
  
- | Jesaja 61: 1 – 11. Vreugdeboodskap vir die wat treur. ידע נחם
  
- Jesaja 65: 1 – 25. JHWH sorg vir die wat Hom dien.
- Jesaja 66: 1 – 6. JHWH is teenwoordig.
- Jesaja 66: 7 – 14. vertroosting vir Jerusalem. ידע נחם (3x)
- Jesaja 66: 15 – 24. JHWH kom. Almal sal Hom aanbid.

## Bylaag 3. Struktuuranalise van Jesaja 40:1-11

### Struktuuranalise van hoofstuk 40: 1 - 11




Die struktuuranalise se verbinding vanaf 40:1 sluit ook buite om aan by 49:13 en die ander verse wat troos bevat met die verbindingslyn ab. Al die verse met an̄n staan in onderlinge verband met mekaar en dra die tema van troos dwarsdeur die boek van Deutero-Jesaja. Die struktuur toon duidelik aan dat die hele proloog op die opdrag van troos gebou is, die res van die proloog verduidelik die manier waarop en die redes waarom Jerusalem getroos moet word. Jerusalem se straf is uitgedien, en ten volle verduur. Die manier waarop die volk weer moet teruggaan, is met die pad wat gelyk gemaak sal word. JHWH gee die opdrag, spel die metode uit waarop die opdrag uitgevoer gaan word, en beloof bystand en herstel die volk weer as volk van JHWH, met die openingsopdrag.




## Bylaag 4. Struktuuranalise van Jesaja 49:1-26

### Struktuuranalise van hoofstuk 49: 1 – 6




## Struktuuranalise van hoofstuk 49: 7 – 12



Die struktuuranalise koppel met vers 13 deur middel van b, en vers 13 dien dan ook as die gepaste afsluiting van die eerste 12 verse van hoofstuk 49. Die lof word uit alle oorde aan JHWH toegebring wat troos belowe het, en dit gegee het aan sy volk.


### Struktuuranalise van hoofstuk 49: 13

Loflied vir verlossing en vertroosting.




Vers 13 is onafhanklik en is 'n lied tot eer van JHWH, wat deur die skepping aangehef word, omdat hy die volk vertroos het. Die verbindings vanaf vers 13 is in drie rigtings. Vers 13 se a verbinding gaan terug na 40:1 waar die troos die eerste keer voorkom, hier word die siklus voltooi en kry ons berig dat die volk getroos is. Die tweede verbinding die b verbinding, is na die voorafgaande perikoop, hierdie vers sluit die eerste 12 verse van hoofstuk 49 af. Die derde verbinding, die c verbinding is 'n aansluiting met die volgende perikoop, die troos gaan nog verder en word meer aktueel in die hoofstukke wat volg.

## Struktuuranalise van hoofstuk 49: 14 – 26



Die struktuuranalise koppel met c by vers 13 en so vorm vers 13 'n skakel tussen 40:1 – 49:12 en 49: 14 tot 55, met die koppeling van al die verse wat חחם bevat en die troos verder ondersteun en uitbou.


## Bylaag 5. Struktuuranalise van Jesaja 51:1-8



Die struktuuranalise van die agt verse wys duidelik dat die gedeelte in drie kleiner eenhede uiteen val. Vers 3 bevat die troos, wat soos in 40:1 twee keer herhaal word. Hier is dit Sion wat vertroos word, terwyl in 40:1 is dit die volk wat getroos moet word. Die lyn de is die verbinding met die verwysings na troos in die voorafgaande en die volgende gedeeltes wat troos bevat. Die gedeelte van Jesaja 51 is met f verbind aan die ander gedeeltes wat troos bevat. Die verbinding hi verbind verse 1-8 met verse 9-16.

## Bylaag 6. Struktuuranalise van Jesaja 51:9-16

JHWH gee uitkoms.




Die struktuuranalise en die teks wys duidelik dat dit in hierdie verse gaan om JHWH wat verlossing gee en die beskermmer van Sion is. Die stad is veilig by JHWH en kan altyd op hom vertrou. Die troos verbind deur ij met verse 1-8 en dan met die groter geheel en ander verse wat troos bevat.

## Bylaag 7. Struktuuranalise van Jesaja 51:17-23

Die oordeelsbeker is verby.


Die profeet beur Jerusalem op.



Die struktuuranalise toon aan dat die oordeel oor Jerusalem verby is, die profeet moet haar troos en bemoedig met die woorde van JHWH. Jerusalem moet opstaan en weet haar straf is verby, sy kan nou weer voortgaan met haar lewe. Die stad het gesteier onder die oordeel wat haar getref het. Sy was totaal magteloos om iets te doen en het net in die stof gelê, sonder krag en sonder hoop. Dit is dan dat JHWH vra hoe sal sy getroos word? Die ellende van Jerusalem is van so 'n omvang dat geen mens hier kan troos of bystand nie. Dit is slegs JHWH wat kan ingryp en vertroosting en bystand bied. Die troos van 40:1 wat voorspel was, word nou werklikheid en die beker van toorn word weggevat, en Sion sal verstaan JHWH is in beheer, en dit sal haar troos en met blydskap vul.

Die struktuuranalise verbind deur lyn jk na verse 9-16 en deur hoofstuk 51 na die groter geheel.

## Bylaag 8. Struktuuranalise van Jesaja 52:7-10



Die struktuuranalise van die gedeelte wys dat die boodskapper se boodskap troos bring en dat die verlossing van Sion, deur JHWH, aan die nasies sigbaar sal word. Die verbinding *l* verbind hierdie gedeelte deur *ef* aan die troos wat voorafgaan en die troos wat op die gedeelte volg.



## **Bylaag 9. Struktuuranalise van Jesaja 54:7-17**

Die struktuuranalise toon aan dat die profeet en daarna JHWH met die stad, wat nie by name genoem word nie, Jerusalem praat. Die stad word weer opnuut verseker van JHWH se bystand en ook sy liefde vir die stad. Die profeet gee die wonderlike nuus deur dat die stad kan jubel, die omstandighede gaan verander. Die stad se ongetroude staat en weduweeskap is nou verby, die stad gaan 'n nuwe tydperk in. JHWH is haar man wat haar sal versorg en bystaan. Die stad word deur JHWH self geroep en van haar verlatenheid en droefheid getroos en tot vrou herstel.

Die struktuuranalise se verbinding k sluit aan by die voorafgaande gedeeltes wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat en die verbinding l sluit aan by die volgende gedeeltes wat die werkwoord  $\text{נָחַם}$  bevat.

Oproep van die profeet.

k

Tot die moeder.

1a. Opdrag om te jubel.

1b. Rede: Die eensame vrou het meer kinders as die getroude vrou.

2. Maak jou tent se plek groter.

3. Rede: Jou saad brei uit.

Tot die eggenoot.

4a. Moenie bang wees nie, moenie skaam wees nie.

4b. Rede: die ongetroude staat en weduweeskap is verby.

5. Rede: JHWH is jou eggenoot. JHWH se doksologieë. גאל

6. Rede: JHWH roep jou terug. Aankondigingsformule.

JHWH praat:

Deur die profeet.

7-8. Belofte van ewige trou. Aankondigingsformule. גאל רחם 2x

9a. Vergelyking met vloed en verbond met Noag.

9b. Eed formule om haar nie weer te verlaat nie.

10. Inhoud van die eed. Aankondigingsformule. רחם

Regstreeks met die vrou.

11a. Spreek vrou aan en sien nood – ongetrooste. נחם

11b-12. JHWH tree op en bou die stad met edelstene.

13-14a. Gevolge: Seuns en moeder sal vrede en geregtigheid ervaar.

14b-15. Hulle word verseker van 'n bestaan sonder vrees.

16. JHWH is die skepper, ook van hulle wat wapens maak en gebruik. ברא

17a. Gevolge: Vyande sal nie slaag in hulle doel nie.


17b. JHWH skenk geregtigheid aan sy dienaars.

l

## **Bylaag 10. Struktuuranalise van Jesaja 1:21-31**


Die struktuuranalise toon duidelik dat hierdie gedeelte in twee dele uiteen val, naamlik verse 21 – 27 en verse 28 – 31. Verder vind ons dat  $\text{DN}$ , troos die eerste keer in 1:24 gebruik word. Hierdie vers sluit onder andere aan by 12:1 en 40:1 waar die troos weer gebruik word. Die verbinding a toon die aansluiting met die ander gedeeltes waar troos voorkom.

21 – 27 Van valsheid tot herstel.




## Bylaag 11. Struktuuranalise van Jesaja 12:1-6

Loflied as antwoord op hoofstuk 11 se afsluiting.



Die struktuuranalise van hoofstuk 12 toon duidelik aan dat die feit dat JHWH se toorn in troos verander die basis vorm van die loflied. Die troos maak dat die volk hulle afhanklikheid van JHWH bely en ook erken dat hy die verlossing skenk. Die lof bou op tot by die punt waar die inwoners van Sion moet uitroep en erken dat hulle bewus word, van die teenwoordigheid van die Heilige van Israel, in hulle midde. Die troos gryp terug deur die verbinding met q, na hoofstuk 1:24 waar JHWH Homself wil troos deur wraak te neem op die volk, en die troos reik vorentoe deur die verbinding w, na hoofstuk 40:1 en die verdere verse wat oor troos handel.

## Bylaag 12. Struktuuranalise van Jesaja 22:1-14



Die struktuuranalise toon aan dat die gedeelte in drie hoofdele uiteen val. Die eerste gedeelte handel oor die visioen en Jerusalem se blydschap, wat oorgaan in die feit dat die profeet glad nie getroos wil word nie. Die profeet sien die uiteinde van die stad Jerusalem in die nabye toekoms, terwyl die volk hulle blind staar teen die onmiddellike situasie. Die troos van vers 4 gryp terug na hoofstuk 12 vers 1 met die verbindingslyn langs x, en die troos gryp vooruit na hoofstuk 40 vers 1 langs die verbindingslyn y.

### Bylaag 13. Struktuuranalise van Jesaja 57:6-11




Die struktuuranalise toon aan dat hierdie gedeelte in drie dele uiteenval, wat nou aanmekaar skakel. Die troos van vers 6 sluit weer na twee kante by die troos aan, naamlik by verbinding y na al die voorafgaande verwysings na troos en by verbinding z, na die verwysings in verband met troos wat volg. Die verbinding c en d verbind verse 6-11 met mekaar. Hier is dit JHWH wat die volk aanspreek oor hulle verkeerde optrede. JHWH kan Homself nie troos met die daede van die volk nie.




## Bylaag 14. Struktuuranalise van Jesaja 57:14-21

JHWH gee genesing.



Die struktuuranalise toon aan dat hierdie gedeelte in drie dele uiteen val, wat nou aanmekaar skakel. Die troos van vers 18 sluit weer na twee kante by die troos aan, naamlik by koppeling k na al die voorafgaande verwysings na troos en by koppeling l na die verwysings in verband met troos wat volg. Die troos van JHWH loop soos 'n goue draad deur die verhaal van Deutero-Jesaja en sluit aan by die hele Jesaja boek in Proto-Jesaja en Trito-Jesaja. JHWH is die een wat die troos inisieer, beveel en uitvoer.


## Bylaag 15. Struktuuranalise van Jesaja 61:1-11



Die struktuuranalise sit die opbou van hierdie eenheid se samestelling uiteen. Die troos in vers twee skakel met die voorafgaande gedeeltes wat troos bevat met koppeling v en met die laaste gedeelte oor troos in hoofstuk 66: 13 met koppeling w, wat die afsluiting van die troos boodskap van JHWH hanteer.

## Bylaag 16. Struktuuranalise van Jesaja 66:7-14

### Vertrouwing vir Jerusalem.



Die struktuuranalise van hierdie gedeelte wys daarop dat die heilsorakel die gedeelte afsluit en die troos deur JHWH dan oorgaan tot troos wat Jerusalem aan al die inwoners sal deurgee. Die troos sal tot gevolg hê dat die stad en inwoners permanente vrede geniet omdat JHWH die vrede gee en waarborg. Hierdie troos gryp terug na al die vorige verwysings ten opsigte van troos in die Jesaja boek, die verbinding is deur die verbindingslyn z.